UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# REFORMATORIESE KERKE SE BESLUITE OOR HOMOSEKSUALITEIT KERKREGTELIK BEOORDEEL

**deur**

**Antionette Janse van Rensburg**

**Proefskrif**

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad**

## PHILOSOPHIAE DOCTOR

in

**Kerkgeskiedenis en Kerkreg**

**Fakulteit Teologie en Religie**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PROMOTOR: PROF. W.A. DREYER**

**SEPTEMBER 2020**

## Declaration

I, Antionette Janse van Rensburg, student number 04430875, hereby declare that this dissertation, "Reformatoriese kerke se besluite oor homoseksualiteit kerkregtelik beoordeel", submitted in accordance with the requirements for the Philosophiae Doctor degree at the University of Pretoria, is my own original work and has not previously been submitted to any other institution of higher learning. All sources cited or quoted in this research paper are indicated and acknowledged with a comprehensive list of references.

*A. Janse van Rensburg*

24 September 2020

## Erkennings

Om hierdie mylpaal in my lewe te bereik, wil ek my opregte dank teenoor die volgende mense uitspreek:

- Dankie eerstens aan my Hemelse Vader.
- Dankie aan prof. W.A. Dreyer vir sy leiding en ondersteuning.
- Dankie aan my eggenoot, ouers, broer, en kollegas Doret en Leanie. Julle ondersteuning, aanmoediging en die vertroue wat julle in my stel is van onskatbare waarde.
- Dankie aan 2 Signal Regiment en die kantoor van die SSO SA Army Cplns Svc dat ek hierdie studie kon voltooi.
- Dankie aan NHKA Montana vir julle ondersteuning en gebede.
- Dankie aan die Universiteit van Pretoria vir die finansiële ondersteuning.
- Dankie aan die Merensky-Biblioteek (Universiteit van Pretoria) vir al julle hulp en moeite.
- Dankie aan die argiewe van die onderskeie kerke vir julle bystand.
- Dankie aan die proefleser vir die proefleeswerk.
- Dankie aan die dosente by die Departement Kerkgeskiedenis vir al julle raad en advies.

Ek wil graag afsluit met die woorde van Spreuke 3:5-6:

*Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.*

## Abstract

This dissertation will examine four churches' decisions on homosexuality. These churches include the Dutch Reformed Church (NG Kerk), the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) and the Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). These four churches were selected because of their shared Calvinistic heritage and similarities in church governance, based on the presbyterial-synodal system of church governance.

Decision-making processes in Reformed churches are primarily governed by their church orders. Church orders define the responsibilities, limitations, compositions, and procedures of the various church assemblies. Furthermore, it should be taken into account that resolutions passed by general assemblies are binding, impacting on the life and ministry of the church as well as the lives of the members of the church.

In Reformed church polity, church governance is based on the principle that Jesus Christ governs the church through Word and Spirit. Reformed ecclesiology and church polity determines the functioning of the ecclesial structures. Traditionally, decisions are made on the basis of:

- Holy Scripture;
- confessions;
- church orders;
- previous resolutions of church assemblies; and
- tradition and practices.

Resolutions are passed on the basis of these ancient principles with the expectation that all church members will respect it. However, the church lives in the 21st century, which sets entirely new demands. One of the challenges facing churches, is the fact that church members do not always accept resolutions of meetings without questioning their validity. In a postmodern society, members want to accept

responsibility to decide what is correct and congregations want to function in terms of their own context. In recent history a synod resolution on homosexuality was challenged in court. Thus, the question could be asked whether synod decisions are still relevant to church members.

This thesis investigates the history as well as the theological substance of churches' decisions on homosexuality. The research falls within the ambit of church polity as a theological discipline. Therefore, the focus of the research will be to evaluate the decisions and actions of the above-mentioned churches primarily from the perspective of Reformed church governance and church polity.

The purpose of the research is to provide a balanced description of the decision-making processes in these churches in South Africa, to give a historical overview of the decision-making process, and to examine the decisions in terms of governance and theology.

**Key Terms:**

Homosexuality

Reformed church polity

Church order

Church governance

Decision-making processes

Administrative justice

Civil action

Dutch Reformed Church

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa

Holy Scripture

Confessions

**Opsomming**

In hierdie proefskrif word vier kerke se besluite oor homoseksualiteit ondersoek. Hierdie kerke sluit in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk), die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) en die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (Verenigende Presbiteriaanse Kerk in Suidelike Afrika). Hierdie vier kerke is gekies op grond van hulle gedeelde Calvinistiese herkoms en soortgelyke kerkregering, gebaseer op die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering.

Besluitnemingsprosesse in gereformeerde kerke word hoofsaaklik deur hulle kerkordes bepaal. Kerkordes definieer die verantwoordelikhede, beperkings, samestellings en prosedures van die verskillende kerkvergaderings. Verder moet in ag geneem word dat besluite wat deur sinodes geneem word bindend is, wat ŉ invloed op die lewe en bediening van die kerk, sowel as die lewens van die lidmate het. In die gereformeerde kerkreg is kerkregering gebaseer op die beginsel dat Jesus Christus die kerk deur Woord en Gees regeer.

In ŉ presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering word besluite geneem word op grond van:

- die Heilige Skrif;
- belydenis;
- kerkorde;
- vorige besluite van kerkvergaderings; en
- usansie

Besluite word op grond van hierdie beginsels geneem met die verwagting dat lidmate dit sal respekteer. Die kerk leef egter in die 21ste eeu wat heeltemal nuwe eise stel. Een van die uitdagings wat kerke in die gesig staar, is die feit dat kerklidmate nie altyd resolusies van vergaderings aanvaar sonder om hul geldigheid te bevraagteken nie. In ŉ postmoderne samelewing wil lidmate verantwoordelikheid aanvaar en self besluit wat reg is, en gemeentes wil funksioneer in

terme van hul eie konteks. In die onlangse geskiedenis is ŉ sinodebesluit oor homoseksualiteit in die hof betwis. Die vraag kan dus gevra word of sinodebesluite steeds relevant of belangrik is vir kerklidmate.

Hierdie proefskrif ondersoek die geskiedenis, teologiese inhoud en kerkregtelike beginsels van die besluite oor homoseksualiteit. Die navorsing val binne die studieveld van kerkreg as ŉ teologiese dissipline. Daarom word die besluite en optrede van bogenoemde kerke primêr vanuit die perspektief van gereformeerde kerkreg bespreek. Die doel van die navorsing is om ŉ gebalanseerde beskrywing van die besluitnemingsprosesse in hierdie kerke in Suid-Afrika te gee, om ŉ historiese oorsig van die besluitnemingsprosesse te lewer, en om die besluite in terme van bestuur en teologie te ondersoek.

**Sleutelterme:**

Homoseksualiteit

Gereformeerde kerkreg

Kerkorde

Besluitnemingsprosesse

Administratiewe geregtigheid

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK)

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)

Verenigende Presbiteriaanse Kerk in Suidelike Afrika (UPCSA)

Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA / URCSA)

Heilige Skrif

Belydenisskrifte

**Taalversorger:**

22 September 2020

This thesis was proofread and edited by Melindi Alant. The copyediting of this thesis was done to correct spelling and grammar errors with the focus on style, clarity, coherence and final layout. This was done for better readability, and to ensure the thesis is written in an appropriate academic style. All amendments were tracked with the Microsoft Word 'Track Changes' feature. Therefore, the author had the option to reject or accept each change individually.

Melindi Alant

**Lys van Afkortings:**

| | |
|---|---|
| AKDB | Algemene Kommissie vir Diens en Barmhartigheid |
| AKLAS | Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake |
| AKV | Algemene Kerkvergadering |
| ASK | Algemene Sinodale Kommissie |
| ASM | Moderamen van die Algemene Sinode |
| ATR | Algemene Taakspan Regte |
| BSA | Buitengewone Algemene Sinode |
| CHS | Human Sexuality |
| DRCA | Dutch Reformed Church in Africa |
| DRMC | Dutch Reformed Mission Church in Africa |
| GES | Gereformeerde Ekumeniese Sinode |
| GKN | Gereformeerde Kerk in Nederland |
| GS | General Synod |
| NG Kerk | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| NGKO | Nederduitse Gereformeerde Kerk Kerkorde |
| NHKA | Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika |
| SKLAS | Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake |

| | |
|---|---|
| URCSA | Uniting Reformed Church in Southern Africa |
| UPCSA | Uniting Presbyterian Church in Southern Africa |
| PCSA | Presbyterian Church Southern Africa |
| RPCSA | Reformed Presbyterian Church in Southern Africa |
| RKK | Rooms Katolieke Kerk |
| TKK | Tussenkerklike Kommissie |
| TKR | Tussenkerklike Raad |

## Inhoudsopgawe


**1. INLEIDING ........................................................................ 14**

**1.1 Oriëntasie ........................................................................ 14**

**1.2 Navorsingsleemte ........................................................................ 16**

**1.3 Probleemstelling ........................................................................ 18**

1.3.1 Kerkregtelike beoordeling ........................................................................ 18

1.3.2 Teologies-krities beoordeling ........................................................................ 24

**1.4 Navorsingsdoelwitte ........................................................................ 24**

**1.5 Navorsingsvraag ........................................................................ 25**

**1.6 Metodologie ........................................................................ 25**

1.6.1 Historiese perspektief ........................................................................ 26

1.6.2 Hermeneutiese perspektief ........................................................................ 26

**1.7 Bronne ........................................................................ 28**

**1.8 Navorsingsontwerp ........................................................................ 29**

**2. BESLUITE VAN DIE NG KERK OOR HOMOSEKSUALITEIT ............... 32**

**2.1 Inleiding ........................................................................ 32**

**2.2 Historiese oorsig ........................................................................ 32**

**2.3 Kerkregtelike Oorwegings ........................................................................ 49**

**2.4 Teologiese Oorwegings ........................................................................ 56**

**2.5 Litigasie ........................................................................ 61**

**3. BESLUITE VAN DIE NHKA OOR HOMOSEKSUALITEIT ..................... 66**

**3.1 Inleiding ........................................................................ 66**

**3.2 Historiese oorsig ........................................................................ 66**

3.2.1 68ste AKV (2007) ........................................................................ 66

3.2.2 69ste AKV (2010) ........................................................................ 69

3.2.3 70ste AKV (2013) ........................................................................ 70

3.2.4 71ste AKV (2016) ........................................................................ 72

3.2.5 72ste AKV (2019) ........................................................................ 75

**3.3 Kerkregtelike oorwegings ........................................................................ 76**

**3.4 Teologiese oorwegings ........................................................................ 84**

**3.5 Slotopmerking ........................................................................ 92**

4. BESLUITE VAN DIE UPCSA OOR HOMOSEKSUALITEIT .................... 94
4.1 Inleiding .................... 94
4.2 Historiese oorsig .................... 94
4.3 Slotopmerking .................... 105
5. UNITING REFORMED CHURCH IN SOUTHERN AFRICA .................... 108
5.1 Inleiding .................... 108
5.2 2016-besluit .................... 108
6. SKRIFTUURLIKE BEOORDELING VAN BESLUITE OOR HOMOSEKSUALITEIT .................... 111
6.1 Inleiding .................... 111
6.2 Historiese oorsig: Hoe lees ons die Bybel? .................... 112
6.3 Sewe tekste .................... 120
6.3.1 Levitikus 18:22 en 20:13 .................... 120
6.3.2 Genesis 19:1-8 .................... 121
6.3.3 Rigters 19:16-30 .................... 122
6.3.4 Romeine 1:24-27 .................... 123
6.3.5 1 Korintiërs 6:9-10 .................... 124
6.3.6 1 Timoteus 1:8-10 .................... 125
6.3.7 Ander siening .................... 125
6.3.8 Opsommend .................... 129
6.4 Openbaring .................... 130
6.5 Hermeneutiek .................... 135
6.6 Voorbeelde .................... 138
6.7 Slotopmerking .................... 141
7. KERKREGTELIKE BEOORDELING VAN BESLUITE OOR HOMOSEKSUALITEIT .................... 144
7.1 Inleiding .................... 144
7.2 Belydenisskrifte .................... 145
7.3 Kerkorde .................... 148
7.4 Besluite van vorige vergaderings .................... 151
7.5 Usansie .................... 155
7.6 Administratiewe geregtigheid .................... 157
7.7 Christus as oorsprong van kerklike reg .................... 159
7.8 Kerkreg en ekklesiologie .................... 160
7.9 Die Huwelik .................... 165
7.10 Slotopmerking .................... 175

**8. KERKLIKE REG EN ALGEMENE REGSBEGINSELS ........................ 176**

**8.1 Inleiding ........................ 176**

**8.2 Verhouding tussen kerk en staat ........................ 177**

**8.3 Die Grondwet van Suid-Afrika ........................ 179**

**8.4 Die kerk en vrywillige assosiasie ........................ 183**

**8.5 Godsdiensvryheid ........................ 184**

**8.6 Gay predikante ........................ 187**

**8.7 Geregtelike hersiening ........................ 191**

**8.8 Slotopmerking ........................ 193**

**9. GEVOLGTREKKINGS ........................ 194**

**9.1 Inleiding ........................ 194**

**9.2 Homoseksualiteit: 'n Leerbeslissing? ........................ 195**

**9.3 Vergaderings, kerkordes en prosedures ........................ 199**

**9.4 Slotopmerking ........................ 200**

**10. BYLAES ........................ 202**

**10.1 NG Kerk (Bylaag A) ........................ 202**

10.1.1 Algemene Sinode 1986 (Agenda 1986:344) ........................ 202

10.1.2 Algemene Sinode 2002 (Handelinge AS 2002:504) ........................ 204

10.1.3 Algemene Sinode 2004 (Handelinge AS 2004:11) ........................ 205

10.1.4 Algemene Sinode 2004 (Handelinge AS 2004:10) ........................ 207

10.1.5 Algemene Sinode 2007 (Handelinge AS 2007:110) ........................ 209

10.1.6 Algemene Sinode 2013 (Handelinge AS 2013:47) ........................ 210

10.1.7 Algemene Sinode 2015 (Handelinge AS (Besluitregister) 2015:104-105) ........................ 211

10.1.8 Buitengewone Algemene Sinode 2016 (Handelinge AS 2016:25-27) ........................ 212

10.1.9 Algemene Sinode 2019 (Handelinge AS (Agenda) 2019:85) ........................ 214

**10.2 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA (BYLAAG B) ........................ 216**

10.2.1 68ste Algemene Kerkvergadering 2007 (AKV Notule 2007:89) ........................ 216

10.2.2 69ste Algemene Kerkvergadering 2010 (AKV Notule: 295-298) ........................ 219

10.2.3 70ste Algemene Kerkvergadering 2013 (AKV Notule: 2013:444-448) ........................ 223

10.2.4 Omsendskrywe Kommissie van die AKV: 24 November 2015 ........................ 227

10.2.5 71ste Algemene Kerkvergadering 2016 (AKV Notule 2016:163) ........................ 229

**10.3 UNITING PRESBYTERIAN CHURCH OF SOUTH AFRICA (BYLAAG C)........................................................................................................ 230**

10.3.1 The Manual of Faith and Order 2007:2.4-2.5 ................................................230

**BRONNELYS.......................................................................................................... 241**

# 1. INLEIDING

## 1.1 Oriëntasie

In 2019 het ʼn film getiteld *Best of Enemies* verskyn. Die film is gebaseer op die boek *The Best of Enemies: Race and Redemption in the New South* (Davidson 2007). Die film handel oor die mededinging tussen ʼn burgerregte-aktivis (Ann Atwater) en die dorp se Ku Klux Klan leier (CP Ellis). Atwater probeer om te veg vir beter behuising vir die swart inwoners van die dorp, maar word geïgnoreer deur die wit lede van die bestuurskomitee. Ellis word uitgebeeld as iemand wat lief is vir sy familie, maar nie van swart mense hou nie. Wanneer die swart kinders se skool afbrand kan hulle nie meer skoolgaan nie. ʼn Oplossing moet gevind word, en die voorstel word gemaak dat die swart kinders na die wit skool toe mag gaan. Daar is uiteenlopende standpunte en emosies loop hoog. Die stadsraad besluit om die saak na ʼn hoër gesag te verwys. Bill Riddick word as fasiliteerder aangestel wat die besluitnemingsproses moet begelei.

Riddick besluit om die gesprek in die vorm van ʼn charette te doen. ʼn Charrette is ʼn vergadering of werkswinkel wat ten doel het om gesamentlik na oplossings te soek. In hierdie geval was die charette op segregasie gefokus. Riddick het die charette in twee groepe verdeel, en die twee hoofkarakters word as voorsitters van ʼn groep aangewys. Tonele word gewys waar mense praat oor hulle emosies en moontlike oplossings. Die film fokus op mense se verhoudings en hoe elkeen se omstandighede hulle menswees en beskouings beïnvloed.

Atwater en Ellis stap ʼn interessante pad in die film. Op die aand van die stemming verras Ellis almal — met die finale stemming stem hy daarvoor dat al die kinders na een skool toe kan gaan. Dit was ten koste van homself want slegte dinge het met hom gebeur. Aan die einde van die film word gewys hoe Ellis en Atwater saam toere onderneem en gemeenskappe help om versoening te bereik.

Die rede waarom daar na hierdie film verwys word, is om te illustreer dat daar nog altyd moeilike en diep emosionele sake was waaroor besluite geneem moet word. Besluite raak die lewens van mense en verander gemeenskappe. Besluite vertoon iets van die geaardheid van ŉ bepaalde gemeenskap. Die besluite wat ons neem, sê iets van ons menswees.

Om moeilike besluite te neem is uitdagend en somtyds vrees-aanjaend. Daar word dikwels van kerke verwag om groot besluite te neem en uitsprake te lewer wat mense se lewens diep raak. Een van die ingrypende, traumatiese en emosiebelaaide kwessies waaroor kerke in die laaste twee dekades besluite geneem het, is homoseksualiteit en die toelating van homoseksuele persone tot die bediening. In sommige kerke het dit al tot kerkskeuring gelei. Hierdie proefskrif handel oor besluite wat reformatoriese kerke in Suid-Afrika oor homoseksualiteit geneem het. Die besluite word vanuit historiese, kerkregtelike en teologiese perspektiewe beoordeel.

In die kerklike gesprek oor homoseksualiteit is daar altyd verskillende stemme en uiteenlopende standpunte hoorbaar. Wat die uiteenlopende stemme en standpunte in gemeen het, is dat dit gelowige lidmate van die kerk is wat met mekaar in gesprek is. Almal soek na antwoorde — selfs "finale" antwoorde. Daar word van die kerk verwag om met die "waarheid" vorendag te kom en in sinodebesluite vas te lê. Dit lei dikwels tot meningsverskille, konflik en selfs verdeeldheid. Die debat oor homoseksualiteit het verder uitgekring. Dit het ook die verstaan van die huwelik ter sprake gebring (AKV Agenda 2007, Bylaag A:3). Om antwoorde te vind is ŉ omvattende en moeilike proses wat mense diep raak. Daarom is dit noodsaaklik dat besluitnemingsprosesse met die nodige sensitiwiteit hanteer word.

## 1.2 Navorsingsleemte

Die beginsels en prosedures waarvolgens kerklike vergaderings (of vergaderings van die ampte) besluite neem, word in die onderskeie kerke se kerkordes gestipuleer. Kerkordes is die belangrikste dokumente waarin die kerkregering en besluitnemingsprosesse van reformatoriese kerke[1] in Suid-Afrika gestipuleer word. Kerkordes reguleer die bevoegdhede, samestellings, opdragte en werkswyse van die verskillende kerklike vergaderings.

Die kerkordes van reformatoriese kerke is gebaseer op ŉ presbiteriaal-sinodale kerkbegrip wat ontstaan vanuit die primêre beginsel dat Jesus Christus self sy kerk deur Woord en Gees regeer. In die presbiteriaal-sinodale kerkregering is die Woord van God normatief in alle besluite wat geneem word. Verder bou die presbiteriaal-sinodale kerkregering op vier pilare, te wete die ampte, vergaderings van ampte, Woordverkondiging en kerklike dissipline (Gaum 2008:898).

Hierdie studie fokus op vier reformatoriese kerke in Suid-Afrika wat reeds besluite oor homoseksualiteit geneem het. Daar was nog nie enige poging om op ŉ wetenskaplike wyse die verskillende besluite oor homoseksualiteit op ŉ histories-vergelykende wyse te beskryf en te analiseer nie. Daar is ook nog geen kerkregtelike studie gedoen om die kerkordelike aspekte van die besluite te ontleed en met mekaar te vergelyk nie. Die literatuur wat reeds verskyn het, fokus normaalweg op één kerk se besluit met beperkte verwysing na ander kerke. Hierdie navorsing wil dus ŉ meer inklusiewe en omvattende benadering volg, waar verskillende kerke naas mekaar ter sprake gebring word en

[1] Wanneer die term "reformatoriese kerke" gebruik word, word daar na kerke verwys wat breedweg in die Calvinisties-gereformeerde tradisie tuishoort. Die term "gereformeerd" word as versamelterm vermy, omdat dit te eng is en verwarring kan veroorsaak. Die Ned. Hervormde Kerk van Afrika, byvoorbeeld, is nie gemaklik om bloot as "Gereformeerd" beskryf te word nie, hoewel die Calvinisties-gereformeerde kerkreg ŉ beduidende invloed op die Kerkorde van die Hervormde Kerk uitoefen.

vergelyk word. Die doel van die histories-vergelykende werkswyse is om gesprekke te bevorder, en die moontlikheid om by mekaar te leer te fasiliteer om sodoende nuwe moontlikhede vir toekomstige besluitneming te vind.

Die volgende kerke sal ter sprake kom:

- Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (hierna: NG Kerk) het in 2015 ŉ besluit geneem wat in 2016 tydens die eerste Buitengewone Algemene Sinode in die NG Kerk herroep is; daarna het die 2016-besluit in die hof gedraai en is die 2015-besluit weer herstel.
- Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (hierna: Hervormde Kerk) het in 2016 ŉ besluit oor homoseksualiteit geneem, nadat dit vir etlike jare op die agenda van die Algemene Kerkvergadering verskyn het. Daarmee is die saak voorlopig afgehandel.
- Die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (hierna: UPCSA) het ŉ predikant met dissiplinêre optrede gedreig, omdat hy ŉ homoseksuele paartjie in ŉ burgerlike verbintenis bevestig het wat volgens sommige strydig met die Kerkorde van die UPCSA is. Die geval het verreikende gevolge in die UPCSA gehad.
- Die Verenigende Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (Uniting Reformed Churches of South Africa – URCSA) het bepaalde besluite geneem wat kortliks bespreek word.

Die rede waarom hierdie keuse gemaak is, is omdat elkeen van die kerke op ŉ unieke wyse besluite oor homoseksualiteit geneem het, ten spyte van ŉ gedeelde reformatoriese erfenis en tradisie. Dit is merkwaardig dat kerke wat oënskynlik Calvinisties van oorsprong is, uiteenlopende besluite kan neem met verskillende gevolge en uitkomste.

## 1.3 Probleemstelling

Die navorsingsprobleem lê op twee vlakke:

- kerkregtelike beoordeling van besluite oor homoseksualiteit
- teologiese beoordeling van besluite oor homoseksualiteit

### 1.3.1 Kerkregtelike beoordeling

Die fokus van hierdie proefskrif is op reformatoriese kerke wat in die Calvinistiese tradisie staan. Die vier kerke wat bespreek word funksioneer in terme van die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering. In die beoordeling van ŉ kerklike besluit, moet daar gevra word tot watter mate die besluit in terme van die kerkregtelike beginsels en geldende kerkorde geneem is. Enkele van die kerkregtelike beginsels wat ter sprake is, word vervolgens bespreek.

#### 1.3.1.1 Vyf beginsels

Tradisioneel word besluite op grond van vyf beginsels (in volgorde van belangrikheid) geneem:

- die Woord van God
- kerklike belydenis
- kerkorde
- vorige besluite van kerklike vergaderings
- usansie (gebruike van die kerk)

Reformatoriese kerke neem steeds besluite op grond van bogenoemde beginsels, in die verwagting "dat alle lidmate en gemeentes van die kerk die besluite sal respekteer." Die kerk leef egter in die 21ste eeu wat heeltemal nuwe eise stel (Koekemoer 1995:601) en gemeentes en lidmate nie sondermeer berus by die besluite van sinodale vergaderings nie. In ŉ postmoderne samelewing wil lidmate self verantwoordelikheid aanvaar, self besluit wat reg is en

gemeentes wil in terme van hulle eie konteks funksioneer en handel (Dreyer 2016:97).

Kerklike vergaderings neem bindende besluite, maar lidmate verstaan dikwels nie die besluite of die rasionaal daaragter nie. Daarom moet die vraag gevra word of die kerklike besluitnemingsprosesse nog enigsins betekenisvol en van waarde vir die funksionering van gemeentes is. (Van Wyk 2020:1). “Die verhoudings tussen Skrif, belydenis ek kerkorde onderskei ŉ kerkorde as ekklesiologie en ontneem die kerk, sy lidmate en ampsdraers die eiesinnige en halsstarrige neiging om slegs in eie reg en mening op te tree” (Van Wyk 2020:2).

Daar moet nie net voordurend “met die kerkorde rekening gehou word nie maar ook met die Skrif. ŉ Kerkorde is tiperend van kerkelike denke as voorwaarde vir kerklike optrede”, maar kan nooit losgemaak word van die Skrif nie (Noordmans 1984:444). Die kerk moet gesien word as ŉ Christokrasie (Van Wyk 2020:3). “Die Kerk funksioneer binne die *ius circa sacra*, die omgewing van die burgerlike reg, meer die *ius in sacra* wat in die Kerk beoefen word” (Van Wyk 2020:3). “Die kerkorde staan as te ware op die weg tussen Bybel en praktyk as spieëlbeeld van hoe die kerk oor homself getuig in die lig van die Skrif” (Van Wyk 2020:3). Die burgerlike reg is nie ŉ primêre bron waarop die kerk se kerkorde gebou word nie. “Dat daar diegene is wat hul tot die burgerlike wetgewing want in kerklike verskille is deel van die ontsier kerklike optrede” (Van Wyk 2020:3).

#### 1.3.1.2 Presbiteriaal-sinodale kerkregering

Die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering vind sy oorsprong by Johannes Calvyn. Die fundamentele uitgangspunt is dat Jesus Christus die enigste Hoof en Heer van die Kerk is. Die kerk word in gehoorsaamheid aan Christus regeer — daarom is ordelikheid en dissipline belangrik. Kerkregering is nooit ŉ saak van menslike willekeur nie, maar van gehoorsaamheid. Alle besluite word in

gehoorsaamheid aan Christus geneem. Een van die kritiese vrae is of ŉ fundamentalistiese gehoorsaamheid aan die Skrif direk eweredig is aan die gehoorsaamheid aan Christus. Dit opper die vraag van Skrifverstaan en Skrifgebruik. In kort: Wat is die Woord van God?

Die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering is op vier pilare gebou (Pont 1981:190), naamlik:

- die amp;
- die vergaderings van die ampte;
- die godsdiensoefening; en
- die kerklike dissipline.

In hierdie sisteem is die amp en die vergaderings van die ampte kenmerkend; daarom word dit "presbiteriaal-sinodale kerkregering" genoem. Die verskillende "ampte en die vergaderings van die ampte word beskou as die middele waardeur Jesus Christus sy kerk regeer" (Pont 1981:190). Dit beteken dat die "ampte en die vergaderings van ampte in gehoorsaamheid aan die Woord — en gelei deur die Heilige Gees — hulle dienswerk in die kerk moet verrig". Die Woord reël die dienswerk van die ampte, en is tegelykertyd die "norm vir die kerk se lewe en bestaan in die wêreld." (Pont 1981:190). Hiermee het Calvyn daarin geslaag om ŉ nie-hiërargiese kerkordelike sisteem op te bou. "Omdat Christus die enigste Hoof en Heer is, en die Woord die hoogste gesag, sny dit alle alleenheerskappy en magsmisbruik by die wortel af." (Pont 1981:191).

Soos reeds genoem is die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering se standpunt dat Jesus Christus oor die Kerk regeer. Christus regeer op twee maniere oor sy kerk: "onmiddellik (direk) deur sy Woord en Gees en middellik (indirek) deur die amp. Dit beteken dat groot waarde aan die amp en die vergaderings van die ampte geheg word, omdat dit die twee middele is waardeur Christus sy kerk regeer" (Pont 1981:192).

Die belangrikste plek waar Christus se kerkregering sigbaar word, is die plaaslike gemeente (Pont 1981:193). In Artikel 30 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* staan dat die ampte saam ŉ kerkraad vorm om "deur hierdie middel die ware godsdiens te onderhou en te sorg dat die ware leer oral versprei word en dat ook die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou kan word en dat ook die armes en bedroefdes volgens hulle nood gehelp kan word. Deur hierdie middel sal alles in die kerk goed en ordelik geskied." Dit is duidelik dat besluite van ŉ kerkraad nie minderwaardig is in vergelyking met sinodale besluite nie.

ŉ Kerkraadsvergadering bestaan net waar daar reeds ŉ gemeente bestaan (Pont 1981:224). Die opdrag van die kerkraad word in die *Nederlandse Geloofsbelydenis* (Artikel 30) soos volg omskryf:

- Die kerkraad moet toesien dat die Woord van God reg gepreek en die sakramente bedien word volgens hulle instelling, sodat die ware godsdiens onderhou word en die ware leer oral versprei kan word.
- Die kerklike dissipline moet gehandhaaf word sodat die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou word.
- Die armes en bedroefdes moet gehelp en getroos word.

Die kerkraadsvergadering word saamgestel onder die voorsitterskap van ŉ predikant; indien daar meer as een predikant is sal hulle om die beurt voorsitterskap neem. Die kerkraad bestaan dan uit die bedienaars van die Woord — ouderlinge en diakens.

"In die presbiteriaal-sinodale sisteem, soos dit in Nederland ontwikkel het, bestaan daar gewoonlik drie meerdere (of bykomende) vergaderings, te wete die klassikale- of ringsvergadering, provinsiale sinodes en die nasionale sinode" (Pont 1981:228). Die vergaderings word van mekaar onderskei in terme van funksie en nie hiërargies in terme van belangrikheid nie. Elke vergadering van die ampte het ŉ

spesifieke arbeidsveld, sodat daar nie oorvleueling van werksaamhede of botsende besluitneming plaasvind nie. Wanneer ŉ meerdere vergadering bymekaar kom, moet die vergadering streng by sy omskrewe bevoegdhede en opdrag bly. ŉ Meerdere of bykomende vergadering is egter niks meer as ŉ hulp en bystand vir die plaaslike gemeente en kerkraad nie (Pont 1981:224).

Meerdere vergaderings moet gesien word as uitbreidings van die gemeentelike kerkraad om aan die sake aandag te gee wat ŉ wyer omvang het as wat normaalweg op die terrein van die kerkraadsvergadering lê (Pont 1981:228). Meerdere vergaderings is vergaderings van ampte wat bymekaarkom ter wille van die regering van die kerk. Met die instelling van die meerdere kerklike vergadering is die onafhanklikheid van die plaaslike gemeente afgewys en word die eenheid van die kerk gehandhaaf (Pont 1981:229). ŉ Meerdere vergadering is ŉ uitbreiding van die kerkraad. Maar dit is onmoontlik om al die ampsdraers op die meerdere vergadering te laat saamkom. Daarom word ŉ afvaardiging uit elke kerkraad na die meerdere vergadering gestuur met ŉ geloofsbrief en ŉ opdrag (Pont 1981:229).

Indien die meerdere vergadering se gesag daarin lê dat dit ŉ vergadering van ampte is wat besluite onder leiding van die Gees en Woord neem, dan het daardie besluite gesag en hoef die besluite nie weer agterna deur kerkraadsbesluite bekragtig te word nie. Die besluite is bindend, "omdat dit onder leiding van die Woord en Gees geneem is" (Pont 1981:213).

Gevolglik dra besluite van sinodale vergaderings besondere gewig, en lidmate verwag dikwels van sinodes om finale uitsprake te maak. Die sinode moet die laaste woord spreek. Dit bring ŉ volgende kritiese vraag na vore, veral in verband met besluite oor homoseksualiteit: Waar hoort die besluit, by ŉ sinode of by ŉ kerkraad? Die plaaslike kerkraad is die primêre vergadering van die ampte wat besluite neem in gehoorsaamheid aan Christus, onder leiding van die Heilige Gees

en deur onderskeidend te luister na die Woord. Dit kompliseer die vraag of ʼn sinode of ʼn kerkraad bepaalde besluite moet of kan neem.

#### 1.3.1.3 Verhouding tussen kerk en orde

Oor die verhouding tussen kerk en orde was daar met verloop van tyd uiteenlopende standpunte (Coertzen 1991:4). "Wanneer dit gaan oor die vraag na die verhouding tussen kerk en orde in die gereformeerde tradisie, is Johannes Calvyn die persoon om mee te begin" (Coertzen 1991:22). Calvyn was van mening dat ʼn kerklike orde daargestel moet word "wat gestalte gee aan die waarhede van die Skrif" (Coertzen 1991:23). In 1541, met Calvyn se tweede verblyf in Genève, het hy begin werk aan ʼn kerkorde, naamlik die *Ordonnances Ecclésiastiques.* Uit hierdie dokument en ander geskrifte van Calvyn soos sy *Institutio Christianae Religionis* (hierna: *Institusie*), kommentare en briewe is dit duidelik dat daar vir Calvyn ʼn "verband is tussen die wese van die kerk en die orde van die kerk" (Coertzen 1991:23). Oor die bestaan van ʼn eie orde in die kerk (*ius sui generis,* sien in hierdie verband Van Staden 2014) en die gevolglike verbondenheid tussen die kerk en orde, skryf Calvyn (Inst.IV.XI.1)[2]:

> "Want soos geen enkele stad of dorp sonder owerheid en burgerlike regering kan bestaan nie, so het ook God se kerk … geestelike regering nodig wat egter geheel en al te onderskei is van die burgerlike regering." (Simpson 1980: 207*).*

"Vir Calvyn is die primêre bron vir die orde van die kerk die Heilige Skrif, maar dit beteken nie dat hy die Skrif op ʼn fundamentalistiese wyse gebruik het nie" (Coertzen 1991:24). Die implikasies hiervan is dat die ordereëling in beginsel in ooreenstemming met die Skrif moet

[2] Vir die doeleindes van hierdie proefskrif word Simpson (1980) se Afrikaanse vertaling van Calvyn se *Institutio Cristianae Religionis* (Calvyn 1559) gebruik.

wees, maar die vergestalting daarvan word in die lig van eietydse omstandighede aangepas (Coertzen 1991:25).

### 1.3.2 Teologies-krities beoordeling

Die debat oor homoseksualiteit val gewoonlik vas omdat daar verskil word oor die Bybeltekste wat gebruik word. Reformatoriese kerke bely dat die Bybel die Woord van God is. ŉ Kerk se Skrifbeskouing bepaal dikwels die interpretasie van die tekste. In alle kerke is daar verskillende standpunte oor hoe die Bybel verstaan en interpreteer moet word. Dit is belangrik om met die verskille rekening te hou wanneer besluite geneem moet word (AKV 2019:101).

In hierdie proefskrif sal die tersaaklike kerke se Skrifbeskouing en Skrifgebruik in terme van hulle besluite oor homoseksualiteit krities beoordeel word.

Benewens die uitdagings rondom Skrifbeskouing en Skrifgebruik, moet kerklike vergaderings ook insigte vanuit die mediese wetenskap en regspleging verreken. Besluitnemingsprosesse moet die regsbeginsels van regverdigheid, billikheid, inklusiwiteit en *audi alteram partem* verreken.

## 1.4 Navorsingsdoelwitte

Die doelwit van hierdie navorsing is om:

- ŉ historiese oorsig te bied van die verskillende kerke se besluite oor homoseksualiteit, sodat die leser dit kan vergelyk;
- die beskikbaarstelling van tekste vanuit die verskillende kerke ten opsigte van homoseksualiteit, ingebind as bylaes aan die einde van die proefskrif,
- die kerkregtelike prosesse te evalueer en te bespreek;
- die gevolge van bepaalde besluite toe te lig;

- die teologiese vertrekpunte te identifiseer wat tot bepaalde besluite gelei het;
- prosesse en beginsels te identifiseer waarvolgens reformatoriese kerke hulle besluitnemingsprosesse oor homoseksualiteit kan verbeter;
- enkele voorstelle te maak oor hoe besluite geïmplementeer kan word.

## 1.5 Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag kan soos volg geformuleer word:

> *Reformatoriese kerke in Suid-Afrika het in die onlangse verlede besluite oor homoseksualiteit geneem wat uiteenlopende reaksies van lidmate en die publiek ontlok het. Die besluite word bespreek en getoets aan die hand van teologiese en kerkregtelike uitgangspunte.*
>
> *Hierdie studie fokus daarop om die volgende vraag te beantwoord: Tot watter mate is die besluit rakende homoseksualiteit in terme van kerkregtelike beginsels en geldende kerkordes geneem? Die studie vra ook verder tot watter vergadering homoseksualiteit tuishoort — is dit deel van sinodale prosesse of is dit iets wat in die gemeente tuishoort?*

## 1.6 Metodologie

Hierdie proefskrif word aangebied in die vakgebied Kerkreg. Kerkreg is ŉ teologiese dissipline wat in terme van bepaalde beginsels en metodes beoefen word. Hierdie beginsels en metodes is al dikwels in die verlede bespreek (sien in hierdie verband Bouwman 1970:10-52; Koffeman 2009; Strauss 2005; Van Wyk 2007, 2018, 2020; Van Staden 2014)

Ten opsigte van die navorsing vir hierdie proefskrif is gebruik gemaak van ŉ histories-vergelykende metodologie, waarin veral twee perspektiewe belangrik is:

### 1.6.1 Historiese perspektief

Om sinvol oor kerke se besluite oor homoseksualiteit te reflekteer, is dit nodig om die historiese verloop van die besluitnemingsprosesse te beskryf. Die besluite word kronologies en in volgorde aan die orde gestel, sodat die navorser en leser die verandering in denke kan volg. Vir hierdie doel is die primêre bronne (agendas en notules) van kerklike vergaderings geraadpleeg en beskikbaar gestel, om daarmee ŉ koherente en sinvolle narratief te skep. Die algemene beginsels van historiografie soos koherensie, korrespondensie, historiese analise, singewing en so meer is hier ter sprake (sien Dreyer 1974).

### 1.6.2 Hermeneutiese perspektief

Historiese navorsing is ten diepste ŉ hermeneutiese proses. Historiese bronne word ontsluit en geïnterpreteer op grond van noukeurige eksegese en analise.

Volgens Dreyer (1974) is daar verskillende denkbewegings ter sprake wanneer historiese bronne hermeneuties ontsluit word. Die eerste denkbeweging is fenomenologies van aard, wat beteken dat ons die fenomeen se bedoeling in ag moet neem (Dreyer 1974:110). Tweedens word die dokument in konteks bestudeer, "wat nie net die historiese konteks insluit nie, maar ook die breër korpus van verbandhoudende dokumente" (Dreyer 1974:112). Die derde denkbeweging is die aktualisering van die historiese dokument, wat beteken dat dit nie net *bruta facta* is wat weergegee word nie, maar dat die feite wat in die dokument na vore kom verwerk word en op ŉ samehangende (koherente) wyse aangebied word. Die aktualisering van feite is ook eksistensieel van aard, omdat dit beide die navorser en die leser eksistensieel aanspreek. Die navorser word eksistensieel

betrek by die worsteling van die oorspronklike outeur. Die vierde denkbeweging is dat die navorser die analitiese vermoë moet hê om die relevante feite op ŉ sinvolle en samehangende (koherente) wyse weer te gee (Dreyer 1974:114). Hierdie denkbewegings is nie stappe wat in volgorde plaasvind nie, maar word voortdurend met mekaar in verband gebring.

Kerkregtelike hermeneutiek is besonder kompleks, omdat dit nie ŉ enkele teks is wat ter sprake is nie, maar verskeie tekste waarvan die belangrikste die Bybel is. In kerkreg staan die Woord van God sentraal. Verder is die belydenisskrifte, kerkordes, en amptelike standpunte van kerke ook ter sprake. Daarom is navorsing oor bepaalde kerklike besluite altyd intertekstueel van aard en die interpretasie daarvan kompleks.

Daarbenewens is kerkreg die wetenskaplike nadenke oor die *ius constituum* (die kerklike reg in die praktyk) en die *ius constituendum* (die kerklike reg soos dit behoort te wees). Kerkbegrip, kerkorde en kerkreg as teologiese dissipline is nou aan mekaar verwant. Dit beteken dat ekklesiologie van kritieke belang is vir die beoefening van kerkreg. Dingemans (1988:207) is van mening dat ŉ kerkorde eintlik net "vertaalde ekklesiologie" is. "Vertaling" is ten diepste hermeneuties van aard. Dit hou ook verband met die feit dat sigbare kerk nie volmaak is of ooit volmaak kan wees nie. Daarom moet die gestalte wat die kerk aanneem voortdurende krities beskou en voortdurend hervorm word (*ecclesia semper reformanda*) op grond van die Woord van God. Voortgaande Kerkhervorming impliseer die hersiening van kerkordes.

In hierdie proefskrif handel dit oor die bestudering van kerke se besluite oor homoseksualiteit. Dit beteken dat die tersaaklike dokumente in terme van doel konteks en praktiese implementering bespreek word. Die doel is nie om die besluite te beoordeel of veroordeel nie, maar om die materiaal op ŉ koherente en sinvolle wyse te interpreteer en aan te bied. Vir die doeleindes van hierdie navorsing

gaan dit in die eerste plek om 'n kerkregtelike interpretasie van die besluite aan die hand van bepaalde beginsels kenmerkend aan gereformeerde kerkreg.

## 1.7 Bronne

In verskillende kerklike tradisies is daar verskillende bronne vir kerkreg (sien Bouman 1970:15-31). In die gereformeerde kerkreg dien die Woord van God as primêre bron vir die kerklike regering. Daarom sal spesifieke aandag gegee word aan Skrifbeskouing en die interpretasie van bepaalde tekste.

Tegelykertyd, wanneer besluite van kerke bestudeer word, is daar ook kerklike bronne ter sprake. Dit dien as primêre bronne wat die historiese verloop en inhoud van besluite weerspieël.

**Die volgende primêre bronne is belangrik:**

- amptelike dokumente van die kerke wat bespreek word
- amptelike publikasies en tydskrifte van die onderskeie kerke
- agendas van kerklike vergaderings, veral sinodale vergaderings
- notules van kerklike vergaderings
- omsendbriewe
- kerkordes
- hofuitsprake

Ten opsigte van die primêre bronne was dit nodig om met toestemming van die onderskeie kerke die relevante materiaal in die kerklike argief te versamel.

**Die volgende sekondêre bronne is belangrik:**

- artikels in teologiese joernale
- relevante boeke en publikasies
- proefskrifte

Die primêre en sekondêre bronne sal ondersoek word en die interpretasie daarvan sal weergegee word in ŉ koherente, sinvolle en singewende narratief. Daar word gebruik gemaak van resente literatuur, waarin die verskillende standpunte bespreek word. Voorbeelde hiervan is:

- *"Weerlose weerstand. Die gay-debat in die NG Kerk"* (Bartlett 2017): In hierdie boek word daar breedvoerig verslag gelewer oor die NGK se besluit rakende selfdegeslagverhoudings vanaf die 1980's. Dit vertel van die pad wat die NGK gestap het rakende besluite oor selfdegeslagverhoudings. Die boek was veral relevant vir die hoofstuk wat handel oor die NGK.
- "Hated without reason" (Duncan 2020): In hierdie artikel word daar gefokus op "human sexuality in a South African legal and ecclesial context", met spesifieke fokus op die UPCSA.
- "Kerkordelike toleransie en die reg van usansie" (Van Wyk 2020): In hierdie artikel word die kerkregtelike hermeneutiek, kerkordelike toleransie, die reg van usansie en die gebruik van ŉ kerkorde in die kerklike praktyk bespreek.
- "Regsgevolge volgens die Gaum-saak vir nienakoming van kerkordelike prosedures ten opsigte van besluite deur die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk" (Sutton & Sutton 2019): Die artikel bespreek die uitspraak van die Gaum-saak.
- "Regsgeskille en die kerk: lesse te leer uit die saak van Johannes Fortuin en die Church of Christ Mission" (Van Coller 2017): Die artikel wys dat geloofsinstellings hulle kerkordes, konstitusies en ander bepalings moet evalueer en seker maak dat hul tugprosedures en dissiplinêre kodes voorsiening maak vir die nodige proses en waarborge wat kan dien vir ŉ billike verhoor.

## 1.8 Navorsingsontwerp

### Hoofstuk 1: Inleiding

In hierdie hoofstuk word die studie uiteengesit. Dit word gedoen aan die hand van ŉ oriëntasie, navorsingsprobleem, navorsingsdoelwitte en metodologie.

**Hoofstuk 2: Besluite van die NG Kerk ten opsigte van homoseksualiteit**

In hierdie hoofstuk word ŉ historiese oorsig gebied rakende die besluitnemingsproses en reaksie in die NG Kerk op die besluite van homoseksualiteit.

**Hoofstuk 3: Besluite van die Hervormde Kerk ten opsigte van homoseksualiteit**

In hierdie hoofstuk word ŉ historiese oorsig gebied rakende die besluitnemingsproses en reaksie in die NHKA op die besluite van homoseksualiteit.

**Hoofstuk 4: Besluite van die UPCSA ten opsigte van homoseksualiteit**

In hierdie hoofstuk word ŉ gevallestudie hanteer oor ŉ predikant wat volgens ŉ ring nie reg opgetree het volgens die kerkorde nie.

**Hoofstuk 5: Uniting Reformed Church in Southern Africa**

Hierdie hoofstuk bespreek kortliks die 2016-besluit van die URCSA rakende homoseksualiteit.

**Hoofstuk 6: Teologies-kritiese beoordeling van besluite oor homoseksualiteit**

In hierdie hoofstuk word die kerklike besluite oor homoseksualiteit inhoudelik beoordeel aan die hand van teologiese beginsels, met besondere verwysing na Skrifbeskouing en Skrifgebruik.

**Hoofstuk 7: Kerkregtelike beoordeling van besluite oor homoseksualiteit**

In hierdie hoofstuk sal die kerkregtelike sowel as juridiese aspekte aangespreek word.

**Hoofstuk 8: Juridiese implikasie van kerke se besluite oor homoseksualiteit**

In hierdie hoofstuk word enkele kerkregtelike en algemene regsbeginsels bespreek, wat ter sake is wanneer kerke besluite neem

**Hoofstuk 9: Gevolgtrekkings**

Uit die historiese oorsig wat hierdie navorsing bied, het dit duidelik geword dat reformatoriese kerke in Suid-Afrika uiteenlopende besluite oor homoseksualiteit geneem het. Daar is verskillende redes vir die diversiteit, wat saamgevat word in hierdie hoofstuk.

**Hoofstuk 10: Bylaes**

Die omvangryke bylaes wat hierby aangeheg word, bevat tersaaklike uittreksels uit die onderskeie kerke se sinodale agendas, notules en studiestukke. Die bedoeling daarvan is om dit op een plek te versamel, om toekomstige navorsing te vergemaklik.

## 2. BESLUITE VAN DIE NG KERK OOR HOMOSEKSUALITEIT

### 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar gefokus op die NG Kerk se besluite oor homoseksualiteit. Die hoofstuk word verdeel in vier onderafdelings, naamlik:

- historiese verloop van die debat in die NG Kerk
- kerkregtelike argumente
- teologiese argumente
- gevolg

### 2.2 Historiese oorsig

In 1986 het die saak oor homoseksualiteit vir die eerste keer op die agenda van die Algemene Sinode (hierna: AS) van die NG Kerk verskyn. Tydens die AS is ŉ verslag[3] (Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk?*)* as beleid van die NG Kerk aanvaar (NGK 1986a:153). Daarna het die debat oor homoseksualiteit op verskeie maniere in die NG Kerk aan die orde gekom en het sinodes deurlopend daaraan aandag gegee.

Die 1986-besluit het bepaal dat (1) homoseksualiteit ŉ afwykende vorm van seksualiteit is; (2) dat dit afgewys word as in stryd met die wil van God soos in die Heilige Skrif geopenbaar; maar ten spyte daarvan (3) mag homoseksuele lidmate nie op grond van hulle "afwykende gerigtheid" die gemeenskap van die heiliges ontsê word nie. Daar is ook (4) besluit dat hulpdienste aan homoseksuele lidmate beskikbaar gestel moet word.

Tot en met 1994 was dit ŉ kriminele oortreding om deel van ŉ (of die) homoseksuele gemeenskap te wees. Oortreders kon by skuldigbevinding 7 jaar tronkstraf ontvang. In 1994 het Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing plaasgevind en is homoseksualiteit

[3] Sien Bylaag A.

ook gedekriminaliseer. In Mei 1996 het Suid-Afrika die regte van die LGBT- (Lesbian, gay, bisexual and transgender) gemeenskap in die Grondwet verskans. Die 1996-Grondwet het bepaal dat daar nie teen ŉ persoon gediskrimineer mag word op grond van seksuele oriëntasie nie.

Uiteraard het die verandering in wetgewing kerke in Suid-Afrika gedwing om te herbesin oor homoseksualiteit. Kerke het besef dat gay lidmate[4] met sensitiwiteit, maar ook binne die konteks van die Grondwet, hanteer moet word (Bartlett 2017:28-29). As gevolg van die kerklike worsteling rakende homoseksualiteit en die implikasies van die Grondwet, het die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (AKLAS) versoek om weer ŉ rapport op te stel wat voor die AS van 2002 moes dien.

Na aanleiding van die 2002-rapport het die AS besluit dat die NG Kerk nie meer die besluite en beleid van 1986 kan handhaaf nie en dat ŉ nuwe beleid geformuleer moet word. Die AS het aan AKLAS opdrag gegee om verdere studie oor homoseksualiteit te onderneem, vir voorlegging aan die AS van 2004. AKLAS is verder versoek "om ander kerklike kommissies, mediese deskundiges, "lidmate met ŉ homoseksuele oriëntasie en lidmate wat getuig dat hulle van ŉ homoseksuele oriëntasie en leefwyse bevry is, by die ondersoek te betrek" (NGK 2002b:504; sien Bylaag A).

Tydens die 2004-AS het AKLAS terugvoer gegee[5]. Die AS het besluit dat dit "die roeping van die kerk is om die evangelie van Christus in alle omstandighede en aan alle mense te bring." Die AS het ook verskoning aangebied aan almal wat deur vorige besluite seergekry het, en hulle het ook erken dat daar in die kerk verskillende vertolkings

[4] Wanneer daar na die fenomeen van selfdegeslag seksuele omgang verwys word, word die term "homoseksualiteit" gebruik. Wanneer daar na persone verwys word, word die term "gay persone" verkies.

[5] Sien Bylaag A.

van die beskikbare Skrifgegewens oor homoseksualiteit bestaan. Verder is besluit “dat ʼn huwelik slegs as ʼn verbintenis tussen een man en een vrou gesien kan word.” Die AS het bevestig dat hulle “daarvan oortuig is dat alle mense, ongeag hul seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en ook op grond van hulle doop as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar behoort te word” (NGK 2004c:11).

Na afloop van die AS van 2004 het die Sondagpers ʼn berig geplaas dat gay predikante tot die bediening toegelaat sou word. Op grond van die verwarring wat die berig veroorsaak het, het die Moderatuur (2007:127) ʼn verklaring[6] uitgereik en uitgewys dat slegs ʼn verbintenis tussen een man en een vrou as ʼn huwelik gesien word. Daar is ook in die verklaring daarop gewys dat die bevestiging van homoseksuele persone in die amp van predikant nie bespreek is nie en dat homoseksualiteit weer verwys is vir verdere studie.

Gedurende die AS se oggendsessie op 8 Junie 2007 het ʼn gesprek plaasgevind oor die interpretasie van die besluit wat die AS in 2004 geneem het. Tydens die bespreking is dit duidelik gestel dat, volgens die besluit van die AS, ʼn “huwelik net moontlik is tussen ʼn man en ʼn vrou.” Verder is daar besluit dat die plaaslike kerkraad die verskillende standpunte “oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde moet hanteer.” Dit het aan kerkrade ʼn bepaalde diskresie gegee. Daar is ook ʼn beroep gedoen op kerkrade om alle sake met “Christelike liefde en aan die hand van die Woord en Belydenis te hanteer” (NGK 2007d:128).

Die feit dat die 2007-besluit toegang tot die ampte verleen het, verteenwoordig ʼn draaipunt in die sinode se standpunte. Die 2007-besluite het geweldige reaksie uitgelok. Die taakspan verslag van 2007 het uit twee uitvoerige bylaes bestaan wat twee verskillende standpunte verteenwoordig het. Bylaag 1 van die verslag is van

[6] Sien Bylaag A.

mening dat homoseksuele gedrag binne vaste verhoudings van liefde en trou Christelik-eties aanvaarbaar is. Die oortuiging was daargestel dat die Skrifgegewens oor homoseksualiteit verstaan moet word as ŉ afkeur van bepaalde ongesonde en afbrekende vorme van seksuele gedrag. Vaste verhoudings tussen mense van dieselfde geslag is Christelik-eties aanvaarbaar as dit gerig is op die vorming van ŉ vaste verbintenis van liefde en trou. Die groep wou in ag neem dat daar baie tyd tussen die Bybelskrywers en die moderne leser verloop het en dat nuwe wetenskaplike kennis voortdurend ontwikkel. Die kerk het immers met kwessies soos slawerny, die posisie van die vrou, en sekere ander kulturele en seremoniële gebruike en voorskrifte gewys dat daar ŉ bepaalde bewussyn en onderskeidingsvermoë van veranderwoordelike Skrifgebruik nodig is (NGK 2020:39).

Die tweede bylaag, aan die ander kant, argumenteer dat homoseksuele gedrag nie Bybels regverdigbaar is nie. Hierdie groep was oortuig dat die Bybelskrywers kennis gedra het van permanente selfdegeslagverhoudings tussen mans sowel as vroue en dit verwerp het. Dit is volgens hulle duidelik dat dit vir die Bybelskrywers en eerste lesers vanselfsprekend was dat seksuele verbintenisse tussen mense van dieselfde geslag verkeerd was. God het man en vrou geskape om bymekaar te pas. Die mense van die Bybel het van ander verbintenisse geweet, maar dit is duidelik dat hulle oortuig was dat dit teen die Here se wil is (NGK 2020:39).

Die opstellers van die twee bylaes in die 2007-verslag het die volgende konsensus bereik:

- Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke en besluite oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne dié konteks te interpreteer.

- Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer moet word.
- Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle behoort op grond van hulle doop en geloof as volwaardige lidmate van die kerk van Christus aanvaar te word.
- Die huwelik tussen ŉ man en ŉ vrou is ŉ belangrike instelling van God.
- Sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit word as destruktiewe en sondige gedrag afgekeur. Pastorale ondersteuningsisteme vir persone wat op een of ander wyse die werklikheid van homoseksualiteit beleef, is belangrik.
  (NGK 2020:39).

Die 2007-besluit het as volg gelui (NGK 2007d:110):

1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.
3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.

4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ŉ huwelik beskou kan word.
5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as ŉ alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is ŉ funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat ŉ selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.
8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

Die 2007-besluit was duidelik dat homoseksuele gelegitimeerdes wat ŉ selibate lewenstyl beoefen tot die amp van predikantskap toegelaat kon word.

Gedurende die AS van 2011 was daar geen verdere besluite oor homoseksualiteit nie.

Die 2013-AS het weer oor die kwessie van homoseksualiteit gehandel Daar is aan die Moderatuur (ASM) opdrag gegee om, in voorsetting van die 2007-verslag en in die lig van die Skrif en gereformeerde tradisie, oor die status van selfdegeslagverhoudings te besin (NGK 2013e:47). Daar is verder besluit dat "homoseksuele en heteroseksuele studente wat voorberei vir bediening in die NG Kerk aan dieselfde vereistes moet voldoen met die oog op legitimasie" (NGK 2013e:47).

Die ASM het aan die AS van 2015 terugvoer gegee. Op 6 Oktober 2015, tydens die eerste oggendsessie, is besluit om van ŉ fasiliteerder gebruik te maak om die gesprek vlot te laat verloop. Die verloop van die gefasiliteerde gesprek is aan die AS verduidelik. Drr. Carin van Schalkwyk en Frederick Marais sou optree as fasiliteerders (NGK 2015f:21). Tydens die middagsessie het ŉ oop gesprek plaasgevind, waarna almal by tafels aangesit het vir gebed en verootmoediging (NGK 2015f:25). Gedurende die middagsessie op 7 Oktober 2015 is die gesprek voortgesit. Gedurende hierdie sessie het die voorsitter versoek dat die gesprek nie te vinnig afgesluit moet word nie, en dat die gesprek so oop as moontlik gehou moet word (NGK 2015f:36). Die voorsitter het die vergadering toegelig dat daar drie moontlikhede is (NGK 2015f:36):

- die bestaande besluite word gelaat soos dit is;
- die bestaande besluite word verander; en
- daar word op ŉ proses besluit.

Die prosesvoorstel is aanvaar. Dit het daartoe gelei dat ŉ gesprek gefasiliteer is, waartydens ŉ tydelike taakspan en afgevaardigdes wat voorstelle of mosies ingedien het, saam besin het om die AS te bedien met ŉ volledige verslag en voorstelle (NGK 2015f:36).

Gedurende die eerste oggendsessie van 8 Oktober het die gesprek in die AS hervat. Twee voorstelle is aan die AS voorgelê (NGK 2015f:38). Die moderator van die AS (ds. Nelis Janse van Rensburg) het die voorstellers en sekondante van voorstelle 15 en 16 versoek om ŉ geïntegreerde voorstel saam te stel wat voor die vergadering kon dien (NGK 2015f:39). Op Vrydag 9 Oktober 2015 het die gesprek vervolg, en die gewysigde voorstel is aan die vergadering voorgehou (NGK 2015f:60). Die aktuaris het die *locus standi* van die voorstel aan die vergadering verduidelik. Die vergadering het met geslote stembriewe gestem en die gewysigde voorstel is goedgekeur (NGK 2015f: 69-70).

**Voorstel 26 (2015) lui soos volg (nommering soos in die notule):**

2.1. Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.

2.2. Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in ’n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.

2.3. Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ’n huwelik beskou word.

2.4. Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou — en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.

2.5. Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.

2.6. Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.

2.7. Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in ’n gees van Christelike liefde te doen. Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor

selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na ʼn ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op ʼn selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.

2.8. Die Algemene Sinode besluit om ʼn Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake, wat reeds ʼn soortgelyke opdrag in A.8.2 bl. 172 punt 7.4 ontvang het. Die Algemene Sinode besluit om ʼn bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.

Hierdie besluit van die AS het “erkenning gegee aan selfdegeslagverhoudings en dit moontlik gemaak vir NG predikante om burgerlike verbintenisse te bevestig.” Die selibaatvereiste wat daar was vir gay predikante en proponente is ook opgehef (Bartlett 2017:13).

Die 2015-besluit van die AS het heftige reaksie van ʼn beduidende getal ampsdraers en lidmate van die NG Kerk ontlok. Daar was selfs enkele van die streeksinodes wat gedreig het om hulle band met die AS te verbreek. Dit het daartoe gelei dat daar in November 2016 vir die eerste keer in die geskiedenis van die NG Kerk ʼn Buitengewone Algemene Sinode (BAS) byeengeroep moes word.

Die BAS het van 7 tot 10 November 2016 plaasgevind. Die advies van die Algemene Taakspan Regte (ATR) aan die BAS was dat die 2015-besluit gesuspendeer moes word om sodoende die besware, appèlle en gravamina wat daarteen ingebring is, te hanteer. "Die Ontwerpspan van die BAS het prosesse bepaal om die vergadering te help om verantwoordelik en onderskeidend te werk" (NGK 2016g:4-5). Die proses moet soos volg verloop:

- biddend en luisterend;
- verhoudings moet versterk word;
- die gesprek en dialoog moet met liturgiese momente geïntegreer word;
- luisterseisoen se waardes moet toegepas word;
- huisreëls moet gehandhaaf word; en
- daar moet onderskeidend te werk gegaan word.

Gedurende die sitting van 7 November 2016 het die BAS die ATR se verslag hanteer. Nadat die verslag aangebied is, het ŉ bespreking gevolg waartydens die ATR onsekerhede uit die weg moes ruim. Tydens hierdie sessie het die BAS die appèlle, gravamina, beswaarskrifte en voorleggings terugverwys na die ATR. Die BAS het ook besluit dat die saak rakende selfdegeslagverhoudings herbesoek moet word en dat die saak as ŉ <u>leergeskil</u> hanteer moes word. Afgevaardigdes moes die geleentheid kry om die vergadering toe te lig (NGK 2016g:14). Die BAS het ook sy teleurstelling uitgespreek "ten opsigte van lidmate, waaronder bedienaars van die Woord, wat dreig met regsoptrede teen die kerk terwyl die kerklike prosesse aan die gang en nog nie uitgeput is nie" (NGK 2016g:14).

Tydens die tweede middagsessie op 8 November 2016 het die voorsitter aan die vergadering uitgewys dat, volgens die Reglement van Orde, voorrang gegee word aan verslae van permanente strukture, taakspanne en/of kommissies. Die taakspan wat verantwoordelik was vir beswaarskrifte, gravamina en voorstelle, het

in hulle verslag aangedui dat die volgende sake in die dokumente wat ingedien is, aangespreek word:

- Skrifgesag
- eties-teologiese besluitneming
- hermeneutiek
- huwelik
- ampsbeskouing

Volgens die kerkorde (NG Kerk 2013:25) moet die voorsitter bepaal watter orde geskik is om die sake te hanteer. Die voorsitter het geoordeel "dat die gravamen van die Sinode van Noord-Kaapland prioriteit geniet" (NGK 2016g:18). Die voorsitter het verder gereël dat die afgevaardigdes eers 'n rondetafelgesprek oor die gravamen moet voer. Die gravamen van die Sinode van Noord-Kaapland, met gepaardgaande amendemente, sou die basisvoorstel wees wat voor die vergadering dien.

Die gevolg van die proses was dat die 2015-AS se besluit oor homoseksualiteit nie meer geldig sou wees nie. Daarbenewens is besluit dat:

- "Die saak van selfdegeslagverhoudings moet met groot omsigtigheid benader word."
- "Besluite word nie op gelowiges en gemeentes afgedwing indien die Gees nie die gemeentes daarvan oortuig het nie."
- "Die Algemene Sinode herbevestig hulle verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, hermeneutiek en Skrifuitleg (NGK 2016g:24)."

Die terugtrek van die 2015-besluit het wye reaksie in die NG Kerk uitgelok. Dit het gelei tot litigasie en 'n hofsaak. Na afloop van die BAS in 2016, het twaalf lidmate die Gautengse Afdeling van die

Hooggeregshof versoek om die 2016-besluite nietig te verklaar. Die ASM het besluit om die aansoek teen te staan. Die aansoek van die twaalf lidmate het twee argumente bevat:

- "'n konstitusionele argument wat daarop wys dat die kerk die Grondwet geminag het met die 2016-besluit;" en
- "die BAS het nie die reëls van die kerkorde toegepas nie." (NGK 2019i:58).

Die hof het die volgende uitspraak gelewer. "Die hof het in die guns van die aansoekers besluit en die besluite van die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 ter syde gestel." Die hof het ook verder bevind "dat die NG Kerk met sy 2016-besluit oor selfdegeslagverhoudings inbreuk gemaak het op die konstitusionele regte van lidmate van die NG Kerk wat graag in selfdegeslagverhoudings verbind wil word" (NGK 2019i:58; sien ook Bylaag A).

Gedurende die Algemene Sinode van 2019 het die verslag van die ASM gemeld dat die "debat oor selfdegeslagverhoudings die ASM uitgedaag het soos nog nooit tevore nie." Die ASM het die proses ten opsigte van die Buitengewone Algemene Sinode en gevolglike hofsaak as kompleks en verdelend beleef (NGK 2019i:56).

Tydens die 2019 vergadering het daar 'n verslag gedien van die taakspan Gravamina. Die taakspan het tot stand gekom 1 Julie 2019 nadat die ASM elektronies die volgende besluit geneem het:

"dat alle gravamina wat sedert AS 2015 ingehandig is aangaande SGV en belydenisgrondslag na 'n Taakspan verwys word vir voorlegging by AS 2019; dat die ASM versoek word om volmag aan die moderatuur te verleen om hiervoor 'n taakspan aan te wys; dat die taakspan soos volg saamgestel word: die voorsitter van die vorige taakspan vir gravamina, drie lede van die ATR, drie lede van ATLAS" (NGK

2019k:53-54). Die ATR en ATLAS het elkeen uit eie geledere persone aangewys.

Die opdrag van die taakspan was as volg:

“dat alle gravamina wat sedert AS 2015 ingehandig is aangaande SGV en belydenisgrondslag na ŉ Taakspan verwys word vir voorlegging by AS 2019” (NGK 2019k:54).

Die volgende kriteria was gebruik om die gravamina te oorweeg: soos gevind in (NGK 2019k:57).

Gravamina word genoem in Reglement 19 van die Kerkorde, 2013. Die volgende bepalings in die reglement is direk van toepassing op gravamina:

“1.1.1: Besluite van kerklike vergaderings is bindend, maar dit kan herroep, gewysig of vervang word by wyse van revisie, appèl, beswaar of gravamen.”

In hierdie geval was daar nie te make met besware nie. Die Reglement gee die volgende definisie van ŉ (appèl of) beswaar:

“1.1.2: Appèl en beswaar behels ŉ beroep op ŉ meerdere vergadering wanneer ŉ lid ŉ lidmaat en/of kerkvergadering verontreg voel oor ŉ mindere kerkvergadering se besluit.”

In hierdie geval was daar nie te make met besluite van die AS nie (of ŉ mindere vergadering) en geld ŉ appèl of beswaar dus nie.

Gravamen word as volg beskryf:

“1.1.3 Gravamen word gebruik om op die Algemene Sinode ŉ ernstige beroep te maak om ŉ beslissing in sake die leer van die kerk.”

Uit hierdie paragraaf kom die volgende kriteria na vore:

(i) ʼn Gravamen maak ʼn ernstige beroep op die Algemene Sinode.

(ii) ʼn Gravamen vra dat ʼn beslissing gemaak word, m.a.w. dat ʼn bepaalde besluit geneem word.

(iii) ʼn Gravamen handel oor die leer van die kerk.

In Reglement 19.7 word gravamen weereens beskryf:

"Benewens die reg van appèl of beswaar kan ʼn lidmaat of ʼn kerkvergadering wat beswaar op grond van die Skrif, die Belydenis en/of die Kerkorde teen ʼn besluit van die Algemene Sinode het, die beswaar by wyse van gravamen aan die Algemene Sinode voorlê. Indien die gravamen ontvanklik is, word dit vir oorweging aan die Algemene Sinode voorgelê:

Uit hierdie paragraaf blyk die volgende kriteria:

(i) ʼn Gravamen moet ʼn beswaar op grond van die Skrif wees; en/of

(ii) ʼn Gravamen moet ʼn beswaar op grond van die Belydenis wees; en/of

(iii) ʼn Gravamen moet ʼn beswaar op grond van die Kerkorde wees.

(iv) ʼn Gravamen moet aan die Algemene Sinode gerig wees.

(v) Die ontvanklikheid van ʼn gravamen moet beoordeel word alvorens dit aan die Algemene Sinode voorgelê word.

Gravamina wat ontvang is, is deur die Taakspan aan die hand van die volgende kriteria oorweeg vir ontvanklikheid en voorlegging aan die Algemene Sinode: Die gravamen moet ʼn beswaar bewoord en beredeneer. ʼn Beswaar wat uit een sin bestaan word nie beskou as ʼn ontvanklike gravamen nie. Die gravamen doen ʼn ernstige beroep op die sinode om ʼn spesifieke besluit met betrekking tot die leer van die kerk te maak. In die beredenering van die beroep/beswaar moet daar vermelding en beredenering van Skrif, Belydenisskrifte en/of die

*Kerkorde* wees. Gravamina, beswaarskrifte, voorleggings wat by die BAS 2016 gedien is en aan die kriteria van ŉ gravamen voldoen. Gravamina wat blote herhalings van ander gravamina is, is nie almal ontvanklik nie. Gravamina, beswaarskrifte, voorleggings moet aan die Algemene Sinode gerig wees. Skrywes wat enige vorm van onaanvaarbare taal gebruik, is nie ontvanklik nie" (NGK 2019k:57).

Daar was ŉ groot aantal dokumente rakende selfdegeslagverhoudings en die belydenisgrondslag van die NGK in skrywes aan die kantoor van die AS voorgelê. Die Taakspan het aan die hand van die bogenoemde kriteria elkeen van die skrywes beoordeel. Verslag was gelewer oor die verskillende gravamina wat ontvang was.

Die tydelike taakspan regte het ŉ verslag ingedien rakende die huwelik, promiskuïteit en selfdegeslagverhoudings.

Die opdrag wat aan die Taakspan gegee was, was dat die ATR versoek word om duidelikheid te gee oor watter besluite gewysig is en die geldende besluite oor die huwelik, promiskuïteit en selfdegeslagverhoudings. Die ATR het geadviseer dat die geldende besluit insake die huwelik, promiskuïteit en selfdegeslagverhoudings steeds geld (NGK 2019k:129):

1. Die AS herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en vrou as ŉ huwelik beskou kan word.
2. Die AS bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
3. Die AS besluit dat, in die lig van wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as ŉ alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

Die besluite is met die volgende uitgebrei:

**SELFDEGESLAGVERHOUDINGS** (NGK 2019k:129):

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is.
2. Die Algemene Sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in ŉ eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbrokkel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.
3. Die Algemene Sinode is verbind tot ŉ voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek.
4. Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan met die skep van gesprekruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke oor hierdie (en ander) teologies-etiese kwessies, en toe te sien dat:
   4.1 hierdie ruimtes inklusief en divers bly;
   4.2 nie oor ánder te praat nie, maar eerlik en broos vanuit die eie posisie, en
   4.3 daar werklik erns gemaak word met die Woord van God.
5. Die Algemene Sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.
6. Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan, om by die aanwysing van persone in die ampte, lidmate se:
   6.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
   6.2 toegang tot die sakramente,
   6.3 integriteit van verhoudings, en
   6.4 geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem

6.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit.

7. By die legitimasie van teologiese studente, moet die studente se:
   7.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
   7.2 toegang tot die sakramente,
   7.3 integriteit van verhoudings, en
   7.4 teologiese- en bedieningsvorming in ag geneem word, ongeag ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie en -identiteit.
8. Die Algemene Sinode erken dat daar:
   8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,
   8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.
9. Die Algemene Sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig. Die Algemene Sinode besluit ook dat daar ŉ span saamgestel word wat elke streeksinode sal besoek om hierdie saak duidelik en deeglik deur te werk. Dit kan ons help om ŉ ingeligte besluit neem.
10. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om ŉ formulier te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag.
11. Die Algemene Sinode
    11.1 betreur dat die verloop van die debat en die besluite in die kerk die afgelope jare lidmate verwar en seergemaak het;
    11.2 vra gay-lidmate en hulle families wie se menswaardigheid wetend en onwetend misken is, uitdruklik om verskoning vir die pyn wat hulle in die kerk beleef het;
    11.3 verbind hom daartoe om in die gees van hierdie besluit ruimtes te skep vir gesprek waarin almal se menswaardigheid gerespekteer word.

11.4 Die Algemene Sinode bedank gay-lidmate wat volgehou het met waagmoedige en konstruktiewe gesprekke in die kerk.

12. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode.

Die 2019-besluit bied ruimte vir verskillende standpunte oor verhoudings tussen mense van dieselfde geslag. Dit gee kerkrade, ringe en sinodes die reg om self te besluit watter standpunt hul wil inneem. Kerkrade word aangemoedig om hieroor in eie konteks verantwoordelike besluite te neem. Kerkrade en predikante is nie onder dwang om enige twee stakinge te aanvaar of uit te voer nie (NGK 2020:13)

## 2.3 Kerkregtelike Oorwegings

In hierdie afdeling word enkele opmerkings gemaak oor die kerkregtelike prosesse wat gevolg is ten opsigte van die AS se besluite oor homoseksualiteit. Dit word beperk tot die sinodes van 2015 en 2016.

In 2015 het die AS ingrypende besluite oor homoseksualiteit geneem. Soos gemeld, het die besware teen die besluit gelei tot die Buitengewone Algemene Sinode van 2016. Die agenda van die BAS 2016 bevat heelwat besware teen die 2015-besluit van die AS. Die volgende besware is, in terme van kerkorde of prosedure, teen die 2015-besluit ingebring (NGK 2016h:33-37):

- “die wyse waarop die verslae in die agenda van 2015 hanteer is;
- die hantering van die voortel van die moderamen in die verslag;
- die twee voorstelle gelyktydig voor die vergadering;
- die aansoek om revisie van die 2007-besluit van die Algemene Sinode;
- die aanspreek van persone in die gehoor;

- die gefasiliteerde gesprekke;
- die samestelling van tydelike taakspan leerstellige en aktuele sake;
- die aanbevelings van die tydelike taakspan;
- die optrede van die voorsitter;
- die bekendmaking van getal stemme vir en teen;
- die deelname van dosente aan die gesprek;
- die optrede van die lede van die uittredende Moderamen;
- die beïnvloeding deur besoekers en nie-afgevaardigdes;
- die hantering van die substantiewe voorstel;
- die besluite van 2013 is nie verreken nie;
- die opsig en tug teenoor gay lidmate;
- die diskresie van kerkrade;
- die rol van ringe en gemeentes;
- die verkleinde sinode;
- die besluite impliseer wysiging van die kerkorde;
- die predikante en die uitvoering van die besluit;
- die arbeidswetgewing;
- die doop van kinders;
- die optrede teen die voorstellers;
- die koste van appèl; en
- die samestelling van die navorsingspan."

Bogenoemde appèlle en besware vertoon groot diversiteit, maar wentel veral om gebrekkige prosedures. Volgens die besware het daar onreëlmatige prosedures plaasgevind tydens die Algemene Sinode van 2015 om te verseker dat ŉ bepaalde besluit oor selfdegeslagverhoudings geneem word. Indien die voorgeskrewe prosedures — soos in die Kerkorde (2013) verwoord — noukeurig gevolg is, sou die besluit oor selfdegeslagverhoudings nie geneem kon word nie (NGK 2016h:72). Die belangrikste redes hiervoor is soos volg:

- “Revisie: Daar is nie op die voorgeskrewe wyse, soos bepaal deur Reglement (3.8; 19.1.1.1; 19.1.2) kennis gegee van revisie van beginselbesluite van die Algemene Sinodes van 2007, 2011 en 2013 nie (sien ook Gravamina 2019:101).”
- “Gesprek oor opdrag: Die Algemene Sinode van 2015 het op aanbeveling van die ASM ŉ besluit geneem om ŉ gefasiliteerde gespreksgeleentheid te reël wat gehandel het oor die opdrag ter vergadering (NGK 2015f:21). Die uitkoms van hierdie gesprek kon hoogstens voorstelle wees wat verband hou met die opdrag tot verdere studie. Voorstelle wat die staande besluite van die Algemene Sinodes van 2007 tot 2013 wou wysig, sou nie ontvanklik gewees het nie, omdat so ŉ voorstel verder sou moes gaan as die ruimte wat die besluit oor die gesprek gebied het. Ten spyte daarvan is die voorstelle ontvanklik verklaar en geïnkorporeer in die voorstel wat goedgekeur is” (NGK 2016h:73).
- “Inhoud van Beskrywingspunt B15: Beskrywingspunt B15 het gehandel oor die selibaatvoortwaarde (Besluit 7 van 2007) en die menswaardigheid van homoseksuele afgestudeerdes. Die aanbeveling van die TTR was dat Beskrywingspunt B15 nie ontvanklik is nie (NGK 2015f:36). Die Algemene Sinode het egter besluit dat kennis geneem kan word van die inhoud. Die feit is dat die vergadering reeds besluit het dat die beskrywingspunt nie ontvanklik is nie en gevolglik is die besluit ongeldig” (Gravamina 2019:104).
- “Substansiële voorstel en amendemente: Die spanne wat saamgestel is om die voorstelle tydens die Algemene Sinode te herformuleer, was tydelik. Volgens Reglement 3 kan ŉ tydelike span nie voorstelle indien nie, maar slegs amendemente op die voorstel van die projekspan. Ten spyte van hierdie punt het die voorsitter die oorspronklike voorstel by die stemming geïgnoreer en die amendemente wat in die tydelike kommissies geformuleer was eerder as voorstelle hanteer” (Gravamina 2019:107).

- "Voorstel wat moes dien: Reglement 3 bepaal dat voorstelle van ŉ projekspan voorkeur kry bo voorstelle van tydelike spanne. Daarom was voorstelle 4.1 – 4.3 die enigste voorstelle op die tafel" (Gravamina 2019:105). Dit lui soos volg:

> "4.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die terugvoering van die Moderamen ten opsigte van die opdrag rakende selfdegeslagverhoudings.
> 4.2 Die Algemene Sinode reël ŉ gefasiliteerde gespreksgeleentheid oor die opdrag ter vergadering.
> 4.3 Die Algemene Sinode besluit om die opdrag voort te sit en besluit ter vergadering oor die raamwerk vir die voorgestelde navorsing en dialoog."

Op daardie stadium was voorstelle 4.1 en 4.2 reeds goedgekeur en ook uitgevoer. Dit beteken dat voorstel 4.3 (dat studie en navorsing voortgesit word) prosedureel die enigste voorstel ter tafel was, maar dit is nooit tot stemming gebring nie (Gravamina 2019:105). "Die voorsitter het in stryd met Reglement 3 gereël dat dit deel word van die voorstelle wat TTLAS moes hanteer" (NGK 2015f:23,38). Die gevolg is dat geen ander voorstel oor selfdegeslagverhoudings voor die vergadering kon dien sonder Aanbeveling 3 as substantiewe voorstel nie. "Die gevolg is dat alle besluite wat oor die saak geneem is in stryd was met die kerkorde se voorgeskrewe prosedures en daarom ongeldig is" (NGK 2016h:74).

In die lig van die bevindings — dat daar onreëlmatighede was in die prosedure tydens die Algemene Sinode van 2015 om tot die besluit van selfdegeslagverhoudings te kom — het die appèlliggaam geen ander keuse gehad nie as om die appèlle wat vermeld is toe te staan, en sodoende die besluite van 2015 ter syde te stel en die saak terug te verwys na die Algemene Sinode (Kerkorde 2013, Reglement 19.8).

Die gebeure en die besluite van die 2015-AS en die 2016-BAS het gelei tot baie groot spanning en konflik in die NG Kerk, asook in die ASM. Die ASM is tot ŉ mate uitgeskakel met betrekking tot die regsprosesse wat uit die twee sinodes se besluite oor selfdegeslagverhoudings gekom het, omdat die Kerkorde bepaal dat die ATR verantwoordelik is vir die hantering van kwessies waar die Algemene Sinode in regsgedinge en dispute betrek word. Die funksie van die ATR word in Reglement 7 van die Kerkorde uitgelê. Die doel van die ATR is om advies aan die ASM te gee waar regsgedinge ter sprake is; die ATR het ook die verantwoordelikheid om advies te gee aan die ASM rakende die Kerkorde (NGK 2019j:56).

Die optrede van die ATR het soms tot verdeeldheid gelei, byvoorbeeld onderlinge verskille oor prosedures en regstegniese kwessies; die vraag of appèl teen ŉ besluit van ŉ kerklike vergadering die uitvoering van die besluit outomaties opskort; ook of ŉ appèl teen ŉ besluit van die Algemene Sinode in terme van die Kerkorde moontlik is. Hierdie gebeure het die leemtes in terme van prosedure en die onvermoë om kontensieuse sake suiwer regstegnies te hanteer, blootgelê (NGK 2019j:32).

"In 1994 het die Algemene Sinode besluit dat wanneer daar besluite geneem word oor sake wat omstrede is en tot verdeeldheid kan lei, die Sinode ter wille van groter konsensus die advies van mindere vergaderings daaroor kan inwin" (Gravamina 2019:98). Tydens die omstrede debat oor homoseksualiteit was daar verdeeldheid. Ten spyte van die Sinode se eie advies van 1994 oor die hantering van hierdie tipe situasies, het die Algemene Sinode voortgegaan om ŉ besluit te neem, sonder genoegsame advies en konsensus.

Tydens die AS (2019) is die volgende ordemosie goedgekeur (NGK 2019i:5):

> “Die AS van 2019 bevestig dat daar tydens die AS van 2015 prosedurele foute gemaak is. In die lig van bogenoemde verval die AS se besluit tov selfdegeslagverhoudings en besluit die AS om sy standpunt tov selfdegeslagverhoudings van nuuts af te herformuleer.”

Die AS (2015) se besluit oor selfdegeslagverhoudings was ongeldig op grond van prosedurele foute wat gemaak is. Die ironie is dat dieselfde prosedurele redes ook die besluite van die Buitegewone Algemene Sinode van 2016 ongeldig gemaak het. Die hofsaak wat na die BAS (2016) gevolg het, het bevind dat die BAS se besluit ook ongeldig was omdat daar geen formele gravamina, beswaarskrifte of revisie ter tafel geneem is nie (sien Gravamina 2019:355).

Hierdie geskiedenis laat ŉ mens onwillekeurig die vraag vra of kerklike vergaderings die inherente vermoë het om sake op ŉ regstegniese wyse te hanteer, maar meer nog — behoort iets soos homoseksualiteit as ŉ regstegniese saak hanteer te word? Hoe gebeur dit dat ŉ saak wat lidmate ten diepste raak, op tegniese punte vasval en gestuit word? Wat is die aard, funksie en betekenis van ŉ kerkorde in sulke omstandighede?

Die eerste Kerkorde van die NG Kerk in algemene sinodale verband het in 1964 verskyn. Hoofstuk 4 van die Kerkorde (NGKO 1964) het gehandel oor die arbeid van die kerk (Strauss 2020:1). Hierdie hoofstuk is deur die jare aangepas. In 1974 is hierdie terreine uitgebrei met die dienswerk van die gelowiges as die agste van nege terreine. Die kern van dienswerk was dat dit as ŉ onvervreembare reg deur die gemeentes self georganiseer moet word (Strauss 2020:2). Tydens die Algemene Sinode van 1982 is daar ŉ nuwe artikel bygevoeg oor “Leer en Aktuele Sake” (Kleynhans 1988:131; NGKO 1986:13,15). Artikel 56 bepaal dat die NG Kerk hom beywer vir “Skrifgefundeerde beskouinge” in “aktueel, leerstellige en etiese aangeleenthede en die bevordering van sedelik gesonde openbare lewe” (Strauss 2020:2).

In die 1986-Kerkorde word agt terreine van arbeid aangedui, naamlik openbare eredienste, sakramente, kategese, herderlike sorg, evangelisasie, sending, barmhartigheid en stoflike sake (Strauss 2020:1). Skrifgefundeerde beskouings wat daarmee saamgelees moet word handel oor Skrifgesag en Skrifgebruik. Dit berus op die beginsel dat die Bybel norme bevat wat van toepassing is op die totale menslike bestaan (Strauss 2020:3) — daarom behoort alle kerklike besluite op grond van die Skrif geneem word.

NGKO Artikel 56 beteken dat aktuele, leerstellige en etiese kwessies net in ŉ kerklike agenda opgeneem word indien dit strydig is met die Skriftuurlike boodskap of die NG Kerk se verstaan daarvan (Strauss 2020:4). Daar is nie ŉ beperking in NGKO Artikel 56 ingebou nie, maar alle sake wat op die tafel kom moet vanuit ŉ Bybelse en geloofsetiese perspektief benader word. Dit beteken dat die kerk ŉ draer van die Christelike geloof en die etiese konsekwensies daarvan moet wees (Strauss 2020:4). In hierdie verband het die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (AKLAS) ŉ groot rol gespeel. In 2002 het die Kommissie die opdrag gekry om ŉ grondige, teologies-etiese studie oor homoseksualiteit te onderneem, en sedertdien is daar deurlopende navorsing gedoen oor ŉ Skriftuurlike beskouing oor homoseksualiteit. In terme van NGKO Artikel 56 is die bedoeling baie duidelik dat daar ŉ bepaalde interpretasie van Skrifgegewens moet wees, wat as basis kan dien vir Skrifgefundeerde besluite. Die duidelik omskrewe bedoeling en proses het egter nie die NG Kerk gevrywaar van interne konflik en verdeeldheid oor die saak nie.

Vanaf 2015 het die Algemene Sinode rondgeval tussen verskillende standpunte oor selfdegeslagverhoudings (Strauss 2020:11). Volgens Strauss (2020:12) is dit opvallend dat daar slegs vaagweg “erns gemaak word met die Woord van God”, ŉ beginsel wat nie in die besluite eksplisiet deurkom of aangewend word nie. ATLAS was vir die NG Kerk baie werd, veral die navorsing oor Skrif en belydenis,

maar die wisselvalligheid van die Algemene Sinode het hulle eie geloofwaardigheid en die integriteit van die NG Kerk skade aangedoen.

Hieruit blyk veral twee sake:

- Eerstens, die beginsel dat alle besluite deur kerklike vergaderings op grond van die Skrif geneem word, is nie so eenvoudig om toe te pas nie. Selfs met die beste teologiese navorsing en Skriftuurlike insig beskikbaar, kan sinodes moeilike finale besluite neem.
- Tweedens, ingewikkelde en uitgebreide kerkordelike bepalings en prosedures verswaar die proses en maak dit uiters moeilik vir sinodale vergaderings om sinvolle besluite te neem. ’n Oorvloed van bepalings verseker nie goeie uitkomste nie.

## 2.4 Teologiese Oorwegings

Na afloop van die AS se 2015-besluit oor homoseksualiteit is verskillende teologiese besware en voorleggings ingedien. Die grootste hoeveelheid besware het oor Skrifbeskouing gehandel.

Die debat oor homoseksualiteit wat in die NG Kerk plaasgevind het en steeds voortduur, vertoon twee lyne van argumentasie. Aan die een kant word geargumenteer dat daar tekste in die Bybel is wat homoseksuele gedrag afwys, en dat die kerk nie anders kan as om te volstaan met die verbod op seksuele verhoudings tussen mense van dieselfde geslag nie. Aan die ander kant is die argument dat daar nie net vanuit enkele tekste oor homoseksualiteit gepraat kan word nie. Die breë lyne van die Bybel en Jesus se optrede waarvan die Nuwe Testament getuig, is ’n boodskap van insluiting eerder as van uitsluiting. Die wyse waarop Jesus teenoor gemarginaliseerdes opgetree en die liefdesgebod as maatstaf vir menslike gedrag hanteer het, maak dit moontlik om ook vir gay mense ruimte te skep (NGK 2016h:556). Jesus word uitgebeeld as iemand wat uit sy pad gegaan

het om mense wat deur die samelewing uitgesluit is, in te sluit as volwaardige deelgenote aan die koninkryk van God.

In hierdie benadering word Jesus se dubbele liefdesgebod as uitgangspunt geneem. Daarmee word Christelike liefde die maatstaf vir menslike gedrag, maar ook vir kerklike besluitneming. Die AS (2015) se erkenning van selfdegeslagverhoudings was nie net ŉ etiese beslissing nie, maar dit spreek ook van ŉ bepaalde Skrifbeskouing (NGK 2016h:557). Dit is opvallend hoe die teologiese denke en Skrifbeskouing vanaf 1986 verander het. Was hierdie denkskuif die gevolg van veranderende teologiese invloede, landsomstandighede, wetgewing of verandering in sosiale waardes?

Dit is vanselfsprekend dat Skrifbeskouing en Skrifgebruik so ŉ prominente plek sal inneem. Sedert die Kerkhervorming het die Bybel ŉ prominente plek in kerklike besluitneming ingeneem. Die *sola Scriptura*-beginsel het daartoe gelei dat kerklike besluite altyd aan die Bybel getoets word. Die Bybel, as skriftelike neerslag van Gods Woord, was nie net genoegsaam nie maar veral onfeilbaar. Dit het daartoe gelei dat die Bybel as onaantasbaar beskou is (NGK 2016h:416). Enige kritiese omgang met die Bybel word met suspisie bejeën.

Kritiese omgang met die Bybel is deur die loop van die 17de en 18de eeu op die spits gedryf. Sedert die Kopernikaanse- en Cartesiaanse revolusies het die letterlike verstaan van die Bybel onder hewige kritiek deurgeloop. Die inspirasie van die Bybel en die verband tussen God se Woord en mensewoord is geproblematiseer (NGK 2016h:417). Die Modernisme van die 19de eeu en die Postmodernisme van die 20ste eeu het die tradisionele reformatoriese Skrifbeskouing onder verdere druk geplaas. Die Bybel is toenemend as mense se woorde oor God beskou, en daarom is alle Skriftuurlike uitsprake voorlopig en veranderbaar. Kerklike besluite kan nie net op onveranderlike Skriftuurlike uitsprake berus nie, maar moet die veranderende konteks

verreken. Ten spyte hiervan behoort die Bybel steeds as maatstaf te dien waarvolgens besluite geneem word (NGK 2016h:418).

Die verslag oor Skrifbeskouing wat voor die AS (1986) gedien het, stel dit dat die Bybel organies deur die inspirasie van die Heilige Gees tot stand gekom het. Daarom is die Bybel die Woord van God waardeur Hy tot mense spreek. Dit word met die begrip "teopneustie" uitgedruk (NGK 2016h:421). Die term "organiese inspirasieleer" is algemeen gebruik om iets te verwoord van die belydenis dat die "Heilige Gees by die totstandkoming van die Heilige Skrif op sodanige wyse van die diens van mense gebruik gemaak het, en dat daar in geen enkele opsig aan hulle selfwerksaamheid afbreuk gedoen is, of die historiese en psigologiese bemiddeling van die openbaring uitgeskakel is nie." (NGK 1986a:592).

Wanneer bely word dat die Bybel die Woord van God is, word bedoel dat die Bybel met sy menslike en historiese karakter tegelykertyd die Woord van God is. Die Bybelskrywers was volledig betrokke by die totstandkoming van die Bybel, deur gebruik te maak van persoonlike herinneringe, mondelinge oorlewering deur ander gelowiges en ander skriftelike bronne. Dit alles het "onder leiding van die Heilige Gees plaasgevind; daarom is die Goddelike bedoeling en openbaring ook in die Bybel te vind" (NGK 2015k:422).

Tydens die AS (1990) was die saak oor Skrifbeskouing weer op die agenda, as deel van die verslag van die TKK en AKLAS. Die verslag handel oor Skrifgesag, Skrifuitleg en die verstaan van die Bybel in sy historiese konteks. Die gaping tussen die wêreld van die Bybel en die wêreld van die hedendaagse leser is beklemtoon. Daar word in die verslag genoem dat die ekonomie, wetenskap, gesinslewe en elke aspek van die moderne tyd anders lyk as in die Bybelse tyd. Dit stel die kerk voor vraagstukke wat nie in die Skrif voorkom nie. Uitsprake in die Bybel moet in terme van die kultuur en historiese konteks verstaan word (sien ook NGK 2016h:423).

Tydens die AS (2004) is ŉ verklaring goedgekeur wat na gemeentes en ringe verwys is vir bespreking. Die verklaring het daarop neergekom dat die kerk, op grond van die beste eksegetiese metodes en verantwoordelike Skrifuitleg, opnuut oor sake kan praat en besluite kan neem. Die basiese oortuiging was en is dat "die Bybel as Woord van God nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep die kerk op om in gemeenskap met ander gelowiges en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, te soek na die waarheid. In die uitdagende tye waarin ons leef, glo die Kerk dat God deur sy Woord en Gees die Kerk in waarheid lei. Wat komplekse leerstellige en etiese kwessies betref, is die NG Kerk as gereformeerdes daartoe verbind om saam te soek na die waarheid." (NGK 2004c:10). Tydens die AS (2015) het daar weer ŉ studiestuk gedien oor Skrifbeskouing en Skrifgebruik wat onder andere aangetoon het dat die Bybel op verskillende maniere gelees kan word. Die Bybel moet binne sy historiese verbande en konteks gelees word, maar ook as ŉ literêre werk.

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat die NG Kerk vir meer as twintig jaar met Skrifbeskouing, Skrifgebruik en hermeneutiek geworstel het. Die studiestuk van 1986 het die grondslag gelê waarop die daaropvolgende studiestukke voortgebou het. Die Bybel word steeds onverkort bely as die Woord van God. Tog is daar ŉ bepaalde ontwikkeling in denke merkbaar. Daar was en is eenstemmigheid in die NG Kerk oor die gesag van die Bybel, maar daar was en is meer as een standpunt oor Skrifgebruik en Skrifverstaan. Die verskille in Skrifverstaan en Skrifgebruik reflekteer ook in die besware wat voor die BAS (2016) gedien het. Enkele daarvan word vervolgens bespreek:

**Skrifgesag**: Beswaarde lidmate is bewus daarvan dat die Bybel in ŉ ander tyd geskryf is, maar die NG Kerk moet volgens Artikel 1 van die Kerkorde handel. Op grond van hierdie artikel is die "Woord van God

die uitgangspunt vir die fundering en funksionering van die kerk.” (NGK 2016h:312). Daarom behoort alle besluit op grond van bepaalde Skrifgedeeltes geneem word.

**Eksegese:** Daar is ook beswaar ingebring teen die gebrekkige of afwesigheid van gefundeerde Skrifstudie wat die besluit van die AS (2015) kon begrond. Dit was veral problematies in die lig daarvan dat die AS (2013) net twee jaar tevore besluit het dat “die besluite van 2007 oor homoseksualiteit na deeglike eksegetiese en teologiese studie geneem is” (NGK 2016h:202). Die verslag wat voor die AS (2015) gedien het, het die tradisionele eksegetiese hantering van tekste gekritiseer en van die hand gewys. Die verslag getuig van ŉ “ongemak oor die wyse waarop nie alleen Skrifuitleg gedoen word nie, maar ook hoe Skrifgesag verstaan word” (NGK 2016h:202). Dit het die indruk geskep dat eksegese wat in 2007 gedoen is, nie meer gewig gedra het nie.

**Hermeneutiek:** ŉ Volgende teologiese beswaar het gehandel oor hermeneutiek. Die verskil tussen eksegese en hermeneutiek word ordelik saamgevat met die Engelse frase: “Exegesis asks what the text meant and hermeneutics asks what the text means.” Die hermeneutiese vraag is hoe tekste verstaan word, nie net in terme van hulle historiese konteks nie, maar ook in terme van die eietydse konteks. “Hermeneutiek poog om die historiese- en kultuurgaping tussen die tyd waarin die Bybel geskryf is en vandag te oorbrug” (NGK 2016h:40). Verskeie besware stel dit egter dat die wyse waarop tekste eietyds verstaan word, in stryd met die belydenis van die kerk is. Die wyse waarop tekste hanteer is en verstaan word, is strydig met die gereformeerde tradisie. Die tekste word so tydsgebonde geïnterpreteer dat dit nie meer God se wil openbaar nie (NGK 2016h:40).

**Huwelik:** Verskeie besware het gehandel oor die teologiese verstaan van ŉ Christelike huwelik. Volgens die besware verkondig die Bybel

dat die huwelik 'n monogame verhouding tussen een man en een vrou is, en dat dit die enigste Bybelse model vir 'n huwelik is (NGK 2016h:46). Dit impliseer dat die Bybel homoseksuele verbintenisse afwys.

Op grond van bogenoemde kerkregtelike en teologiese besware is die AS (2015) se besluit herroep, en het die vorige sinodes se besluite oor homoseksualiteit van krag geword. Dit beteken dat al die vorige beperkings op homoseksuele lidmate weer van toepassing was.

### 2.5 Litigasie

Twaalf lidmate het die hof genader om 'n bevel uit te reik om die besluite van die Algemene Sinode van 2016 rakende selfdegeslagverhoudings te hersien (NGK 2019j:58). Daar was twee partye wat toegetree het as *amicus curiae*: Die *Kommissie vir Geslagsgelykheid* en die *Alliance of Defence of the Autonomy of Churches in South Africa.*

Die saak is op 21 Augustus 2018 in die hof aangehoor. Die aansoek het bestaan uit twee argumente — eerstens 'n konstitusionele argument wat betoog dat die besluit van die BAS (2016) die Grondwet geminag het. Tweedens is betoog dat die kerk nie die reëls en prosedures van die kerkorde reg toegepas het nie (NGK 2019j:58). Die hof het op 8 Maart 2019 uitspraak gelewer. Die hof het in die guns van die aansoekers besluit en die besluite van die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 ter syde gestel. Die hof het ook verder bevind dat die NG Kerk met sy 2016-besluit oor selfdegeslagverhoudings inbreuk gemaak het op die konstitusionele regte van lidmate wat graag in selfdegeslagverhoudings verbind wil word (NGK 2019j:58).

Die belangrike regsvraag waaroor die hof moes beslis, was of die besluit van die BAS (2016) volgens die kerkordelike bepalings geneem is. Die hof het nie net kennis geneem van die bepalings van die

kerkorde nie, maar het ook deur middel van getuienis voor die hof tot ŉ bepaalde besluit gekom. Die howe is ook nie gebonde aan die kerkverband se interpretasie van die kerkorde nie, maar interpreteer dit selfstandig (Sutton & Sutton 2019:402).

In die NG Kerk berus die kerkorde en besluite van kerklike vergaderings op die volgende (Coertzen 1991:149):

- "die Bybel as Woord van God;
- belydenisskrifte;
- die algemene kerkorde;
- kerkordes van die onderskeie streeksinodes;
- die elemente, bepalinge, besluite en handelinge soos geformuleer en goedgekeur deur die onderskeie sinodes;
- liturgiese formuliere;
- ordereëlings in die kerk; en
- teologiese geskrifte."

Kerkreg word ook beïnvloed deur die burgerlike reg, die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, hofuitsprake, ekumeniese liggame en internasionaal aanvaarde menseregte. Daarom is dit belangrik dat die kerk genoegsame regsadvies inwin. Dit lyk of regsadvies wat die NG Kerk tussen 2015 en 2016 ingewin het nie voldoende was nie, ten spyte daarvan dat verskeie lidmate die NG Kerk van regsadvies bedien het en die kerk genoeg tyd gehad het om die beskikbare regsadvies te oorweeg (Sutton & Sutton 2019:403).

Die hofuitspraak het dit duidelik gemaak dat die Algemene Sinode nie sy eie besluite op appèl kon neem of daaroor kon besluit nie. Die beginsel is dat geen instansie of liggaam oor homself kan regspreek nie.

> "Die NG Kerk het hulle aanvanklike argument dat appèlle deur die appèlliggaam wel regsgeldig is, voor die aanvang van die

> hofsaak laat vaar. Volgens die regsmenings blyk dit dat Artikel 23.2 van die Kerkorde (2015:7) bepaal dat die besluite van die Algemene Sinode bindend is en nie aan appèl onderhewig is nie. Gevolglik word Reglement 19 paragraaf 6.1 van die Kerkorde (2015:88), wat bepaal dat daar wel teen die besluite van die Algemene Sinode geappelleer kan word, as in stryd is met Artikel 23.2 van die Kerkorde (2015:7) geag en gevolglik as nietig beskou. Reglemente van die Kerkorde is ondergeskik aan die artikels van die Kerkorde en kan dus nie daarmee teenstrydig wees nie." (Sutton & Sutton 2019:403).

> "Een beginsel wat tuishoort by alle appèlle is dat ŉ appèl aangeteken word na ŉ instansie wat groter in statuur is as die instansie teen wie se beslissing geappelleer word. In kerklike verband beteken dit dat daar nie in die NG Kerk ŉ hoër liggaam as die Algemene Sinode is nie. Veral wanneer dit by die vertolking van die Skrif gaan, is daar eenvoudig nie ŉ hoër liggaam as die Algemene Sinode nie. Dit beteken dat ŉ appèl teen ŉ uitleg van die voorskrifte van die Bybel deur geen ander kerklike liggaam as juis die volgende Algemene Sinode kan wees nie. In die sekulêre reg sou daar eerder van ŉ hersiening van die besluit gepraat word, waar oorweeg word of die korrekte prosedures gevolg is en of daar nie foute gemaak is nie. Die vraag is of enige redelike instansie, in die posisie van die een wat die besluit geneem het, tot so ŉ beslissing kon gekom het. Slegs wanneer bevind word dat die besluit so onredelik (irrasioneel) is, sal ŉ hersiening in die sekulêre howe slaag" (Bartlett 2017:209-210).

Volgens ŉ notule van die Moderamen was die doel van die Buitengewone Algemene Sinode (2016) om die verslag van die ATR rakende die appèlle wat ontvang is, te hanteer. Die BAS sou ook besprekings van die 2015-besluit en die verslag van die ATR insluit

(Gaum-saak, par. 47). Die appèlliggaam het intussen besluit dat die appèlle teen die 2015-beslissing gehandhaaf word en dat die 2015-besluit tersyde gestel word. “Die voorsitter van die BAS (2016) het tydens die vergadering besluit dat die appèlliggaam se beslissing nie oop is vir bespreking nie, omdat die vergadering nie by magte is om daarmee te handel nie” (Sutton & Sutton 2019:404). Die notule wat voor die hof gedien het lees soos volg: “Die voorsitter reël dat daar nie oor die Appèlliggaam se besluit gepraat word nie. Dit is ’n gegewe. Dit is buite die vergadering se bevoegdheid om dit te hanteer” (Gaum-saak, par. 48).

Die hof maak melding dat die NG Kerk, soos reeds aangedui, met die aanvang van die verhoor toegegee het dat die besluit van die appèlliggaam *ultra vires* was. Die 2015-besluit was dus nog geldig en is nie tersyde gestel of herroep nie (Gaum-saak, par. 48). Tydens die BAS (2016) is besluit dat daar op grond van teologiese gronde oor selfdegeslagverhoudings besin moet word (Sutton & Sutton 2019:405). Lede wat besware, besprekingspunte en gravamen ingedien het, kon die vergadering toespreek. Die het tot die 2016-besluit aanleiding gegee, maar sonder dat die 2015-besluit op die korrekte wyse herroep is (Gaum-saak par. 49).

Die hof het nêrens enige negatiewe kommentaar gelewer wat betref die kerkordelike prosedures wat voorgeskryf is om besluite van die Algemene Sinode by wyse van hersiening en gravamen aan te spreek nie. Die enigste bevinding was dat dit nie gevolg was nie.

Hierdie saak is ’n bewys hoe belangrik dit is om altyd prosedureel reg op tree. Veral wanneer moeilike en kontensieuse besluite geneem word, is dit belangrik om seker te maak dat kerkordelike prosedures noukeurig gevolg word, dat die kerkorde korrek geïnterpreteer word en dat kundige regsadvies ingewin word. Besluite wat nie voldoen aan die voorgeskrewe prosedures nie kan nagevolge inhou. “Dit is ook belangrik om te onthou dat reglemente ondergeskik is aan die

Algemene Kerkorde en nie daarsonder kan bestaan nie" (Sutton & Sutton 2019:411). Die uitspraak van die Gaum-saak bevat belangrike regsbeginsels waarvan kerke kennis moet neem.

## 3. BESLUITE VAN DIE NHKA OOR HOMOSEKSUALITEIT

### 3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk handel veral oor die besluit wat die Algemene Kerkvergadering (AKV) van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) in 2016 oor homoseksualiteit geneem het (die volledige besluit word later in die hoofstuk aangehaal). Dit het betreklik min weerstand vanuit die NHKA ontlok, en daar was tot op hede geen regsgevolge ten opsigte van die besluit nie. Hierdie hoofstuk word as volg ingedeel:

1. Historiese oorsig
2. Kerkregtelike argument
3. Teologiese argument
4. Gevolg

### 3.2 Historiese oorsig

#### 3.2.1 68ste AKV (2007)

Tydens die 68ste AKV (2007) is daarvan melding gemaak dat die kerk ses jaar lank navorsing oor homoseksualiteit onderneem het. Die 68ste AKV het die resultaat van die navorsing behandel (NHKA 2007a:88). Daar het drie beskrywingspunte oor homoseksualiteit (Beskrywingspunte 25, 26 en 27) tydens die vergadering gedien.[7]

Beskrywingspunt 25 (NHKA 2007a:89) is as roetekaart aangebied wat die NHKA kon help om oor homoseksualiteit ŉ sinvolle besluit te neem. Beskrywingspunt 25 het die volgende sake beklemtoon:

- "Die wetenskap van hermeunetiek. Die Bybel bevat kultuur-bepaalde uitsprake oor homoseksuele optrede. Die bedoeling van die Skrif is egter nie om die antieke kultuur normatief te maak nie, maar eerder dat alle gelowiges uit die evangelieboodskap leef. In die protestante tradisie is die vertrekpunt dat redding berus op geloof alleen, en dat God se Gees dit vir alle gelowiges moontlik maak om hulle lewens in diens van God te stel."

[7] Sien Bylaag B vir volledige teks.

- “Die bestaan van (seksuele) minderheidsgroepe is ŉ werklikheid. Lidmate van die NHKA is deel van die minderheidsgroepe. Hierdie gelowiges ontvang pastorale sorg en begeleiding van die kerk.”
- “Die kerk glo dat alle gedooptes en alle gelowiges deel is van die liggaam van Christus. Daarom is gay mense soos enige ander lidmaat welkom in die Christelike geloofsgenootskap.”
- “Daar word net voorsiening gemaak vir heteroseksuele lewensverbintenisse. Daarom moet die Kerk voortgesette navorsing doen oor ander betekenisvolle verhoudings.”

Beskrywingspunt 26 (NHKA 2007a:90-91) het die volgende sake beklemtoon:

- “Die boodskap van die Evangelie maak dit vir mense moontlik om met hulle hele menswees in God se teenwoordigheid te lewe, wat ook homoseksuele mense insluit.”
- “Die kerk glo daarom dat alle gelowiges, ongeag hulle seksuele oriëntasie, deel is van die liggaam van Christus.”
- “Die kerk sal riglyne opstel om alle lidmate, insluitend homoseksuele persone, pastoraal te versorg en begelei.”
- “Die heteroseksuele huwelik moet gekoester en beskerm word as die enigste huweliksvorm.”
- “Die kerk bevestig dat gay mense wat selibaat leef tot die ampte van die Kerk toegelaat kan word.”
- “Die kerk sal riglyne opstel vir die pastorale versorging van homoseksuele mense.”

Beskrywingspunt 27 (NHKA 2007a:91-92) het die volgende sake beklemtoon:

- “Die vergadering is oortuig dat homoseksualiteit volgens die Bybel sonde is.”
- “God het die heteroseksuele huwelik ingestel en dit is die enigste ruimte waarin seksualiteit plaasvind.”
- “Persone met ŉ homoseksuele oriëntasie moet hulle weerhou van homoseksuele gedrag.”

Die vergadering is inleidend toegelig deur die komitee wat die studiewerk gedoen het. Daarna het die voorsitter aan die voorstellers van die drie beskrywingspunte die geleentheid gebied om die beskrywingspunte toe te lig. Na algemene bespreking, is daar geleentheid gebied dat die afgevaardigdes stiltetyd kon hou vir nadenke en gebed voordat daar gestem is (NHKA 2007a:89).

Dit is opvallend dat Beskrywingspunt 27, wat baie sterk uitsluitend geformuleer is, sonder veel bespreking van die hand gewys is. Uiteindelik is Beskrywingspunt 26 gewysig en aanvaar[8]. Na afloop van hierdie besluit is daar ’n versoek ingedien dat die besluit weer ter vergadering hersien word. Die versoek is ingedien op grond van ’n punt van orde, in ooreenstemming met die Reglement van Orde (NHKA 2007a:92). Artikel 7.3 van die Reglement van Orde lui soos volg:

> “’n Verslag wat so afgehandel is, kan nie weer behandel word nie. Wanneer ’n lid van die vergadering van mening is dat enige besluit hersien moet word, kan die lid tydens die sitting van die vergadering ’n skriftelike versoek om hersiening inhandig, medeonderteken deur ’n ander lid van die vergadering. Op ontvangs van so ’n versoek lê die voorsitter dit aan die vergadering voor. Die voorsteller ontvang die geleentheid om die versoek toe te lig en een spreker, wat beswaar wil maak, ontvang ook ’n spreekbeurt. Die tydsduur is in elke geval beperk tot vyf minute. Daarna stem die vergadering oor die versoek. Indien twee derdes van die vergadering hom ten gunste van die versoek verklaar, word die saak opnuut behandel.”

Die versoek om hersiening is ingedien op grond van die volgende argumente (NHKA 2007a:92):

- Beskrywingspunt 26 kan nie geamendeer word deur die byvoeging van sekere gedeeltes van Beskrywingspunt 27 nie, omdat dit ’n te groot verandering aan die voorstel meebring, wat volgens die

[8] Sien Bylaag B.

Reglement van Orde nie kan plaasvind nie omdat dit in wese ʼn nuwe beskrywingspunt is.

- Die drie voorstelle was veronderstel om apart te dien omdat dit van mekaar verskil.
- Daar was verwarring by die vergadering rakende die saak.

Die vergadering het hieroor gestem en daar is besluit dat die besluit nie op hersiening geneem word nie (NHKA 2007a:92). Wat opvallend is van hierdie prosedure in die Reglement van Orde, is dat dit voorsiening daarvoor maak dat ʼn besluit nog tydens dieselfde vergadering op hersiening geneem kan word. Dit hoef dus nie te wag tot ʼn volgende vergadering nie. Dit is ʼn baie eenvoudige proses, hoewel die AKV baie selde die hersiening van besluite toelaat.

### 3.2.2 69ste AKV (2010)

Tydens die 69ste AKV (2010) was homoseksualiteit weer op die agenda. Die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat het ʼn verslag ingedien met die opskrif "Riglyne vir ouderlinge in die hantering van lidmate met ʼn homoseksuele oriëntasie"[9]. Die doel van die riglyne was om ouderlinge te help om lidmate met ʼn homoseksuele oriëntasie te verstaan en te begelei. Dit is opmerklik dat die funksie van die ouderling, wat in die gereformeerde kerkreg in terme van dissipline en tug omskryf word, in hierdie dokument in terme van ʼn pastorale funksie omskryf word. Ten opsigte van homoseksuele lidmate word daar uitdruklik gekies om nie die pad van opsig en tug te loop nie, maar van versorging en begeleiding. Daarmee is homoseksualiteit uit die dissiplinêre proses verwyder. Die riglyne vir ouderlinge is onder die volgende opskrifte verdeel (NHKA 2010b:295-298):

- Aanvaar sy/haar seksuele oriëntasie
- Stel vas wat sy/haar emosionele toestand is
- Gesprek oor Godsbegrip
- Slotopmerking

[9] Sien Bylaag B.

Hierdie riglyne is deur die AKV aanvaar.

Die Ring van Johannesburg se beskrywingspunt (Beskrywingspunt 45) het ook tydens die vergadering gedien onder die opskrif: *Homoseksualiteit: ŉ Roetekaart vir ŉ Protestantse Kerk*. Die beskrywingspunt het die kerk versoek om ruimte in die geloofsgemeenskap vir "alle betekenisvolle verhoudingsmoontlikhede wat by die evangelies pas" te skep (NHKA 2010b:298). Die beskrywingspunt is nie aanvaar nie, maar die volgende voorstel wat tydens die vergadering ingedien is, is wel aanvaar:

> "Die nuwe perspektiewe en inligting wat ter vergadering aangebied is vir bespreking ten opsigte van homoseksualiteit en moontlike besluitneming, word verwys na die Komitee vir Huweliks- en Ander Sinvolle Verhoudingsmoontlikhede vir diepgaande studie en finale voorlegging aan die 70ste AKV" (NHKA 2010b:299).

### 3.2.3 70ste AKV (2013)

Tydens die 70ste AKV is die volgende beskrywingspunt aanvaar (NHKA 2013c:101): "Die Algemene Kerkvergadering besluit om geen onderskeid in seksuele oriëntasie te maak in besluite wat lidmate of ampsdraers raak nie."

Die motivering vir die beskrywingspunt kan soos volg saamgevat word (NHKA 2013d:444-448):

1. Die 68ste en 69ste AKV's het besluit dat homoseksuele teologiese studente wel as predikante gelegitimeer kan word, op voorwaarde dat hulle selibaat bly. Dit sluit gevolglik vriendskap wat kan lei tot ŉ verhouding en ŉ langtermyn emosionele verbintenis uit, omdat dit dalk die beoefening van seks kan behels. Hierdie besluit impliseer onbillike diskriminasie en vra van die kerk regstelling op grond van Bybels-teologiese oorwegings. Dit het ook implikasies vir die indiensneming van proponente.

2. Bybels-teologiese riglyne:

- Na die Kerkhervorming het die klem van die doel van die mens geskuif om God se genade in geloof te ontvang en te lewe. Seks is nie net

meer daar vir voortplanting nie. Die mens is gesien as ŉ seksuele wese en daarom is gelowiges veronderstel om hul seksualiteit verantwoordelik uit te leef.

- Sosio-genetiese insigte: Mense word met ŉ sekere seksuele oriëntasie gebore. Pogings om dit te forseer of om dit te keer kan skadelik wees vir mense. Professionele en juridiese maatreëls is reeds geneem om dit reg te stel. Daarom word dit ook van die kerk verwag om die regte Bybels-teologiese besluite te neem wat op die evangelie gefokus is.
- In die geskiedenis is mense as gevolg van hul geslag, voorregte in die kerk en die samelewing ontneem. Die NHKA het diskriminasie teenoor vroue opgehef en daarom is dit ook nodig dat diskriminasie teen seksuele minderhede opgehef word. Die Grondwet beskerm mense teen diskriminasie op grond van geslagtelikheid en seksuele oriëntasie.

3. Die kerk behoort daarom die volgende riglyne te aanvaar:

- Kuratorium moet geen onderskeid tref in pastorale begeleiding van teologiese studente nie.
- Aangesien die kerk nie teen seksuele minderhede diskrimineer nie, geld die volgende:
    - Alleen deur geloof en genade kry mens deel aan die kerk as geloofsgenootskap en die doop is ŉ teken hiervan. Niks van die mens kan keer dat God genade en liefde skenk nie.
    - Die huwelik is nie ŉ sakrament nie. Die huwelik behoort die liefde en versoening van God deur Jesus te weerspieël. Lidmate wat besluit om in wetlike verbintenisse te tree se verhoudings behoort deur die kerk gerespekteer te word.
    - In gedeeltes van vorige AKV's is beklemtoon dat seks in die Bybel teen die agtergrond van die heersende patriargale kultuur verstaan moet word, maar homoseksualiteit moet eerder gesien word teen die agtergrond van seksuele gasvryheid, bendeverkragting en die vernedering van vreemdelinge. Die saak waaroor dit

handel is promiskuïteit tussen mense van dieselfde geslag maar ook mense van verskillende geslagte.

- Dit gaan nie oor dieselfdegeslagseks as sodanig nie maar eerder oor die skade wat dit aan mense aanrig. Skade aan mense gaan teen die evangelie. Die kerk diskrimineer nie ten opsigte van seksuele oriëntasie nie. Die hoofsaak van Protestante geloof is die genade van God wat vir alle mense gegee word.

### 3.2.4 71ste AKV (2016)

Die 71ste AKV het verskeie beskrywingspunte oor homoseksualiteit behandel. Homoseksualiteit het aan die orde gekom in die afdeling van die agenda wat oor die geloofsgemeenskap (kerk) handel. Onder die opskrif "Gemeenskap" is aandag gegee aan "missionale kerkwees, gemeentelike bediening, onderlinge kommunikasie, welstand van predikante en gemeentes, toerusting van lidmate, studentegemeentes, gesins- en jeugbediening, kategese, die huwelik en homoseksualiteit" (NHKA 2016e:49). "Die gesprek rakende homoseksualiteit is in hierdie gedeelte geplaas vanweë die oortuiging dat dit by die gemeenskap van gelowiges hoort" (NHKA 2016e:49). Dit het daartoe bygedra dat dit nie as ŉ teologies-etiese of kerkordelike saak hanteer is nie.

Die gesprek oor die gemeenskap van gelowiges het begin met ŉ bespreking van basiese ekklesiologiese uitgangspunte.

> "Die kerk is ŉ gemeenskap wat deur God se versoening in Christus tot stand gebring is. God hou sy Kerk in stand deur mense — mense wat Hy in Christus in genade uitkies en deur die werk van die Heilige Gees saambring deur Woord en Sakramente. Volgens die belydenis van die kerk vind die kerk gestalte in die plaaslike gemeente waar die Woord van God verkondig word, die sakramente bedien word en die kerklike dissipline gehandhaaf word. Die gemeentes van die NHKA leef in gemeenskap met God, met mekaar en ook met die wêreld" (NHKA 2016e:49).

Die volgende beskrywingspunt is deur die 71ste AKV aanvaar:

**BESKRYWINGSPUNT 41:**

**KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING HOMOSEKSUALITEIT**

“Die 71ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika”

- “betuig sy dank teenoor al die lidmate en ampsdraers van die kerk wat in opdrag van die 70ste Algemene Kerkvergadering meegewerk het aan die opstel en versameling van studiemateriaal oor homoseksualiteit.”
- “spreek sy waardering uit teenoor elkeen wat die uitnodiging aanvaar het om aan die gesprek oor homoseksualiteit deel te neem. Ten spyte van uiteenlopende standpunte is dit met waardigheid en wedersydse respek gestel.”
- “moedig predikante aan om die studiemateriaal in hulle pastorale werksaamhede te gebruik.”
- “bevestig opnuut die eerste drie punte van die 68ste Algemene Kerkvergadering (2007) se besluit oor homoseksualiteit wat soos volg lui:”

  “1. Volgens die breër boodskap van die evangelie maak God se Gees dit vir mense moontlik om met hulle volle menswees in God se teenwoordigheid te lewe. Laasgenoemde sluit ook homoseksuele persone in.”

  “2. Die kerk glo daarom dat alle gelowiges, ongeag hulle seksuele oriëntasie, lede is van die liggaam van Christus. Die eenheid van die kerk as liggaam van Christus is ’n evangeliese eis. Die kerk wil daarom homoseksuele persone in sy midde verwelkom, vertroos en ondersteun.”

"3. Die kerk sal vervolgens alles in sy vermoë doen om die verskynsels van homofobie, gay-haat en enige ander vorme van neerhalende optredes teenoor homoseksuele persone teen te werk."

- "besluit dat indien ŉ konflik van belange tussen ŉ ampsdraer en sy of haar gemeente ontstaan, weeg die belange en welstand van die gemeente swaarder as dié van die betrokke ampsdraer."
- "bevestig opnuut dat predikante huwelike in terme van die Huwelikswet (Wet 25 van 1961) bevestig en nie enige bevoegdheid in terme van die Wet op Burgerlike Verbintenis (Wet 17 van 2006) het nie."
- "bevestig dat die kerk die huwelik as ŉ verbintenis tussen een man en een vrou respekteer."
- "wil lidmate wat as man en vrou saamwoon aanmoedig om hulleself deur ŉ Christelike huwelik aan mekaar te verbind".
- "is diep bewus daarvan dat seksualiteit ŉ belangrike deel van ons menswees is, en dat elkeen in terme van sy of haar gewete en verstaan van die Bybel daarmee handel. Die Algemene Kerkvergadering besef terdeë dat baie mense met hulle eie seksualiteit worstel en om verskillende redes erg getraumatiseerd kan wees. Ons is van mening dat die trauma van lidmate nie deur groot en finale uitsprake van sinodale vergaderings gedien word nie, maar wel deur die liefde en versorging wat hulle in ŉ plaaslike geloofsgemeenskap ontvang. Daarom behoort die gesprek oor seksualiteit nie op kerklike vergaderings plaas te vind nie, maar wel tydens pastorale gesprekke."
- "Ten slotte doen die 71ste Algemene Kerkvergadering ŉ beroep op alle ampsdraers en lidmate van die Hervormde Kerk om in ŉ tyd van geestelike en morele verwildering, in die voetspore van Christus te volg en leef soos wat Hy ons geleer het. Omdat ons kinders van God is, moet ons sy voorbeeld volg. Lewe in liefde soos Christus ons liefgehad het… (Efesiërs 5:1)" (NHKA 2016f:19-20).

Dr. W.A. Dreyer, die uittredende voorsitter van die 70ste AKV wat leiding geneem het met die opstel van Beskrywingspunt 41, het die beskrywingspunt ingelei en gemotiveer. In die motivering het hy daarop gewys dat kerklike vergaderings die afgelope dekades uiteenlopende besluite oor homoseksualiteit geneem het. In verskeie kerke het dit tot kerkskeuring en hofsake gelei. Die besluite wat geneem is en die konflik wat daarop gevolg het, het veroorsaak dat kerke huiwerig is om besluite oor homoseksualiteit te neem. Dokumentasie en studiestukke wat in die agenda van die 71ste AKV opgeneem is, toon duidelik dat homoseksualiteit ŉ komplekse en ook sensitiewe saak is waarop daar nie maklike antwoorde gegee kan word nie. Eksegese van teksgedeeltes in die Ou en Nuwe Testament, en ook navorsing op die terrein van mediese wetenskappe en genetika, laat geen twyfel dat daar altyd uiteenlopende standpunte gestel kan word nie.

Hy het verder daarop gewys dat sinodale besluite oor homoseksualiteit altyd kontroversieel is, omdat dit normaalweg as ŉ gesprek oor kerklike leer, etiek of kerklike dissipline (kerkorde) hanteer word. Wanneer homoseksualiteit op die agenda van ŉ sinodale vergadering verskyn, word dit deel van ŉ leerstellige en kerkregtelike proses. Die vraag wat dus gevra moet word, is of die gesprek oor homoseksualiteit op ŉ sinodale vergadering tuishoort, of is dit ŉ saak wat op gemeentevlak en pastoraal hanteer moet word?

Die Kommissie van die AKV was van mening dat die gesprek binne ŉ pastorale konteks tuishoort. Die funksie van die AKV is om toe te sien dat ampsdraers toegerus word om op ŉ respekvolle wyse en met insig gesprekke oor homoseksualiteit te hanteer (NHKA 2016g:163). Kerkregtelik was die vraag of homoseksualiteit ŉ leerstellige of pastorale aangeleentheid is. Indien dit leerstellig van aard is, behoort dit op die agenda van die AKV te verskyn. Indien dit pastoraal van aard is, hoort dit binne die veilige ruimte van ŉ pastorale gesprek. Die 71ste AKV het die laaste opsie gekies en daarmee is die saak van die AKV se agenda afgehaal.

### 3.2.5 72ste AKV (2019)

Tydens die 72ste AKV was daar ŉ beskrywingspunt op die agenda wat gevra het dat die saak van homoseksualiteit weer heropen en bespreek

word. Die debat het slegs enkele minute geduur, waarna die volgende besluit geneem is:

> "In die lig van die aanvaarding van Beskrywingspunt 41 van die 71ste AKV, bevestig die vergadering dat die bespreking van sake soos homoseksualiteit pastoraal van aard is en dus nie in 'n ruimte soos die AKV bespreek word nie; die vergadering herbevestig die besluit geneem oor homoseksualiteit tydens die 71ste AKV" (NHKA 2019h:141-142).

Die bekragtiging van Besluit 41 (2016) het bevestig dat die NHKA homoseksualiteit nie meer as 'n moreel-etiese vraagstuk beskou nie, maar as 'n pastorale aangeleentheid.

### 3.3 Kerkregtelike oorwegings

Ten opsigte van die kerkordelike proses van die NHKA en die kerk se besluite oor homoseksualiteit, moet daar enkele algemene opmerkings gemaak word.

'n Belangrike aspek wat in gedagte gehou moet word, is die samestelling van die Algemene Kerkvergadering (AKV). In die presbiteriaal-sinodale kerkregering word normaalweg van trapsgewyse afvaardiging gebruik gemaak. Dit beteken dat gemeentes verteenwoordigers na 'n ring of klassis afvaardig; die ring vaardig verteenwoordigers af na 'n streeksinode en die streeksinode vaardig verteenwoordigers af na die algemene sinode. Dit beteken dat algemene sinodes gewoonlik uit 'n beperkte getal afgevaardigdes saamgestel word. Die beginsel waarop trapsgewyse afvaardiging bou, is dat die algemene sinode nie 'n kongres of demokratiese proses is nie, maar 'n vergadering van ampte wat nie die "volk" verteenwoordig nie wat in gehoorsaamheid aan die Woord en onder leiding van die Gees besluite neem. Die afgevaardigdes wat in 'n algemene sinode sitting neem, verteenwoordig die amp en nie hulle "kiesafdeling" nie. Hulle word dus nie met 'n mandaat na die algemene sinode gestuur nie, maar word in die vergadering gelei om bepaalde besluite te neem.

In hierdie opsig is die NHKA redelik uniek. In die eerste plek praat die NHKA nie van 'n "Algemene Sinode" (of "General Synod") nie, maar van 'n "Algemene

Kerkvergadering" (of "General Assembly"). Sedert die eerste Algemene Kerkvergadering in 1824 in Kaapstad sitting geneem het, was die gebruik dat gemeentes direk na die AKV afvaardig. Die gebruik (usansie) is voortgesit nadat die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in 1852 tot stand gekom het, en dit is steeds die gebruik. Die AKV word gevolglik saamgestel uit al die diensdoende predikante en een ouderling vanuit elkeen van die ongeveer 300 Hervormde gemeentes (sien die NHKA Kerkorde 2019:50).

Hierdie gebruik is belangrik wanneer kerklike besluitneming ter sprake is. Dit beteken dat (1) al die predikante van die NHKA in die AKV sitting neem en (2) dat al die gemeentes op die AKV teenwoordig is. Dit is dus ŉ proses van meer inklusiewe besluitneming as ŉ trapsgewyse afvaardiging, soos in baie ander gereformeerde kerke. Dit beteken steeds nie dat die AKV ŉ demokratiese proses is nie, aangesien die ampsdraers wat op die AKV sitting neem uitdruklik in terme van Ordinansie 4.4 van die Kerkorde (NHKA Kerkorde 2019:50) as verteenwoordigers van die amp sitting neem en steeds besluite moet neem onder leiding van die Woord en Gees.

Dit beteken verder dat wanneer daar ŉ besluit oor ŉ kontensieuse saak soos homoseksualiteit geneem word, die hele kerk daarby betrokke is omdat elke gemeente beskrywingspunte kan indien en elke gemeente sitting op die AKV het. Juis daarom is dit merkwaardig dat daar min reaksie vanuit die NHKA was nadat die 71ste AKV (2016), Beskrywingspunt 41 aanvaar het. Teoreties sou al 300 gemeentes beskrywingspunte kon indien, sou daar besware teen Besluit 41 wees. Soos reeds gemeld, was daar by die 72ste AKV (2019) slegs ŉ enkele versoek dat die besluit hersien word en het die AKV sonder veel bespreking besluit dat daar met die 2016-besluit volstaan word.

Hierdie proses kan op verskillende maniere interpreteer word:

- Daar bestaan breë konsensus oor Besluit 41. Die inligting wat tydens die AKV aangebied is, was genoeg om die afgevaardigdes tot ŉ bepaalde besluit te lei.

- Gemeentes is so versigtig vir die debat oor homoseksualiteit dat dit ten alle koste van die agenda van kerklike vergaderings weggehou word.
- Hervormde gemeentes aanvaar homoseksuele persone in hulle midde en aan die Nagmaalstafel; daarom was daar nie heftige reaksie teen Besluit 41 nie.
- ŉ Kombinasie van bogenoemde.

Soos reeds gemeld, word die volgende beginsels verreken wanneer die kerk besluite neem:

- die Woord van God
- belydenisskrifte
- die kerkorde
- vorige besluite van vergaderings
- usansie

In die Kerkorde van die NHKA (2019:39) word dit soos volg geformuleer:

"4.1 Vergaderings neem besluite op grond van die Bybel

(i) in ooreenstemming met die belydenis van die kerk en die kerkorde
(ii) met inagneming van die gebruike van die kerk.

4.2 Elke vergadering behandel die sake wat deur die Kerkorde aan die vergadering opgedra is."

In die lig van Ordinansie 4.1 moet die AKV onder leiding van die Woord en Gees besluite neem. Daarvoor is verskillende studiestukke opgeneem wat later bespreek sal word. Besluite word ook "in ooreenstemming met die belydenisskrifte" geneem. Tot watter mate het Besluit 41 (2016) die belydenisskrifte verreken? Die belydenisskrifte bevat twee artikels wat ter sprake is wanneer daar oor homoseksualiteit gepraat word. Die eerste is die *Nederlandse Geloofsbelydenis* (NGB), waarvan Artikel 2 soos volg lui:

**NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS**

**ARTIKEL 2**

**DIE MIDDELE WAARDEUR ONS GOD KEN**

> "Ons ken Hom deur twee middele: Eerstens deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos ŉ mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Rom. 1:20). Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem."

> "Tweedens maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend en wel soveel as wat vir ons in hierdie lewe tot sy eer nodig is en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort."

Die Woord dien as die bron waardeur ons God ken en waardeur God se wil aan ons bekend gemaak word, en wat alle mens nodig het om tot eer van God tot hulle eie saligheid te lewe. Die eerste deel van Artikel 2 van die NGB is al voorheen in die debat oor homoseksualiteit gebruik, met die spesifieke doel om die mediese wetenskap ter sprake te bring. In die Handelinge van die Algemene Sinode van die NGK (2015:59-70) word bepaalde besluite oor homoseksualiteit geformuleer, gevolg deur die formulering "In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings." Die Sinode interpreteer NGB Artikel 2 in terme van die algemene openbaring, wat beteken dat die natuur en kennis van die natuur, God aan ons openbaar.

Dit was ŉ algemene opvatting in die 16de eeu. Dit beteken dat kerklike vergaderings, ten opsigte van die debat oor homoseksualiteit, wetenskaplike bevindings ernstig moet oorweeg wat aantoon dat homoseksualiteit geneties is. In terme van hierdie interpretasie van die NGB Artikel 2, is wetenskaplike

oorwegings ’n legitieme kriterium waarvolgens homoseksualiteit beoordeel kan word. Dit is opmerklik dat die 71ste AKV (2016) ’n groot hoeveelheid inligting beskikbaar gestel het wat berus op mediese navorsing. Dit toon die erns waarmee die NHKA en die AKV na stemme uit ander vakgebiede luister.

Die tweede belydenisskrif wat ter sprake is, is die Heidelbergse Kategismus. Sondag 41 Vraag 108 lees soos volg:

> **HEIDELBERGSE KATEGISMUS**
>
> **SONDAG 41 VRAAG 108**
>
> “Wat leer die sewende gebod ons?
>
> Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek en daarom moet ons dit hartgrondig haat (Lev. 18:27-28).”

Alhoewel die Heidelbergse Kategismus nie homoseksualiteit by die naam noem nie, is die Kategismus se verwysing na Levitikus 18 as begronding van Antwoord 108 relevant. Levitikus 18 handel oor verbode verwantskappe en geslagsgemeenskap. Dit sluit onder andere in dat ’n man nie met enige vroulike familielid geslagsgemeenskap mag hê nie, en ook nie homoseksuele geslagsgemeenskap mag beoefen nie. Die skerp wyse waarop die Heidelbergse Kategismus alle onkuisheid afwys, is opvallend. Dit sluit heteroseksuele en homoseksuele onkuisheid in. Die Heidelbergse Kategismus se interpretasie van die sewende gebod wat egbreuk verbied is baie wys, om rede dit nie slegs oor huweliksontrou gaan nie, maar enige vorm van losbandigheid. Die implikasie hiervan is dat seksuele omgang beperk word tot die huwelik en dat ’n huwelik vanselfsprekend as ’n verbintenis tussen een man en een vrou beskou word. Dit word in Beskrywingspunt 41 aangespreek.

Daar is sedert die 68ste AKV (2007) talle memoranda aan die AKV voorgelê met die nuutste navorsing oor homoseksualiteit wat internasionaal onderneem word. Dit het die AKV reeds in 2007 daarvan oortuig dat homoseksualiteit nie bloot as sonde, ’n keuse of promiskuïteit afgemaak kan word nie. Die oorweldigende wetenskaplike getuienis wat voor die vergadering gedien het,

dui daarop dat homoseksualiteit, onder andere, geneties bepaald is. Dit beteken dat die kerk rekening moet hou met die feit dat sommige mense met ŉ homoseksuele oriëntasie gebore word en nie ŉ keuse daaroor het nie.

Die kerk glo dat alle gelowiges, ongeag hul seksuele oriëntasie, lede is van die liggaam van Christus. Die eenheid van die kerk as liggaam van Christus is ŉ evangeliese eis. Daarom wil die kerk homoseksuele persone is sy midde verwelkom, vertroos en ondersteun. Die verwysing na die eenheid van die kerk is ŉ verwysing na die Niceense en ook die Apostoliese Belydenis se *una sancta ecclesia*. Die AKV stel dit "dat die kerk glo" dat die eenheid van die kerk nie net in leer en belydenis na vore kom nie, maar ook in die onderlinge eenheid tussen lidmate, insluitend gay lidmate. Die verstaan van die eenheid van die kerk word as ŉ evangeliese eis aangebied.

In die presbiteriaal-sinodale kerksisteem, soos dit verwoord word in die Kerkorde van die NHKA, is die plaaslike kerkraadsvergadering die primêre regeervergadering. ŉ Meerdere of bykomende vergadering dien net as hulp en as bystand vir die plaaslike gemeente en kerkraad (Pont 1981:224). Dit is dus verkeerd om te dink dat alle belangrike besluite deur sinodes geneem word, omdat dit belangriker vergaderings is of dat die besluit van ŉ sinode groter waarheid bevat as die besluit van ŉ plaaslike kerkraad. In Artikel 30 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* word dit soos volg beskryf:

**NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS ARTIKEL 30**

**DIE REGERING VAN DIE KERK**

"Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm…"

Een van die belangrike kerkregtelike beginsels wat in Besluit 41 (2016) verwoord word, is, is die bevoegdheid van vergaderings wat in Ordinansie 4.2 vermeld word. Ten opsigte van kerklike vergaderings se

besluitnemingsbevoegdheid oor homoseksualiteit, artikuleer Besluit 41 (2016) ŉ belangrike uitgangspunt:

> "Ons is van mening dat die trauma van lidmate nie deur groot en finale uitsprake van sinodale vergaderings gedien word nie, maar wel deur die liefde en versorging wat hul in ŉ plaaslike geloofsgemeenskap ontvang. Daarom behoort die gesprek oor seksualiteit nie op kerklike vergaderings plaas te vind nie, maar wel tydens pastorale gesprekke."

Die agtergrond van die uitgangspunt is die vraag (1) of seksualiteit ŉ leerstellige saak is en (2) of dit kerkordelik of pastoraal hanteer moet word. Die oomblik wanneer sinodes uitsprake oor seksualiteit maak, word dit deur sommiges as ŉ leerbeslissing beskou, maar word ten minste *de facto* en *de jure* deel van ŉ formele kerkordelike proses.

Die NHKA het met Besluit 41 (2016) hierdie benadering afgewys, en seksualiteit in die ruimte van die plaaslike gemeente en die pastoraat geplaas. Dit is bevestig tydens die 72ste AKV (2019) toe ŉ beskrywingspunt gedien het wat gevra het dat Besluit 41 (2016) hersien word. Soos reeds gemeld is die beskrywingspunt sonder veel bespreking en byna eenparig deur die AKV verwerp en is die standpunt gehandhaaf dat seksualiteit nie ŉ saak is waarmee die AKV hulle op sigself besig hou nie.

Kritiek wat teen die standpunt ingebring word, is dat dit skeiding bring tussen leer en lewe. Moreel-etiese sake word nie as ŉ leerstellinge saak beskou nie en daarom val dit nie binne die bevoegdheid van ŉ sinode om daaroor te handel nie. Indien ŉ kerk van mening is dat homoseksualiteit wel ŉ leerstellige saak is, moet ŉ sinode daaroor uitsluitsel gee. Dit hou egter verreikende gevolge in. Indien ŉ sinode of AKV sou besluit dat homoseksualiteit strydig is met die Christelike leer, behoort alle gay lidmate en ampsdraers wat verskil van die kerk se leer oor homoseksualiteit, onder leertug geplaas word.

Deur homoseksualiteit as pastorale aangeleentheid te klassifiseer en nie as leerstellige aangeleentheid te hanteer nie, het die AKV homoseksualiteit uit kerkordelike, leerstellige en dissiplinêre prosesse gehaal.

Die Kerkorde van die NHKA het nog nooit enige bepalings oor homoseksualiteit bevat nie. Daarom is daar geen direkte verwysing na die NHKA Kerkorde in Besluit 41 (2016) nie. Waar die Kerkorde wel op indirekte wyse ter sprake kom, is in die formulering ten opsigte van die Christelike huwelik. In die opstel van Beskrywingspunt 41 (2016) was die geldende Kerkorde nog die Kerkorde soos vasgestel tydens die 70ste AKV (NHKA 2013i). In die 2013-uitgawe van die Kerkorde word in Ordereël 7 bepaal "die huwelik is ŉ instelling en gawe van God… Die huwelik is die enigste wyse waarop man en vrou in gehoorsaamheid aan die Woord van God saam lewe" (NHKA 2013i:89). Hierdie ordinansie oor die huwelik vorm die agtergrond vir Besluit 41 (2016) se formulering dat "predikante huwelike in terme van die Huwelikswet (Wet 25 van 1961) bevestig en nie enige bevoegdheid in terme van die Wet op Burgerlike Verbintenis (Wet 17 van 2006) het nie en bevestig dat die kerk die huwelik as ŉ verbintenis tussen een man en een vrou respekteer." Op hierdie wyse is die Kerkorde verreken in Besluit 41 (2016) as een van die beginsels vir kerklike besluitneming.

Dit is dan duidelik dat die positiewe besluit rakende homoseksualiteit nie die kerkorde in gedrang gebring het nie, en terselfdertyd ook nie die waardigheid van ŉ tradisionele huwelik tussen ŉ man en ŉ vrou ondergrawe nie.

ŉ Verdere beginsel wat oorweeg is in die opstel van Beskrywingspunt 41 (2016), is om vorige besluite van die AKV te verreken. Beskrywingspunt 41 (2016) het eksplisiet en intensioneel by die besluite van die 68ste AKV (2007) aangesluit, deur die eerste drie punte van die 2007-besluit woordeliks aan te haal. Wat egter meer opmerklik is, is die gedeeltes van die 2007-besluit wat nié deel is van die 2016-besluit nie. Die 2007-besluit het van homoseksuele persone, insluitend predikante, verwag om selibaat te leef. Die 2007-besluit het aanvaar dat homoseksuele persone die amp van predikant kan beklee, maar onder die voorwaarde dat hulle selibaat moet leef en per implikasie in terme van Wet 17 van 2006, nie ŉ burgerlike verbintenis met ŉ persoon van die selfde geslag mag aangaan nie. Besluit 41 (2016) bevat geen bepalings ten opsigte van selibaat nie. Daar word dus doelbewus aangesluit, maar ook afgewyk, van die 2007-besluit.

Die selibaat vereiste van die 68ste AKV (2007) is weggelaat en vervang met ŉ ander formulering: "… indien ŉ konflik van belange tussen ŉ ampsdraer en sy of haar gemeente ontstaan, weeg die belange en welstand van die gemeente swaarder as dié van die betrokke ampsdraer." Die bedoeling van hierdie besluit is om gemeentes te beskerm, indien die gemeente se predikant ŉ burgerlike verbintenis sou aangaan en dit duidelik blyk dat dit onherroeplike skade aan ŉ gemeente sou veroorsaak. In so ŉ geval sou die predikant, in terme van Besluit 41 (2016), van die gemeente losgemaak word en weer beroepbaar gestel word. Dit is egter ook moontlik dat ŉ gemeente vrede het met die feit dat hulle predikant gay is, en dat die predikant dan in die gemeente sou kon voortgaan met sy of haar bediening.

Nog ŉ kerkregtelike beginsel wat ŉ belangrike rol gespeel het in die formulering van Besluit 41 (2016), is usansie. Die feit dat homoseksualiteit tuisgekom het in die ruimte van die plaaslike gemeente, was eintlik net ŉ bevestiging van die jarelange praktyk in die NHKA, naamlik dat gay lidmate deel het aan die Nagmaal en ook as diakens en ouderlinge kan dien. Dit is teologies, kerkregtelik en juridies ŉ baie vreemde situasie indien ŉ kerk gay lidmate geskik vind om Nagmaal te gebruik, maar ongeskik ag om Nagmaal te bedien; of dat gay lidmate in die amp van die regerende ouderling toegelaat word, maar nie in die amp van die lerende ouderling nie. Deur gay persone tot die Nagmaal en tot die amp van ouderling en diaken toe te laat, het ŉ bepaalde usansie in die kerk gevestig wat moeilik deur ŉ sinodale vergadering geïgnoreer kan word.

Besluit 41 (2016) het tot dusver geen juridiese nagevolge gehad nie, en het ook baie min konflik in die kerk veroorsaak. Die besluit om homoseksualiteit uit die juridiese en leerstellige diskoers te verwyder, bied dalk moontlikhede vir die pad vorentoe.

### 3.4 Teologiese oorwegings

Tydens die 68ste AKV (2007) is die eerste belangrike besluit oor homoseksualiteit geneem. Twee punte is verwys vir verdere studie, te wete (1) die verwagting dat gay ampsdraers selibaat moet leef en (2) dat riglyne vir die pastorale versorging van gay lidmate opgestel word. In uitvoering van

hierdie besluit het ŉ verslag getiteld "Homoseksualiteit: ŉ Roetekaart vir ŉ Protestante Kerk" op die 69ste AKV (2010) gedien. Na die bespreking van die verslag is besluit dat nog meer studiewerk gedoen moes word. Die opdrag is aan ŉ kernkomitee opgedra (NHKA 2016e:432). Die studiestuk deur prof. Ernest van Eck en ds. Ralph Barnard getiteld "Homoseksualiteit en sewe klassieke Bybelse tekste: Antigay of misverstaan?" het voor die 71ste AKV (2013) gedien. Dit is nogmaals verwys vir verdere studie, met ŉ oop uitnodiging aan lidmate, kerkrade en predikante om insette te lewer (NHKA 2016e:432). ŉ Uitnodiging is in die NHKA uitgestuur om

- "ongepubliseerde werk wat reeds gedoen was aan te stuur;
- volledige verwysings te verskaf na werk wat wel gepubliseer is; en
- om nuwe menings te formuleer."

Na afloop van die NG Kerk se AS 2015-besluit, is bogenoemde versoek weer per skrywe op 20 November 2015 gestuur[10] (AKV Agenda 2016:432). Die eerste studiestuk is in Julie 2015 ontvang en ŉ tweede in Desember 2015. Die verskillende verslae toon dat daar in die NHKA uiteenlopende teologiese sienings en benaderings ten opsigte van homoseksualiteit bestaan. Dit was ook in die teologiese argumentasie tydens die 68ste AKV (2007) sigbaar, soveel so dat twee uiteenlopende stelle aanbevelings in ŉ meerderheid en minderheidsverslag voorgehou is (Strauss 2011:2).

Die meerderheidsverslag het aangevoer dat die tradisionele standpunt wat homoseksualiteit afwys, nie verreken dat huweliksvorme en die verstaan van seksualiteit kultuurgebonde is nie. Volgens hierdie verslag verwys die gedeeltes in die Nuwe Testament wat homoseksualiteit afwys na pederastie, prostitusie, heteroseksuele perversiteit of ŉ kombinasie van die drie. ŉ Liefdevolle, seksuele verhouding tussen mense van dieselfde geslag kom nie in die Bybel voor nie. In die Ou - en ook in die Nuwe Testament is homoseksuele gedrag wat afgewys word ŉ refleksie van kultuurbepaalde norme vir afwykende gedrag. Die eersgenoemde hang saam met die

[10] Sien Bylaag B.

reinheidsetiek van ou-Israel en laasgenoemde met heidense rituele en afgodery (NHKA 2007j:5-6).

Volgens die meerderheidverslag is ŉ homoseksuele oriëntasie, net soos heteroseksualiteit, nie ŉ keuse nie. Homoseksualiteit is net ŉ manier waarop ŉ minderheid van die wêreldbevolking hulle liefde en seksualiteit uitdruk. Dit raak ongeveer 10% van alle mense. Die tradisionele afwysing van "hierdie soort seksualiteit in die Joods-Christelike tradisie, spruit uit sosiale konstrukte wat teologies gelegitimeer word. Sulke kultuurbepaalde norme veroorsaak konflik as dit buite konteks afgedwing word." (NHKA 2007j:6-8).

Wat opvallend is, is "dat die meerderheidsverslag oordeel dat die Bybel geen voorskrif oor homoseksualiteit lewer nie" (Strauss 2011:2). Kultuurbepaalde sosiale konstrukte is volgens die verslag veranderlik.

> "Vanuit ŉ Christelike mensbeskouing is die seksuele kant van ŉ mens, soos sy of haar ander liggaamlike funksies, vanuit sy of haar geestelike hart as die kern van sy of haar persoonlikheid, gehoorsaam of ongehoorsaam aan God se norme vir als — dit is normatief of antinormatief ingespan" (Kock 1975:14-30, 198-200).

Die Skrif wil nie die kultuur normatief maak nie; as daar na die Bybel gekyk word, "lewe alle gelowiges uit die Evangelieboodskap en deur die Gees van God word dit vir hulle moontlik om hul lewe in diens van God te stel" (Strauss 2011:3). Die meerderheidsverslag is van mening dat dit "modernisties is om te dink dat manwees en vrouwees sekere konstante wesenskenmerke bevat. Volgens postmodernisme is daar geen objektiewe waarhede sonder voorveronderstellings nie." (NHKA 2007j:7).

Die minderheidsverslag het weer na gedeeltes in die Bybel verwys wat algemeen in die debat oor homoseksualiteit gebruik word en meld dat die tekste verskillend deur teoloë in die NHKA en in die wêreld verstaan word. Daar is dus nie eenstemmigheid oor die relevansie daarvan vir homoseksuele verhoudings van liefde en trou nie. Volgens die minderheidsverslag skep dit ruimte vir die argument dat die Bybel nie spesifieke uitsprake gee oor vaste homoseksuele verbintenisse waarin daar

liefde en trou is nie. Dit impliseer ook dat die Bybel niks bevat wat hierdie tipe verhoudings goedkeur of afkeur nie (NHKA 2007k:8).

Vanuit die gedeeltes in Genesis het die minderheidsverslag tot die slotsom gekom "dat die huwelik 'n lewensverbintenis tussen 'n man en 'n vrou is" (Botha 2005:122). Dit was volgens hulle die enigste manier hoe 'n man en 'n vrou in gehoorsaamheid aan die Woord van God kan saamleef en die enigste ruimte waar seksualiteit tussen 'n man en 'n vrou veronderstel is om beoefen te word (NHKA 2007k:10). Die minderheidsverslag het ook die gevolgtrekking gemaak dat religie en kultuur ten nouste met mekaar verweef is en nie teenoor mekaar staan nie. Die minderheidsverslag het van die meerderheidsverslag verskil rakende die persentasie van die wêreldbevolking met 'n homoseksuele oriëntasie: hulle reken dit op 1% tot 3%. Die minderheidsverslag was ook van mening dat dit genees kan word, alhoewel nie in alle gevalle nie (NHKA 2007k:17).

Net soos die meerderheidsverslag wou die minderheidsverslag homoseksuele persone in die kerk verwelkom en verwerp dit alle vorme van homofobie, gay-haat en ander neerhalende optrede teenoor homoseksuele persone. "Homoseksueel-georiënteerde persone wat selibaat lewe kan tot die kerklike ampte toegelaat word. Vir die pastorale versorging van persone met so 'n seksuele oriëntasie moet daar riglyne opgestel word" (NHKA 2007k:46-47).

"Die minderheidsverslag se bevinding was dat die huwelik net vir een man en een vrou bedoel is en dat seksuele aktiwiteit net binne die ruimte van 'n heteroseksuele huwelik kan plaasvind. Homoseksuele verbintenisse en aktiwiteite word dus afgewys" (Strauss 2011:4). Die minderheidsverslag het aangevoer dat die voortplantingsel van die huwelik, soos dit voorkom in Genesis 1:27-28, 'n argument is teen homoseksuele seks. Die teenargument was egter ook in dieselfde paragraaf gevoeg met die erkenning dat seks in die huwelik nie net alleen vir voortplanting bedoel is nie (NHKA 2007k:47-48). Die skepping van die man en die vrou in die tweede skeppingsverhaal in Genesis 2:18-25, word gesien as die begronding van die heteroseksuele verhouding van man en vrou.

Die Ring van Potchefstroom het ook tydens die AKV van 2007 ŉ motivering ingehandig ter ondersteuning van die Ring se beskrywingspunt oor homoseksualiteit, waarin geargumenteer word dat tekste soos 1 Korintiërs 6:9, 1 Timoteus 1:8, Rigters 19:22, Jesaja 3:9, Levitikus 18:22, Romeine 23 en Romeine 1:18-32 homoseksualiteit tot sonde verklaar (NHKA 2007 Bylaag E). Die tekste stel onomwonde dat dit sonde is wanneer

- die waarheid onderdruk word;
- God mense straf deur uit hulle lewe te onttrek;
- die mens op sy eie sonder God lewe, want hy/sy omskep die natuurlike in die teennatuurlike; en
- dit deel uitmaak van die teennatuurlike — homoseksualiteit word saam met baie ander sondes genoem.

Volgens die skrywe is dit waarom homoseksuele dade sonde is. Dit is volgens hierdie skrywe ook duidelik dat daar in die Skrif ŉ verbod is op die beoefening van homoseksualiteit en daarom "kan die Christelike etiek — en dus ook die kerk — nie enige legitimiteit verleen aan ŉ homoseksuele verhouding of huwelik nie. Die natuurlike skeppingsorde is dat die huwelik bestaan tussen een man en een vrou" (NHKA 2007 Bylaag E:)

Tydens die 70ste AKV (2013) is daar geargumenteer dat die evangelie dieselfde eise aan alle lidmate stel, ongeag hulle huwelikstatus of seksuele oriëntasie (NHKA 2013c:103). Die saak waaroor dit handel is promiskuïteit, wat steeds onaanvaarbaar is (NHKA 2013c:103).

Verder word daarop gewys dat 1 Korintiërs 6:9-11, Romeine 1:26-27 en Timoteus 1:9-10 teen die agtergrond van ŉ antieke Semitiese en Grieks-Romeinse kultuur gelees moet word. Soldate het byvoorbeeld na ŉ oorwinning die verslane vyand verkrag en mans het seuns ontvoer vir seksuele misbruik. Dit was bedoel om hulle te verneder. Prostitusie en seksuele godsdienstige rituele het ook in heidense tempels voorgekom. Hierdie wanpraktyke word dikwels gekritiseer. Wat seksualiteit betref, gaan dit in die Bybel nie oor selfdegeslag seks as sodanig nie, maar oor die emosionele skade wat dit aan mense veroorsaak. Hierdie skade gaan in

teen die evangeliese opdrag om ons medemense lief te hê (NHKA 2013c:104).

Die 71ste AKV (2016) het Beskrywingspunt 41 sonder enige wysigings aanvaar. In die beskrywingspunt self en in die motivering daarvan is daar nie uitgebreide teologiese argumente nie. Dit moet egter gelees word teen die agtergrond van Bylaag R van die Agenda (NHKA 2016:430-604), waar daar in die bestek van 175 bladsye uitgebreide studiestukke opgeneem is wat aantoon hoe kompleks die teologiese beoordeling van homoseksualiteit is. Daar is ook terugvoer van verskeie gemeentes en ringsvergaderings opgeneem, wat gereageer het op die uitnodiging om aan die gesprek deel te neem.

Die Kernkomitee vir Gemeentelike Dienswerk was verantwoordelik vir die opstel en versameling van die studiestukke wat in Bylaag R opgeneem is. Verskeie lidmate, predikante en kerklike komitees het voorleggings gedoen. Daarby is die Academy of Science of South Africa (ASSAf) se verslag getiteld "Diversity in Human Sexuality: Implications for Policy in Africa"[11] ook in die bylaag opgeneem waarin die biologiese en sosiologiese faktore van homoseksualiteit op ŉ wetenskaplike wyse bespreek word. Die AKV het dus nie net na teologiese argumente geluister nie, maar ook erns gemaak met insigte vanuit ander vakdissiplines. Die studies toon aan dat homoseksualiteit deur polimorf gene (meervoudige gene met verskillende gedaantes) beïnvloed word. Tweelingstudies dui aan dat daar beide genetiese en omgewingsfaktore is wat bydra tot die totstandkoming (of uitdrukking) van die homoseksuele fenotipe (die sigbare en/of funksionele gevolg van ŉ individu se genetiese samestelling). "Dit wil voorkom of manlike homoseksualiteit dikwels van die moederskant oorgeërf word, wat aanduidend is van die bestaan van polimorfiese, oorerflike moederlike invloede en/of die bestaan van polimorfiese, X-chromosoom-gebonde gene wat ŉ invloed op die manlike homoseksualiteit uitoefen. Dit is verder baie onwaarskynlik dat die ontstaan van homoseksualiteit deur ŉ genetiese

[11] Uitgegee deur die Academy of Science of South Africa, 2015, Pretoria. www.assaf.org.za.

mutasie veroorsaak word, want die toestand kom ewe dikwels by beide mans en vroue voor" (sien NHKA 2016:434-436).

Die verslag van die Kernkomitee Gemeentelike Dienswerk het begin deur al die vorige besluite van die AKV oor homoseksualiteit te lys, sodat afgevaardigdes daarmee op datum kon wees. Verder verwys die Kernkomitee (NHKA 2016e:433) na eksegese wat oor die sogenaamde "sewe tekste" gedoen is en het tot die gevolgtrekking gekom:

- "Daar is in al sewe tekste 'n verwysing na homoseks (nie homoseksualiteit nie) wat as sonde gereken kan word."
- "Levitikus 18:22 en 20:13 handel oor die verbod om soos 'n vrou op te tree, wat in die tyd van die skryf van die teks onaanvaarbaar en 'n *gruwel* in die oë van God was. Hierdie kulturele oortuiging word nie meer vandag gehandhaaf nie."
- "Genesis 19:1-8 en Rigters 19:16-30 handel oor die skending van die opdrag tot gasvryheid deur onder andere die verkragting van mans of die poging om mans te "vervroulik" deur hulle te penetreer. In wese handel hierdie twee tekste oor verkragting wat die kerk tog sekerlik nie kan goedkeur nie."
- "In Romeine 1:27 word homoseksualiteit in alle gevalle as teennatuurlik verstaan (dit kan nie 'n natuurlike seksuele oriëntasie wees nie) en word dit uitgebeeld as die gevolg van afgodsdiens. Homoseksuele aktiwiteit word verder as 'n keuse getipeer. Vandag bestaan die oortuiging dat 'n homoseksuele oriëntasie net so natuurlik soos 'n heteroseksuele oriëntasie is. Net soos heteroseksuele persone nie kies om heteroseksueel te wees nie, so kies homoseksuele persone ook nie om homoseksueel te wees nie."
- "1 Korintiërs 6:9 en 1 Timoteus 1:10 (wat in die Afrikaans 1983-vertaling dieselfde vertaal word, maar in die Griekse grondteks verskil), handel oor die uitbuitende pleeg van pederastie, kinderprostitusie en die ekonomiese uitbuiting van (onskuldige)

> minderes (soos slawe) in ŉ seksuele konteks. Vanselfsprekend verwerp die kerk sulke optrede en gedrag."

Dit is opmerklik dat Besluit 41 (2016) nie na spesifieke Bybeltekste verwys nie, behalwe die heel laaste sin wat na Efesiërs 5:1 verwys wat elkeen oproep om in liefde teenoor ander op te tree. Tog bevat die studiestukke heelwat eksegetiese materiaal en inligting vanuit ander vakdissiplines, wat afgevaardigdes sou help om tot ŉ bepaalde besluit te kom. Dit beteken nie dat die Bybel onbelangrik is of nie verreken word nie. Studiestukke wat sedert 2007 in die agenda van die AKV opgeneem is, het breedvoerig op die verskillende tersaaklike Bybeltekste ingegaan, maar die resultate van die eksegese word nie in Besluit 41 (2016) uitdruklik vermeld nie.

Die vertrekpunt was eerder "die breër boodskap van die evangelie", waarmee bedoel word dat die besluit oor homoseksualiteit nie afhanklik is van enkele teksverse nie, maar die totale evangeliese boodskap. Dié standpunt word in die slotparagraaf beklemtoon as lidmate van die kerk aangemoedig word om "in die voetspore van Christus te volg en leef soos wat Hy ons geleer het. Omdat ons kinders van God is, moet ons sy voorbeeld volg. Lewe in liefde soos Christus ons liefgehad het" (Efesiërs 5:1).

Die wyse waarop die Bybel in hierdie besluit gebruik word, is ooglopend nie-fundamentalisties, omdat daar nie gepoog word om finale antwoorde op grond van enkele tekste te formuleer nie. Die fokus is eerder op (1) die evangelie van Jesus Christus wat ten diepste om God se liefde vir sondaarmense gaan (Johannes 3:16); en (2) die optrede van Jesus teenoor mense wat gekenmerk word deur ŉ inklusiewe verstaan van God se koninkryk. Jesus het uitgereik na alle mense, ook die wat aan die rand van die gemeenskap geleef het en deur die mense en godsdienstige leiers van sy tyd as onrein beskou is. Die Skrifverstaan en Skrifgebruik wat in Besluit 41 (2016) na vore kom, berus op die uitgangspunt dat Godself en die wil van God in die eerste plek deur die vleesgeworde Woord (Johannes 1:1) aan mense bekend gemaak word. Daarbenewens moet ons Barth

(1975:189-191) se waarskuwing ter harte neem dat ons nooit mag aanvaar dat ons oor die Woord van God beskik en alles weet nie.

### 3.5 Slotopmerking

Na afloop van die 71ste Algemene Kerkvergadering, het daar uit verskillende oorde reaksies oor Besluit 41 (2016) gekom. Volgens mediaberigte wat op 7 Oktober 2016 verskyn het in *Beeld, Volksblad* en *Die Burger*, sê ds. Cassie Aucamp, die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika se verteenwoordiger by die 2016-AKV, dat die Hervormde Kerk (met sy besluit oor die gay-kwessie) “die bal skoon weggeskop het en niemand weet waarheen nie”. Die Christian Reformed Churches of Australia het hulle skok oor die besluit uitgespreek en alle bande met die Hervormde Kerk verbreek, tot tyd en wyl die Hervormde Kerk haarself van die dwaalleer bekeer. Vier (van bykans 300) gemeentes van die Hervormde Kerk het na afloop van die AKV versoek om met die Moderatuur in gesprek te tree oor Besluit 41 (2016), omdat hulle onrustig was oor die implikasies daarvan. Aan die ander kant van die spektrum was ook positiewe kommentaar, soos die van Willa Boezak wat op 16 November 2016 op *Netwerk24* die besluite van die NG Kerk en Hervormde Kerk met mekaar vergelyk.

Anders as in ander kerke, het die besluit van die NHKA min weerstand vanuit die kerk ontlok, en was daar tot op hede geen regsgevolge ten opsigte van die 2016-besluit nie.

Vir die NHKA om goeie besluite te kan neem en saam op reis te wees, is dit belangrik om in die voetspore van Jesus te volg, om eensgesind te leef en die roeping en opdrag wat die Kerk ontvang het, uit te leef. Die roeping en opdrag wat die kerk van God ontvang het, is om die eenheid wat God die Vader in Christus en deur die Gees tussen gelowiges tot stand bring, sigbaar uit te leef (Dreyer 2017:3). Dit vereis dat ons in liefde met mekaar moet saamleef. Ons kan net ŉ eenheid in die kerk wees as ons besef dat ons almal in Christus ingelyf is, dat ons met Christus een geword het in sy dood en opstanding en daarom die een liggaam van die Here Jesus Christus is (Dreyer 2017:3).

Dit is ook belangrik vir die kerk om te kan onderskei wat God se wil is, wanneer besluite geneem word. Hoe onderskei ŉ mens wat God se wil is? Dit gaan nie om my en jou idee van die waarheid nie — die AKV kan ook nie gesien word as ŉ politieke vergadering waar die demokratiese verkose meerderheid se wil bepalend is nie. Dit gaan daaroor om een vraag te beantwoord en die vraag is: Wat verwag God van ons? (Dreyer 2017:4). Die werk van die AKV is om die lig van die evangelie te laat val op baie moeilike en komplekse sake. Die NHKA weet dat waarheid nie vasgevang word in ŉ stel reëls, in dogmas of in besluite van kerklike vergaderings nie. Die waarheid wat in die kerk bely word, is ŉ Persoon: Jesus Christus van wie ons bely — Hy is die Weg en die Waarheid en die Lewe. In gesprekke en in besluitneming moet dit wat Jesus ons geleer het, deurslag vind (Dreyer 2017:4).

# 4. BESLUITE VAN DIE UPCSA OOR HOMOSEKSUALITEIT

## 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA) se hantering van en besluite oor homoseksualiteit. Die hoofstuk word anders gestruktureer as die vorige twee hoofstukke, omdat die saak in die UPCSA anders verloop het. Die gebeure in die UPCSA sal in die volgende hoofstuk beskryf word.

Die diskoers oor homoseksualiteit word gekenmerk deur uiteenlopende standpunte en verdeeldheid. Reformatoriese kerke in Suid-Afrika verskil van mekaar, in hulle teologisering oor en kerkregtelike hantering van homoseksualiteit. Interne verskille lei tot konflik en kerklike verdeeldheid. Homoseksualiteit bly ŉ kontensieuse saak, ten spyte van pogings om dit op ŉ verantwoordbare wyse te hanteer. Dit het dikwels verreikende gevolge vir kerke, soos litigasie en kerkskeuring. Daar is weinig ruimte vir teologiese debat aangesien besprekings belemmer word deur emosionele argumente en diepgaande verskille oor Skrifbeskouing, Skrifgesag en Skrifgebruik.

## 4.2 Historiese oorsig

Die uiteenlopende standpunte en teologiese verskille is ook teenwoordig in die UPCSA (Duncan 2020:1). Inleidend moet daar na die UPCSA se *Confession of Faith* verwys word, en meer spesifiek die volgende afdelings[12]:

**The Need for Redemption:**

"1.3 Human society is capable of degrees of justice, and human beings of great altruism, heroism and self-sacrifice. Yet both societies and individuals are capable also of appalling brutality and degradation. The most just society is radically flawed with injustice, and our noblest deeds and highest virtues with individual and group egoism, pride and

[12] Sien Bylaag C vir volledigheid.

self-interest. Group and individual interests distort even how we judge between rights and wrong" (UPCSA 2007.2.4).

**The Image of God**

"20.3 Because God created all people equally in that image and Christ gave his life to restore it, every person's life is sacrosanct. Everyone has a God given dignity and a right to be treated with respect and protected from violence, abuse no matter their gender, age, race, social status, sexual orientation, religion and despite any mental or physical handicap. God judges those who in any way abuse or oppress others and calls us to oppose all such abuse." (UPCSA 2007.2.23).

**Peace and conflict**

"26.2 All conflict stems from sin. Peace within a nation is endangered where there is injustice or extreme inequality and little is done to alleviate the suffering of the poor. Peace between nations is endangered when one nation threatens or inflict domination or injustice on another. Justice is at the heart of peace." (UPCSA 2007.2.30).

Die diskoers oor homoseksualiteit in die UPCSA moet teen die agtergrond van *Confession of Faith* verstaan word (Duncan 2020:5). Daar moet ook rekening gehou word met die unifikasieproses tussen die Reformed Presbyterian Church in Southern Africa (RPCSA) en die Presbyterian Church of Southern Africa (PCSA), wat gelei het tot die vestiging van die UPCSA. Die PCSA het met die Britse oorname van die Kaap (1795-1806) tot stand gekom en die meeste lidmate was afkomstig vanuit die Engelssprekende gemeenskap, insluitend boere, amptenare en soldate. Die RPCSA het ontstaan as gevolg van Skotse sendelinge wat in Zambië, Zimbabwe, Botswana en Suid-Afrika onder die inheemse bevolking sendingwerk gedoen het. Die eenwordingsproses het nie die teologiese diversiteit verminder nie.

In 1998 het die Algemene Vergadering (General Assembly) van die PCSA ŉ verslag van ŉ *ad hoc* komitee ontvang wat handel oor *Human Sexuality*. Die verslag het grotendeels op homoseksualiteit gefokus. ŉ Jaar later (1999) het die Algemene Vergadering ŉ tweede verslag ontvang wat gebaseer is op ŉ empiriese ondersoek onder lidmate. Die meerderheid respondente het verskil van die menings wat in die 1998-verslag vervat is (PCSA 1999:184-207) Die meerderheid was van mening dat, alhoewel daar na homoseksuele lidmate omgesien moet word, homoseksualiteit ŉ sonde is (PCSA 1999:183).

Hierdie standpunt is oorgedra na die eerste Algemene Vergadering van die UPCSA. Die RPCSA het tot op daardie stadium nog nie aandag aan die saak gegee nie. Die Algemene Vergadering wat in 2000 plaasgevind het, het ooreengekom dat alle dokumentasie wat handel oor homoseksualiteit, na al die afgevaardigdes versprei moes word (UPCSA 2000:290). In 2001 het die *Priorities and Resources Committee* voorgestel dat verdere studies oor morele en pastorale aangeleenthede rakende menslike seksualiteit gedoen moes word. Die Algemene Vergadering het die volgende besluit geneem:

> "In light of the recent decision of the constitutional Court regarding the adoption of children by same-sex couples and in light of the pending judgement regarding same-sex marriages the General Assembly instructs the Committee on Human Sexuality to formulate a position on:
>
> • homosexual practice
> • the marriage of homosexuals; and
> • the adoption of children by such couples
> to be considered at the 2003 General Assembly."
> (UPCSA 2002:482).

Tydens die 2003-vergadering is daar nie ŉ verslag ingedien soos wat gevra is nie (Duncan 2020:5). Die opdrag is herhaal en uitgebrei met die volgende:

> “1. The Assembly to be establish an official standpoint on ministers and office-bearers within our denomination who are self-acknowledged practicing homosexuals.
>
> 2. The Assembly to rule (in the light of the acceptance of ministries laid down in the Church Unity Commission Agreement) whether an appointment to one of our churches of a minister from one of the other denominations in the CUC who is a self-acknowledged practising homosexual would be acceptable to the UPCSA.” (UPCSA 2003:97,107).

Die Algemene Vergadering (2004) het ŉ verslag behandel wat ŉ inklusiewe benadering voorgestel het. Die verslag het aangetoon dat daar uiteenlopende standpunte oor homoseksualiteit bestaan, dat daar nie eenstemmigheid oor Bybelse hermeneutiek is nie en dat daar ook verskille bestaan oor hoe homoseksualiteit in ŉ pastorale konteks hanteer moet word. Die verslag het ŉ *“*encircling approach*”* bepleit, wat sou beteken dat mense die geleentheid kry om Christenskap en homoseksualiteit te bespreek sonder om ŉ definitiewe uitkoms te verwag (UPCSA 2004:221). Die bedoeling van so ŉ benadering is dat mense met verskillende standpunte by die proses inkoop (UPCSA 2004:222). Die vooruitsig was om die saak tydens die Algemene Vergadering van 2006 af te handel.

Die UPCSA se Algemene Vergadering (2006) het onder andere die volgende beginsels onderskryf nadat die *Human Sexuality* verslag weer gedien het:

- “The Word of God in Scripture is our only final rule of faith and life [as stated in the Preamble to The Faith of the Church (Interim Manual of Law and Procedure, Appendix A) and is therefore determinative for our position on homosexuality and our attitude towards people of different sexual orientations.”
- “There are, however, different interpretations of just what Scripture says and implies on the issue of homosexuality, and

we acknowledge this diversity without calling into question the integrity and faith of those with opposing viewpoint."

- "The context for the discussion on homosexuality is the whole area of human sexuality. There needs to be a basic consistency in the way sexual ethics are applied to sexual relationships."
- "Human sexuality includes all that we are as human beings, and although it is closely related to biological sex and procreation, they are not to be simply equated. The distinctions that give expression to our sexuality our fundamental maleness or femaleness. Sexuality is, at the very least, biological, psychological, cultural, social and spiritual. It is as much of the mind as the body, of the community as the person. Human sexuality is the most complete act of total giving of oneself to another, it is the most personal, intimate and sacramental outward expression which God has given. To be a person is to be a sexual being. Sexuality, then belongs to the mystery of the image of God." (UPCSA 2006:531).

Dit is saamgevat in 'n verklaring oor homoseksualiteit waarby die Algemene Vergadering (2006) se besluite aangeheg was. Dit sluit in (Duncan 2020:8):

- Om lede biddend te roep om te besin of hulle in die verlede nie daarin geslaag het om Christelike liefde teenoor enige homoseksuele persone te betoon nie, en hul te bekeer as hul nie liefde betoon het nie.
- Om alle vorme van diskriminasie en mishandeling op grond van seksuele oriëntasie as sondig te veroordeel.
- Om alle vorme van seksuele losbandigheid te veroordeel.
- Om 'n profetiese, genesende en sorgsame bediening uit te oefen in die hantering van seksuele gedrag wat bevraagteken kan word.
- Om 'n beroep op alle lede te doen om hul begrip van homoseksualiteit te verdiep in dialoog met homoseksuele Christene met behulp van Bybelstudie, mediese wetenskap en sielkunde.

- Om die definisie van die Christelike huwelik, wat in 2005 deur die kerk uiteengesit is, te bevestig. Die kommissie het opdrag gegee dat alle huweliksbeamptes wat verbonde is aan die UPCSA getrou moet bly aan die definisie van die huwelik en om pastorale deernis en sensitiwiteit uit te oefen in hul omgang met mense wat die hulp van die kerk nader in terme van die huwelik.

Hierdie besluit het intense gesprekke gedurende die vergadering tot gevolg gehad, om seker te maak dat daar nie ŉ skeuring in die UPCSA kom nie. Tydens die Algemene Vergadering (2008) is die gesprek voortgesit en die volgende standpunt is gestel: "The issues surrounding homosexuality are varied and complex and require journeying in dialogue with those affected" (UPCSA 2008:355).

Daar is ook kommentaar gelewer oor die nuwe "Civil Unions Act" (Act 17 of 2006) wat voorsiening maak vir burgerlike verbintenisse. Die wet bepaal dat predikante wat huweliksbevestigers is nie outomaties homoseksuele paartjies mag trou nie. Die besluit berus by die denominasie, wat ŉ amptelike besluit daaroor moet neem. Slegs dan sou individuele predikante kon besluit of hulle ŉ homoseksuele paartjies sal trou al dan nie (Duncan 2020:8).

Agt jaar later het daar weer ŉ verslag voor die Algemene Vergadering (2016) gedien. Die fokus van die verslag was op geregtigheid ("justice"), veral ten opsigte van gay lidmate en ook in die algemeen. Die verslag het ook aandag gegee aan die spanning in die UPCSA, wat die potensiaal het om tot ŉ kerkskeuring te lei. Die moderator van die Algemene Vergadering het die volgende drie punte uitgewys (Duncan 2020:11):

- "All people are made in the image of God, and Christ died for all of us;
- we need to listen to the voices of the marginalised and excluded in our existing fellowship as well as to Scripture before making any decisions; and

- the Church needs to be open to the Spirit's transforming power in thinking about this issue." (UPCSA 2016:390).

Die langste deel van die verslag van 2016 handel oor Skrifverstaan. Soos reeds aangetoon in die vorige hoofstukke, is Skrifverstaan telkens die sentrale punt van verskil. Die afdeling eindig met die volgende verklaring:

> "Thus, for many the criterion for an ethic of homosexual relationships, namely, whether the relationship is a genuinely caring, loving, consensual and faithful one of permanent commitment, in which neither party abuses, manipulates or exploits the other either physically or emotionally." (UPCSA 2016:397).

Die uitkoms van die verslag was as volg:

> "The Geneal Assembly, in preparation for discussion and decision on the issue at the next General Assembly in 2018:
>
> - instructs all Presbyteries to distribute the document on Christian Ethics and Same Sex Unions in the Appendix among their commissioners, to set a time to discuss the report and to report their reactions and findings to the convener by the end of 2017; and
> - instructs all Sessions likewise to discuss the report" (UPCSA 2016:425).

Die Ring van eGoli (UPCSA 2016:545-547) het ŉ verdere voorstel ingedien wat die Algemene Vergadering daaraan herinner het dat daar reeds in 2006 besluit is dat verdere navorsing oor homoseksualiteit gedoen moes word, en dat dit belangrik is dat besluite konsekwent uitgevoer word. Hulle het ook genoem dat heelwat sedert 2008 gebeur het ten opsigte van menseregte (Duncan 2020:12). Die Ring van eGoli het onder andere verwys na Zambië en Zimbabwe waar selfdegeslag-huwelike onwettig is. Tegelykertyd het nie een van die lande ŉ wet wat verhoudings tussen dieselfde geslag verbied nie (Duncan 2020:12). Verder wys die Ring van eGoli op die volgende:

> “The Presbytery of eGoli overtures the General Assembly of the UPCSA to take into consideration that the issue of same-gender relationships and civil unions are issues that have the potential to divide the Church, given that this matter is much more complex than the simple matter of whether or not it accepts same sex unions. It devolves into theological understanding, the Constitution of the country in which we reside. It would be irresponsible to expect the General Assembly of the UPCSA to take a ruling that will alienate one party or another. All these issues shoud be addressed again in a manner that assist the making of the decisions that are long overdue, and which create the space for all parties on both sides of the continuum in this debate, to freely practise their convictions while maintaining mutual respect for one another, within the Church.” (UPCSA 2016:547).

Na die debat het die voorsitter van die kommissie wat die verslag ingedien het bedank, aangesien die Algemene Vergadering (2016) besluit het dat predikante van die UPCSA verbied word om selfdegeslag burgerlike verbintenisse te bevestig of in te seën. Die besluit is na alle Ringe gekommunikeer, ten einde die heiligheid van die Christelike huwelik te bewaar (UPCSA 2016:573).

Tydens die Algemene Vergadering (2016) is ŉ verdere voorstel ingedien, getiteld “Concerning Christian Marriage”. Dit het voortgespruit uit die optrede van twee predikante van UPCSA, ds. Martin Young en prof. JLP (Hansie) Wolmarans, beide van die Ring van eGoli. Hulle het albei in 2015 ŉ selfdegeslag-huwelike bevestig. Dit is gedoen met die medewete van die Ring van eGoli. Die Ring het die Algemene Vergadering versoek om predikante toe te laat om volgens hulle eie gewete te handel (Duncan 2020:13).

Die kerk het nie tug soos voorgeskryf toegepas nie, en die Ring van die Wes-Kaap het versoek dat so ŉ uitspraak gemaak word. Die voorstel het geargumenteer dat daar skade ten opsigte van die leer en gebruike van die UPCSA was, dat die predikante se optrede verwarring en skeuring in die

kerk bring, en dat die leer oor die Christelike huwelik wat op die Skrif gegrond is, ondermyn word (UPCSA:2016:414). Die Algemene Vergadering is versoek om die saak op te los om die eenheid in die UPCSA te beskerm (UPCSA 2016:414). Die Algemene Vergadering (2016) het soos volg besluit:

> "A minister of the UPCSA, whether acting or retired, is not permitted by the denomination to officiate at the civil unions of same sex couples or to perform a blessing service for the civil unions of same sex couples." (UPCSA 2016:414).

Daar is verder opgemerk dat hierdie voorstel deur die volgende ringe aangeneem is, waarvan die meeste eenparig was: "Copperbelt, M'chinga, Munali, Zimbabwe, Central Cape, Limpopo, Thekwini, Lekoa, Amathole, Thukela, Transkei, Drakensberg en Highveld" (Duncan 2020:13).

Ds. Martin Young is in daardie tyd oorlede. Sy dood het die aard van die debat verander, maar die verslegtende verhouding tussen die Ring van eGoli en die Ring van die Wes-Kaap het voortgeduur. Dit blyk uit ŉ brief van die moderator van die Ring van eGoli, wat daartoe gelei het dat die Ring van die Wes-Kaap ŉ voorstel by die Algemene Verdagering (2016) ingedien het wat handel oor die leer en siening van prof. Wolmarans (UPCSA 2016:545). Tydens die vergadering is mosie voorgehou[13]. Die mosie kom daarop neer dat prof. Wolmarans se leer en Skrifverstaan nie in ooreenstemming met die *Confession of Faith* van die UPCSA is nie[14] en dat die Ring van eGoli gefaal het om teen hom op te tree deur hom nie op verpligte verlof te plaas totdat die saak afgehandel is nie (UPCSA 2016:514-515).

[13] Sien Bylaag C.

[14] Dit kan gemeld word dat prof. Wolmarans baie lank ŉ predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika was, voordat hy aansoek gedoen het om tot die UPCSA toegelaat te word. Hy kom dus uit ŉ ander teologiese milieu.

Daar was bepaalde kerkregtelike probleme met hierdie beskrywingspunt van die Ring van die Wes-Kaap:

- Eerstens kan een ring nie ŉ ander ring dwing om dieselfde siening oor ŉ saak te hê nie.
- Tweedens staan ŉ predikant onder die opsig van die ring waaraan hy of sy behoort.
- Derdens is die UPCSA nie voorskriftelik ten opsigte van Skrifverstaan nie (Duncan 2020:14).
- Vierdens is prof. Wolmarans ŉ dosent en die kerk erken die akademiese vryheid van dosente om hulle navorsing te doen (Duncan 2020:17).

Verder het die Ring van eThekwini die Algemene Vergadering versoek om die dienswerk van prof. Wolmarans te beëindig op grond van Hoofstuk 16.112 van die Kerkorde: "No secondment may be made to secular occupations that have no connection with the work and witness of the Church". Ds. Jeremy Smith van die Ring van eThekwini het selfs verder gegaan en prof. Wolmarans se akademiese werk gekritiseer, maar die Moderator het geoordeel dat die mosie nie ontvanklik was nie (UPCSA 2016:525-526).

Daarna is die beskrywingspunt teen prof. Wolmarans omgeskakel tot ŉ klag en dit het daartoe gelei dat sy status as emeritus-predikant weerhou is tot tyd en wyl ŉ beslissing gemaak kon word (UPCSA 2016:529) Die Algemene Vergadering het ook kennis geneem dat die optrede die kerk blootstel aan moontlike litigasie[15] (Duncan 2020:15).

Na hierdie gebeure is ŉ informele vergadering op 9 Desember 2016 met prof. Wolmarans by Tiyo Soga House belê. In oorleg met verteenwoordigers van die Algemene Vergadering en amptenare van die kerk is besluit dat die prosedure wat tydens die Algemene Vergadering gevolg is, gebrekkig was omdat daar nie ŉ formele klagstaat ingedien is nie. Gevolglik is besluit om

[15] Sien Bylaag C.

ʼn klagstaat op te stel, wat aan prof. Wolmarans beteken is (UPCSA 2017:282)[16].

Die klagskrif bevat elemente van kwaadwilligheid, wat opsigself ʼn ernstige oortreding is. Die *Manual of Faith and Order* (2007.18.59) bepaal onder andere: "A complainant, if a member of this Church, must be warned by the Council that the bringing of a charge lightly or malisciously is itself an offence and laible to discipline".

Op 11 Augustus 2017 het ʼn verdere gesprek met prof. Wolmarans plaasgevind, wat aangevoer het dat hy al die voorskrifte van die UPCSA nagekom het. Hy het verder aangedui dat dit nie sy skuld was dat die UPCSA die verkeerde prosedures gevolg het nie (UPCSA 2018:244). Gevolglik is besluit om met ʼn proses van mediasie te begin. Op 10 Julie 2019 het twee predikante prof. Wolmarans se regspan in Johannesburg ontmoet om te sien of ʼn skikking bereik kon word (Duncan 2020:11). ʼn Dag later is die volgende verklaring deur die Moderator van die Algemene Vergadering uitgereik:

> "A long and sad chapter in the life of our denomination ended yesterday as the matter of the UPCSA vs the Rev. Prof. JLP Wolmarans was resolved through a mediated settlement. While the parties agreed to keep the agreement confidential, they agreed that the following should be publicly released." (Langerman, Presbyterian Link, 2019:6):
>
> "You are informed that the UPCSA and Prof. JLP Wolmarans have settled the disciplinary matter that began after the 2014 General Assembly. We acknowledge that the procedures as set out in the *Manual of Faith and Order* in relation to discipline were not applied correctly nor consistently by the various courts, committees and commissions of the UPCSA that dealt with this matter, the effect thereof was the prolonging of the matter and was the cause of unnecessary and substantial hurt to Prof. Wolmarans and his family.

[16] Sien klagtes in Bylaag C.

Special apology is made to Mrs. Wolmarans in this matter for the embarrassment and hurt caused, for this the UPCSA apologizes and undertakes to review the current disciplinary dispensations. Prof. JLP Wolmarans and the UPCSA acknowledge that the views expressed in his academic article *En Route to an alternative secular Christianity* are not *per se* the views of the UPCSA and are part of an exploratory academic discussion. This agreement constitutes full and final settlement of this matter and any and all claims that the parties may have against each other arising from this matter and/or the relationship between the UPCSA, Prof. Wolmarans, Rev. Smith and Rec. Russell, notwithstanding the aforementioned, Prof. Wolmarans retains the right, if any, to pursue a claim for compensation, in the nature of loss of income, against the UPCSA arising from what he contends was an unlawful suspension." (UPCSA 2019:295a&b).

### 4.3 Slotopmerking

In die hantering van die Wolmarans-saak het die diepliggende teologiese verskille en emosie oor homoseksualiteit na vore gekom. Die saak het gedreig om die eenheid van die kerk te vernietig. Daarbenewens het dit opnuut geblyk hoe belangrik dit is om die korrekte kerkordelike prosedures te volg. Dit is juis in tye van konflik en spanning dat 'n kerkorde die roete aandui om tot billike besluitneming te kom en geregtigheid te laat geskied.

Vanuit 'n kerkregtelike perspektief is dit duidelik dat die Ring van eGoli nie daarin geslaag het om die klagtes teen Wolmarans behoorlik aan te spreek nie. Dit het die proses verwar en bemoeilik, veral omdat die ringsvergadering die omskrewe bevoegdhede soos vervat in die kerkorde, verkeerd verstaan en oorskry het.

Die saak is verder verswaar omdat instruksies nie nagekom is nie, kommunikasie onvoldoende was en swak administrasie deur amptenare van die kerk die proses wesenlik ondermyn het. Dit het prof. Wolmarans se verdediging op grond van onbehoorlike proses en prosedure versterk en die UPCSA blootgestel aan regstappe.

Dit is verder duidelik dat die destydse Moderator van die Algemene Vergadering gebrekkige advies ontvang het ten opsigte van die proses wat gevolg moes word. Ondanks ŉ duidelike beslissing van die Algemene Vergadering in 2016, is geadviseer dat ŉ komitee aangestel moes word wat die saak sou hanteer. Die komitee is verkeerdelik aangestel en het ook ŉ verwarrende mandaat ontvang. Dit het daartoe gelei dat die perke van die mandaat oorskry is, ten spyte van alternatiewe advies. Die verwarring het die saak gekompliseer en met meer as ŉ jaar vertraag (UPCSA 2019:294-295).

Die Wolmarans-saak het ook bepaalde teologiese probleme ontbloot. Prof. Wolmarans het volgens sommige klaers belangrike reformatoriese leerstukke (soos die maagdelike geboorte en die opstanding) slegs "simbolies" verstaan. Tegelykertyd het die UPCSA nog nooit besluit dat die Bybel en Christelike geloof net op een manier verstaan kan word nie. Verder moes prof. Wolmarans, toe hy aansoek gedoen het om predikant in die UPCSA te word, soos alle aansoekers uit ander kerke die leer van die UPCSA ken en onderskryf. Daarbenewens is die posisie van dosente en akademiese vryheid ook op die spits gedryf. Dosente se akademiese vryheid word nie beperk deur die kerklike belydenis nie.

Duncan (2020:15) som die UPCSA se hantering van homoseksualiteit en die Wolmarans-saak soos volg op:

- Daar is ŉ gebrek aan deernis en Christelike liefde in die hantering van homoseksualiteit.
- Alhoewel die term nooit openlik gebruik is nie, blyk dit dat daar onderliggende homofobie by talle van die afgevaardigdes na die Algemene Vergadering teenwoordig was.
- Die doel van kerklike dissipline is om mense in liefde op die regte pad te lei. Die regte verstaan van kerklike dissipline was nie sigbaar in die hantering van die saak nie.
- Daar heers ŉ fundamentalistiese hermeneutiek in die UPCSA.

- Die vraag moet gevra word hoe dit moontlik is dat ŉ saak soos homoseksualiteit die agenda van die UPCSA vir so lank oorheers, tot so ŉ mate dat dit die visie en prioriteite van die kerk in gedrang gebring het.
- Dit is ook ŉ vraag waarom die kerk ŉ finale standpunt moet inneem. Oor ander sake word ŉ finale standpunt nie afgedwing nie, soos die doop wat een van die kernelemente van die Christelike geloof is. Dit dui daarop dat homoseksualiteit anders hanteer word as sommige ander sake.

Een ding wat duidelik geword het, is dat die ywer om die suiwer geloof te "beskerm" daartoe gelei het dat individue liefdeloos behandel is en dat hulle integriteit bevraagteken is. Die openlike en respekvolle uitruil van menings is deur openlike konflik en vyandigheid verdring. Dit het verval gelei tot ŉ stryd tussen wenners en verloorders, waardeur die evangelie van Jesus Christus en die integriteit van die UPCSA in die gedrang gekom het.

## 5. UNITING REFORMED CHURCH IN SOUTHERN AFRICA

### 5.1 Inleiding

Dit is belangrik om kennis te neem van die Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA) se besluit oor homoseksualiteit, omdat dit as ŉ goeie voorbeeld dien van ŉ besluit oor homoseksualiteit in die konteks van Afrika. Hierdie hoofstuk bied nie soos die vorige hoofstukke ŉ historiese oorsig nie, maar fokus spesifiek op die besluit wat in 2016 geneem is juis omdat die studie in diepte op die URCSA fokus en ook hul besluit kortliks wil uitlig.

### 5.2 2016-besluit

Gedurende 3 – 9 Oktober 2016 het die *Seventh General Synod (GS) of the Uniting Reformed Church in Southern Africa* plaasgevind waartydens homoseksualiteit bespreek is. Op 8 Oktober 2016 is besluit dat daar gebruik gemaak sou word van ŉ stembrief-sisteem om ŉ besluit te neem rakende homoseksualiteit. Daarna het lang besprekings gevolg wat sterk opponerende standpunte verwoord het. Daarna is oorgegaan tot stemming. Afgevaardigdes moes vir een van vyf mosies stem, aangesien die mosies nie tot een mosie gekonsolideer kon word nie. Die mosie wat met ŉ meerderheid stem aanvaar word, sou die geldende standpunt van die kerk wees. Die volgende mosies was op die tafel: (URCSA 2016)

i. Process position by the Task Team.
ii. The original recommendation of the 2008 report.
iii. The same as position 2 with the addendum that the ministers of the Word with their congregations can choose from their own position.
iv. The traditional position as presented by the Task Team report as Position 2: acceptance and ordination within celibacy.
v. In light of the decision taken by GS 2016 on the matter of homosexuality, GS note that we have just abandoned our moral high ground on the Confession of Belhar.

Die Sinode het gestem vir mosie 1, met 87 vir en 48 stemme daarteen. Die Taakspan se prosesvoorstel het die volgende behels:

“a. General Synod approves a process position in which we continue dialogue within URCSA with all relevant Stakeholders (Congregations, Presbyteries, Regional Synods, Theological Training Centres, homosexual members etc.) with the two different positions as basis for the dialogue with feedback to the next General Synodical Commissions and a final report to the next General Synod.

b. General Synod mandates the Task Team on homosexuality to facilitate this dialogue in consultation with the Regional Synods.

c. General Synod commits itself to fund the Task Team on homosexuality and or to seek funding from partner churches for these consultations in collaboration with the GS Moderamen.” (URCSA 2016).

In ŉ dokument wat saamgestel is deur die Uniting Reformed Church in Southern Africa General Synod wat gehandel het oor die “Resolutions pertaining to contemporary issues as raised by GS 2016,” word die besluit wat hierbo genoem word as volg gegee:

- GS expresses appreciation for the atmosphere within which discussion were conducted on the matter of homosexuality.
- GS decided to refer the matter regarding homosexuality back to congregations, presbyteries and regional synods for dialogue and engagement.
- GS request that the Executive Committee of Synod, together with regional synodical executives ministry task teams give effect to the process position as described in it the approved report of the Homosexuality Task Team.

Om hierdie besluit as belangrik binne die Afrika-konteks te verstaan, is dit belangrik om die geskiedenis van die URCSA te verstaan. In 1652 het die Nederlanders ŉ halfwegstasie gestig by die Kaap van Goeie Hoop, en so het slawerny ŉ bekende gesig geword. ŉ Klomp sendingorganisasies het daardeur begin om in Suid-Afrika werksaam te wees. Dit het weer daartoe gelei dat ŉ klomp denominasies gevorm was vir mense wat andersins by die kerk gesluit sou wees — grotendeels as gevolg van ras. Hierdie proses

het die NGK gemotiveer om met hulle eie sending te begin. In 1857 het die NGK Sinode besluit om aparte dienste vir bruin lede te hou. ŉ Aparte kerk, *Dutch Reformed Mission Church* (DRMC), is gestig in 1881. *Dutch Reformed Church in Africa* (DRCA) is gestig in 1951. In 1974 het die DRCA besluit dat kerkeenheid belangrik is en in 1978 het die DRMC dieselfde besluit geneem. In 1986 is die Belhar-Belydenis met sterk fokus op eenheid, versoening en geregtigheid, geformuleer en aangeneem deur die DRMC. In 1994 het die DRMC en die DRCA een geword en so is die URCSA gevorm.

Dit is opvallend dat URCSA met die besluite en proses gekies het vir konsultasie en gesprek, eerder as om ŉ finale besluite te neem. Dit het grootliks te make met die Kerk se besondere bemoeienis met kerkeenheid. URCSA, soos hierbo aangetoon, is gebore vanuit die drang tot kerklike eenheid. Daarom is dit besonder moeilik vir URCSA om enige besluite te neem wat die kerklike eenheid kan versteur. Ook met die besluit oor homoseksualiteit was die primêre fokus om eenheid te behou.

Dit is verder opvallend dat die besluit vra dat die gesprek oor homoseksualiteit verwys word na gemeentes en ringsvergaderings. Daar was ŉ sterk gevoel dat die gesprek inklusief moet wees. Tegelykertyd vertoon dit ŉ bepaalde huiwerigheid dat ŉ sinode groot en finale uitsprake maak. Dit illustreer nogmaals die problematiek waarmee sinodes gekonfronteer word, om aan die een kant die eenheid en inklusiewe aard van die kerk te bewaar, en aan die ander kant te poog om goed begronde besluite te neem waarmee almal nie noodwendig saamstem nie.

# 6. SKRIFTUURLIKE BEOORDELING VAN BESLUITE OOR HOMOSEKSUALITEIT

## 6.1 Inleiding

Soos uit die vorige hoofstukke blyk, is die sentrale teologiese problematiek in die debat oor homoseksualiteit verskille ten opsigte van Skrifbeskouing. Dit problematiseer die kerkregtelike beoordeling van besluite oor homoseksualiteit. Soos reeds aangetoon is reformatoriese kerke dit eens dat besluite op grond van die Woord en onder leiding van die Gees geneem word. Die basiese uitgangspunt en grondbeginsel van die presbiteriaal-sinodale kerkregering is dat Christus self sy kerk regeer, en Hy doen dit deur die Woord en Gees. Daarom moet enige kerkregtelike beoordeling van reformatoriese kerke se besluite oor homoseksualiteit begin met ŉ kritiese vraagstelling na die Skrifbeskouing, Skrifgebruik en hermeneutiek onderliggend aan die bogenoemde kerke se besluite.

Die beginsel klink maklik en vanselfsprekend dat alle besluite op grond van die Skrif, die Bybel of God se Woord geneem word, maar dit konfronteer Kerkreg as teologiese vakgebied, asook kerklike vergaderings wat besluite moet neem, met een van die moeilikste vraagstukke in die teologie, naamlik Skrifbeskouing. Dit gaan selfs verder: Hoe is dit dat ons as mense, en ŉ kerklike vergadering, enigiets oor God kan sê? As God die Gans Andere is (Barth), hoe is dit moontlik dat ŉ kerklike vergadering enigiets oor die wil van God kan sê en aanspraak daarop maak dat ŉ besluit sê wat God wil sê? Ten minste moet vooraf ŉ bepaalde *caveat* gestel word, dat alle kerklike besluite voorlopig en hersienbaar is omdat ŉ kerklike vergadering nie sondermeer oor die wil van God beskik nie en ŉ kerklike besluit nie *ex cathedra* en pouslik die onveranderlike wil van God proklameer nie.

In hierdie hoofstuk word enkele opmerkings oor hermeneutiek en tersaaklike Bybeltekste gemaak. Hermeneutiek (afkomstig van die Griekse woord *hermeneuein,* "om te verstaan") gaan om die eksegese en interpretasie van tekste. Dit hou ook verband met Skrifbeskouing en Skrifgebruik.

## 6.2 Historiese oorsig: Hoe lees ons die Bybel?

Gelowiges wil graag weet wat hulle moet glo, hoe hul moet lewe en ook watter besluite hul moet neem. Daarom word Bybeltekste met ’n bepaalde verwagting gelees. Gelowige mense wil ook op grond van die Bybel standpunte formuleer (Human 2003:261). Die probleem is dat gelowiges die Bybel nie op dieselfde manier lees, verstaan of gebruik nie. Vanselfsprekend lei dit tot meningsverskille en konflik, veral as dit kom by ’n kontensieuse saak soos homoseksualiteit.

Om die saak verder te kompliseer, is die Bybel ’n versameling dokumente uit verskillende tye en omstandighede en is daar selfs meningsverskille oor watter dokumente as gesagvol en deel van die kanon beskou moet word (Human 2003:261). Die Bybel is ook die woorde van mense oor die dade van God in die geskiedenis. Die ervarings van mense is mondelings oorvertel en later neergeskryf, versamel en oorgelewer. Die tekste is soms weer herinterpreteer, byvoegings is gemaak en oorspronklike betekenisse het plek gemaak vir nuwe betekenisse. So het die Bybel gegroei tot die tekste wat ons vandag ken (Human 2003:262). Tegelykertyd bely die Christelike kerk en gelowiges dat die Bybel God se woorde is. Dit alles maak die saak van Skrifbeskouing uiters kompleks.

Om tekste te ontleed kan eksegete ’n verskeidenheid van benaderings aanwend (Human 1999:355). Volgens Barton (1984:201) is die historiese konteks, die teks self en die konteks van die leser belangrik. Wanneer die Bybel bestudeer word, is dit belangrik om die volgende in gedagte te hou (Human 2003):

- die Bybel is ’n produk van die antieke wêreld;
- lang tye het verloop tussen gebeure en die opskrifstelling daarvan;
- meer as een wêreld word soms in die teks vasgevang;
- Bybelse gebruike en gewoontes is onbekend vir vandag; en
- daar is ’n gebrek aan geografiese besonderhede.

Botha (2002:18-51) meld ook dat die taalgrense begrip verhinder vir spesifieke woordinhoude: tale vorm grense. Vertalings maak dit makliker vir mense om die Bybel beter te verstaan, maar kritiese nadenke laat tog vrae ontstaan of die begrippe waarmee ons vandag die Bybelse terme vertaal, dieselfde inhoud dra as wat antieke mense daaronder verstaan het. So het begrippe soos *kerk*, *ampte*, *huwelik* en *homoseksualiteit* tot stand gekom, wat in verskillende kontekste verskillende dinge kan beteken. Daarom moet hierdie begrippe onder die vergrootglas geplaas word.

Verder stel Bosman (1986:8) dat Bybellesers verskillende voorveronderstellings het: Almal wat die Bybel lees, lees die Bybel met hulle eie "bril" en nie "objektief" nie. Voorkennis, voorveronderstellings en voorwetenskaplike kennis is deel van ons menslike bestaan.

Dit word onder andere bepaal deur die mens se opvoeding en kultuur, agtergrond, die manier hoe die mens die kerk sien, denominasie, godsdiens en ook politiek. Wanneer daar onkrities met tekste omgegaan word, bestaan die gevaar dat die tekste slegs 'n spieël vir die leser se eie voorstellings en vooroordele word (Zenger 1995:46) asof dit direk vir die moderne mens geskryf is.

Soos reeds genoem lees mense die Bybel op verskillende maniere. Aanvanklik het die vroeë Christene die Bybel allegories en tipologies gelees. In die tweede eeu het daar skole tot stand gekom wat elkeen hul eie benadering ten opsigte van eksegese gehad het. In die Kategetiese Skool van Aleksandrië is die klem op die allegoriese en geestelike interpretasie van die Bybel gelê. In Antiochië is daar klem gelê op die historiese lees van die Bybel en in Hippo het Augustinus gepoog om verskillende benaderings met mekaar te versoen. Hy het die liefde van God (*amor Dei*) as die geestelike sleutel en skopus van die Bybel beskou (Van Eck 2008:1156).

Tydens die Middeleeue is die Bybel veral in kloosters en katedraalskole (Middeleeuse universiteite) bestudeer. Die kloosters was sentrums van geleerdheid, kennis, opvoeding en studie. Daar is ook spesifieke reëls ontwikkel vir die interpretasie van die Bybel. 'n Tradisie van *lectio Divina* het

ontwikkel. Die doel daarvan was die verligting en vorming van die siel deur middel van meditasie en dissipelskap. Die *lectio Divina* het drie stappe behels, te wete grammatika, meditasie en gebed. Die grammatika dui op die lees van die oorspronklike teks self. Meditasie dui op ŉ reaksie van kontemplasie, innerlike stil word en nadenke oor wat gelees is. Dit is aangevul met die praktiese uitleef daarvan (Smit 2006:25-26). Gebed was die derde stap. Die kern van die gebed word daar met God gepraat oor wat gelees is. Bybellees was ŉ geestelike saak, dit was ŉ vormende aktiwiteit en die *lectio Divina* was ŉ saak van gebed.

Dit het ŉ bekende praktyk geword om die Bybel op ŉ letterlike, allegoriese, morele en analogiese wyse uit te lê (Van Eck 2008:1156). Dit het bekend gestaan as die viervoudige Skrifsin. Nicholas van Lyra (1349) het dit as volg saamgevat (Smit 2006:27):

- die letterlike verstaan van die teks fokus op God se dade in die geskiedenis;
- die allegoriese verstaan van die teks het met die geloof te doen;
- die morele verstaan bepaal ons daaglikse lewenswyse; en
- die analogiese verstaan van die teks gee hoop vir die toekoms.

Gewone mense wat nie kon lees nie moes bewus word van die betekenis van die boodskap van die Bybel deur die liturgie en kerklike kuns. Die Bybel, soos verbeeld in die liturgie en godsdienstige kunsvorms, het die bril geword waardeur die werklikheid gesien en beleef is. Daarom is dit belangrik om te vra wat die aard van die sosiale omgewing is waarin die Bybel in gelees word (Smit 2006:28-29).

Gedurende die tyd van keiser Karel die Grote in die negende eeu, het die groter stede hulle eie skole (*schola*) vir die opleiding van kerklike ampsdraers en funksionarisse gehad (Smit 2006:30; sien ook Reventlow 2009:143). Daaruit het die Skolastiek ontwikkel. Skolastieke teologie en eksegese het verskillende prosesse ingesluit.

Die eerste daarvan was *glossa* en *marginalia*, wat verwys na die gebruik om manuskripte van aantekeninge te voorsien en daarmee kommentaar op

die teks te lewer (Smit 2006:31-32). Tweedens het die Skolastiek gebruik gemaak van argumentvoering (*disputatio*). Die *lectio divina* het plek gemaak vir die *sacra doctrina* (die heilige leer) wat deur gesprek en argumentasie vervolmaak moes word. Die derde belangrike ontwikkeling was dat die Vulgaat vir die eerste keer van genommerde hoofstukke voorsien is (ongeveer 1205 n.C.), ter wille van maklike verwysing (Smit 2006:36). Algaande het die Middeleeuse universiteite ontwikkel, onafhanklik van die kloosters. By die universiteite was die fokus op algemene vakke soos klassieke filosofie ter voorbereiding vir latere studie soos die teologie. Dit het die bestudering van die Bybel op die agtergrond geskuif. Dit het weer aanleiding gegee tot die stigting van die Franciskaanse en Dominikaanse ordes van die 13de eeu (Van Eck 2008:1157), wat terug beweeg het na die letterlike lees van die evangelies om die prediking van die evangelie te bevorder. Groepe binne die kerk het stelselmatig hulle eie opleidingsinrigtings begin. Skole, seminaries en teologiese fakulteite is op die been gebring (Van Eck 2008:1157).

Tydens die Renaissance en Kerkhervorming het dit belangrik geword om die oorspronklike tekste te lees (Smit 2006:38). In die bestudering van die Griekse manuskripte van die Nuwe Testament is die klem geplaas op die letterlike betekenis van die teks van die Bybel en nie die geestelike of allegoriese betekenis nie. Die reformatore het gesoek na die oorspronklike bedoeling van die skrywers van die Bybelse dokumente, deur gebruik te maak van grammatiese en historiese eksegese (Van Eck 2008:1157). Hierdie manier van Bybellees is een van die belangrikste nalatenskappe van die Kerkhervorming. Boers (1979:7) beskryf dit as volg:

> “The Reformers … intended to establish the Bible’s authority more firmly, completely … as the basis and norm over and against the contemporary church. That implied the rejection of the tradition of the ongoing life of the church and with it the continuity with the Bible which had been provided by it. The Bible was no longer an integral, contemporary part of the living religion but was separated from it by an intervening history, that very history of the ongoing life of the church which had previously provided continuity with the Bible. A historical

> consciousness thus arose with the Reformation … the Bible was not an integral, contemporaneous part of the living religion but separated from it historically. That is, Christianity could no longer think its own thoughts as if they were identical with the Bible's thoughts. It could no longer merely draw the material for its thinking from the Bible. It had to think the very thoughts of the biblical writers rather than its own and to interpret the former as they related to the contemporary life of the church, as had been done in an exemplary way by Luther and Calvin in their commentaries."

Die Reformasie se fokus op die oorspronklike bronne en bedoeling van die teks het gelei tot 'n bepaalde manier van omgaan met die teks (Van Eck 2008:1157). Die Reformatoriese tradisie word onder druk geplaas deur 'n fundamentalistiese Skrifbeskouing wat dikwels in die debat oor homoseksualiteit na vore kom (Van Eck 2008:1159). Fundamentalisme het tussen 1870 en 1930 in Amerika na vore gekom toe verskillende kerke en kerkleiers 'n koalisie gevorm het om die Modernisme te beveg. Die beweging is bevorder deur konserwatiewe teoloë van die Princeton Theological Seminary in die VSA wat die Bybel wou beskerm teen die Liberale Teologie (Du Rand & Nel, 2016:Loc319). Barr (1981:1) beskryf fundamentalisme soos volg:

- "a very strong emphasis on the inerrancy of the Bible, the absence from it of any sort error;
- a strong hostility to modern theology and to the methods, results and implcations of modern critical study of the Bible; and
- an assurance that those who do not share their religious viewpoint are not really true Christians at all".

Tydens die Verligting en Moderniteit is gefokus op die mens se prestasies en rasionaliteit (Du Rand & Nel, 2016:Loc811). Modernisme was sinoniem met Rasionalisme (Niemandt 2007:16). Dit gaan daaroor dat die mens alles moet weet en verstaan. Descartes se bekende *cogito ergo sum* is die

slagspreuk van die Rasionalisme en Moderne Era (Niemandt 2007:16). Dit is gekenmerk deur (Niemandt 2007:17-19):

- beheer en kontrole
- analitiese denke
- meganisasie
- geskrewe kultuur
- individualisme

Modernisme het die lewe in kompartemente verdeel. Vaste strukture was belangrik en dinge het op ŉ sekere manier gewerk. Gesag word nie bevraagteken nie. Die kerk was geanker in ŉ bepaalde struktuur en dogma was onveranderlik. Die besluite oor homoseksualiteit vertoon dikwels die rigiditeit van ŉ modernistiese tydsgees.

In die moderne era het ŉ meer fundamentalistiese lees van die Bybel veld gewen. Dit het waarskynlik te doen met groeiende godsdienstige fundamentalisme wat wêreldwyd sigbaar is. Fundamentalisme handhaaf ŉ meganiese inspirasieleer. Dit lei daartoe dat die Bybel as onfeilbare en gesagvolle Woord van God beskou word (Van Eck 2008:1163). Gevolglik word die Bybel letterlik gelees, en word min aandag gegee aan die historiese afstand tussen die persoon wat die teks lees en die konteks waarin die teks geskryf is. Verder word tekste selektief op ŉ fundamentalistiese wyse gelees, veral wanneer dit gaan oor morele vraagstukke (Van Eck 2008:1167). Voorbeelde van morele voorskrifte wat nie toegepas word nie, is die volgende:

- "ŉ Vrou wat nie swanger kan word nie, mag haar slavin aan haar man gee om ŉ kind in die wêreld te bring en kan dan as haar eie beskou word. ŉ Man kan dan meer as een vrou hê, maar mag nie met ŉ ma en dogter op dieselfde tyd getroud wees nie (Gen. 16:1-2, 26-34; Deut. 17:17; 1 Kon. 11:1-3; 1 Sam. 1:1-2; Eks. 21:10-11; Deut. 22:28-29; Jes. 50:1; Jer. 2:2; Eseg. 16:8; Spr. 12:4, 18:22, 19:14, 31:10-31; Ps. 128:3; Jes. 3:25, 4:1; Lev. 20:14)."

- "'n Kind wat een van sy ouers slaan of vloek, moet doodgemaak word, as iemand die Here se naam oneerbiedig gebruik moet daardie persoon doodstraf kry (Eks. 21:15,17; Lev. 24:16)."
- "Twee mans wat in 'n homoseksuele verhouding verkeer moet doodgemaak word (Lev. 18:22, 20:13)"
- "'n Mens mag nie geld uitleen teen rente nie (Deut. 23:19)."
- "Seksuele gasvryheid mag plaasvind (Gen. 19:8, 20:2, 34:1-10)."
- "Dit is nie reg van 'n vrou om sonder iets op haar hoof in die erediens tot God te bid nie (1 Kor. 11:13). Vroue moet by byeenkomste van die Christelike gemeente stilbly (1 Kor. 14:34)."

Hierdie opdragte word gewoon geïgnoreer omdat dit as antieke voorskrifte beskou word. Aan die ander kant word die Bybel gedeeltelik nagevolg wanneer daar na homoseksualiteit gekyk word, want homoseksuele persone word nie met die dood gestraf nie (Van Eck 2008:1169).

Modernisme het oorgevloei na Postmodernisme. Postmodernisme het die struktuurdenke van die Modernisme deurbreek. Gevolglik kan 'n mens nie oor alles klaarpraat of alles in een formule vasvang nie. Daar bly altyd nog 'n ander manier van kyk, nog 'n ander insig of standpunt wat 'n mens se aandag verdien (Niemandt 2007:20). Postmodernisme het in opstand gekom teen al die boksies waarin Modernisme die samelewing geplaas het. Allerlei vrae is gevra. Kan 'n vrou in die amp van predikant dien? Het ons die Bybel verkeerd gelees? Postmodernisme bevraagteken alles en die waarheid is dikwels "my" waarheid. Postmodernisme het groter begrip vir die aard en diversiteit van menswees.

'n Postmoderne lees van die Bybel vereis die deelname van die leser en ontvanger van die boodskap. In die Postmodernisme word daar ook ruimte gelaat vir kreatiwiteit en vindingrykheid. Dit word ook gestel dat daar nie net een uitleg van 'n teks kan wees nie omdat die teks sonder sy oorspronklike agtergrond en moontlike bagasie slegs as teks gelees moet word (Du Rand & Nel, 2016:Loc857). Daar is groter waardering vir faktore wat ons lees van die Bybel beïnvloed, onder andere vooroordele, voorveronderstellings,

verstaansraamwerke, kultuur, sosiale omstandighede en tradisie (Van Eck 2008:1170).

Daar is ook groter waardering vir resente mediese en genetiese navorsing. Dit bring nuwe perspektiewe na vore, wat nie in die Bybelse tyd ter sprake was nie. Omgekeerd was seksuele verhoudings in die Bybel gebaseer op ŉ patriargale stelsel waar ŉ vrou die man se besitting was, en wat nie in ons konteks die geval is nie. ŉ Huwelik is tussen families gereël. Die doel van seksuele kontak binne die huwelik was om voort te plant (Van Eck 2008:1171).

Daar is ŉ toenemende bewustheid dat daar nie net twee moontlikhede is hoe die Bybel gelees kan word nie. Dit is foutief en simplisties (Du Rand & Nel 2016:Loc485). Verskillende denominasies in die Gereformeerde tradisie het uiteenlopende en diverse benaderings tot Skrifbeskouing. Gevolglik moet meer genuanseerd oor Skrifbeskouing gedink word. Daar is ook verskeie middelposisies wat aan die Bybel gesag toeken as die Woord van God terwyl dit tegelykertyd aanvaar dat dit ŉ boek is wat deur mense geskryf is binne ŉ bepaalde sosiohistoriese situasie en beïnvloed is deur omliggende kulturele, politieke en ekonomiese faktore, wat baie verskil van ons dag en tyd (Du Rand & Nel 2016:Loc493). Daar word aanvaar dat tekste die produk van ŉ sekere sosiale sisteem is, wat verskil van die sosiale sisteem van die leser (Van Eck 2008:1176).

Hierdie diversiteit is nie vreemd aan die eie aard van die Gereformeerde tradisie nie. Gereformeerdes verstaan dat die Christelike geloof in elke konteks nuut geformuleer moet word, omdat die wêreld waarin hulle leef verander. Daarom moet gelowiges voordurend die Bybel lees en daaroor nadink. Om krities oor God, die Bybel en geloof te dink is nie ŉ teken van ongeloof nie en dit breek ook nie die gesag van die Bybel af nie. Dit moet eerder gesien word as die proses om tot selfinsig te kom, en om nuwe perspektiewe oor God te ontdek en die ontwikkelingsproses van die Bybel beter te verstaan (Human 2003:273-274).

## 6.3 Sewe tekste

Daar is hoofsaaklik sewe tekste wat in die debat oor homoseksualiteit ter sake is. Die manier waarop hierdie tekste interpreteer word, lei dikwels tot konflik en opponerende standpunte (AKV Agenda 2016:440). Die doel van die studie is nie om die tekste uit te lê nie maar dit is tog belangrik om na die tekste verwys, met ŉ moontlike interpretasie daarvan. Van die tekste waarna daar in die verband verwys word is:

- Genesis 19:1-8
- Rigters 19:16-30
- Levitikus 18:22
- Levitikus 20:13
- Romeine 1:24-27
- 1 Korintiërs 6:9-10
- 1 Timoteus 1:8-10

Vervolgens word baie kort opmerkings oor die tekste gemaak, omdat die fokus van hierdie navorsing nie homoseksualiteit op sigself is nie.

### 6.3.1 Levitikus 18:22 en 20:13

In die twee tekste word ŉ homoseksuele verhouding tussen twee mans as ŉ aanstootlike sonde beskryf, met die opdrag dat die wat daaraan skuldig is, doodgemaak moet word.

ŉ Letterlike lees van die tekste laat geen twyfel dat homoseksualiteit sonde is nie. Die selektiewe lees van die tekste lei daartoe dat homoseksuele dade as sonde beskou word, maar die gedeelte wat die doodstraf vereis word nie eers ter sprake gebring nie. Daarenteen pas fundamentalistiese Moslem-lande die tweede deel toe, waar persone wel doodstraf opgelê word (AKV Agenda 2016:442).

Wanneer die tekste taalkundig en histories-krities gelees word, kom daar perspektiewe na vore. Die Hebreeuse teks lees "om soos ŉ vrou te lê met ŉ man" (AKV Agenda 2016:444). Die bedoeling hiervan is dat dit in die

sosiale konteks onaanvaarbaar was dat ŉ man soos ŉ vrou optree (AKV Agenda 2016:444).

Die vraag wat oor Levitikus 18:22 en 20:13 beantwoord moet word, is of die tekste met homoseksualiteit as seksuele oriëntasie te doen het, en of dit oor die aantasting van manlike eer gaan. Eer en skaamte was van uiterste belang in die Joodse gemeenskap. Dit is duidelik dat die verbod op homoseksuele dade tussen mans (dit is opvallend dat vroue nêrens genoem word nie) afsonderlik van die sosio-kulturele agtergrond van die teks gelees kan word nie. Daarbenewens bly dit ŉ vraag tot watter mate (sommige) voorskrifte steeds in die huidige konteks van toepassing is (AKV Agenda 2016:446).

### 6.3.2 Genesis 19:1-8

In hierdie teks word daar melding gemaak van twee versoeke. Die eerste versoek is van die mans van Sodom om met Lot se gaste geslagsgemeenskap te hê. Tweedens versoek Lot dat die mans van Sodom eerder met sy twee dogters, wat nog maagde was, gemeenskap moet hê, om op hierdie manier sy gaste te beskerm. Ten diepste gaan dit hier om verkragting: Die mans van Sodom wil met geweld seksuele gemeenskap afdwing.

ŉ Letterlike lees van teks kom daarop neer dat die verkragting van manlike gaste onaanvaarbaar en ŉ gruwelike sonde is. Die verkragting van jong dogters is meer aanvaarbaar en daarom word hulle as losprys aangebied (Van Eck 2016:447).

Vanuit ŉ historiese-kritiese perspektief is dit duidelik dat dit nogmaals gaan om die eer van mans. In die antieke tye het soldate die oorwonne vyand verneder deur hulle te verkrag (Helminiak 2000:46; Loader 2012:29). In so ŉ situasie sou die een wat verneder word die vroulike posisie in die daad inneem en dus op die ergste wyse verneder word en van sy manlikheid beroof word (Helminiak 2000:70; Rogers 2006:70). Garton (2004:33) meld die volgende:

> “Enforcing sexual submission or humiliation was a means of asserting dominance ... thus there were very spesific sanction against sex between male citizens of the same status because these threatened codes of masculine dominance.”

Die teks gaan dus nie om homoseksualiteit in die moderne sin van die woord nie, maar om die vernedering en onderwerping van mans deur middel van verkragting (Bird 2000:148; Gangnon 2001:78; Loader 2012:29; Winterer 2005:113).

ʼn Verdere aspek wat ter sake is, handel oor die belang van gasvryheid teenoor vreemdelinge. In die antieke Joodse gemeenskap was die opdrag om gasvryheid teenoor vreemdelinge te bewys onskendbaar (Loader 1990:37-38; Rogers 2006:70; Thielicke 1964:277; Van Selms 1973:250; Von Rad 1972:218). Die vertelling van Genesis 19:1-8 word voorafgegaan deur Genesis 18:1-8 waar Abraham vreemde mans met gasvryheid ontvang en hulle ook versorg. Abraham het die voorbeeld van gasvryheid geword. Lot doen dieselfde wanneer hy die mans met gasvryheid ontvang en hulle ook beskerm teen vernedering deur middel van verkragting (Seow 2006:21).

### 6.3.3 Rigters 19:16-30

ʼn Soortgelyke verhaal speel in Rigters 19 af. In hierdie gedeelte word vertel dat boewe in Gibea seksuele omgang met ʼn Leviet wou gehad het, wat saam met sy byvrou op reis was en by ʼn ou man en sy vrou tuisgegaan het. Die ou man wat aan die Leviet en sy byvrou huisvesting gegee het, het by die boewe gepleit om nie “ʼn lae ding” met hom doen nie (Rigters 19:23). In ruil daarvoor word die man se byvrou en die ouman se dogter aangebied.

As Rigters 19:16-30 letterlik gelees word, word daar in die verhaal twee vroue aangebied in ruil vir die Leviet (AKV Agenda 2016:450). Die boewe aanvaar nie die aanbod nie, en om homself te red, stoot die Leviet sy byvrou by die deur uit en sy word die nag herhaaldelik verkrag. Sy kom weer by die ouman se huis, waar sy by die deur inmekaarsak en sterf.

Hierdie teks verwys ook na die vernedering van ŉ man deur ander mans (Van Eck 2016:451) en die minagting van die gebod tot gasvryheid. Die afloop van die verhaal in Rigters 20 gee die sleutel tot hoe die teks verstaan kan word. ŉ Volksvergadering het plaasgevind met die vraag “Hoe het hierdie lae ding plaasgevind” (Rigters 20:3,6,10,12). Die “lae ding” waarna verwys word, is nie homoseksuele dade nie (Geyser 2002:1667). Dit gaan oor die feit dat die Leviet en sy vrou in Gibea wou oornag, maar dat die boewe die Leviet wou verkrag en die inwoners van Gibea ongasvry opgetree het (Van Eck 2016:453). Die verkragting en vernedering van mans en ongasvryheid is die sake waaroor dit gegaan het, wat eintlik nie relevant is tot die huidige gesprek oor homoseksualiteit nie (Dreyer 2006:450). Vanselfsprekend word seksuele geweld eenparig verwerp deur alle kerke. Die debat in kerke gaan egter nie om seksuele geweld nie, maar om die liefdevolle verhouding wat tussen twee mense bestaan.

### 6.3.4 Romeine 1:24-27

In die Grieks-Romeinse kultuur het homoseksualiteit algemeen voorgekom (Du Rand & Nel 2016:Loc2485). In die Grieks-Romeinse wêreld was seksuele verhoudings tussen dieselfde geslag nie ongewoon nie (Dreyer 2006:455). Die woord “homoseksualiteit” kom egter nie in die Grieks-Romeinse geskrifte voor nie. Ten spyte daarvan was mense in die antieke tye bewus van seksuele omgang tussen mans en ook tussen mans en seuns (Aristoteles *Problematica* 4,26). Om seksueel aktief te wees was as ŉ “manlike” ding beskou. Tempelprostitusie, wat deur mans en vroue beoefen is, was algemeen bekend en bedryf as deel van die antieke vrugbaarheidsgodsdienste. Om met ŉ tempelprostituut omgang te hê, is beskou as ŉ religieuse daad. Seksuele omgang met verskillende mense en verskillende geslagte was aanvaarbaar in die Grieks-Romeinse kultuur, maar is deur die vroeë Christene as losbandigheid en sonde beskou (Du Rand & Nel 2016:Loc2493).

Paulus se argument in Romeine 1:18-27 is dat homoseksuele dade deel is van die afgodsdiens in die heidense tempels (Van Eck 2016:545). In ons eietydse konteks het homoseksualiteit geen verbintenis met afgodsdiens

nie. In Romeine 1:29-31 gee Paulus ŉ lys van al die sondes waaraan Christene nie mag deelneem nie. Dit sluit in "ongeregtigheid, hebsug, gemeenheid, jaloesie, moord, twis, bedrog, kwaadwilligheid, skinder, hooghartigheid, verwaandheid, ongehoorsaamheid aan ouers, onverstandigheid, onbetroubaarheid en liefdeloosheid". Die vraag is of homoseksualiteit ŉ groter sonde is as die ander, dat dit spesifiek uitgelig word (Van Eck 2016:454). As dit die geval is, waarom is homoseksualiteit ŉ groter sonde as al die ander sondes op die lys?

Paulus se argument is verder dat seks met dieselfde geslag onnatuurlik is (Van Eck 2016:454). Dit impliseer dat homoseksualiteit ŉ keuse is. Paulus was vanselfsprekend nie bewus van moderne genetika en wetenskaplike bevindings oor seksuele oriëntasie nie. Die historiese konteks van hierdie Skrifgedeelte het betrekking op afgodery en tempelprostitusie. Party het God onteer deur hulleself oor te gee aan afgode en seksuele praktyke wat daarmee verband hou. Daarom het God hulle oorgegee aan hulle eie drange (Steyn 2007:624).

### 6.3.5 1 Korintiërs 6:9-10

Hierdie teks bevat die duidelikste uitspraak oor seksuele etiek, insluitend homoseksualiteit in die Nuwe Testament (May 2004:1). In 1 Korintiërs 6:9-10 is ŉ lys van mense wat nie deel het aan die koninkryk van God nie: onsedelikes, afgodedienaars, egbrekers, mense wat homoseksualiteit beoefen, diewe, geldgieriges, dronkaards, kwaadpraters en bedrieërs (Steyn 2007:625). Daar is ŉ sterk moontlikheid dat hierdie lys sinspeel op die etos van afgodery en immoraliteit wat kenmerkend van Korinte was (Steyn 2007:625-626).

As die teks letterlik gelees word, is die boodskap soos volg: Mense wat homoseksualiteit beoefen se sonde is so groot dat hulle nie deel het aan die koninkryk van God nie. Homoseksualiteit is sonde en sal gestraf word (Van Eck 2016:456). As die teks histories-krities gelees word kom daar ook ander perspektiewe na vore. Een daarvan is dat die teks in die eerste plek oor ekonomiese uitbuiting gaan, insluitend seksuele uitbuiting, prostitusie en

seks vir geldelike gewin. “Some kind of economic exploitations, probably by sexual means: Rape or sex by economic coercion, prositution, pimping or something of that sort” (Martin 2006:121). Dit gaan in die eerste plek om ekonomiese uitbuiting, insluitend seksuele uitbuiting (Van Eck 2016:459).

#### 6.3.6 1 Timoteus 1:8-10

Die Timoteusbriewe is gefokus op die gemeentelike situasie in Efese (Schnelle 1996:383). In 1 Timoteus 1:10 verskyn die term wat sou kon verwys na homoseksualiteit in ŉ sondelys. ŉ Kritiese lees van die teks dui daarop dat die opeenvolgende “ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen en ontvoerders” saam gelees moet word (Geyser 2002:1655-1677). Indien die teks so gelees word, gaan dit waarskynlik oor slawehandelaars wat met slawe (ook kinders) handel dryf en hulle as prostitute verkoop (Geyser 2002:1671; Steyn 2007:634). Dit herinner baie sterk aan die hedendaagse praktyk van mensehandel en prostitusie ter wille van finansiële gewin. Die vraag wat ten opsigte van die teks gevra moet word, is of dit bloot na homoseksualiteit verwys, of na die ekonomiese uitbuiting van persone deur middel van seks (Van Eck 2016:460).

#### 6.3.7 Ander siening

Die bogenoemde siening oor die gedeeltes is nie die enigste perspektief nie. Daar is ook diegene wat sekere homoseksuele tekste sien as duidelike uitsprake teen die sonde van homoseksuele praktyke. Weereens is dit nie die doel van die studie om die tekste uit te lê nie, maar net om aan te dui dat Skrifverstaan en interpretasie ŉ belangrike rol speel wanneer besluite geneem moet word. Vir hierdie gedeelte gaan die NGK 2007d en NHKA 2016e gebruik word om aan te dui hoe dieselfde vergadering verskillend oor ŉ teks kan dink.

##### 6.3.7.1 Ou Testament: Wat sê die Skrif

Genesis 1 – 3 speel ŉ belangrike rol wanneer dit kom by die verstaan van die huwelik in die Ou Testament. Dat menswees uit manwees en vrouwees bestaan en dat die huwelik ŉ blywende verbintenis tussen man en vrou is, is duidelik by die lees hiervan. Daar is ook ŉ aantrekkingskrag tussen man

en vrou en daarom is daar ŉ seksuele verhouding. Die verhouding wat in Genesis 1 – 3 beskryf word, word deur die Bybel as die oorspronklike voorbeeld van die huwelik gesien. Indien die Skrif die verstaan van die huwelik soos in hierdie hoofstukke handhaaf, is dit dus nie moontlik om aan die huwelik as iets tussen mense van dieselfde geslag te dink nie (NGK 2007d:165).

Daar is verskillende tekste in die Ou Testament waar homoseksuele dade ter sprake is: Genesis 19:5, Rigters 19:22, Levitikus 18:22 en 20:13. Genesis 19:5 en Rigters 19:22 is in die lig van die feit dat homoseksuele verkragting ter sprake is, nie relevant in die etiese beoordeling van ŉ vrywillige seksuele verhouding van liefde en trou tussen twee persone van dieselfde geslag nie. Levitikus 18:22 en 20:13 bevat ook sterk uitsprake teen homoseksuele omgang tussen mans. In beide verse word hierdie optrede as ŉ gruwel beskou. Die feit dat beide persone wat by die homoseksuele daad betrokke is in Levitikus 20:13 veroordeel word, toon dat ongedwonge seksuele verkeer tussen twee mans ter sprake is (NGK 2007d:165). Die rede vir die oordeel oor ongedwonge seksuele omgang tussen mans in die Levitikus-tekste word nie verklaar vanuit ŉ afkeur van sekere praktyke van die Kanaäniete in die tekste ter sprake nie. Die oordeel oor ongedwonge seksuele omgang tussen mans word ook nie verklaar as die uitvloeisel van ŉ spesifieke beskouing oor die manlike geslagsrol nie. Indien die handhawing van die geslagsrolle die hoofmotief vir die prohibisies teen seksuele omgang tussen mans was, is dit vreemd dat die aktiewe deelnemer net soos die passiewe deelnemer in Levitikus 20:13 veroordeel word. Hierdie kras oordeel oor ongedwonge seksuele verkeer tussen mans word ook nie verklaar as die uitvloeisel van die wêreldbeeld waarin groot klem op vrugbaarheid en voortplanting geplaas is nie (NGK 2007d:166). Soos reeds genoem, word die heteroseksuele man en vrou se verhouding in Genesis 1 – 3 beskryf as die oorspronklike voorbeeld van die huwelik. Daarom lê die diepste afkeur in homoseksuele omgang tussen mans in Levitikus 18:22 en 20:13.

Daarom kan die volgende uitsprake in Levitikus 18:22 nie aanvaar word nie:

- Dat dit in stryd sou wees met Christus se liefdesgebod.
- Dat dit deel vorm van wette wat dit ten doel gehad het om Israel kulties van hulle buurvolke af te sonder en daarom in die lig van Christus se inklusiewe bediening nie op die Nuwe Testamentiese gelowige van toepassing is nie.
- Dat dit deel uitmaak van die heiligheidswet met ŉ klem op kultiese heiligheid en daarom ook nie op die Nuwe Testamentiese gelowige van toepassing is nie.
- Omdat die dade wat in Levitikus 18:22 en 20:30 verbied word waarskynlik insidenteel was, kan ŉ homoseksuele verhouding wel geregverdig word.

Daarom is die beoefening van homoseksualiteit in skerp disharmonie met die Ou-Testamentiese siening van die verhouding tussen man en vrou. Selfs indien geen van die tekste in die Ou Testament waarin daar na homoseksuele omgang verwys word, op die moderne verskynsel van die beoefening van dieselfde geslag seks nie ŉ verhouding van liefde en trou van toepassing sou wees nie, kan die praktyk nie vanuit die Ou Testament geregverdig word nie (NGK 2007d:166).

#### 6.3.7.2 Nuwe Testament

Oor Romeine 1:26-27 word daar uitgewys dat die woord "teennatuurlik" in die Grieks-Romeinse wêreld gebruik was waar daar sprake van pederastie was en daarom verwys dit nie na die homoseksuele daad tussen volwassenes nie. Die woord "teennatuurlik" kom in vers 26 voor waar daar gepraat word van vroue wat hulle seksualiteit uitleef op ŉ teennatuurlike manier en daarom kan hier nie bloot net na pederastie verwys nie (NHKA2016e:482). Die indruk word soms geskep dat Paulus nie genoeg woordeskat gehad het om te sê wat hy wou nie en dat hy daarom sinspeel op pederastie wanneer hy hom daarteen probeer uitspreek het. Dit is egter onwaarskynlik dat, indien Paulus die woord pederastie tot sy beskikking gehad het, hy dit nie sou gebruik het nie. Die vraag ontstaan ook waarom Paulus sou praat van mans wat met mans skandelikhede bedryf eerder as mans met seuns. Dit kan ook nie gesien word in die lig dat een man ŉ ander

misbruik nie, want daar staan dat hulle brand van begeerte vir mekaar (NHKA 2016e:483).

Dit is egter waar dat pederastie voorgekom het in daardie samelewing, maar so is dit ook waar dat homoseksuele dade tussen volwasse mans nie ŉ vreemde konsep was nie. Daarom is dit baie meer waarskynlik dat Paulus hier praat oor ŉ instemmende daad tussen volwasse mans as "pederastie". Daar word ook aangevoer dat Paulus se afwysende uitsprake oor homoseksualiteit verstaan moet word in die konteks van afgodery, maar dit weerspreek die argument oor pederastie, want dit is ŉ indirekte erkenning dat dit wel handel oor seksuele dade tussen volwasse mans aangesien die homoseksuele dade wat in konteks van afgodsdiens gepleeg is, blykbaar tussen volwassenes was (NHKA 2016e:483). Paulus se punt hier is daarom nie net van toepassing op sekere gevalle nie. Die beginsel wat hier gestel word, is dat homoseksuele dade sonde is, of dit nou in die konteks van afgodsdiens, feesvieringe of watter situasie ook al is (NHKA 2016e:483).

As daar na die Korintiërs-tekste gekyk word staan die argument dat dit handel oor prostitusie en pederastie. Daar is egter nie ŉ rede waarom voorkeur gegee moet word aan die interpretasie dat dit hier gaan oor ŉ volwasse man en ŉ minderjarige seun nie. Daar word gesê dat die Griekse woord *arsenokoites* op die ouer man dui en die woord *malakos* op die minderjarige seun (NHKA 2016e:483). Louw en Nida (1988:772-773) dui egter daarop dat dit moontlik is dat *arsenokoites* in sekere kontekste verwys na die aktiewe manlike deelnemer tydens homoseksuele daad. Dit word versterk deur die verklaring van die woord *malakos* deurdat dit kan verwys na die passiewe rol tydens die homoseksuele daad. Daar was in die Grieks, soos in ander tale, die gebruik om verskillende terme te gebruik vir verskillende rolle tydens die homoseksuele daad. Daar kan weereens beklemtoon word dat daar in Grieks ŉ woord was vir pederastie en Paulus het nie ŉ rede gehad om dit nie te gebruik nie as dit was waaroor hy wou praat (NHKA 2016e:484).

Botha (2005:176) sê in hierdie verband: "Paul in his choice of language seems to have deliberately avoided the plethora of terms that could donate

pederasty". Die argument wat hier gevoer kan word, is dat Paulus die homoseksuele daad afkeur en dit sien as eties verkeerd, ongeag of dit nou verwys na die passiewe deelnemer of die aktiewe deelnemer. Loader (2014:5) stel dit soos volg: "the words are best understood as referring to the active and passive partners in same-sex intercourse, male bedders and softies, a term used also more widely of effeminacy. The former word appears in the list found in the deutero-Pauline 1 Timothy 1:10 and may have been a neologism based on the Greek text of Leviticus 18:22".

As daar dus gesê word dat *arsenokoites* gesien word as ŉ neologisme wat gebaseer is op die Septuagint se vertaling van Levitikus 18:22, kan daar nie twyfel wees dat dit ŉ ondubbelsinnige manier was om van die homoseksuele daad te praat en dit ook af te keur nie (NHKA 2016e:484).

### 6.3.8 Opsommend

Dit is duidelik dat seksualiteit regdeur die Bybel ŉ belangrike saak is. Die Bybel is duidelik daaroor dat die huwelik die vanselfsprekende ruimte bied vir seksuele omgang. Wanneer dit kom by die tekste rakende homoseksualiteit, moet die volgende onthou word (Du Rand & Nel 2016:Loc2408-2416):

- Bybellesers se uitleg oor die tekste mag verskil omdat elkeen vanuit ŉ eie hoek na selfdegeslagverhoudings kyk. Elke antwoord waartoe ŉ ondersoeker kom, hang saam met die unieke vrae wat gevra word.
- Die gesag van die Bybel bly die vertrekpunt. Skrifgesag word gesetel binne geloofsverstaan, binne geloofsontmoeting tussen die mens en God deur die werk van die Heilige Gees. Wanneer uiteenlopende standpunte gestel word, beteken dit nie dat die gesag van die Bybel bevraagteken word nie.
- Wanneer daar besin word oor selfdegeslagseks kan dit gebeur dat uitleggers se persoonlike omstandighede en belange maklik hulle geloofsoortuigings beïnvloed en self ook manipuleer wat kan lei tot Skrifuitleg om so eie voorkeurstandpunte te ondersteun.

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat Skrifbeskouing en eksegetiese benaderings bepalend is vir die afwysing of aanvaarding van homoseksualiteit (AKV Agenda 2016:461). As die tekste letterlik gelees word, is homoseksualiteit sonde. As die Bybel krities gelees word, is dit nie so eenvoudig nie. Uiteraard kompliseer dit die besluitnemingsprosesse van kerklike vergaderings, omdat die uiteenlopende benaderings en standpunte op vergaderings gestel en verdedig word. Dit is ook opmerklik dat verskillende kerke, vanweë uiteenlopende teologiese vertrekpunte, uiteenlopende besluite neem.

## 6.4 Openbaring

Volgens die Rooms Katolieke Kerk word God se wil vir ons duidelik vanuit die Skrif en die tradisie. Dit het die kerk die bron van Goddelike openbaring en as heilsmiddel gekonstitueer (Buitendag 2008:1134). Die Kerkhervorming het in reaksie hierop die Bybel tot ŉ kenteoretiese uitgangpunt ontwikkel. Die reformatoriese slagspreuk *sola Scriptura* ken aan die Bybel eienskappe toe soos onfeilbaarheid, Goddelike inspirasie, genoegsaamheid, deursigtigheid en selfwerksaamheid (Buitendag 2008:1134). Die basis van die Christelike geloof is die onfeilbare Woord van God. Gevolglik word die openbaring as afgehandel en die kanon as geslote beskou (Buitendag 2008:1134).

Wanneer daar oor Skrifbeskouing nagedink word, is Goddelike openbaring ook ter sprake. Hoe openbaar God Homself aan die mens? Hoe weet die mens wat die wil van God is? Wie God is? Is die Bybel die enigste manier hoe God Homself openbaar? Daar is reeds verwys na die *Nederlandse Geloofsbelydenis* wat God se skeppingswerke as openbaringsbron erken. Watter rol speel die mediese wetenskap se bevindings as daar oor homoseksualiteit nagedink word?

Dulles (2004:193-210) het vyf verskillende "modelle" van openbaring voorgestel. Eerstens kan openbaring dogmaties verstaan word. Dit beteken dat die Goddelike openbaring in proposisies vasgelê kan word, op grond van Goddelike inspirasie (Buitendag 2008:1137). Ondersteuners van die model

beskou die Bybel dan as 'n tydlose, onfeilbare en geïnspireerde bron vir die kerklike dogma en leerstellings (Buitendag 2008:1137). In hierdie verband sou na Artikel 7 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* van 1561 verwys kon word:

> "Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word… en aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat, bly dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is… verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer."

Tweedens is daar die standpunt dat God Homself in die geskiedenis openbaar. Dit beteken dat historiese gebeure, veral die gebeure waarvan die Bybel vertel soos die uittog uit Egipte, die terugkeer uit ballingskap en die opstanding van Christus God aan die mens openbaar (Buitendag 2008:1137). Ook vir hierdie model is die Skrif genoegsaam, aangesien die Bybelse verhale die handelinge en wese van God aan die mens openbaar. Hierdie denke het veral deur die Historisme van Ernst Troeltsch bepaalde invloed verkry.

Derdens word openbaring as 'n persoonlike ervaring van die genade van God beskou (Buitendag 2008:1137). Dit was veral die teologie van Schleiermacher wat hierin 'n bepaalde rol gespeel het.

Vierdens kan openbaring gesien word as 'n nuwe werklikheidsverstaan. Voorstaanders van die model verstaan openbaring as God se weg met die wêreld (Buitendag 2008:1138). God is dan nie 'n voorwerp van ervaring nie, maar is die transendente dimensie betrokke in die skepping (Buitendag 2008:1139).

Laastens kan daar na Karl Barth verwys word, en die dialektiese wyse waarop hy met die openbaring omgegaan het. Barth se teologie en sy drievoudige verstaan van die Woord van God het byvoorbeeld groot invloed op die NHKA se teologie, Skrifbeskouing en gevolglik besluite oor homoseksualiteit uitgeoefen het (Breytenbach 1989:329). Die invloed van Barth is duidelik sigbaar in talle studiestukke wat voor die AKV gedien het. Dit is ook merkbaar

in Besluit 41 (2016) wanneer daar na die “breë evangelie van Jesus Christus” verwys word. Die Woord van God is in die eerste plek die vleesgeworde Woord, Jesus Christus.

Volgens Barth kan God nie in en deur objektiewe dogmas, die natuur, menslike geskiedenis (Troeltsch), menslike ervaring (Schleiermacher) of menslike sedelikheid (Ritschl) geken word nie. God ontmoet die mens in vryheid, deur sy Woord. Barth (1961:31) was van mening dat God Homself in en deur die Woord openbaar, maar die Woord is in die eerste plek die vleesgeworde Woord, Jesus Christus. God openbaar Homself as die Here en die Verlosser. Barth verstaan die openbaring as sakramenteel, as ’n teken wat na God heenwys. Daarom is openbaring nie identies aan God nie en kan ons God slegs op ’n indirekte wyse verstaan (Barth 1961:74).

Barth verstaan die openbaring trinitaries (Barth 1961:29-49). Volgens Barth is die drie gestaltes van God se Woord (Jesus Christus as die Woord wat mens geword het; die Bybel as die skriftelike neerslag van die Woord; en die kerklike verkondiging as Woordgebeure) onlosmaaklik aan mekaar verbonde (Malan 2017:1). Volgens Barth leef die kerk met die verwagting dat die Bybel deur die werking van die Heilige Gees telkens weer die Woord van God word. Die Bybel se menslike woorde word die Woord van God wanneer ons dit hoor as God se aanspraak op ons lewe (Van Zyl 1944:126-127).

Volgens Barth is God altyd die handelende onderwerp. God is nie objektief in die Woord te vind nie, maar subjektief handelend in en deur die Woord. God kan in absolute vryheid deur die Woord na ons toe kom en Homself aan ons openbaar (Van Zyl 1944:129-130). Goddelike openbaring berus nie op menslike insig of besluite nie, maar op die feit dat God gekies het om vir die mens ’n God te wees en in en deur Jesus Christus met die mens in verhouding te staan. God se handelinge in en deur Jesus Christus is die belangrikste fondasie van die mens se verhouding met God, en nie enkele teksverse of dogmatiese beginsels nie. Buitendag (2008:1141) formuleer dit soos volg: “Die *primum principium* is alleen God wat genadig na ons uitrek en so deur gelowiges beleef word. Dit is geen ontologiese gegewe nie, maar ’n ontmoeting in geloof. Christus as die Spreker van God se spreke realiseer sy

teenwoordigheid en dit word die Woord van God." Die waarheid van die Woord kan net geken word deur geloof as verhouding met Christus (Van Aarde & Geyser 2004:17). Volgens Van Zyl (1944:134) kan Barth se Skrifbeskouing soos volg saamgevat word: "Deur genade alleen kan ons as mense glo en God in die Bybel leer ken. Die genade is die feit dat hoewel ons God nie werklik ken nie, God ons ken. Gelowiges aanvaar die Bybel as geloofsboek."

Openbaring kan "nooit los van geloof gemaak word nie, want geloof is juis die wyse waardeur openbaring geseën word" (Buitendag 2008:1140). Die Bybel se diversiteit en historisiteit is net te oorweldigend om geïgnoreer te word. "Die lees van ʼn Bybelteks is nie net ʼn tegniese vaardigheid wat aangeleer word nie, maar ʼn gebeure wat relatief tot die gelowige groei" (Bonhoeffer 1996:64). Deur Christus wat deur die Woord aan die woord kom, realiseer Christus se teenwoordigheid en word dit God se Woord (Buitendag 2008:1141).

Vanuit die geledere van die NG Kerk skryf Bartlett (2017:43-45) soos volg oor die Bybel en homoseksualiteit:

> "Vir gelowiges in die gereformeerde tradisie wat die Bybel beskou as die geopenbaarde Woord van God wat op Skrif gestel is met die bedoeling om as basisdokument vir ons geloof en lewe te dien (NGB Art 3 en 5), is dit van die allergrootste belang om oor alle etiese kwessies (insluitende die van homoseksualiteit) te vra na die lig wat Bybelse gegewens daarop werp. Dit is egter net so belangrik dat daar op ʼn verantwoordelike wyse van Skrifgegewens gebruik gemaak word. Dit was nog altyd van belang om nie die Bybel te hanteer as ʼn soort orakelboek wat sonder die toedoen van mense tot stand gekom het en wat bestaan uit ʼn versameling tydlose uitsprake nie. Teenoor die Fundamentalisme (waar die Bybel op feitlik meganiese wyse met die Woord van God vereenselwig word) moet die standpunt gehandhaaf word dat die Bybel volledig ʼn menslike boek is met ʼn menslike en historiese karakter, met die implikasie dat die Bybelse geskrifte met inagneming van die historiese en kulturele gesitueerdheid daarvan bestudeer moet word."

Hierdie benadering verg kennis van die historiese en kulturele konteks waarin ŉn bepaalde Skrifgedeelte tot stand gekom het en waarbinne dit tot die oorspronklike leser gespreek het. Verder is die literêre konteks waarbinne tekste verstaan moet word belangrik. Daar moet onderskei word tussen die sentrum en die periferie van die Bybel. Heyns (1976:95) het dit soos volg stel: "Wie die sentrum en die periferie nie onderskei nie, maar dit met mekaar verwissel, sal in die waan van gehoorsaamheid die boodskap van die Skrif mis."

Daar is redelike eenstemmigheid onder reformatoriese teoloë dat "God se openbaring in Jesus Christus" die sentrum is waaruit die heel en die onderdele van die Bybel verstaan moet word (De Gruchy 1997:250).

> "Ware kennis van God en van sy handelinge met die mens word in Christus ontsluit; nie alles in die Bybel staan ewe naby aan die sentrum nie: sommige staan nader en ander verder. By implikasie is sekere sake in die Bybel so tydgebonde en so naby aan die periferie, dat dit nie meer op presies dieselfde wyse geldingskrag het as sake wat digter by die sentrum lê nie" (Heyns 1976:90-94).

Waar dit gaan oor Skrifberoep in die etiek is hierdie onderskeiding tussen sentrum en die periferie van besonderse belang. Die hoofsaak waaruit etiese beslissings geskied is in die eerste plek nie individuele wetbeslissings wat in die Bybel opgeteken is nie, maar die dubbele liefdesgebod wat deur Jesus as die sentrum van die wet aangedui word en wat soos volg deur Paulus geantwoord word: "Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan" (Gal. 5:6). Ook in die etiese beoordeling van homoseksualiteit is dit die sentrale maatstaf wat aangelê moet word: of dit wat beoordeel word, beantwoord aan die eise van die liefdesgebod (Wink 1999:44-48).

## 6.5 Hermeneutiek

Ebeling (1960:333,347) was van mening dat dit nie ons is wat ŉ teks uitlê nie, maar omgekeerd — die teks lê ons uit en bring ons tot verstaan. "Dit beteken dat ŉ teks altyd uit die omvattende kompleks van spreker, teks en leser tesame met die onderskeie kontekste verstaan moet word" (Buitendag 2008:1142). Die universele boodskap van die Skrif oorbrug die tydruimtelike afstand tussen die teks en die leser (Gadamer 2004:305,389). Volgens Gadamer (1975) is die mens se kontekstuele bestaan in die wêreld die basiese voorwaarde van elke manier om te ken en betekenis aan sy of haar omgewing te gee. ŉ Mens kan slegs betekenis gee en ontvang in die verstaan van enige saak, vanuit die belewing van die wêreld waarin die mens is (Gadamer 1975:240-251; 1979:225-236). Met die begrip *distansiëring* word verduidelik dat daar ŉ dubbelheid bestaan in die verhouding tussen die leser en die teks, en daarom is hermeneutiek ŉ konstante worsteling tussen afstand en nabyheid, vervreemding en ook deelname (Gadamer 1975:275-282; 1979:258-265). Die verstaan van ŉ teks uit die verlede vir die tyd waarin die leser dit lees begin in die verstaanproses van die vooroordele van die leser (Gadamer 1975:261-268;1979:245-253). Elke mens het verskillende sienings; hierdie sienings word gevorm op grond van die mens se opvoeding, omgewing, kultuur en die invloed van tradisie. ŉ Mens sien dinge volgens die insigte van die eie tyd waarin die mens homself bevind. Eers wanneer ŉ mens jou situasie met denke, sienings en probleme goed bedink en helder in die bewussyn plaas, kan daar na die teks gegaan word (Pieterse 2011:730). Die implikasie vir die Skrif is dan duidelik — daar is nie ŉ eenduidige of finale lees moontlik nie. Die Christelike geloof word dus aan ŉ interne pluraliteit geken (Buitendag 2008:1142). Die teks met sy tradisie moet gerespekteer word en daarin is ŉ bepaalde outoriteit. Die verhouding tussen spreker, teks en leser is nie so maklik soos wat mens sal dink nie (Buitendag 2008:1142).

Kultuur en taal is belangrik wanneer die Skrif geïnterpreteer word. Die Wêreldraad van Kerke (WRK 1980:20) het dit soos volg geformuleer:

> “Our starting point is that we are all living in a tradition which goes back to our Lord and has it roots in the Old Testemant, and are all indebted to that tradition in as much as we hace received the recealed truth, the Gospel, through its being transmitted from one generation to another. Thus we can say that we exist as Christians by the tradition of the Gospel (the paradosis of the kerygma) testified in Scripture, transmitted in and by the Church throught the power of the Holy Spirit. Tradition taken in this sense is actualized in the preaching of the Word, in the administration of sacraments and worship, in Christian teaching and theology, and in mission and witness to Christ by the loves of the members of the Church.”

Waarom is daar dus konflik oor die manier waarop mense die Bybel interpreteer? Deur die eeue is daar telkens vyf konflikte in verband met die lees van die Bybel (Smit 2006:66):

- “die stryd tussen verduidelik en verstaan;
- die stryd oor wie eintlik die reg het om die Bybel te lees;
- die stryd oor wat lees regtig is en hoe mense behoort te lees;
- die stryd oor wat dit beteken om met verantwoordelikheid te lees; en
- die stryd oor wat die Bybel eintlik is wat die ware aard van die teks is.”

Nürnberger (2009:90-94) wys op ŉ klomp van die vrae wat gevra word wanneer die verskillende wêreldbeelde verontagsaam word. Dit sluit in vrae soos: Hoe kon Jona drie dae in die buik van die vis oorleef? Hoe kon Noag al die diere in die ark huisves, en vir almal kos gee sonder dat roofdiere die ander eet? Waar het Kain ŉ vrou gekry? Wanneer gaan die voorspellings in Openbaring plaasvind? (Van Wyk 2011:3). “By die interpretasie van die Bybel moet die onderskeid tussen die uiteenlopende taalvorms en wêreldbeskouings van die antieke tekste en van ons wêreld dus deeglik verreken word” (Van Wyk 2011:3). Die interpretasie van die Bybel wat nie die nood van die wêreld aanspreek nie, is irrelevant (Van Wyk 2011:4).

Snyman (2007:67-81) wys daarop dat die interpretasie van die Bybel soms ŉ wapen word wat mense seermaak omdat daar eenvoudig nie genoeg sensitiwiteit bestaan vir die impak wat die interpretasie van die Bybel op ander mense het nie. Omdat die siening dat die Bybel die objektiewe openbaring van God is, en die subjektiewe posisie van die leser nie verreken mag word nie, was dit moontlik om geweld teen ander mense met Bybeltekste toe te laat, om apartheid teologiese te regverdig, om vroue uit kerklike ampte te hou, en om homoseksuele persone as randfigure uit die kerk te stoot.

Volgens Barth gaan dit in die reformatoriese teologie oor die uitleg van die Bybel; dus hermeneutiek en die verkondiging van die Woord in en deur die kerk. Die vertrekpunt vir teologiese denke is dus nie menslike religieuse behoeftes of die geskiedenis nie, maar dit is God self (Dreyer 2016:35). God het self gekies om Hom in en ook deur die Woord aan die mens te openbaar. Die is die vleesgeworde Woord, die geskrewe Woord en ook die verkondigde Woord. Reformatoriese teologie maak erns met die Woord van God (Dreyer 2016:35).

Barth meen dat die drie gestaltes van die Woord (vleesgeworde Word, geskrewe Woord en verkondigde Woord) onlosmaaklik van mekaar bestaan. Die kerk bely dat die Bybel die Woord van God is, met die verwagting dat dit telkens weer vir ons Woord van God word.

Die Bybel verteenwoordig ook verskillende voorbeelde van geloofsverstaan, wat verder verband hou met herinterpretasie met die oog op toepassing in andersoortige kontekste (Malan, 2019). Die Bybel spreek net een Woord, naamlik Jesus Christus. In daardie sin getuig die Bybel van die openbaring; daarom is die Bybel ŉ selfopenbaring van God. Vir Barth is openbaring indirek, want dit is ŉ teken van God. Dit is die profetiese en apostoliese getuienis van die primêre teken Jesus Christus. God openbaar dus God self (Malan, 2019). Die Bybel word vir Barth net in die geloof die Woord van God vir ons as mense, omdat dit ons aangryp as God se spreke tot ons en ons geloof skep. Die menslike aard van die Bybel verhul die Goddelike aard van die Bybel, wat slegs onthul kan word met ŉ wonder van God. God kom dus tot ons in Jesus

Christus. Daar kan gesê word dat Barth se Skrifbeskouing saamgevat word met drie woorde, naamlik God, genade en geloof. Deur genade alleen kan ons glo en vir God deur die Bybel leer ken.

### 6.6 Voorbeelde

Dit is duidelik dat verskille in Skrifbeskouing, eksegese en hermeneutiek, en Skrifinterpretasies ŉ beslissende rol speel in kerke se besluitnemingsprosesse — nie net ten opsigte van homoseksualiteit nie maar ook ander sake. Vervolgens word dit met enkele voorbeelde vanuit die vier kerke se besluite oor homoseksualiteit geïllustreer.

In die 2016-verslag oor *Human Sexuality* wat voor die UPCSA Sinode gedien het, is daar gepoog om ruimte te skep vir verskillende perspektiewe (Duncan 2019:3). Daar is nie net aangetoon dat menseregte, wetgewing en etiese perspektiewe belangrik is nie, maar dat daar ook verskillende perspektiewe vanuit die Skrif moontlik is (UPCSA 2016:391-392):

> "The Bible does not talk about inborn homosexuality as we know it today … [it] condemns gay relationships where they are promiscuous and idolatrous and the same with heterosexual relationships. The Bible never mentions gay bonds for life as in love and marriage but does no condemn [them] either ... To some extent the church's understanding of how that Word [of God] applies to this area has changed. Such change has come partly through a re-interrogation of the key scriptural texts in a way that is careful to distinguish between what Scripture actually says and cultural perceptions and assumptions that often profoundly determine people's beliefs about right and wrong and so how they interpret Scripture."

Die verslag het ook die vergadering daaraan herinner dat die *Confession of Faith* van die UPCSA ŉ onderskeid tref tussen die Bybel en die Woord van God (UPCSA 2007:6-9, 2016:394).

> "Scripture is not an evenly inspired book; it does not evenly reveal God's truth and God's will throughout (Matt. 5:21-48). Thus they (many

> orthodox Christians) do not accept that the Bible itself is inerrant. … we make the lex talionis (Ex. 21:23-25; Lev. 24:19f.; Deut. 19:21) equally God's Word with the command of Jesus to forgive our enemies, counter to the lex talionis (Matt. 5:38-48). (Lex talionis: the principle or law of retaliation that a punishment inflicted should correspond in degree and kind to the offense of the wrongdoer, as an eye for an eye, a tooth for a tooth; retributive justice)."

ʼn Praktiese probleem wat die UPCSA ondervind het, is dat die UPCSA ʼn transnasionale kerk is en daarom nie burgerlike verbintenisse kan goedkeur nie, omdat dit in stryd is met sommige lande se wetgewing (UPCSA 2016:43), terwyl dit in Suid-Afrika wel toegelaat word. Dit veroorsaak ʼn gebrek aan konsekwentheid (Duncan 2019:4).

Die Ring van eGoli (UPCSA 2016:42) het die sinode daaraan herinner dat:

> "[T]o continue engagement, study and prayer over this contentious issue (homosexuality) because any decision on homosexuality cannot be divorced from the whole area of human sexuality and there therefore needs to be a basic consistency in the way sexual ethics are applied to all sexual relationships."

Die grootste probleem by die UPCSA is die voortgesette invloed van ʼn fundamentalistiese Skrifbeskouing, wat na my mening ook die geval was met die NG Kerk se ambivalente besluitnemingsprosesse. Na die NG Kerk se 2016-besluit, het die Moreletapark NG Kerk ʼn dokument opgestel waarin die ontevredenheid van die gemeente oor die besluit uiteengesit word. Die gemeente het ook aangedui dat hulle dit oorweeg om die NG kerkverband te verlaat. As rede voer hulle aan dat die besluite die resultaat van "liberale" teologie is. Gemeente Moreletapark was ook van mening dat die Grondwet hoër geag word as die Bybel. Briewe wat in die *Kerkbode* verskyn het weerspieël ook hierdie sentiment, soos ʼn brief van Gemeente Piet Retief wat die volgende skryf: "ʼn Situasie het ontstaan waarin die verre meerderheid NG gemeentes en lidmate, teen hul wil en oortuiging in, nou gedwing word om vrede te maak met besluite wat hulle nie kan

vereenselwig met die geykte Skrifuitleg deur die eeue nie. In hierdie proses het regs-tegniese punte en emosionele manipulasie die oorhand gekry" (Gaum 2020:43).

Die NGK het, net soos die meeste ander kerke, die afgelope jare baie aandag gegee aan Skrifbeskouing en Skrifverklaring en ook aangedui watter maatstawwe gebruik moet word om die Bybel in ons eie tyd te verstaan. Dit is egter duidelik dat die argumente wat op sinodes aangebied en gevoer word, nie noodwendig die lidmate beïndruk nie en dat lidmate nie daaraan gebonde voel nie. Die Algemene Sinode van 2019 het na ŉ lang debat toegegee dat daar in die NGK nog steeds verskille oor Skrifbeskouing ten opsigte van homoseksualiteit bestaan, en dat die situasie tot ŉ "vasgelooptheid" gelei het (Gaum 2020:119).

In Besluit 41 (2016) van die NHKA word nie breedvoerig na spesifieke teksgedeeltes verwys nie. In die heel laaste sin word kortliks na Efesiërs 5:1 verwys, en almal in die kerk word opgeroep om in liefde teenoor mekaar op te tree. Tegelykertyd moet in gedagte gehou word dat daar oor ŉ periode van tien jaar verskeie memoranda oor Skrifbeskouing en Skrifgebruik ten opsigte van homoseksualiteit voor die AKV gedien het. Dit moet alles veronderstel word wanneer Besluit 41 (2016) beoordeel word.

Daar kan nie van die beperkte verwysings na die Bybel afgelei word dat die Bybel onbelangrik is of nie verreken word wanneer besluite geneem word nie. Dit is wel kenmerkend van ŉ nie-fundamentalistiese Skrifhantering. Dit kom tot uitdrukking in die frase dat besluite oor homoseksualiteit "die breër boodskap van die Evangelie" moet verreken. Daarmee word bedoel dat die besluit oor homoseksualiteit nie afhanklik is van enkele teksverse nie, maar die totale evangelieboodskap. Die standpunt word in die slotparagraaf van Besluit 41 (2016) beklemtoon as lidmate van die kerk aangemoedig word om in die voetspore van Christus te volg en te lewe soos wat Hy ons geleer het. Omdat ons kinders van God is, moet ons sy voorbeeld volg en lewe in liefde soos Christus ons liefgehad het. Die fokus van die besluit is op die evangelie van Jesus Christus en God se liefde vir sondaarmense. Die optrede van Jesus is gekenmerk deur ŉ inklusiewe verstaan van God se

koninkryk. Jesus het uitgereik na alle mense, ook die wat aan die rand van die gemeenskap geleef het en as onrein beskou is.

### 6.7 Slotopmerking

Die primêre beginsel in kerkregering is dat Jesus Christus die kerk deur sy Woord en Gees regeer. Omdat Christus deur die Woord regeer, staan die Woord van God sentraal in die besluitnemingsprosesse van die kerk. Reformatoriese kerke pas hierdie beginsel nougeset toe veral omdat een van die belangrikste teologiese beginsels wat tydens die Kerkhervorming in die 16de eeu geformuleer is, die sogenaamde *sola Scriptura* beginsel is. Hiervolgens is die Bybel die enigste norm en maatstaf vir leer en lewe. Dit beteken dat kerklike vergaderings eers na die Bybel luister wanneer besluite geneem word, in die oortuiging dat Christus deur die Woord sy kerk regeer.

Dit is egter nie so eenvoudig nie. Soos hierbo genoem, speel uiteenlopende interpretasies van Skrifgedeeltes ’n groot rol en kompliseer die saak omdat dit in die verlede gelei het tot hoë vlakke van konflik en in sommige kerke self tot hofsake en ook kerkskeuring gelei het. Dit konfronteer ook die kerk nie net met die vraag na die korrekte interpretasie van die Woord nie, maar ten diepste met die vraag wat die Woord van God eintlik is. Is dit net die Bybel? Wat van die vleesgeworde Woord? Wat van die Woord wat in gemeentes leef en ook verkondig word?

Karl Barth (1975:88-120) het in sy *Kirchliche Dogmatik* die saak op die spits gedryf met sy drievoudige verstaan van die Woord, naamlik die vleesgeworde Woord, die geskrewe Woord en die verkondigde Woord. Volgens Barth is die Bybel opsigself nie die Woord van God nie. Die Bybel wat iewers in ’n laai toegesluit is, is nie die Woord van God nie, dit is net papier wat lê en stof vergader. Die Bybel word die Woord van God wanneer dit gelees word en ook geglo word en die evangelie van Jesus Christus verkondig word. Tegelykertyd is daar net een Woord van God (Barth 1975:121), maar dit neem verskillende gestaltes aan soos dat daar net een God is wat as Vader, Seun en Heilige Gees God is (Barth 1975:121-124).

Met bogenoemde in gedagte is dit duidelik dat dit nie so eenvoudig is om net ŉ beroep op sekere tekste te doen om besluite te neem oor homoseksualiteit nie. Kerklike besluite, wat in beginsel op grond van die Woord geneem word, word nie altyd eenparig geneem nie. Meningsverskille hoef nie negatief beskou te word nie. Kerke in die Gereformeerde tradisie, anders as byvoorbeeld in die Rooms Katolieke Kerk waar die pous die finale woord spreek, het nog altyd ruimte gelaat vir verskillende interpretasies van die Woord. Die "ideaal" sou wees dat kerklike vergadering besluite eenparig neem, want hulle doen dit tog onder leiding van die Gees. Die kerk beskik egter nie oor die Heilige Gees nie en kan ook nie met alle menslike insig en kennis bepaal hoe die Gees mense behoort te lei nie.

Geen kerklike vergadering kan dus onder die indruk verkeer dat sy besluite onveranderlik is nie. Kerklike vergaderings se besluite is altyd hersienbaar, en in die gees van die Kerkhervorming, moet dit ook voortdurend hersien word om die kerk te lei op die pad van gehoorsaamheid aan die Woord.

Die korrektheid of waarde van ŉ kerklike besluit word nie bepaal deur die getal mense wat daarvoor stem nie. Die waarde van ŉ besluit word bepaal deur ŉ vergadering se gehoorsame luister na die Woord, respekvolle luister na medegelowiges en die wyse waarop dit die evangelie van Jesus Christus reflekteer. Die Dordtse Kerkorde, wat in baie gereformeerde kringe as normatief beskou word, praat in Artikel XXXI van besluite wat deur "de meeste stemmen goed gevonden is" (in Pont 1981:180). Daarmee word bedoel dat ŉ besluit "reg" is wanneer die meerderheid in die vergadering oortuig is dat die besluit in ooreenstemming met die Woord van God is.

Wat die bogenoemde betref, is dit duidelik dat daar in die kerk twee direk teenoorstaande standpunte rakende homoseksualiteit is en albei hierdie standpunte doen ŉ beroep op die Skrif. Albei standpunte beroep op die Skrif en probeer verduidelik wat die tekste beteken in hulle konteks (Dreyer 2004:176). Aanvanklik was die kerk van mening dat die Ou en Nuwe Testament homoseksualiteit veroordeel, maar as gevolg van die ontwikkeling van die begrip "homoseksualiteit" het die histories-kritiese analise van

homoseksualiteit in tekste ʼn meer komplekse prentjie geskets: “The older concensus about the plain sense of Scripture on this issue began to collapse” (Sietz 2000:178).

Een van die beginsels in reformatoriese teologie is dat Jesus Christus die wet van God vervul het. Dit beteken dat ons verhouding met God nie gaan oor ʼn legalistiese nakoming van wette nie, maar ʼn nuwe lewe in verhouding met God waarin die mens vry van die sonde en dood kan lewe (Dreyer 2014:177).

Daar is inherente spanning in die hermeneuties-eksegetiese proses ten opsigte van die reformatoriese beginsels *sola fidei* en *sola Scriptura.* Die kerk kan nie aan die een kant homoseksualiteit op grond van die Skrif as sonde veroordeel en aan die ander kant mense wat gelowig en homoseksueel is met pastorale warmte wil benader nie (Dreyer 2014:178). Die kerk kan in die 21ste eeu die volgende getuienis lewer ten opsigte van homoseksualiteit (Dreyer 2014:201):

- “Die kerk weet dat die Bybel negatiewe kultuur-bepaalde uitsprake bevat oor wat vertaal word met homoseksuele gedrag. Die kerk weet die bedoeling van die Heilige Skrif is nie om kulturele gewoontes as norme voor te hou nie, maar om God se versoening aan mense bekend te maak. Die kerk leef uit hierdie evangelieboodskap. Die versoening met God berus op geloof alleen. Niks van die menslike natuur kan hierdie versoening bewerkstellig nie. God se Gees maak dit vir mense moontlik om hulle lewe en ook liggaam in God se diens te stel.”
- “Die kerk weet dat daar mense met ʼn homoseksuele oriëntasie is en dat baie van hulle lidmate van die kerk is, maar ook dat baie die kerk verlaat het en niks met die kerk te doen wil hê nie. Homoseksuele persone wat nog lidmate van die kerk is, verlang van die kerk pastorale sorg en morele leiding vir hulle Geesgevulde lewe in God se teenwoordigheid.”
- “Die kerk glo dat alle gedooptes en alle gelowiges ongeag hul seksuele oriëntasie, lede van die liggaam van Christus is. Die handhawing van die eenheid van die kerk as liggaam van Christus is ʼn evangeliese eis.”

# 7. KERKREGTELIKE BEOORDELING VAN BESLUITE OOR HOMOSEKSUALITEIT

## 7.1 Inleiding

Voordat die kerkregtelike aspekte van die besluite oor homoseksualiteit bespreek en beoordeel word, moet daar eers ŉ paar algemene opmerkings oor kerklike reg gemaak word.

Soos reeds vermeld, staan die kerkregtelike sisteem waarvolgens die meeste gereformeerde kerke funksioneer staan bekend as “presbiteriaal-sinodaal”. Dit is ŉ kerkregtelike sisteem tipies aan die gereformeerde tradisie, gebou op die kerkregtelike beginsels wat Johannes Calvyn in sy *Ordonnances Ecclésiastiques* (sien Opitz 2006: 229-278) ontwikkel en gevestig het. Calvyn het die *Ordonnances Ecclésiastiques* in 1541vir Genève opgestel, en dit is 1561 hersien. Die kerkregtelike beginsels is deur die loop van die 16de eeu deur verskillende Calvinistiese kerke, veral in Nederland, gehandhaaf en verder ontwikkel. Dit het in 1619, tydens die Sinode van Dordt, ŉ bepaalde hoogtepunt bereik met die opstel van die Dordtse Kerkorde (sien Pont 1981:185).

Die term “presbiteriaal-sinodaal” is saamgestel uit twee woorde, te wete “presbiter” en “sinode”. Die eerste woord is afkomstig van die Griekse woord “*πρεσβύτερος”* (*presbyteros*) wat dui op ŉ ouderling of ŉ persoon wat leiding neem. Tydens die eerste vergadering van die apostels in Jerusalem, was daar ook ouderlinge (*presbyteroi*) teenwoordig (Hand. 15:6).

Die woord sinode is afkomstig van die Griekse woord “*σύνοδος*” (*synodos*) wat dui op ŉ vergadering van leiers. In teenstelling met die Rooms-Katolieke Kerk, wou Calvyn nie ŉ hiërargie van ampte toelaat nie maar is die kerkregering in die hande van die ouderling geplaas wat in vergaderings byeenkom om gesamentlik, onder leiding van die Woord en Gees, besluite oor kerklike sake te neem.

In die presbiteriaal-sinodale kerkregering staan een saak sentraal: Jesus Christus regeer self die kerk. Hy is die enigste Hoof en Heer van die kerk. Hy regeer direk (onmiddellik) deur die Woord en Gees, maar ook indirek (middellik) deur die amp en vergaderings van die ampte. Wanneer kerklike ampsdraers in vergaderings byeenkom, neem hulle besluite met die vaste geloof dat Christus self sy kerk regeer. Daarom behoort besluite biddend, onder leiding van die Heilige Gees en in gehoorsaamheid aan die Woord van God geneem te word.

In die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering is daar verskillende normatiewe elemente of beginsels wat verreken moet word wanneer die kerk besluite neem, naamlik (in volgorde van belangrikheid) die Woord van God, belydenisskrifte, kerkordes, vorige besluite van vergaderings en usansie (NHKA 2019:39; sien ook Sutton & Sutton 2019:402). Van hierdie vyf grondbeginsels waarvolgens kerklike besluite beoordeel moet word, is die Woord van God natuurlik die belangrikste en daarom is dit in die vorige hoofstuk breedvoerig bespreek. Die ander grondbeginsels is ook baie belangrik, en dit word vervolgens bespreek in volgorde van belangrikheid.

## 7.2 Belydenisskrifte

Wanneer ŉ sinode oor ŉ bepaalde saak moet besluit, is kerklike belydenis van uiterse belang. Die belydenisskrifte vervat twee artikels wat ter sake is wanneer daar oor homoseksualiteit gehandel word. Die eerste is die *Nederlandse Geloofsbelydenis* (NGB), waarvan Artikel 2 as volg lui:

> **NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS**
> **ARTIKEL 2**
> **DIE MIDDELE WAARDEUR ONS GOD KEN**
>
> "Ons ken Hom deur twee middele: Eerstens deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos ŉ mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Rom. 1:20).

> Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem.
>
> Tweedens maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend en wel soveel as wat vir ons in hierdie lewe tot sy eer nodig is en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort."

Die Woord dien as bron waardeur ons God ken en waardeur God se wil aan ons bekend gemaak word, wat elke mens nodig het om tot eer van God en tot hulle eie saligheid te leef. Die eerste deel van die NGB Artikel 2 is al in die debat oor homoseksualiteit gebruik, met die spesifieke doel om die mediese wetenskap ter sprake te bring. In die Handelinge van die Algemene Sinode van die NG Kerk (2015:69-70) word bepaalde besluite oor homoseksualiteit geformuleer, en dan volg die formulering: "In ooreenstemming met die NGB Art 2 behoort die besonder en algemeen openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings." Die Algemene Sinode van die NG Kerk interpreteer die NGB Artikel 2 in terme van die algemene openbaring, wat beken dat die natuur en ons kennis van die natuur God aan ons openbaar. Dat God Homself ook in die natuur openbaar, was ʼn algemene opvatting in die 16de eeu en die Reformatore het ook daarvan gebruik gemaak.

Toegepas op die debat ten opsigte van homoseksualiteit, beteken dit dat kerklike vergaderings wetenskaplike bevindings, wat aantoon dat homoseksualiteit geneties is, ernstig moet oorweeg. In terme van hierdie interpretasie van die NGB Artikel 2 is die Bybel nie die enigste bron wanneer daar oor homoseksualiteit besin word nie. Wetenskaplike oorwegings kan ook ʼn legitieme kriterium wees waarvolgens kerklike vergaderings oor homoseksualiteit besluite neem. Dit is opvallend dat al die reformatoriese kerke besondere aandag gee aan wetenskaplike bevindings en dit in die agendas van vergaderings opneem. Dit is waarskynlik nie opgeneem met verwysing na Artikel 2 van die NGB nie, eerder as algemene inligting.

Die vraag is of daar nie meer gebruik gemaak moet word van die "algemene openbaring" waarvan die NGB Artikel 2 praat nie. Daar kan natuurlik geredeneer word dat dit die bedoeling van die NGB oorvleuel, en dat die aspek nog verder ondersoek moet word.

Die tweede belydenisskrif wat ter sprake is by die beoordeling van besluite oor homoseksualiteit, hoewel dit nie in een van die genoemde besluite vermeld word nie, is die Heidelbergse Kategismus (Sondag 41 Vraag 108) wat soos volg lees:

> **HEIDELBERGSE KATEGISMUS**
> **SONDAG 41 VRAAG 108**
> "Wat leer die sewende gebod ons?
> Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek en daarom moet ons dit hartgrondig haat."

Alhoewel die Heidelbergse Kategismus nie homoseksualiteit by die naam noem nie, is die Kategismus se verwysing na onder andere Levitikus 18 as begronding van vraag en antwoord 108, relevant. Levitikus 18 is die hoofstuk wat handel oor verbode verwantskappe en geslagsgemeenskap. Dit sluit onder andere in dat ŉ man nie met enige vroulike familielid gemeenskap mag hê nie, maar ook nie homoseksuele geslagsgemeenskap mag beoefen nie. Die skerp wyse waarop die Heidelbergse Kategismus *alle onkuisheid* afwys is opvallend. Dit sluit heteroseksuele en homoseksuele onkuisheid in, maar homoseksualiteit word nie pertinent uitgesonder nie.

Die Heidelbergse Kategismus se interpretasie van die sewende gebod wat egbreuk verbied is baie wyd. Dit gaan nie net om huwelikstrou nie, maar om enige vorm van seksuele losbandigheid. Die implikasie hiervan is dat seksuele omgang beperk word tot die huwelik, en in die 16de eeu is ŉ huwelik vanselfsprekend as ŉ verbintenis tussen een man en een vrou beskou. Hierdie gedeelte van die belydenisskrifte is nêrens in die besluite verreken nie — daarom sou geredeneer kon word dat die besluite wat

positief is oor homoseksualiteit strydig is met vraag en antwoord 108 van die Heidelbergse Kategismus.

Ook dit moet nog verder ondersoek word, omdat daar ʼn vraag gevra kan word oor die hermeneutiek van die 16de eeuse belydenisskrifte. Ook die belydenisskrifte kan nie op ʼn fundamentalistiese wyse geïnterpreteer word nie, maar moet in konteks verstaan word. Die wyse waarop die belydenisskrifte die teksgedeeltes hanteer, is tipies van die 16de eeu. Die vraag is dus: Hoe toepaslik is die teksgedeeltes waarna die belydenisskrifte verwys, gesien vanuit die perspektief van vyf eeue se ontwikkeling in eksegese en Skrifinterpretasie?

## 7.3 Kerkorde

ʼn Kerkorde is presies wat dit sê dit is: "Die orde wat in ʼn bepaalde kerk geld" (Coertzen 1991:176). "Dit is die sistematiese en gerangskikte ordereëls wat deur bevoegde instansies vir ʼn kerk opgestel word en wat as sodanig ook geldingskrag ten opsigte van die betrokke kerk het" (Coertzen 1991:176). Dit is in ander woorde die interne verbandsreg van die kerk (Pienaar 1984 (2):4). Dit kan ook beskou word as die ooreenkoms wat lidmate aan mekaar verbind. Die uniekheid van ʼn kerkorde lê daarin dat die kerk as sodanig die skepping van God is, maar ook andersyds in die feit dat God sy Woord aan die kerk gegee het. Dit is in die Woord dat die kerk hoor van God se reg en geregtigheid en van sy wet en voorskrifte vir sy kerk (Smit 1987:18). Dit beteken dat ʼn kerkorde fundamenteel anders is as die wette waarmee ʼn land regeer word.

Die kerkorde skep of konstitueer nie die kerklike ampte of vergaderings nie, maar gee slegs ordelike beslag daaraan. Die kerkorde stel nie die Woordverkondiging en die sakramentbediening daar nie, maar handhaaf en reël dit. Die kerkorde is nie die oorsprong van die kerklike dissipline nie, maar sistematiseer die Skriftuurlike opdrag tot gehoorsaamheid in kerklike prosedures. Die kerkorde skep nie die kerk nie, maar handhaaf die kernbeginsels van kerkwees (Smit 1987:24).

Tegelykertyd is dit duidelik dat ’n kerkorde nie pasklaar in die Bybel te vind is nie. Soms moet reëlings getref word wat nie direk in die Skrif gevind word nie, byvoorbeeld reëlings ten opsigte van emeritaat, die traktement van leraars, liturgie en so meer. Hoewel dit nie deur die Bybel bepaal word nie, is tog belangrik om dit te orden (Coertzen 1991:179). So ontstaan daar byvoorbeeld ’n reglement vir die uitoefening van tug, of vir die hantering van appèlle teen die besluite van kerklike vergaderings. Coertzen (1991:188) is van mening dat “’n kerkorde die goeie gang van sake in die kerklike samelewing [moet] reël en sorg dat die regering van die kerk sy behoorlike loop het.” Kerkordes moet die kerk help om in alle opsigte volgens die Skrif te leef en om God in alles te eer. Die Woord van God moet oor die hele spektrum van die kerk se bestaan ter sprake kom (Smit 1987:25)

Die kerkorde is van kardinale belang wanneer besluite deur kerklike vergaderings geneem word. Indien ’n kerklike vergadering ’n besluit neem wat strydig is met die toepaslike kerkorde, sou so ’n besluit nietig wees. Dit geld nie net vir inhoudelike aspekte van die kerkorde nie, maar ook die prosedures en werkswyses wat die kerkorde voorskryf. Indien ’n kerklike vergadering strydig met die voorgeskrewe prosedures handel, stel dit die kerk bloot aan litigasie en sal ’n hof sodanige besluite op hersiening neem en na alle waarskynlikheid nietig verklaar.

Die besluite van die NG Kerk oor homoseksualiteit, soos reeds volledig bespreek in Hoofstuk 2, het uitgeloop op ’n Buitengewone Algemene Sinode en ’n hofsaak. Sinvolle gespreksvoering het spoedig vasgeval in ’n stryd oor kerkregtelike prosesse en kerkordelike prosedures (Gaum 2020:166). ’n Groot getal appèlle en beswaarskrifte is ingedien, en onmiddellik het daar ’n meningsverskil ontstaan of appèlle moontlik is, aangesien ’n beslissing van die “hoogste gesag” nie vir appèlle vatbaar is nie (Gaum 2020:167). Dit opsigself vertoon, strydig met die beginsels van die presbiteriaal-sinodale kerkregering, ’n hiërargiese verstaan van kerkregering. In sekere omstandighede, indien die regte prosedures gevolg word, kan die Algemene Sinode vorige besluite herroep (Gaum 2020:169). Die prosedure foute wat gemaak is (soos vroeër bespreek) het veroorsaak dat die NGK in

die hof beland het omdat die kerkordelike prosedures nie noukeurig gevolg is nie. Dit is nie genoeg om net in terme van die Skrif ŉ korrekte besluit te neem nie, maar dit moet ook prosedureel en kerkordelik korrek wees.

Die UPCSA se hantering van homoseksualiteit het wel nie in die hof geëindig nie, maar daar was wel ernstige prosedure foute wat die saak uitgerek het en groot spanning en konflik in die UPCSA veroorsaak het. Die partye het wel ŉ ooreenkoms bereik, anders sou die UPCSA na alle waarskynlikheid ook ŉ hofsaak verloor het op grond van prosedure foute. Die gebrekkige prosedurele hantering van die saak blyk duidelik uit die verklaring wat aan die einde van die onderhandeling uitgereik is (Langerman*, Presbyterian Link,* July 2019:6):

> "You are informed that the UPCSA and Prof. JLP Wolmarans have settled the disciplinary matter that began after the 2014 General Assembly. We acknowledge that the procedures as set out in the Manual of Faith and Order in relation to discipline were not applied correctly nor consistently by the various courts, committees and commissions of the UPCSA that dealt with this matter. The effect thereof was the prolonging of the matter and was the cause of unnecessary and substantial hurt."

ŉ Skikking is bereik omdat die kerklike leiding self besef het dat die saak nie korrek hanteer is nie, onder andere dat die Ring van eGoli nie daarin geslaag het om die klagtes teen prof. Wolmarans behoorlik aan te spreek nie. Dit het die proses verwar en bemoeilik, veral omdat die Ringsvergadering omskrewe bevoeghede soos vervat in die kerkorde verkeerd verstaan en onderskei het.

Dit is noodsaaklik dat kerke hulle eie interne kerkordelike prosedures en reëls moet eerbiedig. Kerkvergadering mag nie hul bevoegdhede oorskry nie (Van Staden 2019). Daar is al gesê dat kerkordes nie nodig is nie, want mense vertrou mekaar. Die skade van ŉ slordige hantering van ŉ kerkorde

en besluitnemingsprosesse, lei sonder uitsondering tot groot finansiële- en reputasieskade (Van Staden 2019).

Ten opsigte van kerke se besluite oor homoseksualiteit, was dit juis die gebrekkige aandag aan korrekte prosedures wat daartoe gelei het dat dit in die hof getoets is en dat die besluite herroep moes word; of dat kerke deur middel van interne hersiening besef het dat prosedure foute besluite ongeldig maak. Dit beteken nie dat die kerkorde op ŉ wettisistiese wyse hanteer moet word nie. Die kernbeginsel is steeds dat Godself die kerk deur Woord en Gees regeer, en dit kan nie deur ŉ krampagtige vashou aan wette en/of reëls vervang word nie. Ten spyte daarvan kan die belang van ŉ korrekte interpretasie en toepassing van die kerkorde nie onderskat word nie.

## 7.4 Besluite van vorige vergaderings

Kerklike vergaderings, soos sinodes, neem gewoonlik besluite in die lig van vorige besluite. Dit is uit die historiese oorsig hierbo duidelik hoe die kerke erns maak met vorige sinodes se besluite oor Skrifbeskouing, homoseksualiteit en so meer. Tog moet dit weer by herhaling gestel word dat kerklike vergaderings nie dieselfde status as die Bybel, belydenisskrifte of kerkordes het nie. ŉ Besluit is net ŉ besluit, en dit kan altyd weer verander. In die reformatoriese tradisie het besluite van kerklike vergaderings nie "ewigheidswaarde" nie en is dit in beginsel hersienbaar. Oor die afgelope dekades in Suid-Afrika, is dit bevestig met besluite oor apartheid, die vrou in die amp en ook homoseksualiteit.

Die vraag word egter meer gekompliseerd, as die bevoegdheid van kerklike vergaderings ter sprake kom. Dit konfronteer die kerk met die vraag na watter kerklike vergadering die bevoegdheid het om bepaalde besluite te neem. Op die oog af lyk dit nie of dit problematies is nie, omdat gewoon aanvaar word dat sinodes die finale seggenskap het. So ŉ benadering vertoon ŉ (onbewustelike) hiërargiese verstaan van kerklike vergaderings, waar die sinode belangriker as die plaaslike kerkraad beskou word.

In die presbiteriaal-sinodale kerkregering funksioneer die plaaslike kerkraadsvergadering as primêre regeervergadering. 'n Meerdere of bykomende vergadering dien slegs as hulp en bystand vir die plaaslike gemeente en kerkraad (Pont 1981:224). In Artikel 30 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* word dit soos volg beskryf:

**NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS ARTIKEL 30**

**DIE REGERING VAN DIE KERK**

> "Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm. Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word. Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus daarvoor gee (1 Tim. 3). 1 Kor. 4:1-2, 2 Kor. 5:19; Joh. 20:23; Hand. 26:18; 1 Kor. 15: 10; Matt. 5:14; Luk 10:16; Gal. 2:8; Tit. 1:5; 1 Tim."

Hierdie formulering van die NGB konfronteer ons met nog 'n moeilike vraag: Watter kerklike vergadering behoort die besluit oor homoseksualiteit te neem? Is dit die sinode, of die plaaslike kerkraadsvergadering?

As Christus die enigste Hoof en Heer van die kerk is, impliseer dit 'n nie-hiërargiese en kollektiewe kerkordelike sisteem. Die nie-hiërargiese beginsel word verder bevestig deur die feit dat ampsdraers dienaars van Jesus Christus is wat in gehoorsaamheid aan Hom diensbaar is, en in vergaderings besluite neem. Met hierdie beginsel kom daar 'n bepaalde balans tussen die sinode en plaaslike kerkraad tot stand (Van Wyk 2005:241), met dien verstande dat die kerkraad nie in 'n hiërargiese of ondergeskikte verhouding tot die sinode

(Algemene Kerkvergadering) staan nie. Daarom kan besluite nie “van bo” op gemeentes en lidmate afgedwing word nie. Dit is in beginsel ʼn inklusiewe en deelnemende proses wat alleenheerskappy en magsmisbruik by die wortel afsny.

Die belangrikste rede waarom die hof besluite van kerklike vergaderings ter syde stel, is wanneer kerklike vergaderings strydig met die kerkorde of interne reëls en prosedures handel. Hiervan is die belangrikste dat ʼn kerklike vergadering of vergadering van die ampte *ultra vires* handel. Die term *ultra vires* is ʼn regsterm wat in die administratiewe reg ter sake is. Dit word gebruik om aan te toon dat ʼn bepaalde handeling uitgevoer is sonder die nodige wetlike bevoegdheid.

Kerklike vergaderings het duidelik omskrewe bevoegdhede wat in die kerkorde gelys word. Kerklike vergaderings (Kerkraadsvergadering, Ringsvergadering en Sinode) se omskrewe bevoegdhede verskil van mekaar. Die samestelling, werkswyse en werksopdrag (bevoegdheid) van die onderskeie vergaderings word duidelik in die kerkordes van kerke uitgespel. ʼn Kerklike vergadering sou *ultra vires* handel indien die vergadering buite sy omskrewe bevoegdhede handel. Daarom is dit ʼn wesenlike vraag, watter vergadering die bevoegdheid het om oor homoseksualiteit te handel.

Wanneer ʼn vergadering van die ampte bymekaarkom moet elke vergadering nie net volgens prosedure handel nie, maar ook by die betrokke vergadering se omskrewe bevoegdhede en opdrag bly. In die presbiteriaal-sinodale sisteem, soos dit in Nederland en Suid-Afrika ontwikkel het, bestaan daar gewoonlik drie meerdere (of bykomende) vergaderings, te wete die klassikale- of ringsvergadering, provinsiale sinodes en die nasionale sinode (Pont 1981:228). Die vergaderings word van mekaar onderskei in terme van funksie, en nie hiërargies in terme van belangrikheid nie. Elke vergadering van die ampte het ʼn spesifieke arbeidsveld, sodat daar nie oorvleueling van werksaamhede of botsende besluitneming plaasvind nie.

Meerdere vergaderings moet gesien word as uitbreidings van die plaaslike kerkraad om aan die sake aandag te gee wat ʼn wyer omvang het as wat

normaalweg op die terrein van die kerkraadsvergadering lê (Pont 1981:228). Met die instelling van sinodale vergaderings word die onafhanklikheid van die plaaslike gemeente afgewys en word die eenheid van die kerk gehandhaaf (Pont 1981:229). As die meerdere vergadering se gesag daarin lê dat dit 'n vergadering van ampsdraers is wat besluite onder leiding van die Gees en Woord neem, dan het daardie besluite gesag en hoef die besluite nie weer agterna deur kerkraadsbesluite bekragtig te word nie. Die besluite is bindend, omdat dit onder leiding van die Woord en Gees geneem is (Pont 1981:213). Tog word hierdie beginsel gedurig getoets en bevraagteken.

Die eerste vraag wat op die tafel kom wanneer 'n agenda vir 'n kerklike vergadering opgestel word, is watter sake binne die bevoegdheid van die vergadering val om af te handel. Tradisioneel is die opdrag (bevoegdheid) van sinodale vergaderings om die kerkorde vas te stel, besluite oor liturgie te neem en leerkwessies af te handel. Die vraag is of homoseksualiteit op die agenda van die sinode of kerkraad tuishoort en of dit enigsins op 'n kerklike vergadering tuishoort.

Ten opsigte van kerklike vergaderings se besluite oor homoseksualiteit het die NHKA se besluit (2016) 'n baie belangrike kerkregtelike uitgangspunt gestel: "Ons is van mening dat die trauma van lidmate nie deur groot en finale uitsprake van sinodale vergaderings gedien word nie, maar wel deur die liefde en versorging wat hulle in 'n plaaslike geloofsgemeenskap ontvang. Daarom behoort die gesprek oor seksualiteit nie op kerklike vergaderings plaas te vind nie, maar wel tydens pastorale gesprekke". Die agtergrond van hierdie uitgangspunt behels twee vrae:

(1) Is seksualiteit 'n leerstellige saak?

(2) Moet seksualiteit kerkordelik of pastoraal hanteer word?

Die oomblik wanneer 'n sinode uitsprake oor homoseksualiteit maak, word dit 'n leerbeslissing. Daarnaas word dit *de facto* deel van 'n formele kerkordelike proses en word die plaaslike gemeente se pastorale verantwoordelikheid deur die kerkordelike prosesse bepaal.

Die Hervormde Kerk, byvoorbeeld, het seksualiteit doelbewus in die ruimte van die plaaslike gemeente en die pastoraat geplaas. Die kritiek wat hierteen ingebring word, is dat so ŉ standpunt skeiding maak tussen leer en lewe. Anders gestel: So ŉ benadering beteken dat moreel-etiese sake nie as leerstellige sake beskou word nie en daarom nie binne die bevoegdheid van ŉ sinode val nie. Indien ŉ kerk van mening is dat homoseksualiteit wel ŉ leerstellige saak is, moet ŉ sinode daaroor uitsluitsel gee.

Indien die sinode ŉ leerbeslissing maak, en besluit dat homoseksualiteit strydig met die Christelike leer is, het dit verreikende gevolge. Dan behoort alle lidmate en ampsdraers wat ŉ ander mening huldig, onder leertug geplaas te word. Dit word ŉ onmoontlike situasie indien dit as leerstellige aangeleentheid hanteer word, want wat ook al die besluit is, die teenoorgestelde standpunt is strydig met die leer van die kerk en is tugwaardig.

## 7.5 Usansie

Die laaste van die vyf kriteria wat aangewend word om kerklike besluite te beoordeel, is usansie of die algemene gebruike in die kerk (sien vir volledigheid Van Wyk 2020). Wat homoseksualiteit betref, is daar by reformatoriese kerke die algemene gebruik om gay lidmate toe te laat om aan die Nagmaal deel te neem. Dit is ook nie ongewoon dat gay lidmate as ouderlinge en diakens dien nie. Daarmee is ŉ bepaalde praktyk (usansie) in die kerk gevestig wat nie sondermeer deur sinodes geïgnoreer kan word nie.

Soos reeds vermeld was dit vir baie lank die gebruik in Calvinistiese kerke om opsig en dissipline oor lidmate te handhaaf wat deelname aan die Nagmaal betref. Calvyn het in Genève die gebruik gevestig dat ouderlinge oor lidmate moes opsig uitoefen, om te bepaal of hulle waardig is om aan die Nagmaalstafel te sit. Dit is verstaanbaar wanneer die konteks in ag geneem word. Een van die sentrale strydpunte van die Kerkhervorming was die regte verstaan van die sakramente. In die oorgang van die Rooms Katolisisme na die Reformasie, moes lidmate begelei word om anders oor die sakramente te dink en op die regte manier daaraan deel te neem. Dit was die verantwoordelikheid van die ouderlinge

om toe te sien dat slegs lidmate wat “kan onderskei waarop dit aankom”, aan die Nagmaal kon deelneem. Daarmee is ’n gebruik gevestig, veral in die Nederlandse kerke, dat die ouderling voor Nagmaal huisbesoek doen en dat enige lidmaat wat in leer en lewe op die verkeerde pad is, van die Nagmaal moes weerhou word. Tughandeling het bestaan uit vermaning en sensuur, dus die weerhouding van deelname aan die Nagmaal.

Mettertyd het opsig en tug (sensuur/die weerhouding van die Nagmaal) ’n sterk moralistiese ondertoon ontwikkel. Dit was nie vreemd dat ’n meisie wat buite die huwelik swanger geraak het, summier onder sensuur geplaas is nie. Sydelingse sensuur is op ouers toegepas wat nie genoeg eredienste bywoon nie, deur hulle daarvan te weerhou om hulle kinders te laat doop.

Hierdie toepassing van opsig en tug was vir baie jare die algemene gebruik in kerke. Oor die laaste dekades het die toepassing van opsig en tug al minder aandag geniet, en in baie kerke het die ouderlinge nie meer ’n opsigfunksie nie. Dit het waarskynlik daartoe bygedra dat daar ook nie met gay lidmate onder die opsig gehandel is nie. Desnieteenstaande is Nagmaal die mees fundamentele en sigbare uitdrukking van eenheid in die geloof en gemeenskap met Christus en die gemeente.

Die implikasie van bogenoemde is dat wie ook al aan die Nagmaal deelneem, ten volle kerklike voorregte geniet en in die wydste en diepste sin van die woord met Christus en die gemeente een is.

Indien sinodes dan besluit dat ’n gay lidmaat nie as predikant mag dien nie, maar wel met vrymoedigheid aan die Nagmaal mag deelneem, skep dit eintlik ’n onhoudbare dubbelslagtigheid. Dit is hierdie inherente spanning wat in baie van die sinodes se besluite sigbaar is. Aan die een kant word gay lidmate met oop arms verwelkom en uitgenooi om aan die Nagmaal deel te neem, maar hulle is nie welkom om in die amp te dien nie. Die inkonsekwente besluitneming het verreikende implikasies:

- Deur gay lidmate uit te nooi om met vrymoedigheid aan die Nagmaal deel te neem, word indirek verklaar dat homoseksualiteit nie ’n sonde is nie en nie enige opsig- of tughandeling regverdig nie.
- Gay lidmate mag die Nagmaal ontvang, maar dit nie bedien nie.
- Groot gewag word daarvan gemaak dat gay lidmate deel in die genade van God en volledig deel van die kerk is — behalwe om in die amp van predikant te dien.
- Die inkonsekwente hantering van seksualiteit dui daarop dat dit nie in die eerste plek om Bybelse beginsels gaan nie, maar om sosiale aanvaarbaarheid en/of vooroordele.

## 7.6 Administratiewe geregtigheid

Naas die vyf kernbeginsels van kerkregering (die Woord van God, belydenisskrifte, kerkordes, besluite van vorige vergaderings en usansie), is dit belangrik dat die begrippe soos administratiewe geregtigheid en “goeie regering” (“good governance”) ook oorweeg word. Kerke moet, veral in ’n tyd van korrupsie en swak bestuur, moeite doen om ’n kultuur van “goeie regering” te vestig. In die volgende hoofstuk word dit meer breedvoerig bespreek.

Tatarenko (2018) wys daarop dat, volgens die Europese Unie, hierdie twaalf beginsels as die kern van goeie regering beskou word:

- “Participation, Representation, Fair Conduct of Elections
- Responsiveness
- Efficiency and Effectiveness
- Openness and Transparency
- Rule of Law
- Ethical Conduct
- Competence and Capacity
- Innovation and Openness to Change
- Sustainability and Long-term Orientation
- Sound Financial Management
- Human Rights, Cultural Diversity and Social Cohesion

- Accountability”

Alhoewel hierdie beginsels op die politiek en regerings gerig is, is dit tog belangrik dat die kerk in die 21ste eeu erns maak met beginsels wat die grondslag van “goeie regering” vorm. Dit sluit onder andere respek vir menseregte en diversiteit in. Dit beteken dat daar van kerklike vergaderings verwag kan word om onder andere met billikheid, redelikheid, regverdigheid, toerekenbaarheid en deursigtigheid besluite te neem. Miskien het die tyd aangebreek dat “goeie regering” as ’n sesde beginsel van kerkregering met die nodige erns benader word.

Kerklike vergaderings vergeet somtyds dat daar ook met billikheid, regverdigheid redelikheid, en toerekenbaarheid teenoor alle lidmate opgetree moet word en dat dit in die besluite en prosesse van die kerk moet reflekteer. Al is die kerklike reg ’n *ius sui generis*, sluit dit nie die algemene regsbeginsels van regverdigheid en billikheid uit nie. Inteendeel — daar kan juis van ’n kerk verwag word om met billikheid op te tree. Daar rus nie net ’n wetlike plig nie, maar ook ’n Christelike plig op kerklike vergaderings om met billikheid besluite te neem en toe te sien dat die implementering daarvan deur Christelike liefde gekenmerk word (Sutton & Sutton 2019).

In die geskiedenis van Suid-Afrika is besluite van kerklike vergadering al dikwels deur die howe onder hersiening geneem. Kerklike besluite word in die hof getoets, nie op grond van kerklike leer nie, maar in terme van billikheid, regverdigheid, redelikheid en die korrekte toepassing en implementering van interne, huishoudelike reëls soos verwoord in kerkordes.

Wat billikheid en regsterme betref, hoef daar nie veel oor uitgebrei te word nie. Daar moet egter ’n paar opmerkings gemaak word oor die belang van billikheid en regverdigheid vanuit ’n Christelike en kerkregtelike perspektief. Dit moet as vanselfsprekend beskou word dat alle lidmate op grond van die Christelike liefde met billikheid en regverdigheid behandel word. Dit geld soveel te meer wanneer kerklike besluite ’n direkte invloed op hulle persoonlike geloofslewe en menswaardigheid het.

## 7.7 Christus as oorsprong van kerklike reg

Ten slotte moet daar vir ŉ oomblik stilgestaan word by die Switserse teoloog Karl Barth[17]. Barth was baie eksplisiet oor die oorsprong en aard van kerkregering. Volgens Barth word die kerklike orde en kerkregering in Jesus Christus gefundeer. Jesus Christus is die primêre handelende subjek in die gemeente. Dit is ŉ waarheid wat nie net in die kerk se belydenisskrifte verwoord word nie, maar dit moet ook in die praktiese orde van die gemeente tot uitrukking kom (Smit 1986:38).

Volgens Barth is die konstituerende grondslag van ŉ gemeente die verhouding tussen Jesus Christus en die *communio sanctorum*. Hierdie verhouding is die "*Grundrecht*" waaruit die kerklike reg voortvloei. Vir Barth is kerklike reg ŉ lewende, dinamiese en ook bewegende reg, juis omdat dit vanuit die "*Grundrecht*" voortvloei. Dit beteken dat die kerklike reg nie in ewiggeldende reëls en regulasies vasval nie, maar dit moet deurentyd hervorm word om antwoorde op aktuele vrae te gee (Smit 1986:40). Daarom is die kerklike reg en dissipline nie van sekondêre betekenis vir die kerk nie (Smit 1986:38). Die kerklike reg dien die opbou van die gemeente, die getuienis van die versoening in Christus en staan teenoor chaos en wanorde.

Die orde van die kerk is meer as net ŉ protes teen chaos. Kerklike orde bewaar die eenheid van die kerk en die onderlinge gemeenskap tussen die gelowiges (Smit 1986:39). As die primêre handelende Subjek bepaal Jesus Christus self die orde en struktuur van die gemeente. Christus is self die vervulling van die wet waarin die gemeente lewe, en daarom is kerklike reg ŉ geestelike reg wat deur die Woord bepaal word. In terme van Barth se drievoudige verstaan van die Woord, is dit in die eerste plek die vleesgeworde Woord en tegelykertyd die geskrewe en verkondigde Woord.

[17] Vir die doeleindes van hierdie bespreking word gesteun op: Smit, CJ. 1986. Kantaantekening by Karl Barth se kerkregbeskouing. *In die Skriflig/In Luce Verbi*, 20(78):38-40.

Deur noukeurig na die Ou en Nuwe Testament te luister, word die Skrif die *norma normans* in kerkregering. Kerklike reg wat bely dat Jesus Christus Hoof en Heer van die kerk is en tegelykertyd die vervulling van die wet is, moet in die kerklike praktyk daaraan uitdrukking gee, ook deur middel van ŉ kerkorde (Smit 1986:39). Uit die oogpunt van die wêreld is die kerk ŉ sosiologiese konstruk tussen baie ander. Die kerk moet daarteen waak om in terme van die wêreld se persepsies te funksioneer (Smit 1986:39). Kerklike reg geld vir die gemeente, onafhanklik van staatsgesag. Die kerk leef in gehoorsaamheid aan die Here as die Hoof van sy Kerk. Ten spyte van die unieke aard van die kerk en die kerklike reg kan dit nie ontken word dat die kerk in ŉ bepaalde samelewing leef en ook die landswette moet gehoorsaam, in soverre dit nie strydig met die wil van God is nie (Smit 1986:39).

Barth wys ook daarop dat kerklike reg ŉ "*Dienstrecht*" is. Die gemeente van Christus is *in* diens van God en *tot* diens van mekaar. Die beslissende basis van kerklike reg is geleë in die feit dat die Here gekom het nie om gedien te word nie, maar om te dien (Mar. 10:45; Smit 1986:39). Daarom beklee kerklike ampsdraers nie belangrike posisies nie, maar leef hulle as geroepenes wat diensbaar is aan God, medegelowiges en die wêreld.

Hierdie verstaan van Jesus Christus as die diepste grond en beginsel vir die kerklike reg, sluit ten nouste aan by Barth se verstaan van Jesus Christus as die vleesgeworde Woord, en die primêre openbaring van God aan die mens. Vir die gesprek oor homoseksualiteit is dit van wenslike belang. Daar kan nie volstaan word met ŉ gesprek oor "sewe tekste" nie, maar die totale Christologie kom in die spel. Jesus Christus as Verlosser, as die Een wat God en mens met mekaar versoen, moet verreken word in die kerklike regering en die wyse waarop daar besluite geneem word.

### 7.8 Kerkreg en ekklesiologie

McGrath (2001:476) beskryf ekklesiologie as volg:

> "The area of Christian theology which deals with the doctrine of the church is usually referred to as 'ecclesiology' (Greek: 'ekklesia',

> ‘church’), and is of major importance to anyone proposing to engage in pastoral ministry of any kind. Ecclesiological questions break into ministry at point after point. What sort of body is the church? Ecclesiology is that area of theology which seeks to give theoretical justification to an institution which has undergone development and change down the centuries, set against an altering social and political context. To study Christian understanding of the church is to gain insights into the way in which institutions adapt in order to survive”.

Volgens Dreyer (2016:27) is die volgende belangrike begrippe om in ag te neem:

- Ekklesiologie: Dit verwys na ʼn teologiese dissipline binne die breë raamwerk van teologiese wetenskap. Ekklesiologie is die kritiese nadenke oor die wese en roeping van die kerk op grond van die Woord binne ʼn historiese bepaalde konteks.
- Kerkbegrip: Dit verwys eerstens na ʼn geformuleerde leerstuk oor die wese van die kerk soos dit in ʼn bepaalde geloofsgemeenskap verwoord word, gewoonlik in belydenisskrifte en kerkordes. kerkbegrip dui tweedens op die selfverstaan en identiteit van ʼn bepaalde geloofsgemeenskap.
- Kerkwees: Dit verwys na die konkrete gestalte wat die kerk binne ʼn historiese konteks aanneem. Kerkwees verwys ook na ʼn gemeente se lewe.

Ekklesiologie is bepalend vir kerkbegrip en kerkbegrip is bepalend vir kerkwees. Daarom funksioneer hierdie drie begrippe in noue verband met mekaar en is interafhanklik (Dreyer 2016:27).

Die feit dat die Skrif as die Woord van God en ook die norm vir kerklike reg as die primêre bron van die kerkreg beskou word, loop daarop uit dat die arbeid van die kerkreg soos gevind in die kerkorde, nooit ʼn afgehandelde saak kan wees nie, veral in die lig dat die kerk ʼn belydende kerk is en die vraag na Skriftuurlike gronde altyd aan die orde is (Van Wyk 2017:2). Daarom kan kerkreg getipeer word as die deel van die teologiese

wetenskap wat besig bly met die reg soos dit daar uitsien en die kerklike reg soos dit behoort te wees (Bouwman 1985:2; Coertzen 1991:158). Kerkreg is eiesoortig en nie gelyk aan die reg wat in die burgerlike wetgewing beoefen word nie (Van Wyk 2017:2).

> “Principieel is het kerkrecht eene theologische wetenskap, omdat het tot inhoud heeft het recht, dat in de kerk geldt en gelden moet volgens de H. Schrift” (Bouwman 1985:13).

Die Chrisologies-ekklesiologiese uitgangspunt van die kerkreg word as volg deur Barth (1964:770) beklemtoon: “Es würde nicht ratsam sein, die Begründung des Kirchenrechts von einem anderen als eben dem christologisch-ekklesiologischen Begriff der Gemeinde her unternehmen zu wollen.” Die Christelike gemeente is ’n gemeenskap waarin Christus voorrang geniet. As gemeenskap van heiliges, as liggaam van Christus, is dit vanselfsprekend dat alles in gehoorsaamheid aan Christus sal geskied en alle besluite aan Christus oriënteer.

Wanneer Bouwman (1985:29) dit stel dat die bron van die kerkreg gelyk is aan die wil van Christus as die Koning van die kerk, trek dit ’n riglyn met betrekking tot die bronne van die kerkreg. Om die Skrif te beklemtoon as die primêre bron vir die kerkorde beteken nie dat die kerkorde klaar geskryf is of soos Van Wyk (2017:3) sê dat die kerkorde pasklaar is nie, maar dit beteken ook nie dat ’n kerkorde tipeer kan word nie. Dit gaan dus in die kerkorde oor ekklesiologie wat berus op bepaalde keuses wat belangrik of bepalend was tydens die aanvaarding van die kerkorde (Koffeman 2009:11). In die reformatoriese tradisie is die Christologie bepalend vir die ekklesiologie. ’n Christologies-bepaalde ekklesiologie is fundamenteel aan kerkordes, kerklike regering en kerklike besluite. Godsbegrip en kerkbegrip reflekteer in die wyse en inhoud van kerklike besluite.

Koffeman (2009:16-17; vgl. Dingemans 1988:220) wys op twee paaie wat voorkom moet word. Die een pad is om tevrede te wees dat dit nou eenmaal tot stand gekom het en dan te volstaan met ’n minimum kerkregtelike reëling wat dan daarop uitloop dat die kerk van die teologie losgemaak word en as

ʼn instituut beleef word. Die tweede pad wat voorkom moet word, is om kerkreg uitsluitlik te sien as die teologie van ʼn bepaalde gemeenskap uit die verlede wat as ʼn “juridiese konfessionalisme” bestempel kan word.

Die teologiese dissipline van die kerkreg moet in gesonde ekklesiologie gewortel wees, maar die vraag moet gestel word: Hoe kan kerkreg en ekklesiologie met mekaar verband hou? Koffeman 2009 stel voor dat vier “kwaliteitsmerkers” gebruik moet word. Hierdie “merkers” kan gebruik word as ʼn kriteria om die kerk te vorm volgens ʼn spesifieke konteks en dit kan help om te assesseer wat gedoen moet word in terme van kerkreg. Koffeman (2009:163-181) stel die volgende merkers voor:

1. *“Inclusivity, as derived from the catholicity of the church we believe, and first of all related to the purpose of the church. A church cannot accept ‘self-evident’ mechanism of exclusion, be they ethnic, social, economic, or cultural in nature. It is aware of the relative significance of its historical constituency, and of the need to go beyond them, in mission and diaconate. This requires institutional provisions.*
2. *Authenticity, as derived from the apostolicity of the church we believe, and first of all related to the sources of the church. Holy Scripture and tradition determine church life. A church needs certain structures and procedures to safeguard this to the best of its abilities.*
3. *Conciliarity as derived from the unity of the church we believe, and first of all related to the relations within the church — and between churches. In its institutional form a church should facilitate communication between people and groups within the church, to foster a community in which the gifts of all contribute to the calling of the church.*
4. *Integrity, as derived from the holiness of the church we believe, and first of all related to the boundaries of the church. Not everything can be accepted within a church. Sometimes churches need to say ʼno’ ”.*

In terme van kerkreg moet die vraag gevra word of die manier waarop ons die kerk organiseer mense uitsluit? Die kerk is veronderstel om inklusief te wees, om kerk vir almal te wees (Koffeman 2009:413). Kerkreg speel ʼn belangrike rol in die kerk om die kerk te help om omstandighede te skep in

die kerk wat getuig van ŉ kerk wat omgee (Koffeman 2009:414). Dit is belangrik om te onthou dat kerkreg eerstens moet dien. Kerkreg is lewend wat beteken dat wanneer omstandighede verander, kerkreg ook aangepas kan word. Koffeman (2015) verwys na die volgende siening van (Barth 1958:713):

> *"[W]e have also to say that all Church law, however great the seriousness with which it is sought and found and instituted, can only be human law and not divine (ius humanum and not ius divinum). The same can and must be said of all law. (…) All other law reveals an ultimate vulnerability to the danger of … its own absolutisation. In Church law, however, this danger is averted by the very root and essence of this law, by the basic law of the community, by the lordship of Jesus Christ over His body. Church law will respect absolutely this basic law of the community as the authority with reference to which it has to order the community and to which it has to subject it, and above all itself, in all its determinations. (…) It must always remember that the ius divinum of Christocracy is not only its origin but also its limit, and thus understand itself in all strictness as ius humanum. (…) As it respects this limit, it places itself in the context of the life of the community which under the lordship of its living Head is engaged in its upbuilding, growing both outwardly and inwardly; of the community which necessarily surrenders or does not take itself seriously if it tries to be only an ecclesia formata or reformata and not as such an ecclesia semper reformanda. How can it exist and know itself as such if it regards itself as its own lord and therefore the sovereign subject of its law instead of being strictly and exclusively the attorney of Jesus Christ, aware that at every step it is directly and freshly responsible and committed to Him? It is when it acts as His attorney, especially in this matter of its law, and therefore when its law participates in its life as the body of which Jesus Christ is Head, that Church law is living and growing law; a law which calls continually for reformation whatever its existing formation or reformation, and which is therefore unlike any other law, a ius sui generis"*

Volgens Jonker (1965) moet kerkreg daarop bereken wees om die plaaslike gemeente te bou en sorg vir die prediking van die Woord in die plaaslike gemeente en diens. Die Reformatoriese kerkordes is, volgens Jonker (1965), bedoel as riglyne vir die opbou van die diens van die Woord in die plaaslike gemeente, met die sentrum in die erediens, wat meer geïnteresseerd is in die reëlings van die erediens en wat daarmee saamgaan as die instelling van ŉ effektiewe bestuurspan.

Die kerk en gemeentes is veronderstel om voordurend te transformeer om te word wat dit reeds in Christus is, naamlik die volk van God, die huisgesin van die Vader, die liggaam van Christus en die tempel van die Heilige Gees. Die kerk en die gemeente is nie net kerk nie maar word voortdurend kerk, met die besef dat elke poging om gestalte te gee aan kerkwees deur onder andere ŉ kerkorde gebrekkig is maar ook noodsaaklik is (Dreyer 2016:23).

## 7.9 Die Huwelik

In alle kerkordes in die reformatoriese tradisie, is daar artikels wat handel oor die huwelik. Sedert die 16de eeu was daar kerkordelike bepalings ten opsigte van huweliksluiting en seremonies. Dit reflekteer ook ŉ bepaalde beskouing oor die huwelik, as ŉ verbintenis tussen een man en een vrou. Die beskouing is tot op hede die algemeen aanvaarbare beskouing. Daarenteen word die kerk in die laaste dekades gekonfronteer met uiteenlopende sienings oor seksuele verhoudings en die huwelik. Dit stel bepaalde eise aan die kerkreg en besluite wat vergaderings neem, onder andere oor homoseksualiteit.

Die tyd waarin ons lewe, stel die kerk voor die uitdaging om opnuut te dink oor die vraag of ons met die “tradisionele” verstaan van die huwelik en seksuele verhoudings mense kan begelei om as gelowiges sinvolle en verantwoordelike keuses te maak (Dreyer 2008:483). Die afgelope vier dekades het daar in die Westerse wêreld ŉ verandering plaasgevind in bestaande familiepatrone. Die veranderings kan toegeskryf word aan egskeiding, buite-egtelike geboortes, selfdegeslag-huwelike en saamwoon (Browning 2001:243)

Die veranderinge stel nuwe eise aan die kerk ten opsigte van die pastoraat. Hoe moet die kerk mense pastoraal begelei ten opsigte van ŉ veranderende seksuele en huweliksmoraal (Dreyer 2008:484)? In die verlede is lidmate onder kerklike tug geplaas as gevolg van voorhuwelikse swangerskappe, wat veroorsaak het dat sommige ŉ neurotiese skuldkompleks en minderwaardigheidsgevoel ontwikkel het wat die res van hulle lewe, hul huwelik en seksuele intimiteit negatief beïnvloed het. Persone wat betrokke was in egskeiding, of geskeides wat hertrou het, is tot ŉ groot mate deur die optrede van kerklike ampsdraers en lidmate gestigmatiseer (Van Biljon 1997:1068). Predikante wat geskei het, is summier uit hul amp onthef. Homoseksuele persone is op grond van hul seksuele oriëntasie kerklik veroordeel en van die kerk vervreem. Dit het weer aanleiding gegee tot homofobie: “Wanneer homoseksuele persone medegelowiges se vrees en weersin ervaar, bring dit innerlike konflik mee. Dikwels maak hulle die negatiewe boodskappe hulle eie en dit lei tot selfhaat. Geïnternaliseerde selfhaat is ook homofobie” (Dreyer 2006:446).

Voor die Reformasie was die huwelik gesien as ŉ *Remedy for lust and desire* (Schüssler Fiorenza 1991:316). Seksuele genot was beskou as ŉ sonde en daarom het die huwelik bevryding gebring vir die seksuele sonde (Botha 2017:119). Na die Reformasie het daar wel ŉ verskuiwing plaasgevind ten opsigte van die denke oor die aanvaarbaarheid van seksuele genot. Hierdie genot was aanvaarbaar, maar net binne die huwelik — daarom moes die huwelik dien as ŉ kontrolemiddel vir seks en seksualiteit (Botha 2017:119).

Calvyn het byvoorbeeld verbondsmatig oor die huwelik en die familie gedink. Die verbondsverhouding wat God met Israel het, is gebruik as analogie vir die verhouding tussen man en vrou; dus het die vertikale verhouding tussen God en mens die voorbeeld geword vir die horisontale verhouding tussen man en vrou (Witte 2009:456-457). Vir Calvyn is die huweliksverbond gebaseer op die skeppingsorde en die orde en die wette van die natuur. Die huwelik bind man en vrou saam tot een liggaam en gees (Botha 2017:119). Daar word pligte en verskillende outoriteite aan man en

vrou toegeken. Volgens Calvyn het God die man aangewys as hoof van die vrou (in Witte 2009:458). Volgens Calvyn is die vrou geskape as hulp vir die man. Dit is ŉ goddelike skeppingsopdrag dat die man dus in eerbied sal opkyk na God en dat die vrou dan die man se getroue hulp sal wees (CO 10/1:239-241 in Witte 2009:458). Calvyn se siening oor die huwelik was dat dit ŉ heteroseksuele, monogame en lewenslange verbintenis tussen ŉ man en ŉ vrou is wat die fisieke kapasiteit en natuurlike neiging het om in liefde te verenig (Witte 2009:458). Alhoewel Christene die spirituele gelykheid van mans en vroue erken het, het hul nog steeds in navolging van Calvyn voortgegaan om die natuurlike orde te handhaaf dat vroue onderdanig moet wees aan die man in die kerk en in die samelewing (Botha 2017:120).

In meer resente tye, het ŉ teoloog soos Emil Brunner ([1939] 1978:329; vgl. Browning 2007:loc. 4016) die Protestantse tradisie om die huwelik en familie te baseer op die skeppingsorde en die verskille tussen man en vrou, gehandhaaf. Brunner het die *theologia naturalis* ontwikkel wat belangrik is vir sy verstaan van *analogia relationis*. Die skeppingsorde word gesien as ŉ natuurlik instrument waarmee mense in verhouding met mekaar geplaas word. Natuurlike liefde is vir Brunner ([1939] 1978:330-334) gerig op die teenoorgestelde geslag.

Ook Karl Barth (2004:313, CD III.2.313) het Efesiërs 5:22-23 as die *locus classicus* vir die verhouding tussen ŉ man en vrou beskou. Barth (2004) stel dit as volg:

> "*From it [Ephesians] we can survey the whole landscape which we have traversed: the New Testament relationship of man and woman in the light of the relationship between Christ and the community, and conversely the elucidation of the relationship between Christ and his people by the reference to the man-woman relationship*" (bl. 313, CD III.2).

Die klem word hier geplaas op die onderdanigheid van vroue. Die vrou se onderdanigheid aan die man verteenwoordig sy posisie in die kerk en verhouding tot/met God (Botha 2017:120). Barth (2004) verbind die posisie

van vroue en mans in hul verhoudings en ook die verhouding tussen Christus en die kerk met Genesis 2:18-25:

> *"For creation of man and for this climax, for this form of humanity [as male and female] the normative pattern, the basic decree and plan of all plans of God is 'Christ and the community.' This stands inaccessibly before and above the copy of man and woman. Man-woman relationship is a little 'copy' of the relationship between Christ an the Church"* (bl. 315–316, CD III.2).

Vir Barth is daar 'n klem op die mens as God se *verbondspartner* (Botha 2017:121). Hy het die interpretasie van die beeld van God as *analogia relationis* so ontwikkel dat die God-skepsel hiërargie die analogie geword het vir man-vrou verhoudings" (Dreyer 2000:960; vgl. Dicks 1982:9-10). Dus bestaan die verhouding tussen God en mens vir Barth daarin dat die mens reageer op God wat die mens aanspreek; vir Barth is die ondergeskiktheid van vroue aan mans deur God beskik tydens die skepping en daarom is dit onomkeerbaar (Dreyer 2007:1498).

Hardy (1997:xi) som die morele waardes van seksualiteit, wat vir lank in kerk geldend was, soos volg op:

- sex before marriage is wrong;
- homosexual behaviour is wicked;
- adultery is against the law of God;
- masturbation is a grave sin;
- the main purpose of sex is procreation;
- sex is only acceptable within the marriage of one man and one woman;
- a woman has a duty to provide sexual access to a man if she is married to him;
- sex is to be treated with suspicion and as a temptation;
- celibacy is a higher ideal than married life.

Alhoewel daar in verskillende teologiese tradisies bepaalde verskille is ten opsigte van die bogenoemde sake, weerspieël dit tog ŉ groot mate die grondliggende teologiese opvattings oor die huwelik en seksualiteit. Sedert die ou Midde-Oosterse idee dat seks hoofsaaklik bedoel was vir voortplanting, het daar ŉ aantal verskuiwings plaasgevind in die manier hoe mense in verskillende tye seksualiteit beskou het. Die Romantiek sien die bedoeling van seksuele intimiteit as die versterking van vriendskap, Libertyne beskou seksuele plesier as ŉ waarde in sigself wat nie beperk behoort te word binne ŉ bestaande verhouding waar daar reeds emosionele bande is nie, en postmoderne seksuele etiek heg weer waarde aan pluraliteit en diversiteit (Dreyer 2006:457).

Daarom, vanaf die Bybelse tyd tot en met vandag, is daar in die verskillende kontekste verskillende waardes aan die huwelik en ook aan seksualiteit toegeken (Botha 2017:122). Die reformatore en ook ander reformatoriese teoloë is van mening dat die huwelik "God se wil" is en dat God dit so "gewil" het dat dit ŉ heteroseksuele instelling moet wees (Botha 2017:124). Dreyer (2008:501-502) lewer kritiek teen hierdie stelling en stel dit dat die huwelik ŉ sosiale konstruk is wat op grond van die status wat daaraan verleen word deur die kwalifisering daarvan as instelling van God gedesakramentaliseer moet word. Dreyer (2008:502) se kritiek teen die status wat die Reformatoriese teologie aan die huwelik toeken het, is dat "Holy matrimony remains a God-given heterosexual ordinance where the difference between maleness and femaleness is essential".

Tradisies word gebruik om verskillende metafore en beelde te voorsien waarmee geloof uitgedruk word en is daarom sosiale konstrukte. Tradisies hou die balans van ŉ samelewing in stand — dus wanneer tradisies verander, word die balans versteur en die huwelik kan gesien word as een van die tradisies (Botha & Dreyer 2013:1). Tradisies wat handel oor identiteit, seksualiteit, taal en etnisiteit verander redelik stadig. Tradisies waarop geloof gebaseer word, word beskou as vaste tradisies en die tradisies word gesien as onveranderlik, en word gereken as deel van die skeppingsorde. Die tradisies word gesien as die Godgegewe instelling van God eerder as sosiale konstrukte (Dreyer 2008:503-504).

Verskillende epistemologiese benaderings beïnvloed hoe daar oor tradisies soos die huwelik gedink word en beïnvloed hoe daar oor die status en die plek van die huwelik gedink word en ook hoe die tekste van die Bybel geïnterpreteer word (Botha 2017:125). Die klem wat die reformatore geplaas het op die benadering van die Skrif alleen, het die nadenke oor die status van die huwelik binne die reformatoriese tradisie beïnvloed. Dreyer (2000:950) stel dit as volg:

> "Luther en Calvyn, wat hulle op die gesag van 'die Skrif alleen' beroep het, het anders te werk gegaan as die Middeleeuse teoloë. Hulle kon hulle nie heeltemal distansieer van die tradisie nie, maar het tog probeer om opnuut met die Skrif as beginpunt na die possies van vroue te kyk. Met die kennis van Grieks, Hebreeus en tekskritiek wat die Renaissance meegebring het, is daar heelwat minder gebruik gemaak van allegoriese uitleg as in die Middeleeue. Daar was ook veel groter belangstelling in die historiese konteks van die Skrifgedeeltes".

Die benadering tot die Skrif laat nie ruimte vir die inagneming van die sosiale konteks van die Skrifgedeeltes nie. Die gebruik van insigte uit sosiale wetenskappe in die eksegetiese werk kom eers voor aan die einde van die 19de eeu en aan die begin van die 20ste eeu (Van Aarde 2007:51).

Thatcher (1999:9) meld in die boek, *Marriage after Modernity: Christian Marriage in Postmodern Times,* dat die inkongruensie tussen die menslike ervaring van die huwelik en die teologie van die huwelik deur die loop van die eeue problematies was. Haughton (1987:149) meld die volgende: "A theology of marriage shattered the experience". Die gaping wat bestaan tussen bestaande teologiese teorieë en die praksis is so groot dat dit teologiese refleksie bemoeilik omdat daar uiteenlopende interpretasies bestaan (Dreyer 2008:486). Die antwoorde wat daar op hierdie vrae gegee word, word bepaal deur Skrifbeskouing en Skrifhantering. Indien die Bybel as 'n tydlose boek beskou word, sal die moreel-etiese kodes wat ons daarin vind, net so toegepas word op ons situasie vandag. Indien ons egter die Bybel verstaan as 'n historiese boek wat vir 'n bepaalde konteks geskryf is,

stel dit ons voor die uitdaging om deur ’n kritiese, hermeneutiese benadering, erns met die onderskeie kontekste van die Bybel te maak (Dreyer 2008:186).

Die vroeë kerk was tot ’n mate beïnvloed deur die denke van die Platoniese dualistiese siening van menswees, met die teenstelling tussen die spirituele en die stoflike. Dit het aanleiding gegee tot ’n skeptisisme oor liggaamlike aspekte soos seksuele aktiwiteit, omdat die liggaam ondersgeskik moet wees aan die hoër spirituele waardes. ’n Negatiewe siening oor die huwelik en seksualiteit is hierdeur versterk. Onthouding en ongehuudheid is daarom gevolglik hoër geag en seksuele aktiwiteit is met agterdog bejeën (Vardy 1997:47-51). Philo van Aleksandrië (24-50 n.C.) het die Joodse denke en ook Platonisme gekombineer. Vir hom was voortplanting die enigste doel van seks. Hy veroordeel alle seksuele omgang met vroue in hulle onvrugbare periode en selfs omgang met vroue wat steriel was. Vroue is die voorwerpe van seksuele plesier en daarom die instrumente van kwaad. Maagdelikheid word verhef tot ’n baie groot deug in ’n mens se reis na God (Vardy 1997:49-51). Price (1990:261) wys op die volgende: “It would be fair to say that some quarters of the early Christian Church developed an obsession about sex … violation of oaths is treated in two canons, thrift in two, participation in pagan or magical ties in five, murder or manslaughter in twelve and sexual offences in no less than forty-one”. Dit is duidelik dat streng morele kodes rakende seksualiteit en die huwelik kenmerkend was van die vroeë kerk.

Augustinus het ’n negatiewe siening van seks gehad wat as identiteit van die kerk gedien het, en dit verander na ’n negatiewe siening wat gebaseer was op teologiese prinsipes (Prince 1990:262). Augustinus was van mening dat seksuele begeertes gesien moet word as boos, omdat dit slegs noodsaaklik was vir prokreasie. ’n Man wat uit begeerte met sy vrou gemeenskap gehad het sonder verwekking, het owerspel met sy eie vrou gepleeg. Die basis van hierdie teologiese argument was dat seksuele begeertes nie deur ’n mens se denke en wil gekontroleer kan word nie. Die siening het bestaan dat menslike geslagsorgane onder beheer was van wellus en dit was die oorsaak van die sondeval (Dreyer 2008:491).

Thomas van Aquino (1226-1274) was onder die invloed van Aristoteles wat ŉ empiriese vertrekpunt gehad het. Die doel van menslike genitalieë, volgens hom, was vir prokreasie en hy het die gevolgtrekking gemaak dat:

- geen kunsmatige manier van geboortebeperking gebruik mag word nie, omdat dit die doel van die seksuele daad naamlik voortplanting skaad;
- masturbasie sonde is omdat genitalieë vir ŉ ander doel gebruik word as waarvoor dit bestem is naamlik voortplanting;
- homoseksuele dade as gevolg van dieselfde rede ook sonde is, omdat genitalieë nie vir voortplanting gebruik word nie. Verkragting is daarom ŉ geringer sonde as homoseksuele dade omdat genitalieë minstens volgens die oorspronklike doel aangewend is;
- seksuele gemeenskap nie rekreasie of die uiting van liefde kan wees nie, omdat dit strydig is met die oorspronklike doel.

Die siening van Thomas van Aquino was deur die Middeleeuse Rooms-Katolieke Kerk aanvaar en ook toegepas (Vardy 1997:60-65).

Na die skeiding van die Oos- en Weskerk in 1054 het daar twee verkillende tradisies ontstaan. In die Weste (Rooms-Katolieke tradisie) het die beskouings van Aquinas gebly. In die Oos-Ortodokse Kerk het daar ŉ meer genuanseerde standpunt na vore gekom. In die Weste is huwelikvorms beïnvloed deur die Romeinse Ryk. Die huwelik was beide ŉ wesenlike ooreenkoms tussen ŉ man en ŉ vrou en ook ŉ teologiese sakramentele geleentheid, ŉ weg tot verlossing waar man en vrou hul verbind het tot ŉ onverbreekbare verbintenis. Die teenwoordigheid van die priester was net vir die bevestiging wat ŉ wettige ooreenkoms tussen man en vrou. Liefde in die huwelik was irrelevant en nie as noodsaaklik vir ŉ huwelik beskou nie (Dreyer 2008:493). Die Oos-Ortodokse Kerk het ook erken dat daar ŉ verskil is tussen die ideaal van ŉ onverbreekbare verhouding en die realiteit van menslike feilbaarheid en sonde, of dan anders gestel, die verskil tussen ŉ teologiese ideaal en die realiteit van egskeiding in die wêreld. Die huwelik as sakrament was meer gesien as ŉ teologiese misterie en nie ŉ wetlike ooreenkoms nie. Die priester het sy seën oor die huwelik gespreek, maar

die huwelik was eers voltrek deur die deelname aan die Nagmaal. Die huwelik was ŉ doel op sigself en daarom is seksuele omgang tussen ŉ man en ŉ vrou gesien as deel van die huwelik en nie slegs vir prokreasie nie (Vardy 1997:67-77).

Luther word gesien as die hervormer van die huwelik en Luther se teologie het ŉ stempel afgedruk op die verdere verloop van denke oor die huwelik binne in die reformatoriese tradisie (Wengert 2004:171-178; Buitendag 2007:445-461). Buitendag stel dit dat Luther die huwelik gedesakramentaliseer het en dit sodoende in die sfeer van die wêreld gesit het, maar dit ook in ŉ netwerk van verhoudings (*coram Deo et coram hominibus*) tuisgebring het. Teen hierdie agtergrond is dit te verstane dat hy die huwelik teen die selibaat afspeel en dit ook belangriker as die selibaat ag (Hendrix, in Wengert 2004:170).

> *"Although Luther endorses marriage between Christians and non-Christians and even calls marriage a worldly thing, he is not trying to secularize marriage in the sense of separating it from God or religion. It is no longer a sacrament, to be sure, but marriage is intended by God for most people and, as we have seen, it is the genuinely religious form of life"*

Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat verskillende kontekste die kerk se sienings uitoefen. Die probleem wat dit op die agenda van die kerk plaas, is die vraag of ons bereid is om te erken dat die tradisionele standpunte van die kerk die resultaat was van verskillende invloede wat bepaalde kontekste op mense se verstaan van die Bybel gehad het. As ons "ja" antwoord, plaas dit die kerk voor die uitdaging om opnuut in ons konteks te luister na die Woord en te soek na riglyne wat in ons tyd mense kan help om ook in seksuele verhoudings outentiek in die teenwoordigheid van God te lewe. Die doel is wel dat die kerk te midde van die moraliteitskrisis van ons dag sal probeer om deur middel van krities-teologiese refleksie mense te help en begelei om sinvolle keuses te maak. Vir die kerk is dit belangrik dat seksuele verhoudings plaasvind binne die raamwerk van ŉ gehoorsaamheid aan God se Woord (Dreyer 2008:494).

Dreyer (2008:494-495) gee die volgende raamwerk vir die besinning:

- Ons moet erken dat die huwelik as instelling, soos ons dit ken, nie in die eerste plek ŉ instelling van God is nie, maar die neerslag is van die kerk se teologiese refleksie oor eeue heen. Huweliksvorme het onder die invloed van kontekste en tradisies in verskillende tye gewissel. Alhoewel die huweliksvorm nie ŉ vaste Bybelse imperatief is nie, is die saak van die verhouding tussen man en vrou en die seksuele intimiteit wat daarmee gepaard gaan, nie slegs ŉ kultureel-sosiale aangeleentheid nie. Die Bybel en ons teologiese tradisie bied aan ons grondliggende perspektiewe om aan hierdie verhoudings ŉ sinvolle inhoud te gee en dit te orden.
- Ons sal opnuut in die Bybel moet ontdek wat die evangeliese waardes is waardeur hierdie verhoudings gedra moet word.
- Die aksent moet verskuif vanaf die vorm wat die inhoud bepaal na die evangeliese inhoud wat aan die uiterlike vorm sin gee.
- Miskien is dit dalk meer Bybels om die verhouding tussen man en vrou te sien as ŉ proses met verskillende fases.
- Binne ŉ seksueel permissiewe gemeenskap, moet mense weer opgewonde gemaak word om seksuele intimiteit nie bloot as ŉ verbruikersartikel te sien nie, maar as ŉ gawe van God wat slegs met groot verantwoordelikheid teenoor God en mekaar geniet kan word.
- Teenoor die sekularisering van die huwelik moet die sakralisering van die huwelik bevorder en uitgebou word

Volgens Dreyer (2008:490) is dit nie meer moontlik om die hedendaagse huwelik reglynig met die huwelik van die Bybel te verbind nie. Die kerk het dit wel vir baie lank gedoen, maar dit word problematies in die postmoderne konteks. In die postmoderne konteks kan die Bybeltekste nie meer gebruik word as die basis vir die huwelik en seksuele optrede nie. ŉ Alternatief is nodig, die verandering wat nodig is vra vir verskuiwing vanaf ŉ bepaalde ideologie van die huwelik na ŉ benadering tot die huwelik wat poog om werklikhede van die huwelik en die belange van beide vennote in ag te neem (Botha 2017:129). Hierdie tipe teologie van die huwelik sal soos enige

teologie die gelykheid van alle mense moet aanvaar as die evangeliese uitgangspunt.

Die kerk moet daarop fokus om gelowiges so toe te rus dat hulle self verantwoordelikheid daarvoor aanvaar om hul verhoudings in te stelte reël na die voorbeeld van Jesus. Dit is die kerk se taak om God se helende onvoorwaardelike liefde aan almal te verkondig en mense te help om as gelyke, heel, outentieke mense te lewe ongeag hul seksualiteit (Botha 2017:129). In die kerk se soeke na ŉ teologie vir die huwelik vir die tyd waarin ons lewe, is dit belangrik dat daar onthou moet word dat geen Christelike teologie van die huwelik vir elke tydvak en konteks volledig en voldoende sal kan wees nie. Dit bly ŉ soeke na Jesus (Botha 2017:129).

Die kerk van die Hervorming moet altyd hervorm. Dit beteken dus dat strukture en instellings voordurend ondersoek moet word ter wille van die bewuswording van dit wat skadelik kan wees (Dreyer 2000:969). Dit is ook van toepassing op besluite wat oor die huwelik en seksualiteit geneem word.

### 7.10 Slotopmerking

Met hierdie enkele opmerkings oor die kerklike reg, die huwelik en seksualiteit word dit duidelik dat besluite van kerklike vergaderings ten diepste rekening hou met Jesus Christus as oorsprong, bron en vervulling van die wet. Wanneer die kerk oor homoseksualiteit besluite moet neem, is die belangrikste vraag nie wat in ŉ teksvers in die Bybel staan nie, maar hoe ons die evangelie van Jesus Christus hoor. Dit is teen hierdie agtergrond dat die Hervormde Kerk in Besluit 41 (2016), in navolging van die besluit van 2007, praat van die "breë boodskap van die evangelie". Besluite oor homoseksualiteit kan ook kerkregtelik gesproke nie gereduseer word tot enkele teksverse nie.

# 8. KERKLIKE REG EN ALGEMENE REGSBEGINSELS

## 8.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word enkele kerkregtelike en algemene regsbeginsels bespreek, wat ter sake is wanneer kerke besluite neem. Daar word geargumenteer dat kerklike besluite nie net op grond van die vyf genoemde kerkregtelike beginsels geneem word nie, maar dat kerklike vergaderings ook met algemene regsbeginsels erns moet maak. Dit sou selfs as ŉ sesde beginsel voorgestel kon word.

Dit het reeds duidelik geword dat kerklike reg op ander beginsels berus as die algemene regsbeginsels wat in die howe van toepassing is. Kerklike reg is ŉ geestelike regering en *ius sui generis*. Van Staden (2014:4), met verwysing na Karl Barth, formuleer dit soos volg:

> "Church law as *ius in sacra* must therefore be distinguished sharply from the law of church and state, expressed by Barth as *ius circa sacra*. The church, however, cannot exclude itself from *the ius circa sacra* because it cannot detach itself from the world it exists in. The individual members of the church recognise the authority and jurisdiction of the state and adapt themselves loyally to the *ius circa sacra*. At the same time, the *ius circa sacra* may never, without responsible theological reflection by the church, become *the ius in sacra* … The challenge to the church remains to define itself and its role and position in society in terms of the constitutional rights and freedoms conferred upon it by the Bill of Rights."

In kerklike reg word daar onderskei tussen die *ius constituendum* en *ius constitutum*. *Ius constituendum* is die reg wat vanuit die woord van God voortvloei en die konstituerende beginsel van die kerklike reg is; *ius constitutum* dui op die reg soos wat dit prakties gestalte kry (Ungerer 2007:791). Die een is die wese en die ander is die vorm waarin die wese vasgelê word (Kleynhans 1982:5). Tog kan die kerk haarself nie losmaak van die *ius circa sacra* nie, omdat die kerk nie van die wêreld losgemaak

kan word nie (Coertzen 1991:159). Die kerk is in die wêreld, en deur God na die wêreld gestuur (Mat. 28)

Indien ons aanvaar dat kerklike reg *ius sui generis* is, moet die unieke aard van kerklike reg in berekening gebring word wanneer howe ŉ kerk se besluite of die implementering daarvan onder hersiening neem. Soms word die unieke aard van kerklike reg nie genoegsaam verreken nie. Tegelykertyd kan die belang van algemene regsbeginsels nie ontken word of deur kerke geïgnoreer word nie. Die feit dat kerklike besluite oor homoseksualiteit al verskeie kere in die hof geëindig het, bevestig dit. Daarom is dit nodig om kortliks aandag te gee aan die verband tussen kerklike reg en algemene regsbeginsels, en die belang van algemene regsbeginsels vir kerklike besluitneming.

## 8.2 Verhouding tussen kerk en staat

In die reformatoriese tradisie (Luthers en Calvinisties) was die verhouding tussen kerk en owerheid nog altyd belangrik. Die Reformatore het op grond van Romeine 13 die owerheid as ŉ instelling van God beskou, en van owerhede verwag om deur middel van wetgewing ŉ ordelike samelewing te skep wat die verkondiging van die evangelie sou bevorder. Calvyn het daarop aangedring dat die owerheid met *humanitas* (menslikheid) en *clementia* (barmhartigheid) moet regeer, met respek vir die *dignitas* van elke onderdaan (sien Dreyer 2018). Daar kan selfs geargumenteer word dat Calvyn hiermee die grondslag gelê het vir wat later sou bekendstaan as “menseregte”.

Die verhouding tussen kerk en staat word ook in die belydenisskrifte verwoord. In Artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* bely die kerk die volgende: “Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie.” Daarmee word aan die owerheid, as instelling van God, bepaalde erkenning gegee en onderneem gelowiges om gehoorsaam te wees aan owerheidsgesag. Die owerheid het ook ŉ bepaalde verantwoordelikheid

teenoor die kerk. Van der Linde (1965:183) meen dat dit die roeping van die owerheid is om die kerk te beskerm en te bevorder. Volgens die NGB Artikel 36 moet die owerheid die kerk ondersteun in die uitvoering van sy opdrag. Hierdie bewoording van Artikel 36 is natuurlik problematies in ŉ sekulêre staat soos Suid-Afrika, hoewel dit duidelik is dat die howe in Suid-Afrika steeds die kerk met groot respek behandel.

Die kerk gehoorsaam die staat en landswette in alles wat reg en billik is. Van Staden (2014:250-251) formuleer dit soos volg:

> "Prescisely as civil authorites, as insitutions of God, are obliged to assist and protect the church and its office bearers, it is likewise the duty of all ministers, elders and deacons to impress upun church members, faithfully and diligently, the need to obey and honour the goverment. They must also endeavor, for the fear of the Lord, to arouse and retain the goodwill of the civil authorities towards the church in the best interest of the churches. Church assemblies must communicate with government in order to acquire the neccessary cooperation of the goverment and, as the church of Christ, bear testimony to goverment in cases where the need to do so occurs."

Vanuit ŉ historiese perspektief is dit duidelik dat reformatoriese kerke nog altyd ŉ fundamentele respek vir die owerheid en algemene regsbeginsels gehad het, en steeds het. Daarom, wanneer ŉ mens navorsing doen oor die besluite van reformatoriese kerke, kan die verband met die owerheid en algemene regsbeginsels nie geïgnoreer word nie. Prakties gesproke beteken dit dat reformatoriese kerke, vanweë hulle herkoms en teologiese tradisie, altyd met een oor sal luister na wat die owerheid en landswette te sê het. Die belang van die verhouding kerk of staat kan met twee voorbeelde uit eietydse kerkordes geïllustreer word:

In die Kerkorde van die NG Kerk (2011) Artikel 67 staan daar:

> 67 (1) In die lig van Romeine 13 bestaan die staat as ŉ dienaar van God tot ons beswil. Dit is God wat aan die staat die opdrag gegee het om die reg te handhaaf en die kwaaddoeners te straf.

67 (2) Die kerk erken dat die staatsowerheid wat deur sy fisiese swaardmag in beheer van ŉ bepaalde staatsgebied is, deur God beskik is en as sodanig eerbiedig moet word. Die norm vir die kerk se deelname aan die publieke regsverkeer en uitoefening van burgerlike regte is die Woord van God.

67 (3) Christus is die Hoof van die kerk. Daarom beskou die Kerk sy reg op vryheid van godsdiens, wat sy Bybels-profetiese getuienis teenoor die staatsowerheid en die wêreld waarin hy staan, insluit, as onvervreembaar. In die uitoefening hiervan maak hy aanspraak op die regsbepaalde beskerming van die owerheid.

In die Kerkorde van die NHKA (2010) beskryf Ordinansie 5.7.8 die kerk se verhouding met die owerheid soos volg:

**5.7.8. Getuienis teenoor die owerhede**

(i) “Die kerk se getuienis op grond van die Woord van God bestaan uit die verkondiging, gesprekke wat lidmate en ampsdraers met owerhede en politieke partye voer, en uit die bekendmaking van besluite van vergaderings van die ampte, en dit word ook saam met ander kerke afgelê.”

(ii) “Getuienisse word vanuit die Woord van God teenoor owerhede as instellings van God gelewer oor die Koninkryk en die wil en gerig van God, deurdat God mense aan Hom gehoorsaam wil maak en deur sy Woord wil laat lei.”

(iii) “Die kerk bid vir die owerhede en verseker hulle daarvan.”

## 8.3 Die Grondwet van Suid-Afrika

Uit bogenoemde kerkordelike bepalings is dit duidelik dat reformatoriese kerke, tipies Calvinisties, ŉ fundamentele respek ten opsigte van die owerheid bevorder en handhaaf. Dit impliseer dat die kerk die Grondwet van Suid-Afrika, insluitend die Handves van Regte, respekteer en haarself daaraan gebonde ag (Van Staden 2014:253).

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika het op 4 Februarie 1997 in werking getree en is die hoogste gesag in Suid-Afrika. Dit het ŉ nuwe konstitusionele bedeling in Suid-Afrika tot stand gebring met verreikende gevolge vir al die burgers van Suid-Afrika, insluitend lidmate van kerke en kerke as sodanig (Ungerer 2007:791). Die beskerming van fundamentele regte is ook op die kerk van toepassing. Die volgende artikels van die Handves van Regte (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996) is van besondere belang vir kerklike besluitneming:

- "Artikel 9: Elkeen is gelyk voor die reg en het gelyke beskerming en voordeel van die reg."
- "Artikel 10: Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word."
- "Artikel 15: Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening."
- "Artikel 16: Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking."
- "Artikel 18: Elkeen het die reg op vryheid van assosiasie."
- "Artikel 30: Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kultuurlewe van eie keuse deel te neem."
- "Artikel 31: Persone wat aan ŉ kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word om, saam met ander lede van daardie gemeenskap – 1. hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie. 2. kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie."
- "Artikel 33: Elkeen het die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is."
- "Artikel 36: Die regte van die Handves van Regte kan slegs kragtens ŉ algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in ŉ oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met in aanneming van alle tersaaklike faktore."

- “Artikel 39 (3): Die Handves van Regte ontken nie die bestaan van ander regte of vryhede wat deur die gemene reg, gewoontereg of wetgewing erken of verleen word nie, in die mate waarin daardie regte of vryhede met die Handves bestaanbaar is.”

Die reg op vryheid van godsdiens beteken dat die staat nie mag inmeng of voorskryf wat individue se keuses ten opsigte van godsdiens en geloof betref nie. Die regering en die hof kan ook nie een godsdiens bo ŉ ander kies nie, maar kan wel kerklike besluite en optrede onder hersiening neem. Van Staden (2014:256) formuleer dit soos volg:

> “Section 34 states that ‘(e)veryone has the right to have any dispute that can be resolved by the application of law decided in a fair public hearing before a court or, where appropriate, another independent and impartial tribunal or forum.’ All members of churches, as well as churches themselves, like all other aggrieved individuals and bodies, have the right to recourse to impartial justice to settle their disputes. This right may only be denied in terms of the provisions of section 36.”

Alle kerkordes bevat meganismes en bepalings om geskille te hanteer, juis om te keer dat lidmate hof toe gaan as hulle nie gelukkig is met die manier hoe ŉ saak hanteer is nie, en ook om te keer dat die staat nie gedwing word om in te meng by kerklike sake nie (Van Staden 2014:344). Die afwesigheid van ŉ kerkorde en oënskynlike wanpraktyke (waaroor die media dikwels berig) laat die owerheid byna geen keuse nie as om by “kerke” se sake in te meng en “kerke” selfs strafregtelik te vervolg. Dit word egter net gedoen in uiterste gevalle:

> “If the constitution was strictly followed, if proper notice was given, if each party had a proper opportunity to state their case and if the finding is not manifestly absurd, the courts would generally not intervene even if it was thought that the decision is wrong.” (Hiemstra 1946:30)

> “The jurisdicition of courts in church dsiputes is a rather convoluted matter, and several factors need to be taken into account before it can be established that the church remains the primary authority over its own internal matters, a right firmly entrenched in the Constitution” (Van Staden 2014:344).

Die Grondwet bepaal dat “menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede; nie-rassigheid en nie-seksisme” kernwaardes van die Suid-Afrikaanse demokrasie is (Grondwet van die RSA, Wet 108 van 1996, Artikel 1). Die kerk behoort waardes soos menswaardigheid en gelykheid ten volle te ondersteun. Om teen rasse- en geslagsdiskriminasie standpunt in te neem, is ook Bybelse beginsels (Ungerer 2007:792).

In Artikel 2 van die Grondwet staan: “Hierdie Grondwet is die hoogste reg van die Republiek; enige regsvoorskrif of optrede daarmee onversoenbaar, is ongeldig, en die verpligtinge daardeur opgelê, moet nagekom word” (Grondwet van die RSA, Wet 108 van 1996, Artikel 1(c)). Dit beteken dat die Handves van Regte bindend is op natuurlike en regspersone en toepasbaar is met inagneming van die aard van die reg en die aard van enige plig wat deur die reg opgelê word (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, Artikel 8 (2)). Dit beteken dat die kerk as regspersoon en sy lede individueel hulle op die Grondwet kan beroep en aanspraak maak op die beskerming wat die Grondwet aan albei partye bied.

Die uitdaging vir die kerk in die konstitusionele bedeling lê daarin dat sy die beskerming van regte wat deur die Grondwet verleen word uitleef. Die kerk moet die regte wat deur die Grondwet verleen word onbeskroomd uitleef, maar dit ook vir almal gun (Ungerer 2007:795).

Die kerk erken die Grondwet, as die hoogste wetlike gesag in die land, en moet al sy besluite en handelinge daaraan toets (Ungerer 2007:792). Die kerk sou slegs met hoë uitsondering, en slegs wanneer die Grondwet sonder twyfel in teenspraak met die Woord van God is, besluite kon neem wat strydig met die Grondwet is. Soverre die Grondwet nie in openlike en

direkte teenspraak met die Woord van God is nie, is dit vanselfsprekend dat kerklike besluite die Grondwet van Suid-Afrika sal verreken. Die onus sou dus op kerklike vergaderings berus om aan te toon dat die Grondwet strydig met die Woord van God is.

### 8.4 Die kerk en vrywillige assosiasie

Die kerk word regtens as ŉ vereniging beskou wat deur vrye assosiasie tot stand kom. Die kerk as ŉ vrye assosiasie van persone neem willekeurig en onwillekeurig aan die normale regsverkeer deel, en kan die kerk nooit uitgesluit word van die bepalings van die wet nie (Ungerer 2007:791).

Ungerer (2007:792) wys daarop dat, wanneer daar gekyk word na vrywillige organisasies, die vraag ontstaan of hulle onderworpe sal wees aan die beginsels van die administratiefreg en in besonder die reëls van natuurlike geregtigheid. Howe verwys na kerke as vrywillige organisasies wanneer hulle met administratiewe prosedures te doen kry, omdat daar in die vrywillige organisasies (soos kerke en welsynsorganisasies) ŉ interne verhouding tussen al die lede bestaan. Daar bestaan in vrywillige organisasies ŉ ooreengekome gesagsverhouding, waar die individu ondergeskik is aan die bestuur. In die kerk beteken dit dat kerklike vergaderings (soos die kerkraad of sinode) ŉ bepaalde bevoegdheid en gesag het. Daar is twee belangrike kenmerke van ŉ administratiewe verhouding wat in ag geneem moet word:

Ten minste een van die regsubjekte moet ŉ persoon of ŉ liggaam wees wat gesag uitoefen en hierdie gesagsposisie moet beklee wees deur ŉ persoon of ŉ liggaam wat met gesag beklee is en wat in staat is om die gesag uit te oefen (Beukes 2000:27). Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid Wet 3 van 2000 (die sogenaamde “PAJA”- wet) is hier van besondere belang. PAJA bepaal dat daar ŉ regstreekse eksterne regsgevolg moet wees, indien die regte van enige persoon nadelig geraak word (Ungerer 2007:793).

Dit is nie net belangrik om algemene regsbeginsels en kernwaardes van die Grondwet en Handves van Regte te verreken nie, maar ook die eie aard van kerklike reg. Kerklike reg moet beginsels daarstel wat die kerk help om met integriteit en onder leiding van die Woord en Gees te leef (Nauta 1971:8-9). Kerklike reg vind neerslag in ŉ kerkorde. ŉ Kerkorde moet diensbaar wees aan die kerklike lewe in ŉ bepaalde konteks. Dus moet ŉ kerkorde niks meer wees as eietydse kanale waardeur die Woord die kerklike lewe deurvloei nie (Strauss 2010:15). Juis omdat die kerkorde relevant moet bly kan die kerkorde gereeld gewysig word. ŉ Kerkorde moet konsentreer op rigtinggewende duursame en kernagtige Woordgebonde artikels wat keer dat mensgemaakte besluite die kerk kan oorneem. Kerkordes moet dit vir die kerk moontlik maak om sy roeping in ŉ bepaalde tyd en konteks volgens die Woord uit te voer (Strauss 2010:20). Kerklike reg kan beskou word as reëls wat vanuit die Woord van God voortvloei en bepalend is vir die optrede van die gemeenskap van gelowiges.

## 8.5 Godsdiensvryheid

Dit is opmerklik dat kerke al meer betrokke raak by regsgeskille. Daar is verskeie oorsake vir hierdie geskille. Dit sluit in finansiële wanbestuur, wangedrag, arbeidsgeskille, onbillike optrede teenoor lidmate of predikante en die nienakoming van kerkordes en regulasies (Van Coller a2017:592). Hoewel die hof nie uitspraak lewer oor geloof of godsdienstige oortuigings nie, beteken dit nie dat geloofsinstellings gevrywaar word van prosedurele reëls of bepalings van die Grondwet en ander wetgewing nie (Van Coller a2017:595). Dit konfronteer geloofsgemeenskappe met die vraag tot watter mate hulle geloofsvryheid geniet. Daar bestaan ŉ spanningsvolle verhouding tussen geloofsvryheid wat deur die Grondwet gewaarborg word, en die ander regte wat ook deur die Grondwet gewaarborg word. Daar is dus nie sprake van absolute geloofsvryheid nie, maar slegs van geloofsvryheid in terme van die Grondwet.

Dit beteken onder andere dat kerke se besluite en optrede in beginsel deur ŉ hof hersien kan word. Die hof sal nie by godsdienstige verskille betrokke raak nie, maar kan wel genader word om ŉ kerk se besluite en handelinge

te hersien en ter syde te stel, indien ŉ kerk nie haar eie interne reëls en prosedures gevolg het nie of onbillik en onregmatig opgetree het (Van Coller a2017:602). ŉ Voorbeeld hiervan is die saak van "*De Lange v Presiding Bishop, Mehodist Chruch of Sourthern Africa* waar Ecclesia de Lange uit haar pos as predikant van die Metodistekerk geskors is nadat sy aangekondig het dat sy met haar lewensmaat in die huwelik wil tree. Sy het aangevoer dat die betrokke reëls van die Metodistekerk nie duidelik was nie" (Van Coller a2017:609). Die Appèlhof het die volgende uitspraak gelewer (bl. 30):

> "These are issues that the Church should be left to determine domestically, as far as is possible, without interference from the Court. The Court should only become involved in the dispute where it is strictly necessary to do so. Even then, I am advised and submit that it will refrain from determining doctrinal issues, in order to avoid religious entanglement."

Die hof het ook verder oor die saak beslis dat "a proper respect for freedom of religion precludes our courts from pronouncing on matters of religious doctrine, which fall within the exclusive realm of the Church" (bl. 39).

Enige kerk het die reg om interne strukture, gedragsreëls, regulasies en prosedures neer te lê vir die uitoefening van bestuur, gesag en orde ooreenkomstig die bepaalde kerk se geloofsoortuigings (Van Coller a2017:610). Geloofsvryheid beteken nie dat ŉ kerk nie die basiese beginsels van administratiewe geregtigheid hoef na te kom nie. Daarom moet die kerklike reg altyd rekening hou met algemene regsbeginsels en moet ŉ kerkorde in die lig daarvan evalueer word. ŉ Kerkorde mag byvoorbeeld nie bepalings bevat wat openlik diskrimineer of strydig met die Grondwet is nie. Kerkordelike bepalings ten opsigte van lidmaatskap, indiensneming en dissiplinêre prosedures moet aan algemene regsbeginsels voldoen. ŉ Voorbeeld hiervan is dat ŉ kerk se tugprosedures en dissiplinêre kode voorsiening moet maak vir die nodige prosesregtelike waarborge wat voldoen aan die algemene vereistes van ŉ billike verhoor (Van Coller a2017:610).

Kerke moet hulleself deeglik vergewis van hul eie identiteit (ekklesiologie of kerkbegrip) en hoe hierdie identiteit neerslag vind in kerkordes en besluite wat geneem word (Coertzen 2006:368). Tegelykertyd moet kerke kennis neem van die inhoud en die implikasies van die Handves van Regte en ander tersaaklike wetgewing. Indien daar diskriminasie of differensiasie in ŉ kerkorde of kerklike besluite teenwoordig is, moet aangetoon word dat dit op legitieme gronde berus en dat dit wesenlik deel is van ŉ kerk se geloofsoortuigings. In so ŉ geval sou daar ŉ beroep op godsdiensvryheid gemaak kon word (Coertzen 2006:369).

Kerke vorm deel van die staatsgebied van die Republiek van Suid-Afrika en is eerbied verskuldig aan die owerheid en moet die wette van die land gehoorsaam. Die 1996-Grondwet bied wel aan kerke die geleentheid om hulleself te bestuur en te organiseer, maar binne die raamwerk van die Grondwet (Coertzen 2006:370). Dit beteken dat wanneer kerke besluite oor homoseksualiteit neem, die Grondwet van Suid-Afrika en die Handves van Regte inderdaad verreken moet word. Dit impliseer dat daar ŉ sesde grondbeginsel ter sprake is wanneer kerklike besluite beoordeel word, en dit is tot watter mate kerklike besluite aan algemene regsbeginsels, administratiewe geregtigheid en die Grondwet van Suid-Afrika voldoen. Dit sou alleen by hoë uitsondering en op grond van duidelike geloofsoortuigings moontlik wees om strydig met die Grondwet te handel.

Die regsorde in Suid-Afrika staan voor uitdagings as gevolg van toenemende sekularisasie, individualisme, multikulturaliteit en godsdienstige pluralisme. Mense van uiteenlopende kulture en godsdienste kom daagliks met mekaar in aanraking en die potensiaal vir konflik word al hoe groter. Die reg op godsdiensvryheid is belangrik in die lig van godsdienstige pluralisme in Suid-Afrika en daar is ŉ groot behoefte aan godsdienstige verdraagsaamheid. Dit stel groter eise aan die howe om godsdiensregte volgens die Grondwet te beskerm. Die vraag is of kerke sensitief is daarvoor en bereid is om diversiteit te akkommodeer (Van Coller 2013:680).

## 8.6 Gay predikante

In die kerklike debat en besluite oor homoseksualiteit is daar verskillende vraagstukke onderskeibaar:

- Skrifbeskouing: Wat sê die Bybel oor homoseksualiteit?
- Etiek: Is homoseksualiteit sonde?
- Pastoraat: Hoe moet die kerk teenoor gay lidmate optree?
- Huwelik: Is gay huwelike versoenbaar met die kerk se tradisionele verstaan van die huwelik, en moet gay lidmate kerklik in die huwelik bevestig word?
- Ampte: Mag gay persone in die amp dien, veral die amp van predikant?

Wêreldwyd het die toelating van gay persone tot die amp van predikant al tot groot konflik en kerkskeuring gelei. Daar is reeds verwys na die NG Kerk se 2016-besluite en die hofsaak wat daaruit voortgevloei het. Daarnaas het die media berig oor Moreletapark Gemeente, ŉ megagemeente en die grootste in die NG Kerk, wat ŉ proses begin het om hulleself van die NG Kerk te skei op grond van die NG Kerk se besluite oor homoseksualiteit.

Vervolgens word nog enkele voorbeelde genoem, waar die toelating van gay persone tot die amp van predikant (of nie) bepaalde spanning veroorsaak het.

- **Lulanie Vermeulen**

Die kuratorium van die NG Kerk het in 2011 geweier om Lulanie Vermeulen te legitimeer, alhoewel sy haar voorgeskrewe BTh- en MDiv-graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het. Haar legitimasie is geweier omdat sy nie die dokument wou teken waarin sy haar daaraan verbind om selibaat te lewe nie. Die moderator van die NG Kerk in die Wes-Kaap het bevestig dat die besluit strook met die beleid van die NG Kerk (en ander reformatoriese kerke) en dat die nodige sinodale prosesse gevolg moet word indien die besluit gewysig sou word (Van Coller 2013:682). Die NG Kerk het op daardie stadium nog volstaan met die 2007-besluit, wat bepaal

het dat homoseksuele gelegitimeerdes wat ’n selibaat lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat kan word. Hierdie besluit om Vermeulen se legitimasie te weier is wyd gekritiseer. Vermeulen het regsadvies ingewin, maar uiteindelik dialoog bo regsaksie verkies (Van Coller 2013:682).

- **Die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK)**

Die kuratorium van die VGK het in 2007 geweier om ’n teologiese student te legitimeer omdat die kandidaat gay was. In 2012 het die kuratorium besluit om wel ’n gay persoon te legitimeer. Die redes wat die kuratorium vir hierdie besluit aangevoer het, was dat die persoon nie in ’n verhouding was of ’n homoseksuele leefstyl gevolg het nie. Die persoon het ook die vereiste BTh- en MDiv-graad aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi en onderneem om selibaat te bly (Van Coller 2013:682).

- **Ecclesia de Lange**

Ecclesia de Lange is in 2006 as predikant van die Metodistekerk van Suid-Afrika georden en bevestig. In 2009 het die kerk haar as predikant onthef omdat sy bekend gemaak het dat sy in ’n selfdegeslag-huwelike wil tree. “Sy is deur twee dissiplinêre komitees skuldig bevind aan die nienakoming van die reëls, regulasies en praktyke van die Metodistekerk en is in 2010 uit haar pos geskors” (Van Coller 2013:682). Sy is skuldig bevind aan die oortreding van Artikel 2.5.1 (vi) van die Kerkorde wat soos volg lui:

> “Any decision and subsequent action on the issue of civil unions between samesex partners must await the outcome of ongoing process of engagement as specified by Conference 2005 ...” (Metodistekerk-Jaarboek 2008, par 2.5.1 (vi); sien Van Coller 2013:683).

De Lange het die hof genader vir ’n bevel om die kerk se besluit ter syde te stel en om haar weer in haar amp te herstel. Sy was van mening dat die Metodistekerk se optrede teenoor haar op grond van haar seksuele oriëntasie diskriminerend van aard was. Die kerk was van mening dat sy die kerk se reëls en regulasies oortree het en dat hulle bevoeg was om haar uit

haar amp te onthef. Sy is dus, volgens die kerk, nie vanweë haar seksuele oriëntasie onthef nie, maar omdat sy die kerkordelike bepalings nie gevolg het nie. De Lange het besluit om dit in die hof te betwis (Van Coller 2013:684).

Wanneer ŉ kerk se besluit om die legitimasie en ordening van ŉ gay persoon te weier en in die lig van die Suid-Afrikaanse wetgewing te beoordeel, moet verskillende wette verreken word. Die eerste daarvan is arbeidswetgewing. Indien ŉ predikant geskors word as gevolg van homoseksuele oriëntasie, is arbeidswetgewing onmiddellik ter sprake (Van Coller 2013:684), hoewel dit betwis kan word op grond van die vraag of ŉ predikant inderdaad ŉ werknemer in die gewone sin van die woord is. Daar is kerke wat volhou dat ŉ predikant of priester ŉ geestelik amp is en in diens van God staan, en dus nie ŉ werknemer in die gewone sin van die woord is nie. Daarteenoor is daar kerke wat dit doelbewus in die kerkorde inskryf dat ŉ predikant ŉ werknemer van die kerk is, om daarmee alle verwarring te voorkom. Van Coller (2013) verwys onder andere na die Wagenaar-saak (2005) waar die hof se uitspraak iets van hierdie ambivalensie verwoord:

> "It seems that there is no general rule in South Africa as to whether a Minister of Religion is an employee or not. Nor is there likely to be. Different denominations have different teachings and ideologies. In my view each case depends on the facts."

Die volgende stuk wetgewing wat in ag geneem moet word, is die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000. Die saak van Johan Strydom teen die NG Kerk Moreletapark kan as voorbeeld hiervan dien, hoewel dit ook anders is omdat Strydom nie ŉ predikant of ampsdraer van die kerk was nie. Strydom was ŉ musiekdosent by die Moreletapark Kunsakademie. NG Kerk Moreletapark het hom in 2005 uit diens gestel nadat dit bekend geword het dat hy in ŉ homoseksuele verhouding betrokke was. Die saak bots met ŉ aantal fundamentele regte (Van Coller 2013:689), naamlik:

- vryheid van assosiasie

- vryheid van godsdiens
- reg op gelykheid

Strydom het hom na die hof gewend teen die diskriminasie van die werkgewer op grond van sy seksuele oriëntasie. “Die hof moes beslis of geloofsinstellings vrygestel is van die bepalings van die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000” (Van Coller 2013:689). Nog ’n vraag was of geloofsinstellings se reg om te diskrimineer verder strek as net geestelike leiers en gevolglik ook ’n musiekdosent insluit. Die hof het besluit dat die gemeente se besluit om Strydom se dienste as dosent te beëindig diskriminasie daarstel op grond van die volgende redes (Van Coller 2013:690):

- “Hy was net ’n dosent en nie in die posisie van ’n geestelike leier nie.”
- “Dit was nie deel van sy kontrak dat hy betrokke sou wees by godsdiensonderrig nie.”
- “Die kerk is nie gevrywaar van die bepalings van die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2002 nie, veral nie ten opsigte van algemene werknemers nie.”

Dit is belangrik om in ag te neem dat dit nie die hof se taak is om oor die waarheid of korrektheid van godsdienstige leerstellings te besluit nie. Geloofstellinge moet toegelaat word om self betekenis en inhoud aan hulle geloofsoortuigings te gee, maar tegelykertyd beteken dit nie dat geloofsinstellings onvoorwaardelike geloofsvryheid het en daarom onbillike diskriminasie mag duld of toepas nie (Van Coller 2013:693-694).

By herhaling behoort die kerk eintlik uit innerlike oortuiging te weet dat daar nie op ’n onbillike wyse teen ’n persoon gediskrimineer mag word nie. Die kerk het nie ’n wet nodig om daarvan bewus te wees dat diskriminasie strydig is met die gebod tot naasteliefde nie. Die howe is ook hiervan bewus, soos blyk uit die volgende hofuitspraak:

> “I trust the parties, being church men and women, will try to resolve their differences in the spirit that the Bible teaches us we should adopt, namely the spirit of brotherly love and I think an attempt should be made, by the parties, to solve this problem and not to come to the Court” (United Methodist Church of South Africa v Sokufundumala1989 4 SA 1055 (O) 1059D–E).

### 8.7 Geregtelike hersiening

Volgens Van Coller (b2017:994) verwys “geregtelike hersiening na die… bevoegdhede van die howe om administratiewe besluite te kontroleer, te ondersoek en tersyde te stel.” Voor 1994 is die hersieningsbevoegdheid van die hof ’n inherente bevoegdheid ontleen en is beheer deur die gemenereg, maar dikwels gekwalifiseer deur die *ultra vires* leerstuk. Tans word hersiening slegs op ’n indirekte wyse deur Artikel 33 van die Grondwet beheer, maar direk deur die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid 3 van 2000 (Van Coller b2017:995). Van Coller (b2017:1022) kom tot die gevolgtrekking:

> “Ingevolge die Suid-Afrikaanse gemenereg, en soos by verskeie geleenthede deur die howe beslis, is dit duidelik dat die dissiplinêre tribunale van vrywillige verenigings vatbaar vir geregtelike hersiening deur die howe is. Hierdie tipe hersiening geskied binne die raamwerk van die sogenaamde nie-grondwetlike administratiefreg of private administratiefreg, veral ten aansien van die hersiening van besluite deur private organisasies ooreenkomstig die gemeenregtelike beginsels van die administratiefreg. Aangesien geen openbare funksie vervul word nie, is dit dus nie ’n aangeleentheid wat binne die raamwerk van die Grondwet (meer spesifiek, artikel 33) of PAJA tuishoort nie… [dit] dui aan dat die verhouding tussen lede van private, nie-statutêre organisasies dikwels kontraktueel van aard is en deur privaatregtelike beginsels beheer word. Die howe vereis wel dat die dissiplinêre optredes van private liggame (insluitende kerke en huishoudelike tribunale) in ooreenstemming met die beginsels van natuurlike geregtigheid geskied.”

Wanneer die hof besluite van kerklike vergaderings in hersiening neem, moet daarmee rekening gehou word dat ŉ kerk se kerkorde as onderlinge kontrak tussen die lidmate van die kerk dien. Die onderlinge kontrak bestaan tussen lidmate, aangesien vergaderings as sodanig nie ŉ regspersoon is nie. Die kontrak tussen lidmate vind neerslag in die kerkorde, maar usansie en besluite van vergaderings vorm deel van die ooreenkoms.

In terme van die onderlinge kontrak wat kerkordelik tot stand kom, is lidmate gebind aan die besluite van bevoegde kerklike vergaderings. Omdat daar ŉ kontrak tussen lidmate bestaan, moet ŉ hof die hersiening volgens kontrakreg hanteer. Dit geld ook vir kerke se besluite oor homoseksualiteit.

Kerke word soms gekonfronteer met die klag dat hulle nie die basiese beginsels van redelikheid, gelykheid voor die reg, billikheid en bevoegdheid volg nie. Dit blyk dikwels dat kerklike vergaderings nie behoorlik aandag aan ŉ saak gee nie en gevolglik prosedurele foute maak.

Prosedurele regverdigheid is belangrik (sien Dijkstra 2019) veral ten opsigte van billike en redelike prosedures en die *audi alteram partem* beginsel. Die laasgenoemde gaan oor ŉ regverdige proses wanneer ŉ geskil ontstaan, waarin partye geleentheid kry om deel te neem aan die proses. Dit is in alle kerke die gebruik dat byvoorbeeld die agenda van ŉ sinode vroegtydig uitgestuur word en aan die betrokke kerk bekend gemaak word. Dit help dat afgevaardigdes ŉ ingeligte besluit kan neem.

Die beginsels en prosedures waarvolgens kerklike vergaderings besluite neem, word in die onderskei kerke se kerkordes uitgespel. Kerkordes is die enigste amptelike dokumente waarin die besluitnemingsprosesse van reformatoriese kerke in Suid-Afrika uitgespel word. Kerkordes reguleer die bevoegdheid, samestelling en opdragte, en werkswyse van die verskillende vergaderings. Daarom is dit belangrik dat ŉ kerklike vergadering — wat prosedures betref — die kerkorde volg.

## 8.8 Slotopmerking

Opsommend kan gesê word dat die verhouding tussen kerk en staat in Suid-Afrika na 1994 onder druk gekom het. As daar gekyk word na die verhouding tussen die kerk en die regstaat, sien ŉ mens ŉ unieke posisie van kerklike reg in terme van die kerk se selfverstaan en die potensiële selfregering van die kerk, binne die raamwerk van grondwetlik verskanste godsdiensregte en ŉ gesonde verhouding tussen die kerk en die staat (Van Staden 2014:459). Interne reëlings, soos wat dit in kerkordes en ander amptelik kerklike dokumente vervat word, behoort die toets van die Grondwet te deurstaan benewens die feit dat dit aan die kerk se eie leerstellinge moet voldoen (Van Staden 2014:459).

Die staat en die howe is nie veronderstel om by godsdienstige kwessies betrokke te raak nie. Die verband tussen leer en kerkorde is van so ŉ aard dat howe oor die algemeen die kerk se interpretasie van sy eie verordeninge aanvaar, en daarom nie graag by kerklike verskille betrokke raak nie. In terme van algemene wetgewing en regsbeginsels het kerke omskrewe regte maar ook verantwoordelikhede, terwyl die staat die plig het om aan die kerk voldoende geleentheid te gee om te funksioneer sonder om gebuk te gaan sonder beperkings en dwang in terme van geloofsbeginsels en geloofspraktyke.

Die howe en owerhede moet die kerk se selfverstaan, soos gegrond op die Woord van God en die kerklike belydenis, respekteer. Kerke, aan die ander kant, het die plig om te funksioneer binne die voorskrifte van die Grondwet terwyl hulle op outonomiteit en konstitusionele beskerming aanspraak maak. Die kerk en staat moet mekaar aanvul en met wedersydse respek funksioneer. Elkeen moet op sy eie terrein geregtigheid en die algemene welstand van die gemeenskap bevorder (Van Staden 2014:459).

# 9. GEVOLGTREKKINGS

## 9.1 Inleiding

Uit die historiese oorsig wat hierdie navorsing bied, het dit duidelik geword dat reformatoriese kerke in Suid-Afrika uiteenlopende besluite oor homoseksualiteit geneem het. Daar is verskillende redes vir die diversiteit.

Eerstens is homoseksualiteit ŉ komplekse en sensitiewe saak waarop daar nie maklike antwoorde is nie. Uiteenlopende eksegese van tekste en navorsing op die terrein van mediese wetenskappe en genetika laat geen twyfel dat daar altyd uiteenlopende standpunte gaan wees nie.

Tweedens is kerklike besluite oor homoseksualiteit dikwels kontroversieel, omdat dit deel gemaak word van die gesprek oor kerklike leer, kerkorde en kerklike prosedure. Deur homoseksualiteit (en seksualiteit oor die algemeen) as ŉ leerstellige en kerkordelike saak te hanteer, word gay lidmate blootgestel en hulle menswaardigheid word aangetas met gepaardgaande emosie. Uiteraard is leerstellige aangeleenthede vir kerke uiters belangrik en daarom is die leerstellige hantering van homoseksualiteit ŉ uiters sensitiewe aangeleentheid.

Derdens is daar verskillende benaderings ten opsigte van Skrifbeskouing. Die aard en gesag van die Bybel ten aansien van morele kwessies verskil dramaties, selfs binne dieselfde denominasie en tussen afgevaardigdes van dieselfde vergadering.

Vierdens word kerklike vergaderings gekonfronteer met ŉ tradisionele verstaan van menslike seksualiteit (De Villiers 2006:186-187). Dit lei dikwels tot uiteenlopende standpunte, konflik en selfs regsaksies.

Die maatstaf vir ŉ Christelike lewenswyse is die dubbele liefdesgebod. Ons moet God liefhê met ons hele hart en siel, en ons naaste soos onsself. Dit gebeur maklik dat kerkleiers, soos die geestelike leiers in Jesus se tyd, die liefdesgebod uit die oog verloor en verval in ŉ wettiese hantering van sake (De Villiers 2006:191).

Die volgende kan moontlik as uitgangspunt dien wanneer kerklike vergaderings oor homoseksualiteit besluite neem:

- Die oorheersende gesindheid waarmee Christene gay mense behoort te benader, moet spreek van aanvaarding en naasteliefde wees. Dit is in ooreenstemming met die breë evangeliese boodskap en gaan kerkregtelike gesproke van die standpunt uit dat die kerklike reg vanuit Christus self, as vleesgeworde Woord, voortvloei.
- Dit beteken verder dat die gemeenskap ŉ gay persoon se menswaardigheid sal erken, omdat die opdrag tot naasteliefde en die Handves van Regte nie teenoor mekaar staan nie, maar as komplementêr beskou moet word.
- Kerklike vergaderings moet verseker dat hulle die beste moontlike inligting bekom, ook vanuit ander vakwetenskaplike dissiplines as teologie, voordat ingrypende besluite geneem word.
- Christene moet steeds die gesag van die Bybel vir hulle alledaagse lewe erken. Die Bybel is nog gesagvol, ten spyte daarvan dat die Bybel deur en deur kontekstueel en kultuurbepaald is. Tegelykertyd moet ŉ fundamentalistiese teruggryp na die Bybel afgewys word. Leerstellige en morele onsekerheid in vandag se tyd kan nie besweer word deur ŉ letterlike Skrifberoep wat nie die Bybelse konteks en hedendaagse konteks in ag neem nie (De Villiers 2006:192-193).

### 9.2 Homoseksualiteit: ŉ Leerbeslissing?

Die wyse waarop kerke besluite ten opsigte van homoseksualiteit hanteer, dui daarop dat dit as ŉ leersaak beskou word. In presbiteriaal-sinodale kerkregering is dit sinodale vergaderings wat die bevoegdheid het om oor leer, liturgie en kerkorde te beslis. Wanneer homoseksualiteit op die agenda van ŉ sinode geplaas word, is die verwagting dat daar ŉ leerbeslissing gemaak word en ŉ "finale" uitspraak gelewer word.

Tegelykertyd is dit duidelik dat homoseksualiteit nie op dieselfde wyse ŉ leersaak is soos leerstukke wat in die ekumeniese belydenisse of belydenisskrifte verwoord word nie. Die gesprek oor homoseksualiteit lê op ŉ ander vlak as ŉ gesprek oor die Godsleer. Tradisioneel is die gesprek oor

homoseksualiteit in die sfeer van die etiek geplaas. In die teologiese ensiklopedie was homoseksualiteit altyd een van die temas wat in Christelike Etiek behandel is.

Etiek het in die wydste sin van die woord met die menslike sedelikheid te doen (Dreyer 1979:1). Sedelikheid handel oor die reëls, gebooie, norme en waardes wat in ŉ bepaalde gemeenskap geld. Die teendeel van "sedelik" is "onsedelikheid". Dit gaan oor wat in ŉ bepaalde gemeenskap as reg of verkeerd, goed of boos, aanvaarbaar of onaanvaarbaar beskou word. Vir baie lank is homoseksualiteit in die Christelike etiek en in die meeste gemeenskappe as onaanvaarbaar, verkeerd of as sonde gekategoriseer. In baie lande bestaan daar wetgewing wat homoseksualiteit kriminaliseer. Die dekriminalisering van homoseksualiteit is ŉ relatief resente verskynsel.

ŉ Verwante term is die Afrikaanse woord "fatsoenlikheid" (Dreyer 1979:2). Dit dui gewoonlik op openbare sedelikheid. As iemand naak in die straat loop, sou dit as "onfatsoenlik" beskryf word. Dit is in een konteks onaanvaarbaar, maar in ŉ ander konteks sou dit weer heeltemal aanvaarbaar wees.

Met hierdie enkele voorbeelde word dit duidelik dat dit wat as reg en verkeerd beskou word, van gemeenskap tot gemeenskap, en dus van konteks tot konteks, verskil. Daar is ook "vlakke" van reg en verkeerd. Sommige optrede is meer of minder aanvaarbaar. Die aanvaarbaarheid al dan nie van ŉ bepaalde optrede hang grootliks af van ŉ individu se persoonlike waardestelsel, of die waardestelsel van ŉ bepaalde gemeenskap.

Ten opsigte van homoseksualiteit is daar wyd uiteenlopende standpunte. Die vraag is: Is dit van soveel belang dat sinodes ŉ besluit oor homoseksualiteit op dieselfde wyse as ŉ leerbeslissing moet hanteer? Hoekom word homoseksualiteit op ŉ dogmaties-etiese wyse hanteer, as die mediese wetenskap bewys het dat ŉ homoseksuele oriëntasie grootliks geneties van aard is, en nie primêr om ŉ mens se keuse gaan nie? Een van die voorwaardes om ŉ bepaalde daad as "goed" of "sleg" te tipeer, is dat dit voortvloei uit ŉ bepaalde keuse wat gemaak word. In die reg staan dit bekend as "toerekeningsvatbaarheid".

Een rede waarom sinodes homoseksualiteit soos ŉ leerstellige saak hanteer, is omdat dit in die teologie Christelike Etiek en Dogmatiek altyd ten nouste aan mekaar verbind was. In die dialektiese teologie (veral Barth en Brunner) is Christelike Etiek as ŉ integrale deel van Dogmatiek beskou (Søe 1965:9), en is elke etiese uitspraak tegelykertyd ŉ dogmatiese uitspraak omdat dit ŉ vraag na die wil van God is. Christelik Etiek behoort in die eerste plek te vra wat God se wil is soos dit in die Woord aan ons geopenbaar word. In die kerk word onderskei tussen leer en lewe, maar dit kan nie geskei word nie. Die leer van die kerk gaan oor dit wat die kerk glo en bely op grond van die Woord van God. Christenskap gaan egter nie net om geloof nie, maar ook om ŉ bepaalde lewenswyse op grond van die Woord van God.

Dit gaan weer terug na die kernvraag van Skrifbeskouing en die interpretasie van bepaalde Skrifgedeeltes. In reformatoriese kerke en teologie is dit belangrik om die Bybel reg uit te lê (hermeneutiek) en te verkondig. God het gekies om Homself in die vleesgeworde Woord, die gestrewe Woord en die verkondigde Woord aan die mens te openbaar. Daarom maak Bybels-reformatoriese teologie erns met die Woord van God (Dreyer 2016:35). Gevolglik sal die Woord van God altyd sentraal staan wanneer besluite geneem word. Daar is aangetoon dat daar nie in die Bybel oor homoseksualiteit as seksuele oriëntasie gehandel word of uitsprake gemaak word nie. Die tersaaklike Bybeltekste handel oor verkragting en geweld, wat uiteraard afgewys word as strydig met God se wil. Kerke is eenstemmig daaroor dat promiskuïteit, hetsy hetero- of homoseksueel, ten sterkste afgewys word as strydig met die wil van God.

Een van die kerkregtelike vrae wat beantwoord moet word, is waar die gesprek oor homoseksualiteit tuishoort? Is dit deel van sinodale prosesse, of is dit iets wat in die gemeente tuishoort? Moet die gesprek in ŉ leerstellige en kerkregtelike konteks, of in ŉ pastorale konteks, of dalk beide geplaas word? (Louw 2016).

In Hoofstuk 3 is die Hervormde Kerk se besluite oor homoseksualiteit bespreek. Daar is aangetoon dat die 2016 Algemene Kerkvergadering besluit het dat homoseksualiteit nie op die agenda van die AKV tuishoort nie, maar

eerder by die plaaslike gemeente. Wanneer homoseksualiteit deel vorm van ŉ leerstellige diskoers, word die eis om ŉ finale antwoord sterk. Wanneer homoseksualiteit deel vorm van die agenda van ŉ sinodale vergadering word homoseksualiteit outomaties deel van ŉ kerkregtelike proses, insluitend die toelating van homoseksuele persone tot die amp.

Die implikasie van die besluit is verreikend. In terme van die Kerkorde van die NHKA is die AKV verantwoordelik om leerstellige sake te hanteer. Volgens die Kerkorde van die NHKA is die werksopdrag van die AKV die volgende (NHKA Kerkorde 2019:51):

**4.4.3 WERKOPDRAG**

Die Algemene Kerkvergadering

(i) "neem bindende besluite namens alle gemeentes, ampsdraers en lidmate"

(ii) "neem besluite oor die leer en belydenis, liturgie en vasstelling, en uitvoering van die Kerkorde"

(iii) "tree op as bykomende vergadering wanneer ŉ beroep gedoen word teen ŉ bevinding van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering."

Deur homoseksualiteit van die agenda van die AKV te verwyder, is die "status" van die debat oor homoseksualiteit verander. Na die analogie van die regsprosesse is homoseksualiteit deur die AKV "gedekriminaliseer" of "genormaliseer", met ander woorde, dit is uit die sfeer van die sedelike en dogmatiese verwyder. Dit is dus nie meer ŉ gesprek oor reg en verkeerd nie, en daarom ook nie meer ŉ gesprek oor die korrekte en suiwer leer nie, maar oor die lewe van die gemeente. Gay lidmate is deel van die gemeente waar hulle soos enige ander lidmaat deel is van die rykdom van God se genadegawes.

Homoseksualiteit is na my mening nie ŉ leersaak nie omdat navorsing aangetoon het dat ŉ homoseksuele oriëntasie geneties bepaald is en nie berus

op willekeurige besluite nie. Daarom behoort die kerk homoseksualiteit nie op ŉ eties-dogmatiese en leerstellige wyse op kerklike vergaderings te hanteer nie, maar dit eerder te beskou as deel van die lewe en die bestaan van mense. Dat dit ŉ radikale denkskuif verg staan bo alle twyfel vas.

## 9.3 Vergaderings, kerkordes en prosedures

Dit staan ook bo twyfel vas dat homoseksualiteit nie maar net van die agenda van sinodes sal verdwyn nie. Dit sou onrealisties wees om dit te verwag, wanneer dit in die lig van die emosie gesien word waarmee die debat dikwels gevoer word. Wat uit die navorsing duidelik geword het, is dat kerklike vergaderings nie hulle interne prosedures, vergaderingreëls, kerkordes en bevoegdhede mag verontagsaam nie. Daarom is dit belangrik dat kerkordes voortdurend hersien word en dat Kerkreg kritiese denke oor kerkregering en kerkorde stimuleer, bevorder en begelei. Dit is veral belangrik in die lig van moontlike litigasie wat uit verkeerde optrede kan voortvloei, met gepaardgaande finansiële-, reputasie- en verhoudingskade vir die kerk.

Die howe is wel huiwerig om betrokke te raak by kerke se sake. Godsdiensvryheid is egter nie ŉ absolute reg nie, en is ook nie ŉ hoër reg as ander fundamentele regte nie. Om die reg van godsdiensvryheid te gebruik om ander basiese regte van mense te skend of om mense se fundamentele regte te misken, sal altyd betwis en in die hof getoets word. As ŉ geloofsinstelling aanspraak wil maak op outonomie en selfregulering sonder inmenging deur die owerheid, sal hulle die beginsels van die Grondwet van Suid-Afrika moet verreken (Van Staden 2019:1-2).

ŉ Kerkorde is veronderstel om vir die hele kerk rigtinggewend te wees. Daarom is die interpretasie van ŉ kerkorde belangrik (Van Wyk 2020:3). Die uitdaging waarvoor reformatoriese kerke aan die begin van die 21ste eeu staan, is om werklik kerk te wees in gehoorsaamheid aan die Woord. Juis daarom is kerkordes belangrik, omdat ŉ kerkorde "vertaalde ekklesiologie" is en aan die Skrif verbind is. Dit sluit in dat kerklike dissipline in die lig van die opdrag tot liefde plaasvind, en dat lidmate hulle nie tot die burgerlike reg wend om oplossings te vind nie, maar eerder deur die gesprek tussen

lidmate en ampsdraers en vergaderings. Om in Christelike liefde gesprek te voer, voorkom verdeeldheid en independentisme (Van Wyk 2020:8). Kerklike reg is met niks minder tevrede nie as dat die kerk in alle opsigte onderlinge verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar. So ontstaan ʼn bepaalde lewensgemeenskap en *koinonia* (Van Wyk 2019:13).

Die gemeenskap van die gelowiges word ten diepste in die gebruik van die Nagmaal sigbaar. Wanneer daar op kerklike vergaderings oor homoseksualiteit gepraat word, is die implisiete vraag vir God aanvaarbaar (Dreyer 2015:2). Die feit dat gay persone in die kerk welkom is en aan die Nagmaal mag deelneem (usansie), bevestig na my mening dat homoseksualiteit nie ʼn leerstellige aangeleentheid is nie, maar ʼn lewenskwessie. Dit gaan om die lewe van die gemeenskap van gelowiges voor die aangesig van God. Gemeentes het reeds ʼn bepaalde praktyk gevestig.

Ten diepste gaan dit daarom dat ons as sondaars mekaar aanvaar, want God het elkeen van ons as sondaars in Christus as sy kinders aangeneem (Mounce 1995:252).

### 9.4 Slotopmerking

Die kerk is geroep om die genade van God aan alle mense te verkondig (Barth 1948:5). Die kerk staan en val by die genade van God, en daaruit vloei die kerk se optrede voort. Die genade van God maak dit vir die kerk moontlik om kerk te wees soos wat God dit bedoel het. Al die rituele, konfessies, tradisies en kerkordes staan ondergeskik aan die beginsel van God se vrye genade vir alle mense (Barth 1948:35). Dit is ook bepalend wanneer kerklike vergaderings besluite neem wat mense se lewens en hulle menswees ten diepste raak. Kerklike besluite moet herkenbaar wees aan die wyse waarop dit God se genade reflekteer.

Kerklike besluite transformeer die kerk voortdurend. In die geskiedenis was daar ʼn tyd toe die kerk op grond van sekere Skrifgedeeltes oortuig was dat slawerny aanvaarbaar was, dat die vrou nie in die amp van predikant kon

dien nie, en dat apartheid teologies geregverdig kan word (Dreyer 2015:1). Hierdie besluite is almal herroep en verander op grond van nuwe eksegetiese en teologiese insigte, en dit het bygedra tot die hervorming van die kerk. In die geval van slawerny, apartheid en vroueregte was dit ŉ lang proses. In 1998 het die meeste reformatoriese kerke reeds vroue predikante gehad, maar die United Church of Canada het al vanaf 1936 ŉ vrou in die amp bevestig. Ander kerke het stelselmatig gevolg, met die United Methodist Church in 1939, die Presbyterian Church of the USA in 1956 en die Lutherane in die 1970s. Streng gereformeerde denominasies het tot op hede nog geen vrou tot die amp toegelaat nie (Anthonissen & Oberholzer 2001:76). Dit dui daarop dat besluite wat transformerend op die kerk inwerk, dikwels lank neem om af te handel. Dit sal ook die geval met homoseksualiteit wees.

Christene mag van mekaar verskil, maar dit moet in liefde gedoen word en met die doel om met mekaar saam te leef as ŉ getuienis van die verenigende krag van die evangelie (Burger 2015:32). Dit dra daartoe by dat die kerk in die ruimte van God se genade kerk kan wees.

## 10. BYLAES

Hieronder is enkele belangrike primêre tekste vanuit die NG Kerk, Hervormde Kerk en UPCSA versamel. Dit kan toekomstige navorsing vergemaklik as die tekste bymekaar is. Dit vergemaklik ook die vergelyking tussen die verskillende kerke se hantering van homoseksualiteit. Tekste word verbatim aangehaal met die oorspronklike nommering.

### 10.1 NG Kerk (Bylaag A)

#### 10.1.1 Algemene Sinode 1986 (Agenda 1986:344)

3.5.Ofskoon hierdie aangeleentheid ruim aandag geniet in onder andere die Nederlande en by die GES beskik die NG Kerk nie oor ŉ verantwoorde beginseluitspraak en beleid asook geen NG Kerk dienswerk onder hierdie mense nie, die kerkraad van Silverton het ŉ georganiseerde diens met ŉ dienswerker gehad wat finansieel deur die Sinode van Oos-Transvaal ondersteun was en waaraan die AKDB intense ondersteuning gegee het. Die kerkraad het die diens egter gestaak. Nogtans is die probleem baie aktueel in die RSA.

30.5.1 Die AKDB is besorg, oor die gebrek aan NG Kerk dienste aan homoseksueles — veral waar hierdie dienste dreig om oorgeneem te word deur die Pinksterbewegings en die Baptiste. Deur sekere kerklike kringe word die dienslewering benader of erkenning gegee vanuit die vertrekpunt dat dit ŉ erkende, alternatiewe lewenswyse is wat nie alleen uitloop op die sogenaamde “Gay-organisasies” en ŉ “Gay-tydskrif” nie, maar selfs op ŉ “Gay-gemeente”.

30.5.2 Die AKDB het dr AH Botha gevra om ŉ omvattende studie hieroor te lewer. AKLAS erken die behoefte aan ŉ studie en beleidsuitspraak en het die AKDB aangemoedig om hiermee voort te gaan. ŉ Studiestuk, “Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk?” is voltooi en met teoloë uitgeklaar. ŉ Verkorte stuk word as BYLAE E aan die sinode voorgelê.

30.5.3 Aanbevelinge

Die Algemene Sinode aanvaar die voorlegging in BYLAE E as beleidstandpunt van die NG Kerk en dra dit aan die AKDB op om dit in die praktyk geïmplementeer te kry. Dit behels onder andere:

30.5.3.1 Homoseksualiteit is in die lig van die Skrif ŉ afwykende vorm van seksualiteit.

3.5.3.2 Homoseksuele praktyke en ŉ homoseksuele verhouding moet afgewys word as in stryd met die wil van God, soos in die Heilige Skrif geopenbaar.

30.5.3.3 Die kerk het ŉ eiesoortige verantwoordelikheid teenoor die homoseksuele. Dit het ten doel geloofsgroei in Christus en ŉ lewe van gehoorsaamheid aan God, volgens die norme van sy Woord, tot eer van sy Naam.

30.5.3.4 Die homoseksuele lidmaat mag nie op grond van sy afwykende gerigtheid, as sodanig, die belewing van die gemeenskap van die heiliges en die geleentheid tot diens in belang van die koninkryk van God ontsê word nie.

30.5.3.5 Die AKB word opgeroep om indringend te besin oor die implementering en koördinering van Bybels-gefundeerde hulpdienste en programme vir lidmate met ŉ homoseksuele probleem.

30.5.3.6 Leraars behoort op hoogte te wees met die besondere probleem waarmee die homoseksuele lidmaat te doen het, sodat hulle in hulle dienswerk hierdie nood kan ontmoet en die gemeente en ampsdraers kan opwek tot begrip en bewoënheid ten opsigte van diegene wat op hierdie wyse ly.

30.5.3.7 Kerkrade word opgeroep om hulle steeds te beywer vir die bevordering van gesonde huwelike en gesinsverhoudinge.

30.5.3.8 Ouers word aangemoedig om vir beraad aan te klop wanneer hulle ŉ afwysende seksuele ontwikkeling by hulle kinders opper.

30.5.3.9 Te midde van die hedendaagse idealisering van seksualiteit en seksuele vervulling vir elke mens, moet die Bybelse beginsels met betrekking tot seksualiteit en huwelik onbevrees verkondig word.

30.5.3.10 Die Algemene Sinode dra dit aan die AKDB op om met die betrokke staatsdepartement(e) te onderhandel oor finansiële ondersteuning vir spesialisdienste gerig op die spesifieke nood van die homoseksuele mens.

### 10.1.2 Algemene Sinode 2002 (Handelinge AS 2002:504)

**HOMOSEKSUALITEIT**

1. Die Algemene Sinode bevestig dat die Skrif homoseksuele praktyke afkeur. Die homoseksuele sonde word egter nie in die Skrif uitgelig as die sonde by uitnemendheid nie.

2. Die Algemene Sinode wil Christengelowiges wat hulle homoseksuele oriëntasie nie uitleef nie, verseker van sy deeltydse ondersteuning, hulle aanmoedig om kerklike betrokke te raak en steeds, in hulle besondere omstandighede, die eer van God voorop te stel.

3. Daarom roep die kerk sy lidmate op om nie liefdelose, uit-die-hoogte oordele te vel nie, maar eerder hulle eie lewe te ondersoek en te besef dat almal van ons uit die genade ewe.

4. Die Algemene Sinode versoek die Kommissie vir Gemeentebediening om in die lig van die aangehegte verslag van die AKLAS OVS riglyne op te stel vir die bediening aan die homoseksuele persoon.

4.2 AANBEVELINGS: HOMOSEKSUALITEIT

Die AS aanvaar onderstaande aanbevelings van AKLAS (Agenda 2002 bl. 254) wat soos volg lui:

14.11.1 In die lig van die voortgaande besinning verklaar die Algemene Sinode dat ons nie langer kan volstaan met die verslag “Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk?” van 1986 nie. Die Algemene Sinode versoek ampsdraers

en kerkvergaderings derhalwe om met groot omsigtigheid die aangeleentheid te hanteer in afwagting op die besluite van die volgende Algemene Sinode.

14.11.2 Die Algemene Sinode dra dit op aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om ’n grondige teologies-etiese studie te doen oor homoseksualiteit met die oog op die volgende Algemene Sinode. Die kommissie betrek ook ander kommissies en deskundiges by die besinning oor hierdie saak. Veral moet gepoog word om ook gelowiges met ’n homoseksuele oriëntasie by die ondersoek te betrek. Lidmate en kerkvergaderings word genooi om aan hierdie besinning deel te neem.

14.11.3 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om hierdie studie te onderneem binne die raamwerk van die meer omvattende antropologiese vraag na die rol van die seksuele as sodanig, in die lewe van mens en maatskappy.

4.2.2 Die Algemene Sinode verwys Beskrywingspunt B.12.6 van die Oranje-Vrystaat as studiemateriaal na AKLAS.

### 10.1.3 Algemene Sinode 2004 (Handelinge AS 2004:11)

HOMOSEKSUALITEIT

1. Dit is die roeping van die kerk om die evangelie van Jesus Christus in alle omstandighede en aan alle mense te bring. Daarom is dit die kerk se taak om die lig van God se Woord ook op die terrein van menslike seksualiteit te laat val sodat die boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus ook met betrekking tot hierdie aspek van die lewe tuisgebring kan word.

2. Dit is ook die roeping van die kerk om sonder vooroordeel, bewus van ons eie gebrokenheid, ons lidmate op te roep en te begelei, om in waarheid met liefde en deernis voor God met mekaar om te gaan. In die lig hiervan vra die Algemene Sinode verskoning aan alle homoseksueles en hulle families, binne en buite die kerk, vir elke geval waar die kerk sulke mense in die verlede, onder andere as gevolg van ’n gebrek aan leiding,

seergemaak en veronreg het en waar God se liefde nie in die kerk se optrede raakgesien kan word nie.

3. Die Sinode is diep geraak deur die pyn en lyding, verwerping en eensaamheid van persone wat op een of ander wyse met die werklikheid van homoseksualiteit gekonfronteer is. Daarom onderneem ons om met mekaar saam op weg te gaan, deur:

* in liefde mense te ondersteun op persoonlike vlak en die nodige ondersteuningsisteme daar te stel op alle vlakke;

* met die middele tot ons beskikking die nodige pastorale begeleiding te verskaf, as daar ’n behoefte is;

* saam te besin oor wat ’n Bybelse-gefundeerde pastorale model is om homoseksuele persone te versorg.

4. Die Sinode erken dat daar in die kerk verskillende vertolkings is van die beskikbare Skrifgegewens oor homoseksualiteit. Ons onderneem om die gesprek en studie oor hierdie saak met groot erns voort te sit met die oog daarop om die kerk en ons lidmate op die mees verantwoordelike manier te dien.

5. Volgens ons verstaan van die Skrif kan slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ’n huwelik beskou word. (Handelinge, Algemene Sinode 2002: 624 12:11 punt 2).

6. In aansluiting by die Algemene Sinode van 2002 bevestig die Sinode dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.

7. Die Sinode is daarvan oortuig dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en dat hulle op grond van hulle doop as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar behoort te word. Dit is ons oortuiging dat ons alle mense se getuienis oor hulle geloof en toewyding, sowel as oor hulle seksuele oriëntasie, ernstig moet opneem en hulle integriteit moet aanvaar. *Hierdie besluit vervang die vorige besluit van die*

*Algemene Sinode oor homoseksualiteit en word nou die amptelike standpunt van die NG Kerk.*

### 10.1.4 Algemene Sinode 2004 (Handelinge AS 2004:10)

SKRIFGEBRUIK EN SKRIFGESAG

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bely, as kerk wat in die gereformeerde tradisie staan, dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom: * gesag het oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te leef; * betroubaar is, omdat ons vas glo dat God werklik is soos Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak: die Vader, Seun en Gees wat uit genade ons God is; * duidelik is, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor; * voldoende is, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam (vgl. NGB Artikel 7). Daarom bely ons steeds gelowig dat dié waarheid bo alles is.

2. Soos nog altyd vir die gereformeerde tradisie, beteken hierdie belydenis vir ons nié: * dat die Bybel vereis dat ons ons denkvermoë, wat ŉ gawe van God is, moet opoffer nie; * dat die Bybel gesien kan word as ŉ eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie; * dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie; * dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee, sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.

3. Ons bely verder dat God deur die Heilige Gees die kerk deur die eeue in die waarheid van hierdie Woord lei. Dit beteken vir ons dat ons die Skrif as die lewende Woord van God hoor in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar. Daarom was die kerke in die gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van ŉ verantwoordelike interpretasie van die Skrif waardeur die kerk as geloofsgemeenskap onder leiding van die Heilige Gees soek na die waarheid, geregtigheid en barmhartigheid wat God deur

sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit:

* die klem wat van die begin af gelê is op ŉ grondige kennis van die oorspronklike tale (Hebreeus, Grieks en Aramees) waarin die Bybel geskryf is, asook die soeke na die beste metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg;

* die beklemtoning dat die hele Skrif gelees moet word in die lig van die konteks waarin dit ontstaan het, sodat die tyd- en kultuurbetrokkenheid daarvan verreken kan word in die uitleg;

* die soeke na reëls vir die uitleg van die Skrif (voorbeelde van sulke uitlegreëls uit ons tradisie is: dat die Skrif as totaliteit gelees moet word, dat Skrif met Skrif vergelyk moet word en dat die moeiliker dele in die lig van die makliker dele vertolk moet word en dat die Skrif uit sy hart, die evangelie van Jesus Christus, verstaan moet word);

* die onderskeid wat in die uitleg van die Skrif gemaak is tussen verskillende dele van die Skrif wat ŉ verskillende soort gesag het (byvoorbeeld die onderskeid tussen die historiese en normatiewe dele van die Skrif, asook die onderskeid tussen die kultiese en morele wetgewing);

* die dankbare, maar kritiese luister na die manier waarop die Skrif in die geskiedenis van die kerk uitgelê is en in ons eie tyd deur medegelowiges in ons eie kerk en ander kerke uitgelê word;

* die vestiging van kerklike praktyke vir die interpretasie van die Skrif, soos veral die prediking, maar ook kategese, Bybelstudie, teologiese studie en andere;

* en veral ook in die daarstel van belydenisskrifte waarin die kerk streef om die hart van die Skrifboodskap duidelik te vertolk en gehoorsaam te aanvaar.

4. Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg, bly dit vir ons ŉ basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God nooit teenoor

verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep ons juis op om onsself, in gemeenskap met mekaar en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, toe te lê op die soeke na die waarheid.

5. In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende tye waarin ons leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes verbind ons ons daartoe om, ook wat die komplekse leerstellige en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke 'n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk dwarsoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1:9-10).

### 10.1.5 Algemene Sinode 2007 (Handelinge AS 2007:110)

HOMOSEKSUALITEIT

Die Algemene Sinode besluit soos volg:

1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.

2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.

3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.

4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ŉ huwelik beskou kan word.

5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.

6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as ŉ alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is ŉ funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat ŉ selibaat lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.

8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

Met hierdie besluit verval alle aanbevelings van die Taakspan Homoseksualiteit.

### 10.1.6 Algemene Sinode 2013 (Handelinge AS 2013:47)

Die Algemene Sinode

1.5.1 bevestig dat die besluit van 2007 oor homoseksualiteit geneem is na ŉ deeglike eksegetiese en teologiese studie.

1.5.2 gee opdrag aan die ASM om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit ŉ studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en gereformeerde tradisie (amendement WHS Wolhuter/HK Viljoen).

1.5.3 besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie.

1.5.4 verbind hom ook in die hantering van die saak aan die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid.

#### 10.1.7 Algemene Sinode 2015 (Handelinge AS (Besluitregister) 2015:104-105)

**SELFDEGESLAGVERHOUDINGS: NAMIBIË**

1. Die Sinode van Namibië versoek die Algemene Sinode om kennis te neem dat pt. 4 in die goedgekeurde voorstel wat soos volg lees "erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag", in stryd is met die landswette van Namibië.

2. Die Algemene Sinode keur goed dat hierdie besluit oor selfdegeslagverhoudings nie van toepassing is op die Sinode van Namibië nie.

**SELFDEGESLAGVERHOUDINGS: KERKREGTELIKE EN REGSIMPLIKASIES**

1.1.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die ASR op om die kerkregtelike- en regsimplikasies van enige besluit(e) insake selfdegeslagverhoudings te ondersoek, met verslag en aanbeveling aan die Algemene Sinodale Moderamen.

1.1.2 Die Algemene Sinode neem kennis dat volgens die Civil Union Act 17 van 2006 vereis word dat denominasies skriftelik by die Minister moet aansoek doen om toestemming te verkry om selfdegeslagverbintenisse te voltrek (vergelyk Klousule 5 wat soos volg lees: Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denominations or organisations as marriage officers: (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act).

**SELFDEGESLAGVERHOUDINGS — MENSE WAT SEERGEKRY HET**

3.1 Vanuit ons verbintenis tot die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid sê ons as Algemene Sinode opreg jammer vir mense wat seergekry het en wie se waardigheid aangetas is weens enige homofobiese taal, gedrag of gesindheid van die kant van die kerk, ook tydens hierdie vergadering.

3.2 Die Algemene Sinode weerhou haarself voortaan van enige homofobiese taal, gedrag en gesindheid juis vanweë ons verbintenis aan die Seisoen van Menswaardigheid, en ook vanuit ŉ diepe oortuiging van die diskriminerende aard van sodanige taal, gedrag en gesindheid as gevolg daarvan.

### 10.1.8 Buitengewone Algemene Sinode 2016 (Handelinge AS 2016:25-27)

**SELFDEGESLAGVERHOUDINGS**

1. Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie.

2. Die Algemene Sinode:

2.1 herbevestig haar verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg:

- Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring "Skrifgebruik en Skrifgesag", soos aanvaar by die Sinode van 2004, as ŉ eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.
- Die Algemene Sinode wys daarop dat vir ŉ meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld "Skrifgebruik en Skrifgesag"), 1990 ("Skrifberoep in Etiese Sake") en 2002 ("Gesag van die Skrif") hiermee saam gelees behoort te word (vgl. Notule Algemene Sinode 2011, bladsy 91).

2.2 wys daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.

3 Die Algemene Sinode bely:

3.1 dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in ŉ stukkende wêreld.

3.2 dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in ŉ gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.

3.3 dat almal betrokke by die verskillende vertolkings erns maak met die Skrif en dat daar by almal ŉ opregte begeerte is om God se wil te soek.

3.4 dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.

4 Die Algemene Sinode:

4.1 beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel, dat met respek en liefde teenoor alle mense as beelddraers van God opgetree moet word. Ons erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind onsself opnuut tot die bevordering van die Godgegewe waardigheid van alle mense.

4.2 roep alle lidmate op om, ongeag seksuele oriëntasie, mekaar met die liefde van Christus te aanvaar.

4.3 vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met ŉ homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie.

4.4 herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as ŉ heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap buite so ŉ vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie.

4.5 erken die realiteit dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou.

4.6 bevestig dat die gesin as hoeksteen in 'n Christelike gemeenskap beskou word.

4.7 is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ongeag seksuele oriëntasie, 'n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensuureerde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.

4.8 bevestig dat kerkrade die reg behou om self te besluit wie in leiersposisies in die gemeentes mag dien, en kan nie verplig word om enige persoon wat in 'n selfdegeslag burgerlike verbintenis is, in diens te neem nie.

4.9 besluit dat dieselfde Christelik-etiese standaarde met betrekking tot leer en lewe geld vir die legitimasie en ordening van alle persone, ongeag seksuele oriëntasie.

### 10.1.9 Algemene Sinode 2019 (Handelinge AS (Agenda) 2019:85)

VERSLAG VAN DIE MODERAMEN: VERKLARING VAN DIE MODERATUUR NA AFLOOP VAN DIE HOFSAAK OOR SELFDEGESLAG VERBINTENISSE

Die hofsaak van 11 Lidmate teen die NG Kerk het op 21 Augustus 2018 in die Pretoriase Hoë Hof plaasgevind. Die lidmate se aansoek om die tersydestelling van die Algemene Sinode se 2016 besluit oor die huwelik en selfdegeslagverhoudings het voor 'n volbank van drie regters gedien. Adv. Jeremy Gauntlett SC het namens die aansoekers opgetree en Adv. Schalk Burger SC namens die Kerk.

Die aansoek het berus op besware teen die kerkordelike prosedure wat tydens die 2016 Algemene Sinode gevolg is, asook die grondwetlikheid van die besluit om nie persone in selfdegeslag verhoudings tot die amp van leraar toe te laat nie. Verder het hulle ook aangevoer dat die NG Kerk

leraars moet toelaat om burgerlike verbintenisse te bevestig. Die Moderatuur wil graag die volgende onder al ons lidmate se aandag bring nl. dat:

- dit waarskynlik 'n geruime tyd gaan neem voordat uitspraak oor die aansoek gelewer gaan word;
- die kerk steeds meen dat dit jammer is dat die aansoekers die saak na die hof geneem het en nie al die kerklike opsies benut het om hulle oortuigings binne die kerk te bevorder nie;
- die kerk, ondanks sy oortuiging dat kerklike sake op kerklike maniere besleg moet word, vertroue het in die oordeel van die hof om in sy uitspraak oor hierdie aansoek die regte van geloofsgemeenskappe en individue in balans te hou. • die kerk nie, soos sommige beweer, 'n homofobiese (gay onvriendelike) gemeenskap is nie. Daar is 'n beduidende aantal gay-gelowiges aktief in die kerk, waarvan baie in die besondere ampte dien, wat getuig van die liefde, respek en aanvaarding wat hulle binne hulle gemeentes geniet;
- die kerk ernstig is oor die Bybel as die Woord van God en daarom die huwelik tussen man en vrou as 'n Godgegewe instelling beskou en altyd die integriteit daarvan wil beskerm;
- die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 die realiteit erken het "dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou";
- die kerk met die hantering van hierdie aangeleentheid nuut leer hoe om met 'n diversiteit van sterk teenoorstaande standpunte in eie geledere saam te leef (1 Kor. 8).
- ons vertrou dat die kerk in hierdie tyd van aanvegting, uitdaging en ontwrigting meer geïnspireerd as ooit getrou sal wees aan ons onvervreembare roeping om die Goeie Boodskap van God se liefde en trou onbevange te verkondig. In Christus

## 10.2 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA (BYLAAG B)

### 10.2.1 68ste Algemene Kerkvergadering 2007 (AKV Notule 2007:89)

Beskrywingspunt 25: Studiekomitee Homoseksualiteit:

Die Komitee lê, in die lig van die studiestukke wat aan die vergadering voorgelê is, hierdie roetekaart aan die vergadering voor vir besluit:

1. Die wetenskap van die hermeneutiek (die teorie van verstaan) help om die Bybel, wat ŉ premoderne geskrif is, vir mense van vandag te "vertaal" en te interpreteer. Die Bybel bevat weliswaar negatiewe kultuur-bepaalde uitsprake oor wat soms vertaal word met "homoseksuele gedrag". Die bedoeling van die Skrif is egter nie om kultuur normatief te maak nie. Die norm van die Skrif is dat alle gelowiges uit die evangelieboodskap leef. In die Protestantse kerk is die vertrekpunt dat redding berus op geloof alleen. Niks vanuit die menslike natuur kan hierdie versoening bewerkstellig nie. God se Gees maak dit vir alle gelowiges moontlik om hulle hele lewe (ook die liggaam) in God se diens te stel.
2. Seksuele minderhede bestaan. Van hulle is lidmate van die kerk. Hierdie gelowiges, soos alle ander, ontvang van die kerk pastorale sorg en begeleiding tot ŉ Geesvervulde lewe.
3. Die kerk glo dat alle gedooptes, alle gelowiges, lede van die liggaam van Christus is. Die eenheid van die kerk as liggaam van Christus is ŉ evangeliese eis. Derhalwe is mense wat tot seksuele minderheidsgroepe (of tot watter minderheidsgroep ook al) behoort, soos alle ander lidmate, welkom in die Christelike geloofsgemeenskap. In die lig van ons verstaan van die Woord van God, verstek die kerk hulle met woord en optrede van die liefde van God en van medegelowiges.
4. In die huidige kerklike praktyk word daar slegs voorsiening gemaak vir heteroseksuele lewensverbintenisse. Die kerk word versoek tot voortgesette navorsing oor betekenisvolle verhoudingsmoontlikhede vir alle mense.

Besluit: Hierdie Beskrywingspunt was nie aanvaar nie.

Beskrywingspunt 26: Drr APJ Burger en JFP Engelbrecht

(AKV Notule 2007:90-91)

1. Volgens die breër boodskap van die evangelie maak God se Gees dit vir mense moontlik om met hulle volle menswees in God se teenwoordigheid te lewe. Laasgenoemde sluit ook homoseksuele persone in.
2. Die kerk glo daarom dat alle gelowiges, ongeag hulle seksuele oriëntasie, lede is van die liggaam van Christus. Die eenheid van die kerk as liggaam van Christus is 'n evangeliese eis.
3. Die kerk wil daarom homoseksuele persone in sy midde verwelkom, vertroos en ondersteun. Die kerk sal vervolgdes alles in sy vermoë doen om die verskynsels van homofobie, gay-haat en enige ander vorme van neerhalende optredes teenoor homoseksuele persone teen te werk.
4. Gevolglik wil die kerk aan alle gelowige lidmate, dus ook homoseksuele persone, pastorale sorg en morele leiding vir 'n Geesgevulde lewe verleen.
5. Die kerk moet in die hantering van die omvattende seksuele verskynsel die heteroseksuele huwelik koester en beskerm as die enigste huweliksvorm soos deur God self ingestel. Dit is die enigste ruimte volgens die Skrif waarbinne seksuele aktiwiteite, familiebou en gesingroei kan voorkom. God het man en vrou geskape om vir die doel by mekaar te pas.
6. Die kerk bevestig dat homoseksueel georiënteerde persone wat selibaat lewe tot die ampte van die kerk toegelaat word.
7. Die kerk sal daarom basiese beginseluitgangspunte en spesifieke riglyne vir die pastorale versorging van homoseksuele persone opstel en aan alle predikante van ons kerk beskikbaar maak. Hierdie riglyne sal drieledig van aard wees:

7.1 Eerstens, riglyne wat van toepassing is om homoseksuele georiënteerde persone tuis te laat voel in die kerk.

7.2 Tweedens, riglyne soos van toepassing op homoseksueel georiënteerde persone wat homoseks beoefen.

7.3 Derdens, riglyne om homofobie/gay-haat uit te skamel.

Besluit:

1. Die geamendeerde voorstel word aanvaar dat die volgende wysigings inhou:

1.1 Punt 6 word gewysig om soos volg te lees: *Die kerk bevestig dat homoseksueel georiënteerde persone wat selibaat lewe, tot die ampte van die kerk toegelaat kan word.*

1.2 Punt 7 word gewysig om soos volg te lees: *Die kerk sal daarom basiese beginseluitganspunte en spesifieke riglyne vir die pastorale versorging van homoseksuele persone opstel en aan alle ampsdraers van ons kerk beskikbaar maak*.

1.3 Punt 1 tot 5 van Beskrywingspunt 26 word gehandhaaf.

1.4 Punt 1 tot 3 van Beskrywingspunt 27 met uitlating van "volgens die Bybel is homoseksuele gedrag teen die skeppingsorde" (*contra naturam*) word deel van die voorstel.

1.5 Punte 6 en 7 van Beskrywingspunt 26 word verwys vir verdere studie omdat die ampte hier ter sprake kom.

2. Die Studiekomitee oor Homoseksualiteit stel 'n handeleiding beskikbaar gebaseer op hulle verslag en aanbevelings.

3. Die Studiekomitee oor Homoseksualiteit publiseer as 'n saak van prioriteit, resensies oor minstens die volgende publikasies:

- McCafferty, Christine (with Peter Hammond). 2001. The Pink Agenda.
- Glosderry: ACA.
- Potgieter, Jorie. 2007. *Homoseksualiteit: 'n Skrifgefundeerde Perspektief*. Vereeniging: Cum.

Beskrywingspunt 27: Ring van Potchefstroom

(AKV Notule 2007:91-92)

Beoordeling van homoseksualiteit:

1. Die vergadering is daarvan oortuig dat homoseksuele dade sonde is en soos alle ander sondes in die Bybel bely moet word. Volgens die Bybel is homoseksuele gedrag teen die skeppingsorde (contra naturam).

2. God het die heteroseksuele monogame huwelik ingestel as die ruimte waarbinne seksualiteit plaasvind. Daarom moet enige vorm van homoseksuele gedrag en dus ook die sogenaamde homoseksuele huwelik deur die Christelike etiek afgewys word.
3. Persone met ʼn homoseksuele oriëntering het die verantwoordelikheid om hulle te weerhou van homoseksuele gedrag net soos alle ander mense ten opsigte van hulle gebroke menslik natuur selfbeheersing moet beoefen.
Besluit: Die beskrywingspunt word geïnkorporeer in Beskrywingspunt 26.

### 10.2.2 69ste Algemene Kerkvergadering 2010 (AKV Notule: 295-298)

5.8.2 RAAD VIR PASTORAAT EN PRESBITERAAT: RIGLYNE VIR OUDERLINGE IN DIE HANTERING VAN LIDMATE MET ʼn HOMOSEKSUELE ORIËNTASIE

(AKV 2010 Notule: 295-298)

5.8.1.1 Inleiding: Hierdie is slegs riglyne om ouderlinge te help om lidmate met ʼn homoseksuele oriëntasie te verstaan en te begelei. Dit is nie ʼn betoog oor die teologiese "korrektheid" van homoseksualiteit al dan nie. Vir sulke betoë kan die Agenda van die 68ste Algemene Kerkvergadering asook die Besluitebundel (bl. 45 tot 48) geraadpleeg word.

5.8.1.2 Aanvaar sy/haar seksuele oriëntasie: Wanneer lidmate sover gekom het om die vrymoedigheid te neem om met ʼn ampsdraer van die kerk oor hulle seksuele oriëntasie en hulle vrees om deur die kerk verwerp te word, te praat, kan aanvaar word dat hulle reeds ʼn geruime tyd met hulleself en met die Here oor die saak geworstel het. Dit is moontlik dat hulle reeds die probleem met hulle ouers en familie bespreek het. Hulle kon selfs al terapeutiese begeleiding van professionele persone ontvang het. Die laaste hekkie waaroor hulle wil kom, is die aanvaarding van God en die kerk. Dit is nie nou die tyd of plek van die ampsdraer om sy/haar belewing van sy/haar seksuele oriëntasie te bevraagteken nie. Aanvaar die persoon vir wie hy/sy is. Toe Jesus op aarde was, het Hy juis stil gestaan by die sogenaamde verstote mense van die samelewing. Hy het deernis getoon met mense met wie niemand anders hulle wou assosieer nie — die

melaatses, die armes, die tollenaars, die ongeletterdes, die sondaars. Hy demonstreer God se liefde as ʼn liefde wat ruimte skep vir ander, wat begrip het vir ander, wat in eerlike egtheid daarin belangstel dat hulle nuut en heel sal word by God, dat hulle sal deel in die genade en liefde wat God skenk. Moenie veroordeel nie. Laat hy/sy die liefde wat hy/sy gehoop het om by die kerk te vind, beleef. Indien sulke lidmate nog geen vrymoedigheid gehad het om met enigiemand anders te praat nie, sou dit wys wees om hulle by te staan en die "probleem" met hulle ouers en familie te deel. Help hulle ook om professionele begeleiding te ontvang.

5.8.1.3 Stel vas wat sy/haar emosionele toestand is: Om ʼn lidmaat met begrip te begelei, moet die ouderling erkenning gee aan die emosie wat die lidmaat op daardie oomblik ervaar en empatie daarmee hê.

* Die aanvanklike bewuswording van hulle seksuele oriëntasie is vir hulleself skokkend en skep verwarring en verleentheid.

* In hulle stryd om dit te ontken en weg te wens, het gelowiges ʼn deurlopende gebedsworsteling en onderhandeling met God in die verwagting dat dit sal oorwaai. As niks "oorwaai" nie, beleef hulle magteloosheid en selfhaat.

* Soms gaan hulle deur die trauma van verwerping. Sekere uitsprake wat oor persone met ʼn homoseksuele oriëntasie gemaak word, verwar die ouers en naby familie dikwels in só ʼn mate dat hulle self nie kans sien om vrede te maak met die persoon se menswees nie. Om dieselfde rede leef hulle dikwels met ʼn verwronge Godsbegrip en vrees die oordeel van God.

* Hulle beleef ʼn diepgaande vrees om "uitgevang" te word.

5.8.1.4 Gesprek oor Godsbegrip: Verskeie kerke se debat oor homoseksuele persone se status in die kerk, vestig ʼn verstaan van God wat hulle veroordeel, uitgesluit en verwerp laat voel. Hulle vrees dat God ʼn veroordelende God is. Hy het ʼn dubbele stel reëls vir mense met ʼn homoseksuele oriëntasie en mense met ʼn heteroseksuele oriëntasie. Hulle leef in angs dat God hulle haat en uit sy genade uitsluit. Dit is belangrik dat

die ouderling so ŉ lidmaat begelei in die verstaan van God se genadige vryspraak. Waar die kerkgemeenskap deur die eeue dikwels geneig was om mense uit te sluit, leer ons die lewende God in Jesus Christus ken as die liefdevolle Vader wat alles denkbaar opoffer ter wille van die verlossing van mense uit hulle sondenood. Hy het na die wêreld toe gekom ter wille van die verlossing van almal — juis ook vir dié wat uit die tempel en die kerk uitgesluit en veroordeel word. Jesus het gekom om in te sluit. Hy het God se liefde kom demonstreer. Hy aanvaar elkeen wat in die geloof na Hom roep — ongeag sy/haar seksuele oriëntasie. God het ons lief vir wie ons is. Die kerk beoordeel mense dikwels op grond van hulle dade. God ondersoek die hart. In sy liefdevolle en genadige uitreik na mense, bly God altyd dieselfde. Hierdie liefde van God is egter ook nie ŉ ordelose liefde nie. Hy vra van ons gehoorsaamheid aan sy wil. Daarom sal daar ook op gewys moet word dat God nie die sonde duld nie. ŉ Losbandige seksuele lewenstyl is onaanvaarbaar, ongeag of dit homoseksuele of heteroseksuele persone is. Die Bybel wys losbandigheid en ontrouheid ten sterkste af omdat dit seksuele praktyke is wat selfsugtig gefokus is op die bevrediging van die eie egosentriese seksuele behoeftes. Dit verneder en vernietig mense rondom jou en dit vernietig God se beeld in jou. In die Bybel word alle seksuele misdrywe veroordeel. God aanvaar egter elke mens wat die sonde wil oorwin en na Hom roep, ongeag sy seksuele oriëntasie.

5.8.1.5 Uitnodiging: Dit is die verantwoordelikheid van die ouderling om lidmate met ŉ heteroseksuele oriëntasie saam met al die ander gelowiges op te roep, om hulle voortdurend te bekeer tot die lewende God soos wat Hy Homself in sy Woord openbaar. Hulle dikwels misplaaste Godsbeeld moet vervang word met hoe God Homself in Jesus Christus aan ons kom bekend maak het as die liefdevolle verlossende God wie se genade vrylik beskikbaar is vir elke mens, ongeag ons seksuele oriëntasie. Hy het ons lief vir wie ons is. Homoseksuele lidmate moet begelei word om vrede te maak met wie hulle is. Hulle moet aanvaar dat die Here hulle liefhet soos hulle is. Hulle sal ook met groot sensitiwiteit tot die insig moet kom dat daar by baie lidmate wanpersepsies oor homoseksualiteit bestaan en dat hulle daarvoor begrip sal moet hê. Hulle sal uitgenooi moet word om ten spyte van ander

lidmate se moontlike wanpersepsies, in te skakel in die gemeente en deel te word van die geloofsgemeenskap.

BESLUIT 1. Die riglyne word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 45: (AKV Notule 2010:298-299).

RING VAN JOHANNESBURG HOMOSEKSUALITEIT: ŉ ROETEKAART VIR ŉ PROTESTANTSE KERK

Die wetenskap van die hermeneutiek (die teorie van verstaan) help om die Bybel wat ŉ premoderne geskrif is, vir mense van vandag te “vertaal” of te interpreteer. Die Bybel bevat weliswaar negatiewe kultuur-bepaalde uitsprake oor wat soms vertaal word met “homoseksuele gedrag”. Die bedoeling van die Skrif is egter nie om kultuur normatief te maak nie. Die norm van die Skrif is dat alle gelowiges uit die evangelieboodskap leef. In die Protestantse Kerk is die vertrekpunt dat redding berus op geloof alléén. Niks vanuit die menslike natuur kan hierdie versoening bewerkstellig nie. God se Gees maak dit vir alle gelowiges moontlik om hulle hele lewe (ook die liggaam) in God se diens te stel. Seksuele minderhede bestaan. Van hulle is lidmate van die kerk. Hierdie gelowiges, soos alle ander, ontvang van die kerk pastorale sorg en begeleiding tot ŉ Geesgevulde lewe. Die kerk glo dat alle gedooptes, alle gelowiges, lede van die liggaam van Christus is. Die eenheid van die kerk as liggaam van Christus is ŉ evangeliese eis. Derhalwe is mense wat tot seksuele minderheidsgroepe (of tot watter minderheidsgroepe ook al) behoort, soos alle ander lidmate, welkom in die Christelike geloofsgemeenskap. In die lig van ons verstaan van die Woord van God, verseker die kerk hulle met woord en optrede van die liefde van God en van medegelowiges. In die huidige kerklike praktyk word daar slegs voorsiening gemaak vir heteroseksuele lewensverbintenisse. Die kerk word versoek om ruimte in die geloofsgemeenskap te skep vir alle betekenisvolle verhoudingsmoontlikhede wat by die evangelie pas.

Besluit:

1. Die Beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

2. Die volgende voorstel word aanvaar:

Die nuwer perspektiewe en inligting wat ter vergadering aangebied is vir bespreking ten opsigte van homoseksualiteit, asook moontlik besluitneming, word verwys na die Komitee vir Huweliks- en Ander Sinvolle Verhoudingsmoontlikhede vir diepgaande studie en finale voorlegging aan die 70ste AKV.

#### 10.2.3 70ste Algemene Kerkvergadering 2013 (AKV Notule: 2013:444-448)

SEKSUALITEIT/HOMOSEKSUALITEIT

Die Algemene Kerkvergadering besluit om geen onderskeid in seksuele oriëntasie te maak in besluite wat lidmate of ampsdraers raak nie.

*Motivering:*

1. Aanloop: Die 68ste en 69ste Algemene Kerkvergaderings het besluit dat ŉ homoseksuele teologiese student as predikant gelegitimeer kan word op voorwaarde dat hulle nie seks beoefen nie. Dit is met die RKK teologiese begrip “selibaat” beskryf. Die begrip is so geïnterpreteer dat dit nie net die onthouding van seks veronderstel nie, maar ook vriendskap uitsluit wat kan uitloop op ŉ verhouding as ŉ emosionele binding met langtermyn duur en wat die beoefening van seks kan insluit. Hierdie besluit impliseer onbillike diskriminasie. Dit vra van die kerk om regstelling op grond van Bybels-teologiese oorwegings. Dit het ook implikasies vir gelyke indiensneming wanneer dit om die voorreg om legitimasie as predikant en die bevestiging van ampsdraer handel.

2. Bybels-teologiese riglyne: Die riglyne neem die volgende hedendaagse teologiese en multiwetenskaplike insigte, asook die geskiedenis, in ag:

* Teologiese insigte: Vanaf antieke samelewings tot by Martin Luther is neergesien op kinderlose mense omdat hulle nie die skeppingsopdrag om te vermeerder nakom nie. Sedert die kerkhervorming het die klem van die doel van menswees verskuif na om God se genade in geloof te ontvang en uit te leef. Seks het nie meer net voortplanting ten doel gehad nie. Die mens

is gesien as ŉ seksuele wese. Gelowiges behoort hulle seksualiteit verantwoordelik uit te leef.

* Sosio-genetiese insigte: Mense word met ŉ spesifieke seksuele oriëntasie gebore. Sommige mense se oriëntasie word later bepalend beïnvloed deur eksterne faktore. Daarna is dit onomkeerbaar. Pogings om dit te forseer of om te keer is skadelik vir mense. Verskeie professionele en juridiese maatreëls is reeds geneem om dit reg te stel. Van die kerk kan verwag word om dit ook te doen, soveel te meer omdat dit die korrekte Bybels-teologiese besluit sal wees wat nie net op humanitêre gronde gebaseer is nie, maar op die evangelie self.

* In die geskiedenis van die kerk: In die geskiedenis is mense op grond van hulle geslagtelikheid (byvoorbeeld vrouwees of seksuele oriëntasie) voorregte ontneem in die kerk en samelewing. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het die diskriminasie teenoor vroue opgehef. Dit is ook nodig dat ons die diskriminasie teen seksuele minderhede ophef.

* Grondwetlik: Die Suid-Afrikaanse Grondwet beskerm mense teen diskriminasie op grond van geslagtelikheid en seksuele oriëntasie. Dit kan byvoorbeeld gesien word in die Wet op Gelyke Indiensneming.

3. Die kerk behoort daarom die volgende riglyne te aanvaar:

3.1 Die Kuratorium tref geen onderskeid in die pastorale begeleiding van teologiese studente ten opsigte van akademiese sake sowel as personaliteite nie. Dit sluit ŉ student se seksualiteit en seksuele gedrag in. Die kerk behoort soortgelyk geen onderskeid te tref wat die legitimasie van teologiese studente en die bevestiging van ampsdraers betref nie.

* So ŉ besluit bevestig dat dit vir die kerk belangrik is dat dieselfde verantwoordelike optrede wat van predikante verwag word, ook van teologiese studente verwag kan word. ŉ Gelowige is ŉ herskape sondaarmens wat in die alledaagse lewe waardig volgens die evangelie van Jesus Christus lewe. Wat seksualiteit betref, beteken dit dat ander mense nie skade aangedoen word nie en dat promiskuïteit onaanvaarbaar is. In die

geval van wanpraktyke, word onder die opsig gehandel in die lig van die evangelie, die Kerkorde en besluite van die Algemene Kerkvergadering.

* Wanneer dit gaan oor mense se liggaamlikheid, verg begeleiding, pastorale sensitiwiteit en respek vir privaatheid. Sensitiewe sake, veral waar buitemense betrokke is, behoort altyd *in camera* hanteer te word.

3.2 Omdat die kerk nie teen seksuele minderhede diskrimineer nie, geld die volgende wat homoseksualiteit betref:

* Alleen deur geloof en genade kry mense deel aan die kerk as geloofsgemeenskap. Die doop is die teken hiervan. Niks van die mens kan verhinder dat God genade en liefde skenk nie — ook nie die mens se seksuele oriëntasie nie.

* In die Protestantse tradisie is die huwelik nie ŉ sakrament nie. Die huwelik behoort die liefde en versoening van God in en deur Jesus Christus te weerspieël. Die kerk is daarom betrokke by die inseëning van die huwelik. Alle verhoudings waarin en waarby gelowiges betrokke is, behoort eweneens die liefde en versoening van God in en deur Jesus Christus te weerspieël. Lidmate, insluitend dié wat wetlike verbintenisse aangegaan het, se verhoudings behoort deur die kerk gerespekteer te word. Dieselfde evangeliese verwagtings wat geld vir getroude lidmate, geld ook vir mense in ander verbintenisse. Homoseksualiteit is nie ŉ bedreiging vir die huwelik van heteroseksuele mense nie.

* In die stukke van vorige Algemene Kerkvergaderings is beklemtoon dat seks in die Bybel teen die agtergrond van die heersende patriargale kultuur verstaan moet word. Die 67ste Algemene Kerkvergadering in 2004 se interpretasie van die tersaaklike Bybeltekste word kortliks hier weergegee: Levitikus 18 tot 20 wat gaan oor mans wat met mans seksueel verkeer, is deel van ŉ reeks optredes wat in daardie kultuur as verkeerd beskou is, soos byvoorbeeld:

** om gemeenskap met ŉ vrou te hê tydens menstruasie

** om klere van twee verskillende stowwe te dra

** om verskillende soorte saad in een land te plant

** om vleis van onrein diere (byvoorbeeld vark- en volstruisvleis) te eet

** kinders wat ouers minag en seksuele oortreders kon met die dood gestraf word. Hierdie tekste word in ons tyd dikwels selektief gebruik. Tekste wat na dieselfde geslag seksuele dade verwys, word gehandhaaf, terwyl ander oortredings in die reeks geïgnoreer word. Calvyn het hierdie kulturele randsake seremonies genoem. Volgens hom is seremonies ondergeskik aan die kern van die evangelie van Jesus Christus, naamlik die liefdesgebod. Genesis 19, Rigters 19 en 2 Samuel 13 is verdere voorbeelde van kultuursake wat nie meer vandag van toepassing is nie. Dit verwys na sake soos seksuele gasvryheid (die vrou of dogters word vir besoekers vir seks beskikbaar gestel), bendeverkragting en die vernedering van vreemdelinge. Die saak waaroor dit gaan is promiskuïteit tussen mense van dieselfde geslag en mense van verskillende geslagte. Vandag is promiskuïteit steeds onaanvaarbaar, hoewel kultuurgebruike nie meer dieselfde is nie. 1 Korintiërs 6:9-11, Romeine 1:26-27, en Timoteus 1:9-10 kom uit die Semities-Grieks-Romeinse kultuur toe die Nuwe Testament ontstaan het. In dié kultuur moes mans dapper en vroue sag wees. Jonger seuns is ook gesien as sag en kon in die plek van vroue gebruik word. Soldate het na ŉ oorwinning die verslane vyand verkrag (mans en vroue), en mans het seuns ontvoer vir seksuele misbruik. Vroueprostitusie en seksuele godsdienstige rituele in heidense tempels het ook voorgekom. Hierdie wanpraktyke is gekritiseer deur sowel Bybelse as nie-Christelike skrywers. Neerhalende opmerkings oor hermafrodiete (mense wat fisiologies tweeslagtig is) kom ook by Bybelse en nie-Christen skrywers voor. Die kritiek kom dus nie in die eerste plek vanuit die Christelike geloof nie, maar uit die hele samelewing van die tyd.

3.3 Slotopmerking: Wat seksualiteit betref, gaan dit in die Bybel nie oor dieselfdegeslagseks as sodanig nie, maar oor die skade wat aan mense aangerig word. Vir Christene gaan sulke skade in teen die evangelie. Daarom, wanneer seksualiteit ter sprake kom, diskrimineer die kerk nie ten opsigte van seksuele oriëntasie nie. Die hoofsaak van die Protestantse

geloof is die genade van God wat aan alle mense geskenk word. Gelowiges leef in dankbaarheid teenoor God vir dié genade en het daarom sonder onderskeid die medemens lief.

### 10.2.4 Omsendskrywe Kommissie van die AKV: 24 November 2015

Na aanleiding van die besluite wat die onlangse Algemene Sinode van die NG Kerk oor selfdegeslagverhoudings geneem het, is verskeie ampsdraers van die Hervormde Kerk, onder andere die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, deur die media genader om kommentaar te lewer.

Die Hervormde Kerk was nog altyd van mening dat dit belangrik is om aan die openbare debat en kerklike gesprek deel te neem. Terwyl elke lidmaat en ampsdraer aan die besluite van die Algemene Kerkvergadering gebonde is en in terme van daardie besluite handel, het elkeen die reg om sy of haar persoonlike standpunt te stel. Wanneer ons ŉ mening lug, doen ons dit bewus van ons eie beperkte insig en met sensitiwiteit vir ander wat van ons mag verskil of deur ons standpunt geraak mag word. Teoloë wat om hulle standpunt genader word, is versoek om te benadruk dat hulle hul persoonlike mening oor ŉ bepaalde saak gee. Dit word nie altyd as sodanig deur die openbare media weergegee nie.

Anders as in die sekulêre samelewing, duur kerklike gesprekke baie jare. Selfdegeslagverhoudings en homoseksualiteit is al meer as dertig jaar deel van die Suid-Afrikaanse kerklike gesprek. Die kerk het deurlopend probeer om nuwe wetenskaplike insigte beter te verstaan en die Bybel op ŉ teologies-verantwoorde wyse te interpreteer. Die kerk worstel voortdurend met die vraag hoe die boodskap van die Bybel in ons huidige konteks geïnterpreteer en toegepas moet word. Dit is nie ŉ maklike taak nie en dit gebeur somtyds dat ons van mekaar verskil.

Die 68ste AKV (2007) het indringend oor homoseksualiteit debat gevoer en besluite geneem. Sedertdien het die gesprek in die kerk in opdrag van die AKV voortgegaan. Verskeie studiekomitees is aangewys en hulle bevindinge is in publikasies, tydens kerklike vergaderings en aan gemeentes bekendgemaak. Daarin kom verskillende standpunte na vore.

Die 70ste AKV (2013) het na ’n intense debat oor selfdegeslagverhoudings besluit om dit te verwys vir verdere navorsing. Die navorsing is in die finale stadium van afhandeling. In hierdie verband wil die Kommissie van die AKV lidmate en ampsdraers herinner aan die omsendskrywe van 20 Maart 2015 waarin die Kernkomitee: Kerk en Teologie vra dat lidmate voor 30 November 2015 literatuurverwysings en hul eie standpunte oor homoseksualiteit aan prof. Ernest van Eck (ernest.vaneck@up.ac.za) stuur vir verwerking in ’n samevattende verslag. Belangstellendes kan ook hierdie verslag van prof. Van Eck aanvra sodra dit gereed is.

Die Kommissie van die AKV het ook tydens sy vergadering van 5 en 6 November 2015 indringend aandag gegee aan die verdere hantering van die debat oor homoseksualiteit binne die ruimte van die Hervormde Kerk. Daar is vooraf met verskeie rolspelers gesprek gevoer, onder andere lidmate van die Hervormde Kerk wat in selfdegeslagverhoudings betrokke was of is.

Die Kommissie het weereens onder die indruk gekom van die kompleksiteit en sensitiwiteit van die saak. Die mening is uitgespreek dat homoseksualiteit en selfdegeslagverhoudings nie iets is wat deur middel van sinodale besluite of kerkregtelike prosedures gereglementeer kan word nie. Daar is verder die mening uitgespreek dat homoseksuele lidmate deur die aard en omvang van die debat getraumatiseer word, en die debat selfs as liefdeloos ervaar omdat homoseksualiteit as ’n “saak” geobjektiveer word en die intens persoonlike geloofsworsteling van homoseksuele lidmate dikwels buite rekening gelaat word. Die Kommissie kom toenemend onder die besef dat hierdie geloofsworsteling van lidmate in verhouding met die plaaslike predikant en gemeente aandag moet geniet. Die taak van die AKV is dus nie om in die eerste plek finale besluite te neem nie, maar om te verseker dat predikante en gemeentes na behore toegerus word om die nodige pastorale sorg aan alle lidmate te verleen.

Die Kommissie versoek elke predikant, ampsdraer en kerkraad om hierdie aangeleentheid, waar en wanneer dit ook al ter sprake mag kom, met groot sensitiwiteit te hanteer. Laat ons hierdie gesprek veral in gemeentes met

dieselfde sensitiwiteit, Christelike liefde en waardigheid voer as waarmee dit aan die einde van die 70ste AKV gedoen is.

#### 10.2.5 71ste Algemene Kerkvergadering 2016 (AKV Notule 2016:163)

**Beskrywingspunt 41: Kommissie van die AKV Homoseksualiteit: Motivering**

*Motivering:*

Kerklike vergaderings regoor die wêreld het die afgelope dekades uiteenlopende besluite oor homoseksualiteit geneem. Dit sluit Rooms-Katolieke, Protestantse, Pentekostalistiese en Ortodokse geloofsgemeenskappe in. In die onlangse verlede het die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Presbiteriaanse Kerk uiteenlopende besluite geneem. In verskeie geloofsgemeenskappe, onder andere die Anglikaanse Kerk, het dit tot kerkskeuring en hofsake gelei. Die uiteenlopende besluite wat geneem is en die konflik wat daarop gevolg het, veroorsaak dat kerke huiwerig is om enige besluite oor homoseksualiteit te neem. Dokumentasie wat in die agenda van die 71ste Algemene Kerkvergadering (2016) opgeneem is, laat duidelik blyk dat homoseksualiteit ŉ komplekse en sensitiewe saak is waarop nie maklike antwoorde gegee kan word nie. Uiteenlopende eksegese van teksgedeeltes in die Ou- en Nuwe Testament, asook nuwe navorsing op die terrein van mediese wetenskappe en genetika, laat geen twyfel dat daar altyd uiteenlopende standpunte gestel kan word nie. Sinodale besluite oor homoseksualiteit is dikwels kontroversieel omdat dit deel gemaak word van ŉ gesprek oor kerklike leer, kerklike dissipline (kerkorde) of kerklike prosedures. Wanneer homoseksualiteit deel word van ŉ leerstellige diskoers, word die eis om ŉ finale antwoord oor iets soos sonde te gee, baie sterk. Wanneer die agenda van ŉ sinodale vergadering homoseksualiteit insluit, word homoseksualiteit outomaties deel van ŉ kerkregtelike proses, onder andere die toelating van homoseksuele persone tot die amp. Die vraag is dus: Waar hoort die gesprek oor homoseksualiteit? Is dit deel van sinodale prosesse, of is dit iets wat tuishoort in die gemeentelike situasie, of beide? Moet ons die gesprek oor homoseksualiteit in ŉ leerstellige en kerkregtelike konteks

plaas, binne ŉ pastorale konteks of beide? Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is van mening dat die gesprek binne die pastorale konteks tuishoort. Die funksie van die Algemene Kerkvergadering of kerklike vergaderings is om te verseker dat predikante en lidmate toegerus is om met medegelowiges in gesprek te tree.

## 10.3 UNITING PRESBYTERIAN CHURCH OF SOUTH AFRICA (BYLAAG C)

### 10.3.1 The Manual of Faith and Order 2007:2.4-2.5

THE CONFESSION OF FAITH OF THE UNITING PRESBYTERIAN CHURCH IN SOUTHERN AFRICA

Prelude: The good news is that God created all things through Jesus Christ, in an overflow of divine love, and thus created them all very good. All the vast universe is the theatre of God's glory. The heavens declare this glory, and human beings were created to glorify the Creator in word and deed: by delighting in communion with God and with one another, by rejoicing in creation and the blessings of life on earth, and by loving and serving God and one another. This remains God's purpose for humankind and is the reason why we exist. But humankind has fallen into sin, and sin brings us all under divine judgement. The good news is also that in Jesus Christ God has acted to redeem and sanctify us, and so restore us to the purpose of our being. Christ is thus our only hope and comfort, in life and in death. He reveals God's nature, grace, will and promise of final victory over sin and suffering.

The Need for Redemption

1. The Human Predicament

1.1 Human beings were created in the image of God, as creatures little lower than the angels. As the story of Adam and Eve portrays, however, the tragic paradox is that humankind has from the beginning yielded to temptation and turned away from God. Instead of trusting and obeying God we have rebelled against God's holy will. In pride we have aspired to be like God, self-sufficient and autonomous, choosing our own moral laws. Instead of

living with and for God, and so also for other, as human beings we have come to live primarily for ourselves.

1.2 It is God's grace and holiness in Jesus Christ that reveal what sinners we are and how empty before God every human claim to be righteous is. Christ claims the whole of life for God and so reveals how far short of grateful and loving obedience to God we have fallen. That he needed to die for our sins shows how grave sin is.

1.3 Human society is capable of degrees of justice, and human beings of great altruism, heroism and self-sacrifice. Yet both societies and individuals are also capable also of appalling brutality and degradation. The most just society is radically flawed with injustice, and our noblest deeds and highest virtues with individual or group egoism, pride and self-interest. Group and individual interests distort even how we judge between right and wrong.

1.4 Sin is a corruption of our very nature; it infects and dominates the whole of human life. In our private and our public lives we fall under the power of evil. We sin individually and collectively. We are proud, self-centred, resentful, lustful, greedy, corrupt; we hurt, exploit, discriminate against and oppress others; we neglect the needy; we sin by commission and by omission. Sin misuses our greatest technological advances, so that instead of caring for the creation we pollute and ruin the environment and deplete the earth's resources, overpopulation spreads hunger and starvation, and modern weapons threaten us all with destruction. Sin warps religion itself with individual and group egoism, self-righteousness and prejudice.

1.5 Sin darkens our minds and perverts our very wills. All human beings are in bondage to sin, unable to rescue themselves and unable of themselves to turn to God to be rescued. The worst state is to believe in our own righteousness or moral superiority, as though we were not in radical need of grace and forgiveness.

1.6 Sin empties life of meaning and issues in despair. It makes us enemies of God, of one another, of our natural environment and even of ourselves.

It grievously offends God, brings us all under God's righteous wrath and just judgement, and threatens final alienation from God.

1.7 In this predicament, because we reject grace and yet seek meaning and hope for our lives, we create or turn to a multitude of false gods. Even though it may well be of relative value, anything other than God to which we give absolute value or in which we put our final trust and so make into an idol is a false god. Some have made false gods of their race, nation, family or culture, or of social status, money, possessions, power, worldly success, fame, an ideology, nature, science, technology, sex, pop stars, political leaders, sport, alcohol or drugs. The idolization of every false god is itself further bondage.

(The Manual of Faith and Order of The Uniting Presbyterian Church in Southern Africa 2007:2.22-2.23)

20. The Image of God

20.1 God created man and woman together out of earthly matter but in the image of God. Thus both men and women share in the image. As God's own being is essentially relational, a being-in-communion, so human beings are created to be not solitary or self-centred but to live in fellowship with God and one another and in mutual concern for one another. A person is a person through being related to God and to other people.

20.2 Sin has radically corrupted our whole human nature and so marred that image, but it is never entirely effaced from anyone. Christ, who is the perfect image of God, came in human form in order to restore that image in humankind. He has taken our likeness that we might be transformed into his likeness and become imitators of him and so of God.

20.3 Because God created all people equally in that image and Christ gave his life to restore it, every person's life is sacrosanct. Everyone has a Godgiven dignity and a right to be treated with respect and protected from violence and abuse, no matter their gender, age, race, social status, sexual orientation, religion and despite any mental or physical handicap. God

judges those who in any way abuse or oppress others and calls us to oppose all such abuse.

20.4 We are not to measure others according to our own image but to receive one another as human beings created in God's image. Christ calls us to minister to him himself by ministering in particular to the hungry, the thirsty, the naked, the sick, those in prison and widows and orphans.

(The Manual of Faith and Order of The Uniting Presbyterian Church in Southern Africa 2007:2.30-2.31)

26. Peace and Conflict

26.1 Ours are not weapons of violence but prayer and God's Word, which is sharper than any two-edged sword. The true Church neither persecutes nor encourages persecution; instead it follows its Lord in taking up the cross, and being ready to be persecuted for righteousness' sake.

26.2 All conflict stems from sin. Peace within a nation is endangered where there is injustice or extreme inequality and little is done to alleviate the suffering of the poor. Peace between nations is endangered when one nation threatens or inflicts domination or injustice on another. Justice is at the heart of peace.

26.3 In every political conflict we should support justice and a non-violent solution, even at the risk of our own lives. Only in the most extreme circumstances, where the Government is clearly a tyranny, injustice causes massive suffering and non-violent resistance alone cannot succeed, may Christians even consider supporting an attempt to remove a Government by force.

26.4 We should oppose all unnecessary build-up of armaments and unmask all propaganda that distorts the truth or dehumanises the enemy. If it is ever right to fight in a war, it must be patently a war to prevent an even greater evil. It must be a last resort: every way to settle the conflict by negotiation must have been tried. There must be a reasonable prospect of success, and unnecessary violence must be avoided. No one may serve in a war for

political or economic gain or in an army used to maintain an unjust and oppressive political status quo. Unless convinced that a war is justifiable and necessary, everyone is bound to refuse to fight in it and refuse conscription. No soldier may obey any command that is contrary to conscience, no matter the cost.

26.5 We should work for the end of all war. Reconciliation and peace between nations is all the more urgent and war all the less possible to justify, when nuclear, chemical or biological weapons of mass destruction may be used.

**Notice of Motion 7** (Duncan 2020:17-18).

Rev. Brent Russell [Western Cape Presbytery] gave notice that under the Ministry Committee Report or at another time convenient to the General Assembly he will move that the Assembly note the following facts inter alia:

The Presbytery of the Western Cape and the Presbytery of eGoli have been corresponding for well over a year regarding the theological views of prof. Hansie Wolmarans, Associate Minister of St. Columba's Presbyterian Church, Parkview.

According to a statement from commission of the eGoli Presbytery itself, prof. Wolmarans convinced it with an assurance that he accepts all the subordinate standards of the UPCSA, whereas his own statements make it clear that he makes this only on the symbolical level of "myth" and not the level of what he calls "logos", or (rational) reality. In his publicly expressed views he has consistently and radically opposed all the fundamental doctrines of the UPCSA.

Prof. Wolmarans is a founder member of the Nuwe Hervormde Beweging and an explicit supporter of the "post-Christian" and anti-Christian positions for which it stands and which it openly propagates.

In papers, public lectures and debates placed on the internet, prof. Wolmarans eplicitly states that Scripture can no longer be regarded as inspired and that "the master narrative" of Christianity is false in all aspects

including the fall of humankind, the incarnation and the doctrine of atonement. He denies the Resurrection of our Lord Jesus Christ and disparages it as a myth concocted on the basis of pagan myths.

The documents “En Route to an Alternative, Secular, Christianity” and “Immanent transcendence in a postfoundational religion: an impossible dream?” which prof. Wolmarans has placed on the internet under his name and title as the Associate Minister of St. Columba’s Presbyterian Church, Parkview, are allowed to remain there despite the ongoing scandal they have caused as being explicitly atheistic and anti-Christian. (See on the internet: a) http://www.academia.edu/7403273/En Route to an Alternative SecularChristianity)
http://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/4278/Wolmarans.pdf?sequence=1)

Prof. Wolmarans’ beliefs, teaching and publications contradict the Confession of Faith of the UPCSA. Despite all the evidence presented to it, the eGoli Presbyterian has to date still failed to act in any way against prof. Wolmarans or even to distance itself from his publicly expressed views.

Prof. Wolmarans is currently serving on the Ministry Committee of the General Assembly and is on the nominations committee list to serve again as a member of the Ministry Committee, which selects all the candidates for our ministry and supervises their training. In light of these facts I shall move further that the General Assembly:

**1. In accord with para 18.4(a) of the Manual of Faith and Order finds that the allegations contained in (3) to (7) above constitute apparent grounds for discipline and to rule that the Court of General Assembly deal with the issue as a matter of urgency and, if it finds against prof. Wolmarans, disqualify him from being a minister of our church;**

**2. Remove prof. Wolmarans from the Ministry Committee of the General Assembly until this matter has been resolved by the court of General Assembly;**

**3. Instruct prof. Wolmarans to refrain from teaching or preaching in any UPCSA congregation until this matter has been resolved by the court of General Assembly; and**

**4. Withhold the status of minister emeritus from prof. Wolmarans subject to the Court of General Assembly resolving the issues (UPCSA 2016:514-515).**

**COMMITTEE REPORT ON REV. PROF. JLP WOLMARANS [Supplementary Report to the Executive Commission 2017]** (Duncan 2020:15-16)

**INTRODUCTION** 1. We wish to give God Almight the glory and thanks for giving us this great opportunity to participate in the life and work of His church. As a committee we attended to this assignment with the seriousness and sensitivity it deserve. We believe discernment is a process and no one man possess the monopoly of such a gift its given to a people just like us so that we may discern the mind of God for His Church. During this process God's desire might be in conflict with our own. We hope at the end of the day the church of Jesus Christ shall be edified.

**MEMBERS OF COMMITTEE** 1.1. The Rev. Dr. C.N. Mkandawire; The Rev. R.C. Blackwell; and Elder H.G. Booysen.

**PURPOSE OF REPORT** 2. The purpose of the report was to provide an account of the meetings conducted with Rev. Prof. Hansie Wolmarans as an informal procedure following the issuing of a formal charge sheet of alleged misconduct emanating from a complaint tabled at the 12th General Assembly of the UPCSA; and to make recommendations to the Executive Commission of the UPCSA.

The terms of reference of the Committee were contained in paragraphs 18.60 to 18.68 of the *Manual of Faith and Order of the UPCSA* (the *Manual*). It reads, in part, as follows:

**INFORMAL PROCEDURE** 18.60. When an act of misconduct is alleged the Council may, if it wishes, appoint a committee to investigate and report on

the circumstances. 18.63. Before the formal judicial procedure begins an alleged offender is offered the opportunity to admit guilt (ie to confess to the whole or part of what is alleged) and to show that he/she has repented. 18.67. If the Court of the General Assembly is to act as a Court of first instance, which is rare but is permissible, the rules are the same as for a Presbytery and its Court above. 18.68. If an alleged offender confesses guilt and repents, and the commission from whichever Court it has come decides that no further action need be taken, the hearing is at an end. Should the alleged offender, within a period of seven years thereafter, be accused of the same or similar misconduct, the informal procedure is not repeated. The hearing goes forward immediately under the formal procedure.

Charges

**CHARGE 1 Teaching which is contrary to the Holy Scriptures and the doctrine of this Church in that you did the following:** Asserted that "A theistic God does not exist" which contradicts sections 3, 4, 5 and 13 of the *Confession of Faith* of the UPCSA. **DEFENDANT'S REPLY:** We must always keep in mind the *Confession of Faith* of the UPCSA which states, "God is always transcendent, infinite, mysterious, beyond human comprehension …" (Article 2). We are only able to imagine God in different ways (UPCSA 2017:283).

The conclusion of the committee was that

a. The allegation as formulated is factually incorrect as to the actual wording of the paper in question. Committee found it puzzling that this mistake, which also occurred in the original document containing the allegations against the member, was transferred to the charge sheet unchecked and uncorrected. It is simply inaccurate and has been proven so, b. It must be noted that Protestant Liberal Theology is a valid Theological perspective within Systematic Theology and is used within mainstream Theological debate to help understand Holy Scripture and Doctrine, c. There is no charge discernible in this allegation — there is no clear rule or church law

that has been contravened, nor does it contradict the *Confession of Faith* of the UPCSA. This charge must fall away (UPCSA 2017:283).

There followed a litany of charges relating to Wolmarans' alleged "heresy":

**Teaching which is contrary to the Holy Scriptures and the doctrine of this Church …** (UPCSA 2017:283),

relating to the resurrection, virgin birth, atonement, divine inspiration, the Bible is largely a work of fiction, "The bible as a dubious source of moral behaviour", and opinions contradicting the UPCSA *Confession of Faith* and the Apostles and Nicene Creeds. On consideration of all of the charges, the committee found as follows:

CHARGE 1 The allegation as formulated is factually incorrect as to the actual wording of the paper in question. Committee found it puzzling that this mistake, which also occurred in the original document containing the allegations against the member, was transferred to the charge sheet unchecked and uncorrected. It is simply inaccurate and has been proven so, b. it must be noted that Protestant Liberal Theology is a valid Theological perspective within Systematic Theology and is used within mainstream Theological debate to help understand Holy Scripture and Doctrine, c. There is no charge discernible in this allegation — there is no clear rule or church law that has been contravened, nor does it contradict the *Confession of Faith* of the UPCSA (UPCSA 2017:283).

CHARGE 2 … inadequate understanding of the Greek terminology of *mythos* and *logos* (UPCSA 2017:285).

CHARGE 3 … the concept of the virgin birth is both a matter of personal faith and a deeply emotive issue (UPCSA 2017:286).

CHARGE 4 … the misquote in the complaint changes the essence of Wolmarans's argument. What is contained in the complaint is simply not what Wolmarans has written (UPCSA 2017:286).

… this charge is not only based upon a misinterpretation of Wolmarans' point of view, but also upon a misrepresentation of what he wrote (UPCSA 2017:288).

CHARGE 5 … the accusation is inaccurate in its content insofar it ignores the context and meaning of Wolmarans's writing (UPCSA 2017:290).

CHARGE 6 … Committee finds it difficult to understand how a call for a return to more traditional Biblical philosophy may be regarded as grounds for a charge of misconduct (UPCSA 2017:290).

CHARGE 7 … Wolmarans does not attack the Bible as a resource for *holy* behaviour, but questions the issue of *moral* behaviour based on the Word of God. This is an existing debate among believers, and is therefore not an argument unique to Wolmarans, b. Committee further notes that some practices apparently promoted, tolerated, or by implication condoned in the Bible are no longer regarded as acceptable in modern day social and cultural practice. This includes, among others, slavery, male domination over females, killing of other human beings, etc (UPCSA 2017:292).

CHARGE 8 … Committee finds no proof or substance in this charge (UPCSA 2017:292).

The court of Assembly decided, contrary to the Assembly's decision and contrary to the Manual at several points:

• that the Assembly had "failed" "to appoint a committee to investigate whether there was a legitimate charge to answer" (18.60);

• that such a committee did need to be appointed to investigate the charges

• that it would therefore ask the Moderator, Clerk and Treasurer of the General Assembly to "appoint a Commission, in terms of para 18.60, to investigate the accusations against the Rev. Prof. JLP Wolmarans to determine whether there is a charge to be answered and, if there is, to administer the 'Informal Procedure' outlined in paras. 18.63-68";

• that “the report” of the committee “must be received by the Court of Assembly”; and

• that the Moderator should “report on this action to the Executive Commission in 2017”. (All the quoted wording is from a letter of the convener of the Court to Brent Russell dated 17.3.2017). (UPCSA 2017:325-326).

Apart from the findings of the Committee Report on Rev. Prof. JLP Wolmarans (UPCSA 2017:281-293), a “Critique” of the procedure was included in the Proceedings and Decisions of the Executive Commission of the UPCSA 2017 (UPCSA 2017:325-337). The Court met again on 11 May 2017 together with the Assembly’s Representatives inter alia to discuss the report of the “commission”. At this meeting, however,

• Brent Russell, as one of the Representatives, made the point, not for the first time, that a committee appointed in terms of para 18.60 should report to the Assembly, not to the Court; and

• Jeremy Smith, as the other Representative, objected that it would be unfair to go ahead with discussing the report in the absence of prof. Wolmarans, because he could not defend himself. The Court thereupon:

• found that after all it was correct that a committee appointed in terms of para 18.60 should be called a committee, not a commission; and

• decided to refer the whole matter, with the report of the committee/“commission”, to the Executive Commission (UPCSA 2017:326).

**BRONNELYS**

ANON. 2007a. *Volksblad:* 21 Maart.

ANON. 2007b. *Volksblad:* 20 Oktober.

ANON. 2007c. *Die Vrye Afrikaan:* 18 Oktober.

Anthonissen, C.A. & Oberholzer P. 2001. *Gelowig en Gay?* Wellington: Lux Verbi.

Aristotle. 2000. (2002.) *Nicomachean Ethics*. 7:6:1148b (transl. Rackham, H.) Perseus Project, Harvard 226.

Bardtke, H. 1986. "Mythen", in: Gutbrod, K, Kücklich, R & Schlatter, T (Hrsg). Calwer Bibellexikon. Stuttgart: Calwer Verlag, 941-942.

Barnard, R. 2000. *Dis tyd dat Christene anders dink en praat oor seks.* Wellington: Hugenote Uitgewers.

Bartlett, A. 2017. *Weerlose weerstand. Die gay-debat in die NG Kerk.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Barr, J. 1977. *The Bible in the Modern World.* Londen: SCM.

Barr, J. 1981. *Fundamentalism.* Londen: SCM.

Barth, K. 1948. Die Botschaft von der freien Gnade Gottes, in *Kirche für die Welt*, 7-35, W. Kohlhammer Verlag, Stuttgart.

Barth, K. 1958, *Church dogmatics, Volume IV. The doctrine of reconciliation*, Part 2, transl. G.W.

Barth, K. 1961. *Church Dogmatics: A Selection with Introduction by Helmut Gollwitzer, tr by G W Bromiley*. Edinburgh: T&T Clark.

Barth, K. 1964. *Die Kirchliche Dogmatik*, IV/2. Zürich: EVZ.

Barth, K. 1964b. *Credo*. Londen: Hodder & Stoughton.

Barth, K. 1975. *Church Dogmatics: The Doctrine of The Word of God*, Vol. I, Part 1. Londen: T&T Clark.

Barth, K. 2004, Church dogmatics, vol. 3, part 2, T&T Clark, New York.

Barton, J. 1984. *Reading the Old Testament. Method in biblical study*. Londen: Darton, Longman & Todd.

Beukes, M. 2000. Administratiefreg. Studiegids. Suid-Afrika: Universiteit van Suid-Afrika (UNISA). (Studiegids ADL 101-J).

Biesterveld, P. & Kuyper, H.H. 1905. *Kerkelijk handboekje*. Kampen: Bos.

Bird, P.A. 2000. The Bible in Christian ethical deliberations concerning homosexuality: Old Testament contributions, in Balch, D (ed), *Homosexuality, Science, and the "Plain Sense" of Scripture,* 142-176. Michigan: Eerdmans.

Boers, H. 1979. *What is New Testament Theology?* Philadelphia, PA: Fortress. (New Testament Series).

Bonhoeffer, D. 1954. *Life Together*. San Francisco: Harper Collins.

Bonhoeffer, D. 2004. *Creation and Fall*. Minneapolis: Fortress Press.

Bosman, H.L. 1986. Die ontstaan en verstaan van die Ou Testament, in: Deist, F.E. Vorster, WS (reds). *Woorde wat ver kom. Die literatuur van die Ou Testament.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1-15.

Botha, S.J. 1995. Kerkbegrip en kerkorde. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 51(3): 753-770.

Botha, P.H. 2005. *Die Sonde en Homoseks*. Kranskop: Khanya Press.

Botha, P.H. 2005. *The Bible and homosex: Sexual thruths for a modern society.* Khanya Press, Kranskop.

Botha, A. & Dreyer, Y. 2013, ‘Veranderende perspektiewe op seksualiteit en die huwelik in ’n postmoderne kerk’, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 69(2), Art. #1917, 1–10. https:// doi.org/10.4102/hts. v69i2.1917.

Botha, A. 2017, ‘Verskuiwing van teologiese denke oor die huwelik vanaf Luther tot vandag’, in ’nadenke oor 500 jaar se Reformatoriese teologie’, *HTS Theological Studies/Teologiese Studies*, suppl. 11, 73(5), a4563. https://doi.org/10.4102/hts.v73i5.4563.

Bouwman, H. 1985. *Gereformeerd kerkrecht. Deel II*. (3e onveranderde druk.) Kampen: De Groot Goudriaan.

Breytenbach, A.P.B. 1989. Enkele aspekte van Skrifbeskouing. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 45(2):328–334. Beskikbaar: https://doi.org/10.4102/hts.v45i2.2264.

Browning, D. 2001. *The world situation of families: Marriage reformation as a cultural work.* Edinburgh: T&T Clark

Brunner, D.E. [1939] 1978, *Das Gebot und die Ordnungen: Entwurf einer protestantisch-theologishen Ethik*, EVZ Verlag, Zürich.

Buitendag, J. 2007. Marriage in the theology of Martin Luther – worldly yet sacred: An option between secularism and clericalism. *HTS* 63(2), 445-461.

Buitendag, J. 2008. “God met ons”: Gelowig nagedink oor die Skrif. *HTS Teologiese Studies,* 64(3):1131-1154.

Buitendag, J. & Van Wyk, T. 2011. Die NHKA op reis na inklusiwiteit I: Die anatomie van ’n gefragmenteerde/eskatologiese ekklesiologie. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 67(3), Art. #1164, 8 bladsye. Beskikbaar: http://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i3.1164).

Burger, C. 2015. “Die NG Kerk as ruim huis”. Beskikbaar: https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/StelKonf15.pdf [26 Julie 2020].

Burns, Y.M. 2000. Gevorderde Administratiefreg Studiegids. Suid-Afrika: Universiteit van Suid-Afrika (UNISA). (Studiegids LCP 404-L).

Callahan, K.L. 2002. *The future that has come*. San Francisco, Calif: Jossey-Bass.

Calvin, J. 1960. *Calvin's Commentaries. The First Epistle of Paul the Apostle to the Corinthians*. Michigan: Eerdmans.

Calvyn, J. 1972. *Verklaring van de Bijbel door Johannes Calvijn, 1 Korintiërs 14:40.* Kampen: De Groot Goudriaan.

Calvyn, J. 1992. *Institusie van die Christelike Godsdiens.* Potchefstroom: CJBF.

Cilliers, J. 2002. Prediking as spel: ŉ Homileties-etiese perspektief op postmodernisme. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 17(1):1-24.

Cobb, J.B. 1994. *Lay Theology*. St Louis, MA: Chalice.

Coertzen, P. 1991. *Gepas en ordelik. ŉ Teologiese verantwoording van die orde vir en in die kerk.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Coertzen, P. 2001. Die regsposisie van kerke in Suid-Afrika. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. 42(1&2):115-122.

Coertzen P. 2006. Kerke en transformasie in Suid-Afrika. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. 47(3):361-372.

Craig, P. 1998. Ultra Vires and the Foundations of Judicial Review. *Maurer Faculty*. Beskikbaar: https://www.repository.law.indiana.edu/facpub/2756 [2020, 10 Julie].

De Grunchy, S. & Germond, P. 1997. *Aliens in the Household of God. Homosexuality and Christian Faith in South Africa.* Cape Town: Creda Press.

De Lange v Presiding Bishop of the Methodist Church of Southern Africa 2015 1SA 106 (HHA).

Deist, F. 1986. *Kan ons die Bybel dan nog glo?* Pretoria: J.L. van Schaik.

De Klerk, B.J. 2000. Gewetebinding, Calvyn en die viering van die Nagmaal. *In die Skriflig/In Luce Verbi,* 34(3):333-350.

De Villiers, D.E. 2006. Kruispunte in Christene se besluitneming oor homoseksualiteit. *Verbum et Ecclesia,* 27(1):187-199.

Dijkstra, A. 2019. Procedurele rechtvaardigheid in het kerkrecht: een pleidooi voor de inzet van rechtsvergelijking. *NTKR: Tijdschrift voor Recht en Religie.* Beskikbaar: https://www.uitgeverijparis.nl/nl/tijdschriften-online/ntkr-tijdschrift-voor-recht-en-religie [2020, 15 Julie].

Dingemans, G.D.J. 1988, Kerkorde als ecclesiologische vormgeving, in W. Van ‘t Spijker & L.C. Van Drimmelen (red.), *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*, pp. 207–220, Kok, Kampen.

Dreyer, W.A. 2011, ‘Histories-vergelykende ekklesiologie – Oppad na ŉ omvattende Praktiese Ekklesiologie’, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 67(3), Art. #1083, 8 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ hts.v67i3.1083

Dreyer, W.A. 2013. ‘Missional ecclesiology as basis for a new church order: A case study’. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies, 69(1*), Art. #1368, 5 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ hts.v69i1.1368

Dreyer, W.A. 2015. Nogmaals Homoseksualiteit. *Blitspos* 8(36):1-2.

Dreyer, W.A. 2016. Heretic or rebel? The heresy trail of Albert Geyser. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 72(4).

Dreyer, W.A. 2016. *Praktiese Ekklesiologie — Kerkwees in die 21ste eeu.* Durbanville: Aosis.

Dreyer, W.A. 2017. Kerkwees in die voetspore van Chirstus volgens Efesiërs 4 en 5. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 73(1).

Dreyer, W.A. 2018. John Calvin as 'public theologian' in view of his 'Commentary on Seneca's de Clementia'. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies,* 74(4), a4928. https://doi.org/ 10.4102/hts.v74i4.4928

Dreyer, P.S. 1979. *Hoofstrominge van sedeleer*. Pretoria: HAUM.

Dreyer, T.F.J. 1997. Die verhouding prediking-belydenis in 'n post-moderne konteks: 'n 'Huwelik' of 'saamwoon'? *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 53(4):1250-1265.

Dreyer, T.F.J. 2008, 'Die kerk, die huwelik en seks – 'n morele krisis', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 63(1), 483–496. https://doi.org/10.4102/hts.v64i1.9.

Dreyer, Y. 2000, 'Vrou as beeld van God: Vanaf die Reformasie tot die twintigste eeu', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 56(4), 949–972. https://doi.org/10.4102/hts.v56i4.1800.

Dreyer, Y. 2004. Homoseksualiteit: Die kerk, die tradisie en die Bybel – homofobie en sarkofobie en die evangelie. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 60(1&2):445-471.

Dreyer, Y. 2006a. *Eenheid van die kerk*. VTT. Hervormde Teologiese Kollege.

Dreyer, Y. 2006b. Postmoderne kerk-wees in die lig van publieke teologie — eenheid en verskeidenheid. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies, 62*(4):1311-1335.

Dreyer, Y. 2006c. Heteronormatiwiteit, homofobie en homoseksualiteit — 'n roetekaart vir 'n inklusiewe kerk. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies, 62(2):*445-471.

Dreyer, Y. 2007, 'Karl Barth's male-female order as asymmetrical theoethics', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 63(4), 1493–1521. https://doi.org/10.4102/hts.v63i4.265.

Dreyer, Y. 2008, ‘The “sanctity” of marriage – An archaeology of a socio-religious construct’, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 64(1), 499–527. https://doi.org/10.4102/hts.v64i1.10.

Du Plooy, & Le Roux, A. 1979. Ekklésia en meerdere vergaderinge. Ongepubliseerde ThM-verhandeling. Potchefstroom: PU vir CHO.

Dulles, A. 2004. *Models of revelation*. New York: Maryknoll.

Duncan, G.A. 2019. ‘The *semper reformanda* principle under scrutiny in a South African context: A case study of the Uniting Presbyterian Church in Southern Africa’, *Verbum et Ecclesia* 40(1), a1966. https://doi.org/ 10.4102/ve.v40i1.1966

Duncan, G.A. 2020. Contending with issues of human sexuality in a South African legal and ecclesial context: A case study of the Uniting Presbyterian Church in Contending with human sexuality. *In die Skriflig/In Luce Verbi* (forthcoming).

Duncan G.A. 2020. Hated without a reason — injustice personalised. *In die Skriflig/In Luce Verbi* (forthcoming).

Du Rand J. & Nel, M. 2016. *Homoseksualiteit en die Bybel* [Kindle uitg.]. Beskikbaar: http://www.amazon.com/ [2020, 9 Augustus].

Easthorpe, J. 2016*. Bruised but not broken: De Lange v Presiding Bishop of the Methodist Church of Southern Africa and Another* 2016 (2) SA 1 (CC), Agenda, 30:3, 115-123. Beskikbaar: 10.1080/10130950.2016.1259034 [2020, September 20].

Ebeling, G. 1960. *Wort und Glaube*, Vol I. Tübingen: JCB Mohr (Paul Siebeck).

Engelbrecht, S.P. 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Kaapstad: Haum, Pretoria: De Bussy

Flesselman-van Leer, E. (ed). 1980.*The Bible: Its authority and interpretation in the Ecumenical Movement*. Faith and Order Paper No 99. Geneva: WCC.

Fretheim, T.E. & Froelich, K. 1998. T*he Bible as Word of God: In a Postmodern Age*. Minneapolis: Fortress Press.

Gadamer, H.G. 1975. *Wahrheit und Methode*. 4. Auflage. Tübingen: Mohr.

Gadamer, H.G. 1979. *Truth and method*. Trans. by W. Glen-Doepel. London: Sheed & Ward.

Gadamer, H.G. 2004. *Truth and Method.* 2nd rev. (ed., tr) by J Weinsheimer, & DG Marshall*.* Londen: Continuum.

Garton, S. 2004. *Histories of Sexuality: Antiquity to Sexual Revolution (Critical Histories of Subjectivity and Culture)*. Londen: Equinox Publishing.

Gaum, F. 2008. *Christelike Kernensiklopedie.* Wellington: Lux Verbi BM.

*Gaum and Others v Van Rensburg NO and Others* (Unreported: 40819/17 and 47180/18), High Court of South Africa, Gauteng Division, Pretoria.

Gaum, F. 2020. *Kerk oor die muur of oor die rubicon? Oor geloof, onreg en ŉ hofsaak.* Kaapstad: Naledi.

Geyser, P.A. 2002. Bybelse getuienis oor homoseksualiteit — met ander oë gesien. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 58(4):1655-1677.

Haugton, R. 1987. The meaning of marriage in women's new consciousness, in Roberts W P (ed), *Commitment to partnership: Explorations of the theology of marriage*, 149. New York: Paulist.

Helminiak, D.A. 2000. *What the Bible Really Says about Homosexuality*. Tijaque: Alamo Square Press.

Heyns, J.A. 1976. *Brug tussen God en Mens. Oor die Bybel.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Hiemstra, V.G. 1946. Die Regsposisie van Vrywillige Verenigings. *THRHR*, 10, 23-31.

Human, D.J. 1999. “Die literêr-historiese lees van ’n teks”, *Skrif en Kerk* 20(2):354-368.

Human, D.J. 2003. “Teologie kroniek: Skrifverstaan en die Nuwe Hervorming”, *Verbum et Ecclesia* 24(1):260-275.

Jonker, W.D. 1965. *Concerning The Rule Of Christ In His Church*. https://williejonker.co.za/toesprake_1965 [January 2021].

*Kerkbode*. 2019. “Persverklaring: Selfdegeslagverhoudings”. Beskikbaar: https://kerkbode.christians.co.za/2019/10/10/selfdegeslagverhoudings/ [2020, 30 Julie].

Kleynhans, E.P. 1982. *Gereformeerde Kerkreg*, Deel 1. Pretoria: NG Kerkboekhandel

Kleynhans, E.P.J. 1988. *Gereformeerde Kerkreg*, IV. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kock, P. de B. 1975. *Christelike Wysbegeerte: Inleiding.* Bloemfontein: Sacum.

Koekemoer, J.H. 1995. Die kerk as gebeure. *HTS 51*(3*)*:595-603.

Koffeman, L.J., 2009. *Het goed recht van de kerk: Een theologische inleiding op het kerkrecht.* Kampen: Uitgeverij Kok.

Koffeman, L.J., 2009. The Vulnerability Of The Church – Ecclesiological Observations. *Scriptura 102 (2009)*: 404-415.

Koffeman, L.J., 2015, ‘“*Ecclesia reformata semper reformanda*” Church renewal from a Reformed perspective’, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 71(3), Art. #2875, 5 pages.

Langerman, P. 2019*. Presbyterian Link,* July:6.

Loader, W. 1990. *A Tale of Two Cities: Sodom and Gomorrah in the Old Testament, Early Jewish and Early Christian Traditions.* Kampen: Uitgeverij Kok.

Loader, W. 2012. *The New Testament on Sexuality*. Michigan: Eerdmans.

Loader, W. 2014, Same-sex relationships: A 1st-century perspective', HTS Teologiese Studies/Theological Studies 70(1), Art #2114, 9 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ hts.v70i1.2114.

Louw, D. 2016. “2016 Hervormde Kerk homoseksuele besluit”. Beskikbaar: http://www.glodiebybel.co.za/2016-hervormde-kerk-homoseksuele-besluit/ [2020, 30 Julie].

Louw, J.P. and Nida, E.A. 1988. sv 88.280 ἀρσενοκοίτης, ου Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains.

Louw, J.P., and Nida, E.A., 1988. sv 88.281 μαλακός, ή, όν Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains.

Louw, J.P., and Nida, EA, 1988. sv 88.274 πόρνος.

Malan, G.J. 2017. Hervormde Barthiaanse Skrifbeskouing*. HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 73(1):a4649. Beskikbaar: https://doi.org/ 10.4102/hts.v73i1.4649 [2020, 26 Augustus].

Malan, G.J. 2019. Ons kritiese verruiming van Karl Barth se Skrifbeskouing. Beskikbaar: https://nhka.org/ons-kritiese-verruiming-van-karl-barth-se-skrifbeskouing/ [2021, 05 Januarie].

Martin, D.B. 2006. *Arsenokoitês and malakos*: Meaning and consequences. In Brawley (red.) 2006.

McGrath, A. 2001. *Christian Theology: An Introduction*. 3rd ed. Oxford: Blackwell.

Mounce, R.H. 1995. *Romans. The New American Commentary*. Nashville: Broadman & Holman Publishers

Nauta, D. 1971. *Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland.* Kampen: Kok.

Nel, M. 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion Uitgewers.

Nel, M. 2001. *Ek is die verskil: Die invloed van persoonlikheid in die prediking.* Bloemfontein: CLF Uitgewers.

Niemandt, N. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede: Geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld*. Wellington: Lux Verbi.

Niemandt, N. 2013. *Nuwe Leiers vir nuwe Werklikhede.* CUM.

Noordmans, O. 1984. *Verzamelde werken*, Deel V. Kampen: Kok.

Nürnberger, K. 2009. *Die Bybel: Verantwoordelik lees is krities lees*. Wellington: Lux Verbi.

Oberholzer, J.P. 1985. Die taak van die kerk teenoor die owerheid. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 41(1):14-28.

Opitz, P. 2006. In Faulenbach & Busch (eds). *Die Genfer Ordonnances Ecclésiastiques 1541/1561. Kritische Edition*, *Reformierte Bekenntnisschriften*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchner, pp. 229-278.

Pienaar, G. 1984. Die regsposisie van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig/In Luce Verbi*, 18(71).

Pieterse, H.J.C.2011. Die noodsaak van die verrekening van metateoretiese aspekte rakende 'n hermeneutiese benadering tot die Praktiese Teologie. *In die Skriflig* 45(4) 2011:719-737.

Price, R. 1990. The distinciveness of early Christian sexual ethics, *Heythrop Journal*, 253-278.

Pont, A.D. 1981. *Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg,* Deel 1. Pretoria: Haum.

Presbyterian Church in Southern Africa (PCSA). 1999. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: PCSA.

Reventlow, H.G. 2009. *History of Biblical Interpretation*, *Volume 1: From the Old Testament to Origen*. Translated b Perdue LG. Atlanta: Society of Biblical Literature.

Rogers, J. 2006. *Jesus, the Bible and Homosexuality: Explode the Myths, Heal the Church.* Louisville: Westminster John Knox.

Schüssler Fiorenza, F. 1991, 'Marriage', in F. Schüssler Fiorenza & J.P. Glavin (eds.), *Systematic Theology: Roman Catholic Perspectives* 21, 305–346, Fortress, Minneapolis, MN.

Seow, C.L. 2006. Textual Orientation, in Biblical Ethics and Homosexuality: Listening to Scripture (ed. R.L. Brawley; Louisville: W/JK, 2006).

Smit, C.J. 1984. *God se orde vir sy kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Smit, C.J. 1986. Kanttekeninge by Karl Barth se kerkregbeskouing. *In die Skriflig/In Luce Verbi*, 20(78):38-40.

Smit, D. 2006. *Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan*. Wellington: Lux Verbi.

Smit, P.J. & Cronjé, GJ. 1992. *Bestuursbeginsels*. Kaapstad: Juta.

Smit, C.J. 1986. Kantaantekening by Karl Barth se kerkregbeskouing. *In die Skriflig/In Luce Verbi*, 20(78):38-40.

Smit, C.J. 1987. Kerkreg en kerkorde in diens van kerkregering. Oorsig oor 'n beskouing. *In die Skriflig/In Luce Verbi,* 21(82).

Snyman, G.F. 2007. *Om die Bybel anders te lees: 'n Etiek van Bybellees.* Pretoria: Griffel.

Steyn, G.J. 2007. Riglyne vir 'n verantwoordelike Nuwe-Testamentiese verstaan in die homoseksualiteitsdebat. Deel 2: Nuwe-Testamentiese tekste. *Verbum et Ecclesia,* 28(2):622-638.

Strauss, P.J. 1992a. *Op die tweesprong?* Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Strauss, P.J. 1992b. Die sinode: ʼn eie kerklike gesag? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 33(2),188-197.

Strauss, P.J. 1997. *Ecclesiastical assemblies possess, each according to its own character, an ecclesiastical authority entrusted to them by Christ.* (In Neuser, W.H. & Selderhuis, H.J. Ordenlich und Fruchtbar. Leiden: Groen.).

Strauss, P.J. 1999. Die goedkeuring van kerkrade vir ʼn nuwe verband in die NG kerkfamilie? *Acta Theologica,* 19(2):32-54.

Strauss, P.J. 2005. Watter sake hoort by meerdere vergaderings? *In die Skriflig/In Luce Verbi,* 39(2):293-309.

Strauss, P.J. 2008. Die "kerklike gesag" van kerkvergaderings soos in die kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. *In die Skriflig/In Luce Verbi,* 42(2):239-252.

Strauss, P.J. 2009. Kerkreg, ʼn dienende reg? *NGTT,* 50(3):492-499.

Strauss, P.J. 2010. *Kerk en orde vandag*. Bloemfontein: Sun Media.

Strauss, P.J. 2011. Homoseksualiteit: Die Standpunte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in 2007. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 67(3):1-8.

Strauss, P.J. 2013. Kerkwees in die branding. *Acta Theologica Supplementum*, 18,1-156.

Strauss, P.J. 2020. Kerkorde en Leer en Aktuele Sake: NG Kerkorde Artikel 56 in Perspektief. *Koers*, 85(1). Beskikbaar: https://doi.org/10.19108/KOERS.85.1.2485 [2020, 16 Julie].

*Strydom v Nederduitse Gereformeerde Gemeente Moreleta Park* (26926/05) [2008] ZAGPHC 269; (2009) 30 ILJ 868 (EqC) (27 August 2008).

Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996.

Sutton, W. & Sutton, L. 2019. Regsgevolge volgens die Gaum-saak vir nienakoming van kerkordelike prosedures ten opsigte van besluite deur die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. *LitNet Akademies*, Jaargang 16, Nommer 2, 2019:397-421.

Tatarenko, A. 2018. '12 Principles of Good Governance'. Beskikbaar: http://www.bpe.al/en/12-principles-good-governance [2020, 20 September].

Thatcher, A. 1999. *Marriage after modernity: Christian marriage in postmodern times.* England: Sheffield Academic Press. (Studies in Theology and Sexuality 3).

Thielicke, H. 1964. *The Ethics of Sex*. Cambridge: James Clarke & Co.

*United Methodist Church of South Africa v Sokufundumala* 1989 4 SA 1055 (O) 1059D–E.

Ungerer, D. 2007. Die plek van die kerkreg en kerkregering in die nuwe en konstitusionele bedeling. *Dutch Reformed Theological Journal/Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 48(3/4):787-798.

Vardy, P. 1997. *The puzzle of sex*. London: Harper Collins.

Van Aarde, A.G. 2004. Skrifbeskouing in die lig van Postmoderniteit. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 60(1 & 2):503-532. Beskikbaar: https://doi.org/10.4102/hts. v60i1/2.502 [2020, 26 Augustus].

Van Aarde, A.G. 2007, 'Inleiding tot die sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegese van NuweTestamentiese tekste: Die metodologiese aanloop in die navorsingsgeskiedenis', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 63(1), 49–79. https://doi.org/10.4102/hts.v63i1.206.

Van Biljon, K. 1997. Krisis in pastorieë. *HTS* 53(4), 1052-1074.

Van Coller, H. 2013. Homoseksuele predikante: ŉ Regs- en morele dilemma. *LitNet Akademies,* 10(3):678-706.

Van Coller, H. 2017a. Regsgeskille en die kerk: lesse te leer uit die saak van Johannes Fortuin en die Church of Christ Mission. *LitNet Akademies* Jaargang 14(3):592-617.

Van Coller, H. 2017b. Geloofsinstellings en die hersieningsbevoegdheid van die howe. *LitNet Akademies* Jaargang 14(3), 2017.

Van der Linde, G.P.L. 1965. *Die Gronbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel.* Potschefstroom.

Van Eck, E. 2008. Een teks — meerdere betekenisse: Hoe lees ons die Bybel?. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 64(3):1155-1185.

Van Eck, E. & Barnard, R. 2016. Homoseksualiteit en sewe klassieke Bybelse tekste: antigay of misverstaan? Departemente Nuwe-Testamentiese Wetenskap. Pretoria: Unitversiteit van Pretoria. *71ste Algemene Kerkvergadering, Agenda, Bylae R Kernkomitee: Kerk en Teologie: Seksualiteit of Homoseksualiteit*.

Van Selms, A. 1973. *Genesis Deel 1.* Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach BV.

Van Staden, J.H. 2014. *Church law as a ius sui generis in South Africa: A Reformed perspective*. Bloemfontein: University of Free State. (Proefskrif – PhD).

Van Wyk, B.J. 2005. *Die kerkorde en die kerklike reg in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die hand van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip.* Pretoria: Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – PhD).

Van Wyk, B.J. 2007. Kerkreg? Die plek van Kerkreg en Kerkregering. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 63(2):787-803.

Van Wyk, B.J. 2017. Die verband tussen ekklesiologie en kerkreg: 'n Hervormde perspektief. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 73(1):4608.

Van Wyk, B.J. 2018. Die relevansie van kerkreg met besondere verwysing na die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 74(4).

Van Wyk, B.J. 2020. Kerkordelike toleransie en die reg van usansie. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 76(1):5634. Beskikbaar: https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.5634 [2020, Julie 8].

Van Wyk, W.C. 2011. Aktuele Bybelinterpretasie in Suid-Afrika — 'n kort oorsig en toepassing. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 67(3).

Van Wyk, B.J. 1991. *Die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip*. Pretoria: Kital.

Van Wyk, B.J. 2019. Die Ordnung der Gemeinde van Karl Barth (1886-1968). *THT.* 7(1).

Van Wyk T. & Buitendag J. 2010. Die eenheid van die kerk in gedrang. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 66(1).

Van Zyl, F.J. 1944. Die Skrifbeskouing van Karl Barth. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 1(3).

Von Rad, G. 1972. *Genesis: A commentary*. Londen: SCM Press.

*Wagenaar v United Reformed Church* SA 2005 1 BALR 127 (KVBA) 139F. Beskikbaar: https://www.litnet.co.za/homoseksuele-predikante-n-regs-en-morele-dilemma/.

Wengert, J. (ed) 2004. *Harvesting Martin Luther's reflections on theology, ethics and the church*. Grand Rapids, MI: William Eerdmans.

Wink, W. 1999. *Homosexuality and Christian Faith. Questions of Conscience for the Churches.*

Winterer, A. 2005. *Verkehrte Sexualität — ein umstrittenes Pauluswort: Eine exegetische Studie zu Röm. 1.26f. in der Argumentationsstruktur des Römerbriefs und im kulturhistorisch-sozialgeschichtlichen Kontext*. Frankfurt: Peter Lang. (Europäische Hochschulschriften Reihe XXXII, 810.).

Witte, J. 2009, 'Marriage and family life', in H.J. Selderhuis (ed.), *The Calvin handbook*, pp. 455–465, W.B. Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Zenger, E. 1955. *Das erste Testament. Die Jüdische Bibel und die Christen.* Düsseldorf: Patmos.

**Kerklike Bronne**


Metodistekerk-Jaarboek (2008, par. 2.5.1 (vi)).

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGKO). 1986. *Die Kerkorde.* Pretoria: NG Kerkboekhandel van Transvaal.

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). 1986a. Handelinge van die Algemene Sinode. Beskikbaar: https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Notule_1982.pdf [2020, 6 Junie].

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). 2002b. Handelinge van die 11de Algemene Sinode. Beskikbaar: https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Notule_2002.pdf [2020, 6 Junie].

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). 2004c. Handelinge van die 12de sitting van die Algemene Sinode 2004. Beskikbaar: https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Notule_2004.pdf [2020, 6 Junie].

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). 2007d. Agenda vir die 13de vergadering van die Algemene Sinode 2007. Beskikbaar: https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Agenda_2007.pdf [2020, 6 Junie].

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). 2013e. Handelinge van die 16de Algemene Sinode 2013. Beskikbaar: https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Notule_2013.pdf [2020, 6 Junie].

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). 2015f. Handelinge van die 16de Algemene Sinode 2015. Beskikbaar: https://kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Notule_2015.pdf [2020, 6 Junie].

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). 2015k. Agenda van die 16de Algemene Sinode 2015. Beskikbaar: https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Agenda_2015.pdf [2020, 6 Junie].

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). 2016h. Agenda vir die buitengewone vergadering van die Algemene Sinode 2016. Beskikbaar: https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Agenda_2016.pdf [2020, 6 Junie].

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). 2016g. Handelinge van die buitengewone vergadering van die Algemene Sinode 2016. Beskikbaar: https://kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Notule_2016.pdf [2020, 6 Junie].

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). 2019i. Handelinge van die Algemene Sinode 2019. Beskikbaar: http://ngkerk.net/sinode2019/ [2020, 6 Junie].

Nederduitse Gereformeerde Kerk Algemene Sinode (NGK). 2019j. Agenda 2019. Beskikbaar: https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Agenda_2019.pdf [2020, 6 Junie].

Nederduitse Gereformeerde Kerk Algemene Sinode (NGK). 2019k. Handelinge van die Algemene Sinode 2019 Beskikbaar: https://kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Notule_2019.pdf [2020, 6 30 Desember 2020].

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGKO). 2011, 2013, 2015, 2017. *Die Kerkorde.* Beskikbaar: http://ngkerk.net/dokumente/ [2020, 16 Julie].

Nederduitse Gereformeerde Kerk Gravamina 2019. Beskikbaar: https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Agenda_2019_Gravamina.pdf [2020, 24 Junie].

http://ngkerk.net/wp-content/uploads/2019/10/10-Oktober-2019-persverklaring-selfdegeslagverhoudings.pdf [2020, 30 Desember]

Nederduitse Gereformeerde Kerk Gids 2020. Die Algemene Sinode 2019 se besluit oor selfdegeslagverhoudings (NGK 2020) https://ngtyger.com/wp-content/uploads/2020/09/Gids-van-die-Algemene-Sinode-Sept-2020. [2021, 08 Januarie].

NHKA Algemene Kerkvergadering. 2001. *Agenda/besluitbundel van die 66ste Algemene Kerkvergadering.* Bylae F, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Kerkargief: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2004. *Basistoerustingspakket*. Hervormde Teologiese Kollege (HTK).

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 1997. *Diensboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. 5de hers. Uitg. Johannesburg: Perskor.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2004. *Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Volgens die besluite van die 67ste Algemene Kerkvergadering.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2007j. *Agenda van die 68ste Algemene Kerkvergadering*. Kerkargief: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2007k. *Besluitbundel van die 68ste Algemene Kerkvergadering*. Kerkargief: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2007a. *Notule van die 68ste Algemene Kerkvergadering*. Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2010b. *Notule van die 69ste Algemene Kerkvergadering*. Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2013c. *Besluitbundel van die 70ste Algemene Kerkvergadering*. Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2013d. *Notule van die 70ste Algemene Kerkvergadering*. Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2016e. *Agenda van die 71ste Algemene Kerkvergadering*. Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2016f. *Besluitbundel van die 71ste Algemene Kerkvergadering*. Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2016g. *Notule van die 71ste Algemene Kerkvergadering*. Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 2019h. *Notule van die 72ste Algemene Kerkvergadering*. Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Pretoria.

NHKA. 1997. *Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Kerkargief: Pretoria.

NHKA. 2013i. *Algemene Kerkvergadering.* Kerkorde: Pretoria.

NHKA. 2016. *Algemene Kerkvergadering.* Kerkorde: Pretoria.

NHKA. 2019. *Algemene Kerkvergadering.* Kerkorde: Pretoria.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 1999. *The Faith of the Church (Interim Manual of Law and Procedure, Appendix A).* Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 1999. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: UPCSA .

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 2000. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 2001. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 2002. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 2003. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 2004. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 2005. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 2006. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 2007. *Manual of Faith and Order of the UPCSA.* Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 2008. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 2016. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 2016. *Papers for the 12th General Assembly*. Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA) 2017. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: UPCSA.

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). 2018. *Papers and Proceedings.* Johannesburg: UPCSA.

https://urcsa.net/documents/ [2020, 30 Desember]

http://urcsa.net/wp-content/uploads/2016/02/Acta161-206.pdf [2020, 30 Desember]

https://urcsa.net/history/ [2020, 30 Desember]